

Hemel op aarde

Inhoudsopgawe

Laat U Koninkryk en U wil ook op aarde 'n werklikheid word	7
Detoks na gees, siel en liggaam	7
Rom. 12:1,2	8
Mat. 4:17	9
Julle is medewerkers van Christus	10
Verlos ons van die bose.....	11
1 Joh. 3:8	11
Heb. 12:1,2	12
Die Koninkryk van God is hier	13
Bekeer julle, want die Koninkryk is hier	13
Die Evangelieboodskap word die Evangelie oor die Koninkryk genoem	14
Here, leer ons reg bid!.....	15
Laat U Naam geheilig word!	16
Laat U Koninkryk kom!	16
Laat U wil geskied!	17
Gee ons vandag ons daaglikse brood!	17
Vergewe ons sonde!.....	18
Verlos ons van die bose!	18
1 Kor. 15:24-28.....	19
Hoekom moet ons bid dat die hemel ook hier moet kom?	20
Hy het werklik opgestaan.....	20
Ons sit saam met Jesus Christus in hierdie posisie van outoriteit	21
Die deurbreek van 'n stukkie hemel op aarde is glad nie romanties nie, dit is oorlog!	22
Iets van die deurtrek deur die Rooi See moet hier gebeur.....	23
In die hitte van die stryd leer ken ons die stuk donker wat nog in ons eie hart is	24
So klink ons storie.....	25
Sy volgelinge leer om te doen soos Hy gedoen het	25

Hoe lyk dit in mense se lewens as hemel daar deurgebreek het?	26
Hoe lyk dit op aarde as hemel deurbreek	27
Van paradys tot koninkryk van die duisternis, totdat Jesus alles kom herstel het.....	28
Waar Jesus die nuwe Koning is	29
Luister hoe word die Evangelie in die vroeg-Christelike gemeentes verwoord	29
Die Evangelie is.....	30
Wil jy hoor hoe hulle 'n gelowige beskryf het?	31
Trek die ou mens uit.....	31
Die Koms van die Koninkryk is.....	32
Verlossing en geregtigheid is twee geskenke wat God ons in Christus gee	33
Geregverdig in Christus Jesus.....	34
Daaglikse bekering is noodsaaklik.....	35
Hoekom het Jesus aan die begin van Sy prediking gepraat van die Koninkryk wat “naby” is?.....	36
Hoe kan ons van die Koninkryk van God praat as ons nie mooi verstaan wie Jesus, die Koning, werklik was en is nie?.....	37
'n Bietjie meer oor Jesus, die Koning van die Koninkryk	38
Sy Gees woon nou in ons	39
As die Koninkryk in my eie lewe begin deurbreek	40
Om die menslik-gesproke ongelooflike en onmoontlike te begin sien gebeur	42
Is jou lewe vol goeie nuus en bewyse van die goeie nuus van die Evangelie?	42
As alles stukkend is.....	43
2 Pet. 1:3	45
2 Pet. 1:4	46
God se beloftes is soos getekende tjeks wat Hy aan ons gee.....	47
Geloof is.....	48
Abraham het die belofte van God geglo	49
Om te glo, is.....	49
Om Amen te sê op God se beloftes	50
Hoe word die onmoontlike moontlik in ons lewe?	51
Die “onmoontlike en ongelooflike dinge” in jou lewe	52
Ons weet glad nie hoe die onmoontlike begin gebeur nie	53
Waar ons God se belofte in geloof vasgryp.....	54
Hoe gebeur iets van die Koninkryk van God in ons lewe?	55

Die geboorte is net die begin van die proses.....	56
'n Regte verstaan van die Koninkryk van God	57
Die vyand gaan alles in sy vermoë doen dat jy dit nie verstaan nie	58
Wat jy glo en bely, gaan bepaal wat jy beleef	59
Glo en bely.....	60
Lukas 8.....	61
Mat. 18:18-20.....	62
Sy Gees self gaan jou hieraan herinner.....	63
Wees versigtig wat jy jou brein mee voed	64
Die proses verloop nie altyd glad en maklik nie	64
Tot God se eer	65
Ons getuig oor wat God doen	66
Skryf jou getuigenis neer.....	66
God het vir jou dieselfde beloftes gegee	67
Die Evangelie is 'n profetiese woord oor God wat Sy Koninkryk hier op aarde kom vestig	68
As God dit destyds kon doen, kan Hy dit ook nou doen	69
Maak gereed, Ek gaan julle weer verbaas met My mag en krag!	70
Kom ons raak prakties.....	71
Die Woord kan ons gedagtes “vernuwe”	72
Die Woord bewerk lewe in ons	73
Om prakties lief te hê.....	74
Vergewe ook jouself.....	75
Fil. 3:10	75
Wat jy saai, sal jy maai	76
Glo wat God vir jou sê oor jou lewe hier op aarde	78
God begin ons verander deur ons gedagtes te verander	79
Ons toets vir waarheid bly altyd God se Woord en Sy beloftes	80
Lees en memoriseer die Woord.....	82
Maak tyd om die Woord hardop te lees en doen wat daar staan.....	83
Is armoede deel van die prentjie as God se Koninkryk begin deurbreek?	84
Kom ons dink verder oor die Koninkryk wat kom in die besigheidwêreld	85
Kom ons gesels verder oor hoe lyk meer as genoeg.....	87
Die waarheid kan ons vrymaak van hierdie armoede-mentaliteit	88

Deut. 28.....	90
Jy kan bekostig om te saai.....	90
Die oomblik wat jy by God en Sy Koninkryk betrokke raak, raak God intens by jou betrokke	92
Hoe diep en intiem is jou verhouding met Jesus	93
Vertrou jy werklik God om jou te versorg en te seën?	94
Wat as die “popo die fan strike”!.....	95
My volk gaan ten gronde as gevolg van ’n gebrek aan kennis	96
Onthou wie jou God werklik is, daardie tye wat die “tyre” die teer tref.....	98
Waarom soveel oor geld en armoede praat in ’n reeks ook die Koninkryk?	99
Mat. 9:10-13.....	100
God self woon in jou deur Sy Gees en in Jesus Christus	101
As God begin praat, moet ons luister	103
Elke dag is dit ’n keuse tussen lewe en dood.....	105
Glo wat God oor jou in Sy Woord sê	105
Vir wie dink jy is God se seëninge in die eersteplek bedoel?	106
Waar God werklik gedien word, sien ons dit in elke deel van mense se lewens	108
Wat in my eie hart aangaan, gaan my en ander om my se lewens dramaties beïnvloed .	109
Die goed in ons lewe weerspieël iets oor die God wat ons aanbid	110
Kom ons bou ’n beter fondasie vir ’n gesonde lewensuitkyk.....	112
Spandeer tyd in die Woord	113
Let gedissiplineerd op na wat in jou hart en gedagtes aan die gang is	114
Wat het jou laas tot stilstand gedwing?.....	116
Wees getrou in die klein.....	116
Wat het jy al aangepak wat werklik geloof vereis het?	117
Die boek, Spreuke, in die lewe van ’n suksesvolle besigheidsman of -vrou.....	118
Nog ’n paar Skrifwysshede	119
Laat die Woord in jou hart vassteek	120
Pas jou hart op	121
Om die Koninkryk van God en Sy geregtigheid te soek met wat ek gee	122
Die verskil tussen “wealth” en “riches”	124
’n Aardse bankrekening en ’n hemelse bankrekening	125
Begin saai in die Koninkryk.....	125
Kom ons gesels oor om te beplan om Bybels te gee	126

Ps. 126	127
Lukas 6:38.....	128
As jy meer wil hê, dan moet jy gee wat God sê jy moet gee	129
Hoe kan ons dan nog so baklei oor hoeveel ons moet gee?	131
Nog Bybelse riglyne vir jou gee	133
Geld en goed in Jesus se lewe en bediening.....	134
Om so 'n broer vir iemand anders te wees.....	134
Die invloed wat die Gees op ons vlees-lewe het	136
Waarom wil jy ryk wees?	138
Waar 'n mens hom/haar vasloop teen die lewende God, 'n lewende Jesus, verander alles!	138
Ons is soos God se handskoene	140
Die woorde wat Ek praat, is Gees en dit is lewe!.....	140
Ons vyand is so 'n geslepe leuenaar!.....	142
Jy kan nie dink hoe jou lewe kan verander as God se Gees dit beheer nie!.....	143
Aan die tafel van die Koning.....	144
Kom ek vertel jou van 'n ander tafel.....	146
Op 1:5,6	148
“Bible” staan vir “basic instructions before leaving earth”	150
Waar God se Gees in beheer is, is dit nie meer net “me, myself and I” nie	151
Hy het ons uit ons skoene uit geseën!	152
God het in Jesus 'n mens geword	154
Die Tora vanouds was bedoel om “a ministry of condemnation” te wees	156
Ons geregtigheid in Jesus.....	157
Van waar kom hierdie gevoel van veroordeling en skuld dan?	157
Onder die beheer van Sy Gees	159
God se hart en genade kom in beweging in en deur ons	160
Weet jy hoekom wil God iemand soos jy gebruik?	161
Loof die Here, Hy is goed! Aan Sy liefde is daar geen einde nie!.....	162
Die goeie nuus van die Evangelie.....	163
'n Nuwe Verbond	164
Beloftes oor 'n nuwe verbond	167
Jy word 'n erfgenaam deur te glo in Jesus Christus.....	169
Wat erf ons presies?.....	171

Die rol van die Gees in ons verstaan van die Evangelie	172
Ons het 'n "kind" of "seun" van God geword	174
Hoe lyk dit om daaglik as God se kind te lewe	175

Laat U Koninkryk en U wil ook op aarde 'n werklikheid word

Bill Johnson van Bethel, Reddy in California, skryf die volgende: "I could not limit my values and pursuits to what makes other comfortable. Being possessed by a promise I live without options. I will spend the rest of my life exploring what could happen through the life of one who is willing to cultivate the God-given appetite to see impossibilities bow to the name of Jesus. All my eggs are in one basket. There is no 'Plan B'."

Is dit nie merkwaardig dat Jesus Sy dissipels leer om soos volg te bid nie: "Ons Vader wat in die hemel is, laat U Naam geheilig word. Laat U Koninkryk kom. Laat U wil op aarde geskied, soos in die hemel." (Mat. 6:9,10)

Het jy mooi geleses wat hier staan? Laat U Koninkryk kom. Laat U wil op aarde geskied... soos dit reeds waar en 'n werklikheid in die hemel is.

In die hemel hoef niks verder te gebeur nie. God se wil geld reeds daar. God, Jesus die Christus, is reeds Koning daar. Die moeilikheid is hier op aarde. Dit is hier waar dinge moet gebeur. Dit is hier waar dinge moet verander. Dit is hier waar dit wat in God se hart is, 'n sigbare werklikheid moet word.

Daar in Joh. 8:38 sê Jesus: "Dit wat Ek by My Vader gesien het, praat Ek van, maar julle doen wat julle by julle vader gehoor het."

As ek dit sommer in my eie woorde moet probeer oorsê, sê Jesus hier dat dit wat Hy Sy Vader sien doen en hoor sê, dit is die dinge wat Hy hier op aarde doen en sê.

Dink 'n bietjie hieroor na.

Detoks na gees, siel en liggaam

So 'n paar maande gelede het die Here my baie bewus gemaak van hoe ek my eie lewe vergiftig deur my gedagtes. Ek het besef, in die taal van Deut. 30, elke dag, elke minuut van elke dag, elke sekonde van elke dag, het ek die keuse om te kies tussen lewe en dood. Ek kan besluit of ek lewe aan myself wil bedien en of ek myself na gees, siel en liggaam wil vergiftig. Alles... hang af van wat in my gedagtes aangaan.

Daarom het ek gekies om die Here toe te laat om my op 'n detoks te sit. Na gees, siel en liggaam.

Ek het gekies om van nou af verantwoordelikheid te neem vir elke ding wat in my mond ingaan. Ek weet mos dat deur my eie toedoen en die keuses wat ek oor die jare gemaak het, het ek my eie liggaam geleer om in plaas van die normale Godgegewe patroon van sy energie uit vette te verkry, het ek my liggaam geleer om sy energie in koolhidrate te gaan soek. So het my liggaam siek geword en insulien weerstandig geword.

Van nou af, egter, gaan ek lewe aan my eie liggaam bedien deur onnodige en ongesonde koolhidrate so ver moontlik te vermy. Ek het gekies om geen verfynde, moderne suikers,

meel en pastas verder te eet nie. Gewone tees en koffies, gaskoeldranke en al hierdie gebottelde vrugtesappe met al hulle suikers is vir my taboe. Rooibostee en water is my keuse-drinkies van nou af.

Stelselmatig is ek weer besig om terug te gaan na die ou eenvoudige, natuurlike lewensstyl en eetgewoontes van ons voorsate, sonder al die voedsel en produkte wat as gevolg van die eise van massaproduksie stelselmatig verfyn, verarm en in die proses vergiftig is.

Dan gaan ek ook weer gedissiplineerd oefen ten minste drie kere 'n week; tyd maak vir myself en vir genoeg slaap. Al hierdie laataande tot laat werk, is nie meer deel van my leefwyse nie. Tienuur in die aand sorg ek dat ek begin bed toe gaan, sodat ek vroegoggend self kan wakker word sonder 'n wekker om tyd met die Here te kan deurbring.

Dit bring my by die tweede gedeelte van my detoks. Elke oggend vroeg begin ek my dag met twee ure aan die Here se voete. Wat ek na Hom kan luister en met Hom kan gesels. Dit is my tyd om Sy Woord te lees en te bestudeer. Dit is ook my tyd om Hom beter te leer ken en om Hom toe te laat om my met Sy liefde te bedien. Dit is ons tyd saam.

Dit is dan ook die tyd vir die derde deel van my detoks-program, want dit is ook my tyd wat ek Sy Gees toelaat om aan die hand van die 21-dae brein detoks-program van Dr Caroline Leaf, SWITCH ON YOUR BRAIN, my eie manier van dink krities te ondersoek.

Soos God se Gees self daar in 2 Kor. 10:3 tot 5 vir ons leer, om letterlik elke gedagte aan die bors te gryp en seker te maak wat die oorsprong daarvan is. Kom dit van God af of is dit vlees of van die borse? Is dit waarheid of is dit leuens? Bedien dit lewe aan my of vergiftig dit my en my lewe?

[Rom. 12:1,2](#)

Iets merkwaardigs het met my begin gebeur toe ek die Here toegelaat het om my te de-toks na gees, siel en liggaam.

Dit is moeilik om dit eenvoudig in gewone Afrikaans te verduidelik. Die beste manier hoe ek dit kan verduidelik is in die woorde van Rom. 12, vers 1 en 2, maar in die besonder die laaste gedeelte van vers 2 waar die NAV vertaal: "... laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is."

Jesus Christus is besig om my kop reg te kry. Hy is besig om my te oortuig dat Hy ernstig was toe Hy daar in Rom. 7:6 aan ons gesê het "'n nuwe era het aangebreek"!

Hy was ernstig toe Hy vir ons in Joh. 14 gesê het dat wanneer die Gees van God in die nuwe era kom, kom woon Hy wat Jesus self in elkeen van Sy mense en dan gaan en kan ons verwag dat Hy wat Jesus is, deur die werking van Sy Gees in ons, dieselfde en nog groter dinge gaan doen as wat Hyself hier op aarde gedoen het voor Sy kruisiging.

Jesus is besig om my te oortuig dat Hy ernstig is as Hy vir ons deur profesie kom sê: Herlewing is hier!

Ek weet nie van jou nie, maar ek moes daar aan Jesus se voete in hierdie tyd van detoks bely dat ek nie altyd dit werklik geglo het nie. Ek het dit altyd uitgestel na môre of oormôre of êrens in die toekoms wat dit seker sal of kan gebeur.

Daar aan Sy voete het iets met my gebeur wat my laat kies het om te glo God se Woord is vir NOU! Dat as God dit NOU vir ons profeties kom sê, dan wil ek kies om dit te glo dat dit werklik vir NOU is.

Daarom moet ek Hom vra: Here, wil U nie my gedagtes, my hart, sinkroniseer met U gedagtes, hart en planne nie! Doen dit asb., Here, nou in my lewe.

Luister hoe vertaal die Message-vertaling Rom. 12:1 en 2:

“So here’s what I want you to do, God helping you: Take your everyday, ordinary life—your sleeping, eating, going-to-work, and walking-around life—and place it before God as an offering. Embracing what God does for you is the best thing you can do for him.

Don’t become so well-adjusted to your culture that you fit into it without even thinking. Instead, fix your attention on God. You’ll be changed from the inside out. Readily recognize what he wants from you, and quickly respond to it. Unlike the culture around you, always dragging you down to its level of immaturity, God brings the best out of you, develops well-formed maturity in you.”

[Mat. 4:17](#)

Het jy al mooi geluister na Jesus se eerste “preek”? In werklikheid was dit die hart van Sy totale bediening se boodskap die meer as drie jaar wat Hy in die openbaar mense bedien het.

Luister hoe verwoord Matteus dit hier in hoofstuk 4 vers 17: “... Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom.”

“Bekeer julle” beteken nie net dat ons ons sonde en sondige lewe moet laat staan, omdraai en anders begin lewe nie.

Ja, natuurlik beteken bekering dit ook, maar in werklikheid is dit eintlik die resultaat van ’n ware bekering. Ware Bybelse bekering bestaan in werklikheid daaruit dat ons God toelaat, soos Rom. 12:2 dit sê, om ons “gedagtes te vernuwe”.

Ware bekering is wanneer God ons hele manier van dink oor dinge kom verander en dit laat sinkroniseer met hoe God daarvoor dink en dit bedoel het.

Daarom is bekering nie net ’n eenmalige ding nie maar ook ’n lewenslange proses wat in ons lewens gebeur. Dit sluit ook daardie “heiligmaking” in waarvan die Hebreërskrywer daar in Heb. 12:14 praat waarsonder niemand God sal sien nie.

Ware Bybelse bekering is dus om te ontdek dat toe Jesus aarde toe gekom het, het Hy Sy Koninkryk (soos dit in die hemel geld) saam met Hom aarde toe gebring het.

Ware bekering is meer as net 'n sondebeseft en trane oor ons sonde en sondige lewenswyse. Dit is ook om te ontdek die Koninkryk van die hemele het aarde toe gekom. Jesus het nie net gekom om ons sondes weg te neem nie. Hy het gekom om die Koninkryk van God, van die hemel, hier op aarde 'n werklikheid te maak. Daarvoor het Hy Sy lewe gegee. Sy opstanding uit die dood is die beste bewys dat Hy presies gedoen het wat Hy moes doen. Nou moet Sy Liggaam hier op aarde, onder die leiding van Sy Gees in hulle, doen wat hulle moet doen.

Julle is medewerkers van Christus

Daar in 1 Kor. 3:9 staan die volgende: "Ons is medewerkers in diens van God..." "

'n Ware Bybelse bekering het nog nie sy volle pad in ons lewens geloop as ons nog nie toegelaat het dat God ons oortuig dat Sy Koninkryk reeds hier op aarde moet kom nie.

Die Here konfronteer my die afgelope tyd daarmee dat ek nie werklik alles glo wat Hy vir my in die Woord sê en belowe nie. Daar in Mat. 16:19 belowe Hy aan ons as Sy Liggaam dat Hy aan ons "... die sleutels van die koninkryk van die hemel gee, en wat jy op die aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly; en wat jy op die aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit bly."

Daardie "sleutels" wat in ons hande is, is deels ook die outoriteit om, hoe staan dit daar in Luk. 10:19, "... om op slange en skerpioene te trap en om die vyand met al sy geweld te oorwin, sonder dat iets julle enige leed aandoen."

Daarom gaan ons beleef, soos vers 20 in daardie selfde hoofstuk sê, dat "... die geeste hulle aan julle onderwerp", asook die seker wete dat ons "... name in die hemel opgeskryf is."

Die "sleutel van Dawid" wat dus in ons hande geplaas is (sien Jes. 22:22; Op. 3:7) is dus om as medewerkers van Christus hier op aarde, in die lig en op grond van Christus se volkome verlossingswerk, iets van die hemel hier vir mense oop te sluit dat hulle dit reeds hier kan sien, beleef en ervaar in hulle eie lewe.

Die Koninkryk beteken in werklikheid "daar waar Christus as Koning heers".

Met die sondeval het sonde en daarmee saam die magte van die duisternis, Satan en al sy demoniese magte, hierdie aarde wat God "goed" en volmaak geskape het in alle opsigte, geannekseer en hier begin heers. Daardie oomblik het al die duisternis van die hel hierdie aarde begin deursuur en geïnfecteer. Daarom kry ons nou hier siektes, gebreke, demoniese geeste, gebrek en armoede, liefdeloosheid, misdad, ens.

As Jesus dan Sy Liggaam leer bid: "Verlos ons van die bose", dan impliseer dit ook dat hulle "as Liggaam van Jesus en as Sy medewerkers" gaan beleef hoe die God van vrede Satan (en sy magte en werk) "... onder ons voete" gaan vertrap. (Rom. 16:20)

In 1 Joh. 3:8 staan dat Jesus hier op aarde besig is om "... die werk van die duiwel tot niet te maak." As ons Sy medewerkers is, dan word dit ook die dinge waarmee ons moet besig wees.

Verlos ons van die bose

Ek is van harte oortuig dat die verlossing wat Christus Jesus aan die kruis bewerk het, werklik 'n verlossing is wat gees, siel en liggaam in totaliteit aanraak en aanspreek.

As Jesus daar in Mat. 6:13 Sy volgelinge leer om te bid: "Verlos ons van die bose", omvat daardie woord "bose" die duisternis in al sy vorme en gevolge wat met die sondeval die aarde binnegedring het. Dit sluit dus sonde en al sy gevolge in.

Die woord, bose, in die Grieks is die woord *poneros*. As ons dit etimologies bekyk sien ons 'n woord wat die Griekse woord, *ponos*, wat "pyn" beteken, en die Griekse woord, *penes*, wat "arm" of "armoede" beteken, as wortels het.

Dit help ons om 'n beter vat te kry oor wat die "bose" dan alles omvat waarvan ons wil hê God moet ons van "verlos".

Hierdie "bose" sluit dan alles in wat as gevolg van sonde en sy gevolge ons lewe hel hier op aarde maak, maar ook die bose wat alle siekte en pyn tot gevolg het, asook die bose wat alle gebrek en armoede hier op aarde tot gevolg het.

Dit lyk dus vir my dat as ons werklik iets verstaan van die feit dat ons "medewerkers is van Christus" en as Christus werklik gekom het om Sy Koninkryk hier op aarde te kom herstel soos die Vader dit oorspronklik bedoel het, dan sal die "bose" wat ons in Sy Naam onder ons voete moet vertrap baie beslis insluit dat ons die Evangelie van Sy verlossing aan alle mense sal verkondig.

Dit sal beslis ook moet insluit dat hierdie "verlossing" baie besliste implikasies het vir alle vorms van "sonde en boosheid", asook vir die gevolge van sonde en boosheid. Jesus het immers ook gekom om "ons van ons siektes te verlos" en om ons in te lei in 'n lewe van oorvloed.

Het Jesus dan nie self gesê dat Hy gekom het om "lewe en dit in oorvloed" aan ons te bedien nie? (Joh. 10:10b)

1 Joh. 3:8

"En die Seun van God het juis gekom om die werk van die duiwel tot niet te maak."

As ons dan werklik "medewerkers is van Christus", kan ons verwag dat Christus Jesus deur die werking van die Gees van God wat in ons woon, ons gaan gebruik om die werk van die duiwel tot niet te maak.

Daar in Joh. 16 is Jesus besig om Sy volgelinge te vertel van Sy Gees wat kom om in elkeen van ons te woon. Ons weet dit het van Pinksterdag af, 31 Mei 32 n.C., begin gebeur in elkeen wat Jesus Christus aanneem as Verlosser en Here.

Die Heilige Gees kom woon in elkeen van ons en kom doen dan deur ons dit waarvoor Christus gestuur is na hierdie wêreld, nl. om Christus se Koninkryk ook hier op aarde te laat gebeur.

Luister wat sê Jesus is die werk van die Heilige Gees in mense se lewens. Ek haal vir jou uit die Message -vertaling uit Joh. 16:8-11 aan, sodat jy 'n bietjie op 'n ander wyse hierdie bekende woorde op 'n meer verstaanbare wyse kan hoor:

“When he comes, he'll expose the error of the godless world's view of sin, righteousness, and judgment: He'll show them that their refusal to believe in me is their basic sin; that righteousness comes from above, where I am with the Father, out of their sight and control; that judgment takes place as the ruler of this godless world is brought to trial and convicted.”

Daar waar ek en jy dan deur die Gees van God gebruik word om teenoor mense te getuig deur ons stories van wat God in ons lewe gedoen het of wat Hy vir ons gesê het, of daar waar Hy ons gebruik om deur die gawes van die Gees mense in hulle nood te bedien, gaan die Heilige Gees self hierdie dinge waarvan Joh. 16 praat, in daardie mense se lewens terselfdertyd laat gebeur.

Hy gaan hulle oortuig van sondes in hulle lewens. Hy gaan aan hulle openbaar dat Christus en Hy alleen deur Sy dood en versoeningswerk, ons as sondige mense in regverdige mense kan verander. Anders, sonder die kleed van die versoeningswerk van Christus, is en bly ons onder God se oordeel en is ons op pad hel toe.

As mense wat Jesus aangeneem het as Verlosser, is ons nou toegedek deur die bloed van Jesus, omdat ons glo dat Hy gekom het om ook die skuld en straf vir ons sondes te dra. Daarom het ons vrymoedigheid om in die teenwoordigheid van die lewende God te verskyn en om te glo dat ons werklik Sy kinders is.

Daarom kan ons ook nou medewerkers van Christus wees deur wie se lewens Jesus self deur Sy Gees nou hier op aarde kan doen wat Hy wil doen.

[Heb. 12:1,2](#)

In Heb. 12:1 en 2 staan die volgende: “... Laat ons ontslae raak van elke hindernis en die sonde wat ons maklik verstrik, en laat ons met volharding die wedloop wat vir ons voorlê hardloop, en ons aandag vestig op Jesus, die Grondlegger en Voleinder van die geloof, wat ter wille van die vreugde wat vir Hom in vooruitsig gestel is, die kruis verduur en die skande daarvan geminag het, en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het.”

André Roebert van FaithTV skryf die volgende een oggend in die lig hiervan: “Looking unto Jesus will mean looking away from current circumstances and negativities; where focus goes, power flows. We are encouraged today to stay fixed on Him and know that He has conquered for us.”

Soos wat ek leer om te fokus op Jesus en luister na Sy hartklop, gebeur hier iets nuuts in my.

Sy liefde vir my en ander is besig om my te verander. Na gees, siel en liggaam. Dit word hierdie Gees-krag in my wat op-borrel in my gees, wat buitentoe beur en deur my, soos deur 'n tuinslang, wil begin spoel en mense se nood wil bedien.

In die proses gebeur wonders en genesing in my, met my. Ek word genees. Ek beleef hoe die onmoontlike in my eie lewe moontlik en 'n werklikheid word.

Ek begin iets sien van God se groter prentjie, van Sy Koninkryk en van Sy wil, wat hier op aarde kan en moet gebeur.

Ek sien hoe iets hemels begin deurbreek waar ek en ander van Sy volgelinge dit waag in Sy Naam, deur Sy Gees wat in en deur ons werk, om te doen en te sê en uit te lewe wat ons daar aan Sy voete beleef het.

Die Koninkryk van God is hier

Volgens die nuutste navorsing is die Evangelie van Markus die eerste van die vier evangelies wat geskryf is aan die einde van die jare vyftig na Christus.

Markus 1:14 en 15 vertel die volgende: "Nadat Johannes in die tronk opgesluit is, het Jesus na Galilea toe gegaan en die evangelie van God verkondig.

Hy het gesê: 'Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie.'"

Met ander woorde, volgens Markus, was die eerste ding wat uit Jesus se mond uitgekom het dit naamlik: Die tyd is hier! God se Koninkryk is hier.

As mense hierdie woord glo, verander dit hulle lewens, het Jesus gesê.

Is dit nie die beste nuus ooit nie! Dit naamlik, dat God self Sy Seun, Jesus die Christus, aarde toe gestuur het as die nuwe Koning. Sy woord is van nou af wet hier. Hy gaan elke ander mag of heerskappy wat tot nou toe mense gemanipuleer en hulle lewens probeer beheer het, teenstaan, verdryf en hulle mag breek.

Van nou af geld Sy Woord. Sy hart het ons nuwe wet geword.

Soos ek gesê het, dit is mos wonderlike goeie nuus! Die vraag is net of jy dit werklik glo? Of kyk jy jou so vas teen die realiteite wat jou gewone oë kan sien, dat jy dit wat die Hemel jou van verseker miskyk en nie werklik glo nie.

Bekeer julle, want die Koninkryk is hier

"Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom." (Mat. 4:17)

So begin Jesus Sy prediking en dit is, volgens Hom, die hart van die Goeie Nuus van die Evangelie en die rede waarom Hy gekom het.

Blaai jy deur veral die Matteus-evangelie, hoor jy telkens hoe Jesus dan vir Sy dissipels uitspel wat dit beteken. Wat beteken dit dan as die “koninkryk van God” of die “koninkryk van die hemel” nou hier op aarde is?

Ons hoor hoe God die Vader wat die Koning is, Jesus, Sy Seun, nou planeet aarde toe gestuur het om die nuwe Koning hier te wees en om Sy Koninkryk hier te kom vestig. Omdat Hy nou die nuwe Koning hier is, verteenwoordig Hy nou Sy Vader en Sy Vader se heerskappy hier. Oral waar Hy kom, vertel Hy dan vir die mense hoe lyk dit as Sy Vader se wil op ’n plek of in ’n situasie geld.

Hy praat nie net nie. Hy illustreer dit. Hy doen dit. Hy pas dit toe. Hy sorg dat ’n stukkie hemel daar op daardie plek, in die stukkendheid en nood daar, deurbreek.

Daarom lees ons daar in Matteus 4:23 en 24: “Hy het toe in die hele Galilea rondgegaan en die mense in hulle sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig en elke soort siekte en kwaal onder die volk gesond gemaak.

En berigte oor Hom het deur die hele provinsie Sirië versprei. Die mense het toe die siekes met allerhande kwale en pyne, dié wat in die mag van bose geeste was, geestelik versteurdes en verlamdes na Hom toe gebring, en Hy het hulle gesond gemaak.”

Sien, dit is hoe dit lyk as die hemel hier op ’n stukkie aarde deurbreek. Siekes word genees, want in die hemel is daar nie iemand wat siek is nie. Pyn van mense word bedien, want in die hemel is daar nie pyn nie. In die hemel is God alleen die Koning en daarom is daar nie plek vir die bose en die magte van die duisternis en hulle praktyke nie. Daarom moet demone uit mense onmiddellik padgee as Jesus daar instap. Verlamdes begin loop, blindes sien, dowes hoor. Onreg en sonde het hier geen plek nie en word gehanteer. Hier het niemand tekort nie.

Sjoe, g’n wonder nie dat Jesus Sy volgelinge leer om tot die Vader te bid: Vader, laat U Naam geheilig word, laat U koninkryk kom, laat U wil geskied... ook hier op aarde, soos dit reeds in die hemel waar is!

Lyk vir my ons sal God moet vra om ons koppe reg te kry hieroor sodat ons reg hieroor kan dink!

[Die Evangelieboodskap word die Evangelie oor die Koninkryk genoem](#)

Die eerste sin van Jesus se prediking en lering hier op aarde was: Bekeer julle, want die Koninkryk van die hemel is naby (of hier)!

Lees jy Sy lering oor die sowat drie jaar noukeurig deur, val dit jou op hoeveel keer Hy vir Sy dissipels sê: So lyk die Koninkryk van God óf dit is hoe dit werk in die Koninkryk van God.

Wanneer Matteus en die ander skrywers van die Evangelies opsommend na Jesus se openbare bediening verwys, dan beskryf hulle dit soos wat Matteus dit daar in hoofstuk 4, vers 23, doen: “Hy het toe in die hele Galilea rondgegaan en die mense in hulle sinagoges

geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig en elke soort siekte en kwaal onder die volk gesond maak.”

Jesus het aan die eenkant vir die mense die goeie nuus vertel dat die koninkryk van die hemel en van God, soos wat dit reeds in die hemel waar is, ook nou hier op planeet aarde gekom het om te bly. Hy vertel vir hulle wat dit beteken en hoe dit lyk as dit gebeur.

Hy praat egter nie net daarvoor nie. Hy wys ook vir hulle hoe dit lyk deur prakties dit aan mense te bedien. Daar waar mense hulle nood en uitdagings na Hom toe bring wat nie klop met die realiteite van hoe dit in die hemel lyk nie, bedien Hy met die krag van God wat in en deur Hom gevloei het.

Later leer Hy ook Sy dissipels om presies dieselfde te doen.

Die keer toe Hy die twaalf uitgestuur het, op hulle eerste oefenlopie, lees ons dat Sy opdrag aan hulle die volgende was: “Gaan verkondig: ‘Die koninkryk van die hemel het naby gekom.’

Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses en dryf bose geeste uit. Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet.” (Mat. 10:7,8)

Ook vir die twee en sewentig wat Hy uitgestuur het, gee Hy die volgende opdrag: “Maak die siekes daar gesond en sê vir die mense: Vir julle is die koninkryk van God baie naby!” (Luk. 10:9)

Dit is so belangrik vir Jesus dat Hy gedurende daardie laaste 40 dae op aarde, net na Sy opstanding tot en met Sy hemelvaart, aan Sy volgelingen by verskeie geleenthede verskyn en “... met hulle oor die dinge van die koninkryk van God” gepraat het. (Hand. 1:3)

[Here, leer ons reg bid!](#)

Hoe bid ’n mens dan as jy iets begin verstaan dat God iets van die hemel hier tussen ons op aarde wil realiseer en dat ons Sy instrumente gaan wees om dit te laat gebeur?

Ons is nou God se lig. Ons is nou die sout wat ’n baie lawwe wêreld om ons moet smaak gee.

Daarom vra Jesus se volgelingen Hom, in die middel van Sy Bergrede: Here, leer ons dan asseblief om reg te bid as dit is hoe U ons nou wil gebruik!

Dan leer Jesus hulle: “So moet julle bid: Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.

Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.”

Omdat iets van die hemel hier tussen ons en in ons lewe laat gebeur, is dit net logies dat ons wat nog hier op aarde is, tussen al hierdie stukkende en donker, 'n hemelse perspektief nodig het.

Ons het nodig om by die Vader te hoor want Hy weet immers hoe dit daar in die hemel reeds lyk en Hy weet wat in Sy hart is vir die hier en nou rondom ons.

In die volgende gedeeltes gesels ons hieroor.

Laat U Naam geheilig word!

Wie verstaan dat die koninkryk van die hemel in Jesus aarde toe gekom het, leer om te bid soos Jesus ons geleer het.

U weet presies hoe lyk en werk dit in die hemel. Dit is immers waar U alleen God is en waar geen ander teëstanders en ander kandidate is wat met U kompeteer vir ons stemme en ons harte nie.

Vader, laat dit ook hier op aarde, in ons harte en rondom ons, 'n werklikheid word.

Laat hier in ons harte, as U volgelinge en U kinders, 'n wonderwerk gebeur sodat ons iets kan beleef van hoe dit gaan wees as U alleen God is, as U alleen die sê het, as U al is waaroor dit gaan, as U sonder opposisie is, as U die enigste stem is waarna ons harte luister.

Here, U is ons Vader en ons is U kinders, maar U is ook die Heilige God wat sonde nie kan verdra nie. Hemel is tog ook waar daar geen sonde is nie en waar U geen opposisie het nie.

O Here, laat daardie wonder ook hier in ons harte gebeur! Laat dit ook hier tussen ons gebeur! Laat 'n wonderwerk hier tussen ons gebeur wat sal maak dat as mense hier instap, as hulle waag om hierdie adres en plek te betree, dat die eerste ding wat hulle hier sal beleef, U heiligheid sal wees! Laat hulle teen U heiligheid vasloop!

Laat U Koninkryk kom!

Vader, deur die wonder en openbaring van U Gees in ons lewe, het ons ontdek dat Jesus werklik die nuwe Koning op planeet aarde en nou ook in ons lewe is.

Ons moet egter bely dat ons vir so lank deur die vyand belieg en bedrieg is. Ons het gewoon geraak om heeldyd net te doen soos almal rondom ons doen en om met die stem van die gemeenskap en die meerderheid saam te loop.

Ons het so gewoon geraak om ons eie kop te volg en om aan elke gevoel en begeerte van ons eie vlees en hart toe te gee en daarna te luister.

Lei en leer ons deur U Gees. Dankie dat Hy nou in ons woon as ons Raadgewer, Leidsman en as ons nuwe Wetgewer. Leer ons nou in die detail van ons lewe presies wat in U Grondwet staan.

Ons glo immers dat daar waar ons U Grondwet en Sy bepalings in elke duimbreedte in elke area van ons lewe tot in die fynste detail volg, daar beleef ons lewe en oorvloed.

Waar en wanneer U alleen ons enigste Koning is en ons hele lewe deur U Gees beheer word, alleen dan gaan ons lig en sout kan wees.

Laat U Koninkryk, asseblief, hier tussen ons kom!

Laat U wil geskied!

Here, in die hemel is U wil die alfa en omega, die eerste en die laaste woord wat geld!

Daar het U geen ander opposisie nie. Daar is geen ander stem wat tel nie.

O Here, maar hier op aarde en in my eie hart is daar heelyd baie ander stemme wat hulle aan my opdring en soek na my aandag en wat my hart wil hê.

Here, daar in Jakobus 1 sê U dat... “’n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos ’n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word.”

U sê: “So ’n mens wat altyd aan die twyfel is en onbestendig is in al sy doen en late, moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie.”

Here, daar is heelyd hierdie ander stemme in my lewe wat my probeer oortuig dat hulle waarheid en wat hulle vir my lewe wil hê, my gelukkig sal maak. Help my om eerder U stem te volg!

Laat U stem, U wil, die enigste wees wat ek sal volg!

Here, ek wil elke oomblik weet wat in U hart is, wat U in elke bepaalde situasie wil doen! Ek wil sien en hoor, soos Jesus destyds op aarde, wat U as Vader, in elke situasie wil doen en wat U sê U wil in daardie situasie is.

Dit is daardie dinge wat ek in U Naam agter U aan wil doen. Dit is daardie dinge wat ek dan agter U aan wil sê.

Gee ons vandag ons daaglikse brood!

Here, die meeste van die tyd is dit vir my maklik om te onthou dat U my Vader is wat presies weet wat ek nodig het. Daar kom egter dae wat ek twyfel en U maar weer begin wantrou.

Ek weet dit is omdat ek maar geluister het na my eie hart en vlees en toegelaat het dat die vyand my kon belieg en manipuleer met al sy leuens en bedrog.

Daarom wil ek kies om U as my totale Voorsiener en Here te vertrou vir alles wat ek en my geliefdes mag nodig kry.

Ek kies om te glo dat U lankal alles op plek neergesit en reggesit het om vandag vir ons te gee wat ons nodig het. Wanneer U ons wil gebruik om in ander se nood en behoeftes te voorsien, gee vir ons daardie meer as genoeg.

Ons beloof ons sal dit aan hulle gee sodat hulle ook U kan ontdek as 'n getroue, liefdevolle Vader, wat presies weet wat en wanneer ons wat nodig het.

Vader, ons kyk vandag op na U alleen as ons Totale Voorsiener!

Daar waar ons paar vissies en paar broodjies te min is, dank ons by voorbaat U om dit te vermeerder sodat daar vir almal in ons lewe vandag genoeg sal wees sodat hulle saam met ons iets van die hemel vandag kan beleef!

Dankie, dat U in U heerlijkheid en grootheid, hier by ons vandag is as Immanuel, God by ons!

Vergewe ons sonde!

Here, waar ons faal en maar weer kies vir die gewoon en alledaagse waarmee ons vir so lank tevrede was voor ons bekering, vergewe ons asseblief!

Daar waar ons U verloën en agter ander stemme aan loop, vergewe ons!

Daar waar ons ons eie kop volg en maar weer koning in ons eie lewe word, wat self ons eie lewe wil beheer en dink ons weet beter, vergewe ons!

Daar waar ons het maar weer lojaliteit aan 'n ander agenda as U agenda gegee het en toegelaat het dat ons vir ander sake as U Koninkryk op sleeptou geneem is, vergewe ons!

Daar waar U liefde en die behoeftes en omgee vir ander nie die hoofdryvere in ons lewe was nie, vergewe ons!

Daar waar ons toegelaat het dat bitterheid en onvergewensgesindheid 'n houvas kry, vergewe ons!

Dankie vir U vergifnis!

Dankie vir die versekering in U Woord: "... as ons ons sondes bely" is U getrou en regverdig. U vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid. (1 Joh. 1:9)

Verlos ons van die bose!

Here, U het in U genade, deur die werking van U Gees, ons gees nuut en oor gemaak! Heilig en vernuwe nou die res van ons!

Kom en vernuwe ons denke, emosies en daar waar ons elke dag keuses moet maak!

Tot ons skok en skaamte ontdek ons telkens daar hoe springlewendig die tier in ons kelderverdieping nog is waar niemand kan sien nie. Maar ook hoe ons telkens toegee aan ons eie begeertes en planne.

O Here, verlos ons ook daar van die bese!

Help ons onderskei tussen al die stemme in ons lewe! Help ons ontdek wanneer is dit ons eie vlees, of die stem van die gemeenskap, of die stem van die bese wat met ons praat en wat ons probeer belieg en bedrieg!

Verlos ons van die bese!

Here, U het ons gewaarsku dat ons elke dag hier op aarde, vir solank dit nog nie volkome hemel op aarde is nie, oorlog gaan belewe! Ja, dat daar in ons eie hart en lewe en rondom ons elke dag, 'n worstelstryd aan die gang is tussen lig en donker, tussen magte wat ons nie kan sien met ons gewone oë nie.

Daarom kom prop ons vandag by U in.

Daarom kom trek ons hier by U die volle wapenrusting aan wat ons nodig het vir hierdie dag se gevegte.

[1 Kor. 15:24-28](#)

Die hart van die Evangelie of Goeie Nuus is dat Jesus die Christus die nuwe Koning hier op aarde is. Daarom moes Hy nie net gekruisig word nie, maar moes Hy ook opstaan uit die dood, as bewys dat Hy die vorige magte, die koninkryk van die duisternis wat voorheen aan bewind was, se mag gebreek het.

Luister hoe sê God se Gees dit deur die skrywe van 'n Paulus daar in Kol.2:14,15: "Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem.

Hy het elke mag en gesag ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer."

Dat die Koninkryk van God hier op aarde aangebreek het, is die boodskap van baie gedeeltes in die Nuwe Testament.

Dit is presies wat daar ook in 1 Kor. 15:24 tot 28 in 'n bietjie ander woorde staan: "Daarna kom die einde, wanneer Hy die koningskap aan God die Vader oordra, nadat Hy elke mag, elke gesag en krag vernietig het.

Hy moet as koning heers totdat die Vader al sy vyande aan Hom onderwerp het.

Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood.

Daar staan immers geskrywe: 'Alles het Hy aan Hom onderwerp.' Maar as die Skrif sê dat alles aan Christus onderwerp is, is dit duidelik dat die Vader wat alles aan Hom onderwerp het, uitgesonder is.

Wanneer alles dan aan die Seun onderwerp is, sal Hy Hom ook self onderwerp aan die Vader wat alles aan Hom onderwerp het. So sal God alles wees vir alles."

As Jesus ons dan as Sy volgelinge vra om te bid, dan moet ons bid dat dit gebeur. Dit is wat moet gebeur om “hemel”, waar Jesus die Christus, in elke sin van die woord reeds die Koning is, ook hier “op aarde” laat gebeur.

Daarom moet ons bid: “Laat U koninkryk kom. Laat U wil ook hier op aarde geskied, soos dit reeds in die hemel gebeur.”

Hoekom moet ons bid dat die hemel ook hier moet kom?

Ek het jou mos vertel van die maandelange detoks na gees, siel en liggaam waarop die Here my gesit het. 'n Groot deel van hierdie tyd het ek in gesprek met die Here deurgebring. Daar het ek ook geleer waarom ons “moet bid” dat die hemel ook hier op aarde, in ons eie lewe en rondom ons moet gebeur.

Die Here het my na Ef. 3:14 tot 21 geneem waar Paulus die volgende bid (en ek gaan net klein gedeeltes hier vir jou aanhaal):

“Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlijkheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word, dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees.

Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek.

Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.

Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen.”

Die Here het dit so aan my verduidelik: Julle, as My Liggaam, is verteenwoordigers en ambassadeurs van die “franchise”, Hemel Onbeperk, op aarde. Julle het egter eintlik geen idee hoe “hemel” lyk en wat “hemel” alles behels nie. Die meeste van julle het nog nie eers werklik in die volle sin van die woord “hemel” beleef en ervaar nie.

Daarom moet Ek, deur My Gees wat in julle woon, julle koppe regkry sodat julle self eers iets daarvan kan begryp en self iets daarvan in julle eie lewens en rondom julle ervaar.

Hier, terwyl jy met My gesels (in gebed), wil Ek dit ook in jou lewe doen, want jy kan net bemark en verteenwoordig wat jy self al iets van beleef het.

Hy het werklik opgestaan

Vir jare het ek die tradisionele boodskap rondom Paasfees verkondig oor die dood en opstanding van Jesus, want ek het my verlustig in die boodskap van hoop en lewe wat daarin vervleg is.

Tot die Here my fokus verskuif het en my laat raaksien het dat die hart van die evangelie hierdie boodskap is oor God en Sy Hemel se Koninkryk wat in Jesus Christus, en in alles wat rondom Hom gebeur het, aarde toe gekom het. Toe het ek die Here hoor sê: Die kruis is leeg. Die graf is leeg, want Hy sit nou op My Troon om van daar te regeer.

Toe eers verstaan ek die groter prentjie en pas die kruis en die leë graf werklik in die goeie boodskap van die Evangelie dat in Jesus die aarde 'n nuwe Koning gekry het.

Dit het egter eers Jesus se lewe gekos. Dit het al daardie pyn en lyding tot die dood toe gekos. Dit het 'n geveg tot die dood toe gekos voordat die heerser van die duisternis bereid sou wees om sy mag en sy troon af te staan.

Aan die kruis het Jesus die mag van sonde gebreek en toe Hy opstaan uit die dood, het Hy die mag van die dood self gebreek. Sonder hierdie twee oorwinnings was ware en totale verlossing nie vir ons moontlik nie. Dit het Jesus vir ons gedoen deur Sy Lewe, Dood en Opstanding. Dit was die treë wat Hy moes gee om uiteindelik finaal gekroon te kan word as die Nuwe Koning van hierdie aarde en om Sy plek in te neem op die Troon, aan die Vader se regterkant.

Eers na Sy finale oorwinning was Sy totale versoeningswerk voltooi en kon Hy Sy posisie inneem op die Troon. Eers van toe af kon die Vader begin om alle magte en dinge aan Hom te begin onderwerp. 'n Proses wat nou aan die gang is en tot by die finale einde sal aanhou net voor Sy wederkoms, sê 1 Kor. 15:24 e.v.

Paulus skryf oor Christus in hierdie posisie van outoriteit in die brief aan die Efesiërs, hoofstuk 1:19-22 as hy sê dat die Vader Christus opgewek het uit die dood deur Sy groot krag, wat nou ook in ons werk. Jesus Christus sit nou daar as die nuwe Koning van hemel en aarde, "hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom. Ja, aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk."

[Ons sit saam met Jesus Christus in hierdie posisie van outoriteit](#)

Daar is 'n ander dimensie rondom die troon van Christus wat ons moet ontdek, naamlik dat ons daar saam met Jesus Christus, die nuwe Koning van die aarde, sit op hierdie oomblik (Ef. 2:6).

Vir ons om reg te dink oor onself en ons rol en roeping, moet ons hierdie bril opsit en vanuit hierdie perspektief begin dink.

Ja, ons is gewoon brose woestynbewoners hier op aarde, maar ons het ook 'n hemelse burgerskap, waar ons konings en koninginne reeds is. Dit is in daardie kapasiteit, as verteenwoordigers van daardie koninkryk, wat ons ons rol en roeping hier op aarde werklik kan vervul.

Paulus beskryf hierdie dubbele burgerskap daar in Filippense 3:20 e.v. so: "... Ons is burgers van die hemel, van waar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag.

Deur die krag waarmee Hy alles aan Homself onderwerp, sal Hy ons nederige liggame verander om soos sy verheerlikte liggaam te wees. Daarom, my broers, moet julle vas staan en getrou bly aan die Here.”

Die volkome versoenings- en verlossingswerk wat Christus Jesus vir ons en in ons gedoen het, deur Sy dood en opstanding, gee aan ons die reg en outoriteit om as Sy verteenwoordigers, in Sy plek, te kan en te mag regeer. Ons kan iets van die Koninkryk van die Hemel hier op aarde laat deurbreek en bedien as ons met hierdie nuutontdekte outoriteit wat ons in die Hemel in Jesus se Naam het, optree en doen wat Jesus, die Koning, ons opdrag gee om te doen.

Die deurbreek van ’n stukkie hemel op aarde is glad nie romanties nie, dit is oorlog!

Ek weet daar is diegene wat half omgekrap voel oor die titel van hierdie reeks, naamlik Hemel op aarde. Dit is egter aspris wat ek dit so geformuleer het!

Dit is bedoel om ons ’n slaggie weer te laat dink oor presies wat ons glo die hart van die Evangelieboodskap is. As ek dit reg verstaan het Jesus die Christus gekom om hier op aarde die nuwe Koning te wees. Met ander woorde, om hier iets te laat deurbreek van die werklikheid van hoe dit daar in die Hemel reeds is waar God in elke sin van die woord die Koning is. Iets van die hemel, hemel, moet dus ook hier op aarde deurbreek. Dit is tog waarom Jesus gekom het. Dit is ook waarvoor Hy nou ons “as Sy Liggaam” hier op aarde wil gebruik.

Tog sal jy ’n fout maak as jy dink ek probeer met so ’n titel sê dat dit reeds in elke sin van die woord hemel op aarde is!

Ver daarvandaan.

Die deurbreek van ’n stukkie hemel op aarde is glad nie iets romanties nie. Dit is glad nie ’n boodskap van maanskyn en rose nie. Dit is in werklikheid oorlog in elke sin van die woord.

Dink net vir ’n oomblik: Vir iets van die hemel om hier op aarde deur te breek, beteken dat die vyand wat tot en met Jesus se koms heerser hier op aarde was, moet padgee en sy houvas laat los. Dink jy hy gaan sommer net dit so gemaklik en gewillig laat gaan?

Nee, hy gaan met alles wat hy het, daar waar hy nog sy kloue in het, lieg en bedrieg, veg en probeer doodmaak met elke ons krag tot sy beskikking.

As jy my nie glo nie, luister wat sê God se Gees daar in Ef. 6 hieroor: “Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug.

Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan.”

Sien jy, dit is oorlog dié! Dit beteken stryd en vasstaan. Dit is om te hoor wat in God se hart is om hier op aarde te doen en om dan stelling in te neem aan Sy kant, in Sy leermag agter die Een op die wit perd, in Openbaring se taal.

Dit is om in die Naam van Jesus Christus, die nuwe Koning op aarde, 'n streep in die grond te trek en te sê wat Hy sê: Genoeg is genoeg. Iets van die hemel wil ook hier deurbreek. Jesus die Christus is ook hier Koning. Dan moet ons sê wat ons moet sê en doen wat ons moet doen, in Jesus se Naam. In diens van hierdie Koninkryk van die hemel om hier te kom.

iets van die deurtrek deur die Rooi See moet hier gebeur

Ek lees weer vanoggend daardie gedeelte in Eksodus 13 en 14 en ek het heeldyd by myself gesit en dink dat dit eintlik 'n merkwaardige prentjie is van hoe dit lyk wanneer 'n stukkie hemel hier op aarde begin deurbreek.

Kom ek wys jou wat ek in die verband raakgesien het.

Daar in Eks. 13:20 lees ek: "Die Here het bedags met 'n wolkkolom voor hulle uit gegaan om vir hulle die pad te wys en snags met 'n vuurkolom om vir hulle lig te verskaf, sodat hulle dag en nag kon trek.

Die wolkkolom bedags en die vuurkolom snags het altyd voor die volk gebly."

Is dit nie 'n merkwaardige prentjie van hoe dit lyk as iets van die hemel hier rondom ons begin deurbreek nie! Dan is ons heeldyd so bewus van die Koning van alle konings wat gedurig by ons is, wat ons beskerm en lei.

Daarom bid ek elke dag: Here, maak my so bewus hiervan. Dat U ook Immanuel, God by ons, ook nou en hier in my eie lewe is! Laat my dit as so 'n werklikheid belewe, soos die volk destyds dit belewe het.

Dan is daar daardie merkwaardige prentjie in Eks. 14 wat op sy beurt vir my iets raakvat van hoe dit lyk as ons met die outoriteit wat ons het in Christus Jesus, begin doen wat God ons aansê om te doen.

Dan hoor ons hoe God vir ons sê: "Moenie bang wees nie. Staan vas, kyk hoe die Here julle vandag gaan red... Bly julle maar kalm. Die Here sal vir julle veg."

Sien, iets van die hemel breek deur daar waar God self vir en namens ons veg. Daar is ook 'n punt waar ons net moet doen wat God ons beveel om te doen. Soos in die geval van Moses, toe God hom beveel: "... Lig jou kiere op en steek jou hand oor die see uit en kloof dit oop sodat die Israeliete op droë grond kan deurgaan."

Klink dit nie vir jou baie soos om vir 'n berg te sê om pad te gee of om vir 'n siekte te sê om sy goed te vat en te loop nie!

"Wanneer Ek my mag laat geld teenoor... (die farao, sy strydwaens en hulle bemanning, in hierdie geval), sal... (Egipte, in hierdie geval) besef dat Ek die Here is." Vul jy nou maar daar

in waarmee jy worstel daar op die platform waar die Here jou gebruik om iets van Sy Koninkryk te laat deurbreek.

In die hitte van die stryd leer ken ons die stuk donker wat nog in ons eie hart is. Met die wedergeboorte het God se Koninkryk volkome in ons gees deurgebreek. Nou moet God se Koninkryk ook in ons siel en in ons liggaam ten volle deurbreek.

Dit noem God 'n heiligmakings- en suiweringsproses en dit gebeur daar waar ons in die spervuur in hierdie geveg is.

Hoe goed onthou ek nie my dae in die weermag toe ons in die donker van die nag onder vuur was nie!

Dit is daardie tye wat ons iets van die woord daar in Jer. 17: 9 en 10 ontdek, naamlik: "Die hart is bedriegliker as enigiets anders, hy is ongeneeslik; wie kan hom verstaan?"

Ek, die Here, deurgrond en toets hart en verstand... "

Of soos Paulus daar in Fil. 3 skryf, dit is daardie tye wat jy ontdek: "... wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry en een met Hom kan wees: vrygespreek, nie omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek in Christus glo. Dit is die vryspraak wat God gee omdat 'n mens in Hom glo.

Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood.

Ek sê nie dat ek dit alles al het of die doel al bereik het nie, maar ek span my in om dit alles myne te maak omdat Christus Jesus my reeds syne gemaak het.

Broers, ek verbeel my nie dat ek dit alles al het nie. Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is.

Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus."

Hoe lyk dit wat jy daar in jou hart ontdek in daardie tye wat die hel los is rondom jou?

Gee jy God die geleentheid om jou skoon te maak en jou te help om van al daardie aangeleerde nonsens ontslae te raak, of stink dit ene vlees soos jy met mag en mening veg vir jou eie behoud?

So klink ons storie

Luister hoe vertel God se Gees deur Paulus se skrywe daar in Efesiërs 2 ons almal se storie, en ek haal uit die Message-vertaling aan:

“It wasn’t so long ago that you were mired in that old stagnant life of sin.

You let the world, which doesn’t know the first thing about living, tell you how to live. You filled your lungs with polluted unbelief, and then exhaled disobedience.

We all did it, all of us doing what we felt like doing, when we felt like doing it, all of us in the same boat. It’s a wonder God didn’t lose his temper and do away with the whole lot of us.

Instead, immense in mercy and with an incredible love, he embraced us. He took our sin-dead lives and made us alive in Christ. He did all this on his own, with no help from us!

Then he picked us up and set us down in highest heaven in company with Jesus, our Messiah.

Now God has us where he wants us, with all the time in this world and the next to shower grace and kindness upon us in Christ Jesus.

Saving is all his idea, and all his work. All we do is trust him enough to let him do it. It’s God’s gift from start to finish!

We don’t play the major role. If we did, we’d probably go around bragging that we’d done the whole thing!

No, we neither make nor save ourselves. God does both the making and saving. He creates each of us by Christ Jesus to join him in the work he does, the good work he has gotten ready for us to do, work we had better be doing.”

Het jy ook al ontdek dat dit soveel beter is om na God se stem te luister en te doen wat Hy jou aansê om te doen as om jou eie kop te volg en telkens jou bloedneus te loop of in dieselfde wip deur die vyand gevang te word keer op keer?

Sy volgelinge leer om te doen soos Hy gedoen het

As Jesus die twaalf dissipels uitstuur op hulle eerste oefenlopie om die realiteit van die Koninkryk van God te bedien, lees ons, sê Hy die volgende aan hulle:

“Gaan verkondig: ‘Die koninkryk van die hemel het naby gekom.’

Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses en dryf bese geeste uit. Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet.” (Mat. 10:7,8)

Later, as Hy die 70 uitstuur, hoor ons Hom aan hulle sê: “Maak die siekes daar gesond en sê vir die mense: ‘Vir julle is die koninkryk van God baie naby!’” (Luk. 10:9)

In die Evangelie van Johannes hoor ons hoe hierdie kombinasie van woord en daad werk wanneer iets van die hemel hier op aarde deurbreek.

“Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek met julle praat, praat Ek nie uit my eie nie; maar dit kom van die Vader wat in My bly en sy werke doen.”
(Joh. 14:10)

Die koninkryk van God is ’n stukkie hemel wat hier op aarde deurbreek waar ek en jy, soos Jesus, doen en sê wat ons die Vader sien doen en hoor sê.

Dan, daar in die Johannes Evangelie, direk nadat Jesus dit verduidelik het, volg daardie merkwaardige belofte wat my telkens stom en sonder woorde laat: “Dit verseker Ek julle: Wie in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen; en hy sal nog groter dinge as dit doen, omdat Ek na die Vader toe gaan.

Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word.

As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.” (Joh. 14:12-14)

Ek weet nie van jou nie, maar ek is moeg daarvan om allerlei slim verskonings uit te dink waarom hierdie dinge nie in my lewe en bediening waar was nie! Ek wil dit nou praktiseer en self beleef!

[Hoe lyk dit in mense se lewens as hemel daar deurgebreek het?](#)

Besef jy, as ons gaan sit en luister na Jesus se prediking, hoor en sien ons hierdie woordprentjies waarmee Hy vir ons teken hoe lyk dit as hemel hier op aarde in mense se lewens deurgebreek het.

Dit is waar van al Jesus se lering, maar in die besonder van Sy lering wat bekend staan as die Bergrede, waarvan Matteus daar in sy evangelie onder die inspirasie van die Gees vir ons in hoofstuk 5 tot 7 vertel.

Dit is veral in die gedeelte wat ons die Saligspreuke noem, waarin ons hoor hoe lyk mense wat “die koninkryk ontvang het”. Met ander woorde, in wie se lewe die koninkryk van die hemel begin realiseer het, omdat iets van die koninkryk en van die hemel hier binne-in hulle gebeur het.

Ek wil so graag dat jy hierdie baie bekende gedeelte ’n slag nuut moet hoor, asof jy dit nog nooit gehoor het nie. Daarom gaan ek dit vir jou uit die Message-vertaling aanhaal.

“You’re blessed when you’re at the end of your rope. With less of you there is more of God and his rule.

You’re blessed when you feel you’ve lost what is most dear to you. Only then can you be embraced by the One most dear to you.

You're blessed when you're content with just who you are—no more, no less. That's the moment you find yourselves proud owners of everything that can't be bought.

You're blessed when you've worked up a good appetite for God. He's food and drink in the best meal you'll ever eat.

You're blessed when you care. At the moment of being 'careful,' you find yourselves cared for.

You're blessed when you get your inside world—your mind and heart—put right. Then you can see God in the outside world.

You're blessed when you can show people how to cooperate instead of compete or fight. That's when you discover who you really are, and your place in God's family.

You're blessed when your commitment to God provokes persecution. The persecution drives you even deeper into God's kingdom.

Not only that—count yourselves blessed every time people put you down or throw you out or speak lies about you to discredit me. What it means is that the truth is too close for comfort and they are uncomfortable.

You can be glad when that happens—give a cheer, even! —for though they don't like it, I do! And all heaven applauds. And know that you are in good company. My prophets and witnesses have always gotten into this kind of trouble.

Let me tell you why you are here. You're here to be salt-seasoning that brings out the God-flavors of this earth. If you lose your saltiness, how will people taste godliness? You've lost your usefulness and will end up in the garbage.

Here's another way to put it: You're here to be light, bringing out the God-colors in the world. God is not a secret to be kept. We're going public with this, as public as a city on a hill.

If I make you light-bearers, you don't think I'm going to hide you under a bucket, do you? I'm putting you on a light stand."

So lyk dit in mense se lewens in wie iets van die realiteit van die Koninkryk aangebreek het.

[Hoe lyk dit op aarde as hemel deurbreek](#)

Psalm 146:6 tot 10 is vir my so 'n manjifieke beskrywing van hoe dit lyk as God instap en Sy hemel, Sy Koninkryk, begin deurbreek.

Luister hoe staan dit daar: "Die Here het die hemel en die aarde gemaak, die see en alles daarin. Hy bly vir altyd getrou, Hy laat reg geskied aan verdruktes en gee brood aan dié wat honger ly. Die Here bevry die gevangenes, die Here laat blindes sien, Hy ondersteun dié wat bedruk is. Die Here het die regverdige lief. Hy beskerm vreemdelinge en help weeskinders

en weduwees, maar Hy versper die pad vir die goddeloses. Die Here regeer vir altyd. Sion, jou God regeer van geslag tot geslag. Prys die Here!”

Dit is hoe dit lyk as hemel deurbreek op aarde.

Dit is ook wat ons sien in die lewe en bediening van Jesus, die nuwe Koning op aarde.

Dit is ook presies wat Hy vir Sy dissipels leer om te doen as Sy verteenwoordigers en getuies van hierdie boodskap.

[Van paradys tot koninkryk van die duisternis, totdat Jesus alles kom herstel het](#)
Kom ons begin daar in die begin, toe God die hemel en aarde geskape het.

Op aarde het Hy ’n paradys en Sy mense-koning en -koningin, Adam en Eva, geskape en hulle aangestel in hierdie paradys om as Sy gevolmagtigdes hier op aarde in Sy Naam te regeer.

Nou weet ek en jy watter gemors hulle daarvan gemaak het. Boonop het hulle die outoriteit en koningskap om hier op aarde te regeer, aan die koning van die Donker, Satan, en sy magte oorgegee.

Verstaan mooi, Satan en sy mag demone, was volgens die Skrif, eens engele in die hemel wat teen God en sy gesag in die hemel in opstand gekom het. Toe is hulle uit die hemel gegooi, want daar word rebellie teen God se Koningskap nie geduld nie.

Hulle was dus demoniese geeste wat hier op aarde kom “plak” het.

Om juries die reg te hê om hier te kon bly en hier te heers, moes hulle by die nuutaangestelde koningspaar van God hier op aarde verbykom.

Wel, die res van die tragiese verhaal ken jy. As gevolg van die mens se sonde, het al die tragiese gevolge daarvan gevolg. Dinge soos haat, leuens, geweld, armoede, siekte en dood het die eens volmaakte skepping van God binnegestroom en van alles ’n karikatuur gemaak van wat God dit eens bedoel het.

Daarom het God die volgende deel van Sy verlossings- en restourasieplan in werking gestel.

Met die koms van Jesus het die Koninkryk van die hemel weer hier op aarde gekom. Die Vader het Sy Seun, Jesus die Christus, gestuur as die Tweede Adam, om ’n mens te word en om die nuwe Koning op aarde te word.

Deur Jesus se bloed en dood aan die kruis is die straf vir die sondes van die Eerste Adam en nageslag ten volle betaal. Sy opstanding uit die dood het bevestig dat Jesus die Christus die Nuwe Koning op aarde is.

Aan elkeen van Sy gelowige volgelinge, wat ten volle oortuig was in geloof van wat die Vader oor Hom sê en deur Hom wou doen om Sy Koninkryk weer hier te herstel, aan hulle is die outoriteit teruggegee om as Sy gevolmagtigdes hier op aarde in Sy Naam te regeer.

Oral waar ons luister en doen wat Hy ons aansê om te sê en te doen in Sy Naam, breek stukkie van die Koninkryk van die hemel weer hier deur.

Waar Jesus die nuwe Koning is

Om werklik Bybels tot bekering te kom, beteken om met die goeie nuus van die Evangelie saam te stem in geloof dat Jesus die Christus en die nuwe Koning op aarde is.

Dit is soos daar in Joh. 1:10 tot 12 staan: "... die wêreld het deur Hom tot stand gekom – en tog het die wêreld Hom nie erken nie.

Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie.

Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word."

Sien, solank die duisternis hier op aarde regeer het, het Satan en sy magte die mens toegelaat om sy eie kop te volg en toegelaat om maar net te doen soos sy vleeslike begeertes en planne hom gelei het.

Solank as wat die mens self op die troon in sy eie lewe gesit het en gedoen het soos wat hy wil, was hy sonder dat hy besef het, bloot pion en werktuig in die hande van die magte van die duisternis wat in werklikheid in beheer was.

Toe kom Jesus en deur Sy dood en opstanding kom bevestig Hy die Woord van God uit die hemel, naamlik dat Hy nou die nuwe Koning op aarde is. Die mag en heerskappy van die duisternis is hier gebreek.

Elkeen wat dit in geloof aanvaar, wat "fully persuaded" is dat hierdie Woord uit die hemel die volle waarheid is, word deur hierdie Waarheid vrygemaak en verlos uit die hande en mag van die koninkryk van die duisternis.

Jesus word nou ook die nuwe Koning in hulle lewens. Anders as in die geval van die koninkryk van die duisternis, verduur Jesus die nuwe Koning geen opposisie of iemand anders op die troon van Sy volgelingen nie. Hy aanvaar nie eers jou eie ek op die troon nie.

Daarom vereis 'n ware Bybelse bekering dat elke gelowige volgeling van Jesus, die nuwe Koning, eers moet sterf voordat hulle Sy volgelingen en verteenwoordigers van die Koninkryk van die hemel kan wees.

Luister hoe word die Evangelie in die vroeg-Christelike gemeentes verwoord

Kom, kuier saam met my by gelowiges uit die vroeg-Christelike gemeentes!

Luister na hoe verwoord hulle die Evangelie.

Daar in Hand. 10:36-43 word dit so beskryf: "Julle weet dat God aan Israel sy woord gestuur het, naamlik die evangelie van vrede wat Jesus Christus gebring het. Hierdie Jesus is Here van almal.

Julle weet ook van die gebeurtenisse dwarsdeur die hele Joodse land. Dit het in Galilea begin ná die doop wat Johannes verkondig het.

Julle weet van Jesus van Nasaret, dat God Hom met die Heilige Gees gesalf en met krag toegerus het. Hy het rondgegaan, oral goeie werke gedoen en almal gesond gemaak wat in die mag van die duiwel was, want God was by Hom.

En ons is getuies van alles wat Hy in die Joodse land en in Jerusalem gedoen het. Hulle het Hom doodgemaak deur Hom aan die kruis te hang.

Maar God het Hom op die derde dag uit die dood opgewek en Hom laat verskyn, nie aan die hele volk nie, maar net aan ons vir wie God reeds gekies het om getuies daarvan te wees, ons wat ná sy opstanding uit die dood saam met Hom geëet en gedrink het.

Hy het ons opdrag gegee om aan die volk te verkondig en te bevestig dat dit Hy is wat deur God aangestel is as Regter oor lewendes en dooies.

Van Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, vergewing van sondes deur sy Naam ontvang.”

Daar in Hand. 13:38 vat Paulus dit dan so saam: “Daarom, broers, moet julle goed weet dat wat aan julle verkondig word, die vergewing van sondes deur Hóm is, en dat elkeen wat glo, deur Hom vrygespreek word van alle sondes. Die wet van Moses kon julle nie vryspreek nie.”

Die Evangelie is...

Ek is besig om so hier en daar uit die boek, Handeling, vir jou te wys hoe die hart van die Evangelieboodskap daar beskryf word.

Daar in Hand. 20 beskryf Paulus dit as “om hulle tot God te bekeer en in ons Here Jesus te glo.” (20:21).

In vers 24 en 25 word dit beskryf as “om die evangelie van God se genade te verkondig” en as “die koninkryk van God”.

Daar in Hand. 26 beskryf Paulus sy ontmoeting met Jesus so: “ ‘Wie is U, Here?’ vra ek toe. ‘Ek is Jesus,’ sê die Here. ‘Dit is vir My wat jy vervolg. Maar staan op, staan regop. Ek het aan jou verskyn om jou as my dienaar aan te stel. Jy moet getuie wees van wat jy van My gesien het en van wat Ek jou nog sal laat sien... Jy moet hulle oë oopmaak sodat hulle hulle van die duisternis tot die lig en van die mag van die Satan tot God kan bekeer. Deur in My te glo, sal hulle sondes vergewe word en sal hulle deel word van die volk van God.’

... Ek het eers vir die mense in Damaskus en in Jerusalem en toe deur die hele Judea en daarna vir die heidennasies gepreek dat hulle tot inkeer moet kom en hulle tot God moet bekeer; en dit moet hulle bewys met daad wat by die bekering pas... Die Christus moes ly en die eerste wees wat uit die dood opstaan. Daardeur sou Hy aan die Jode en aan die heidennasies die lig bring. Ek verkondig maar net waarvan die profete en Moses gepraat

het: Die Christus moes ly en die eerste wees wat uit die dood opstaan. Daardeur sou Hy aan die Jode en aan die heidennasies die lig bring.”

1 Joh. 2:8 beskryf dit as “die Seun van God het juis gekom om die werk van die duiwel tot niet te maak”.

So klink die goeie nuus van die Bybelse Evangelieboodskap.

Dit laat ’n mens sommer diep dink en wonder oor wat vandag deur soveel leraars as “evangelie” vir goedgelowige mense opgedis word!

Wil jy hoor hoe hulle ’n gelowige beskryf het?

Ek het jou nou ’n bietjie laat luister na hoe die vroeg-Christelike gemeentes die kernboodskap van die Evangelie verwoord het. Kom luister saam met my hoe hulle “gelowiges” beskryf.

Daar in Hand. 11 word hulle beskryf as mense wat die evangelieboodskap oor Jesus gehoor het en gekies het om dit te glo en toe gered is (vers 14).

In Hand. 2:36-39 word hulle beskryf as mense wat die Evangelie gehoor het, en hulle bekeer het. Wat maar net beteken dat hulle van hulle sonde bewus geword het en die goeie nuus van die Evangelie geglo het oor Jesus wat daarvoor gesterf het aan die kruis en hulle straf gedra het. Daarom is hulle daarna gedoop in water en gedoop met die Gees.

In Hand. 11, vers 15, word hulle daarom beskryf as mense wat, nadat hulle die boodskap oor Jesus geglo het, “met die Heilige Gees gedoop” is.

Hulle is mense wat “tot inkeer gebring” is “om aan hulle die lewe te gee” (vers 18).

In 1 Joh. 2:5 en 6 word hulle beskryf as mense wat doen wat God vir hulle aansê om te doen en dus “lewe soos Jesus gelewe het”.

Hulle doen dus “die wil van God” en het mense lief soos wat Jesus hulle liefgehad het. Daarom het hulle nie die dinge van die wêreld lief nie. (vers 15-17).

Daarom hou hierdie mense hulleself rein soos Jesus rein is. (1 Joh. 3:3).

As jy dan werklik ’n kind van God is, doen jy nie meer aanhoudend sonde nie, omdat die Gees van God in jou bly. (1 Joh. 3:9)

Trek die ou mens uit

So ’n paar jaar gelede het ek en my vrou beleef om op ons 2000 vierkante meter erf, wat alles een reuse grasperk was wat ons maar moeilik instandhou in die Kaap in die somermaande, om te skakel in ’n olyfboord.

Sedertdien pluk ek en Hetta bykans elke jaar so tussen 5 tot 10 kg en meer olywe jaarliks van die 20 bome af wat Hetta dan vir ons inmaak volgens 'n resep wat sy by een van ons olyfboere se vroue gekry het.

Dit is egter nie sommer net vir inlê nie, want eers moet jy ontslae raak van al die bitter. Hetta se pad is om vir twee weke dit eers in skoon water te laat lê, wat elke dag vervang word. Dan moet die skoon water vervang word met sout water vir nog 'n klompie weke. Dan moet dit weer vervang word met skoon water om uit te vars en dan moet dit in asyn gesit word voordat dit gebottel word. Dis harde werk, maar die moeite werd en die resultaat is baie lekker.

Klink nogal baie na die pad wat God met elkeen van ons loop, wat die Bybel daar in Heb. 12:14 "heiligmaking" noem, waarsonder ons nie God "sal sien" nie.

Met die wedergeboorte, by ons Bybelse bekering, het God ons gees nuutgemaak en het Jesus Christus Homself en Sy Lewe in ons gees kom bedien en self in ons kom woon deur die Heilige Gees.

Vir die res van ons lewe, is dit dan die Heilige Gees se taak om ons "siel" en liggaam uit te vars en te heilig. Wat doodgewoon beteken dat Hy al ons bitter, al die ou gewoontes en die stuk ou mens wat nog so in beheer in ons lewens was van voor ons bekering af, uit ons sisteem wil kry.

God se water, Sy Woord, moet elke dag deur ons vloei om so die onsuiverhede uit ons lewe uit te was.

In Ef. 4:22 tot 24 beskryf Paulus dit so: "Los julle ou manier van lewe. Soos 'n mens vuil klere uittrek, moet julle julle ou geaardheid uittrek, want dit is vol sonde en wil net verkeerde dinge doen. Die einde van daardie pad loop op verwoesting uit. Julle moet 'n nuwe gesindheid kry en op 'n nuwe manier oor dinge dink. Hierdie nuwe lewenstyl moet julle deel van julle lewe maak soos 'n mens nuwe klere aantrek."

As ons toelaat dat die Heilige Gees deur ons spoel, sal die verkeerde dade al hoe minder in ons lewens sy opwagting maak.

Waar die Heilige Gees die beheer in ons lewens het, sit Jesus Christus self op die troon in ons lewens en kan Hy ook die res van ons bedien sonder enige blokkasies of versperrings. Die bitterheid sal verdwyn. Die vuil merke wat die sonde in ons laat, sal al hoe meer verdwyn en ons klere sal skoon wees. God sal deur die Gees die beheer van ons lewe oorneem en ons sal nie net aanneemlik in sy oë wees nie, maar ook vir die mense rondom ons sal dit vreeslik lekker wees om saam met ons deur die lewe te stap.

[Die Koms van die Koninkryk is...](#)

Die goeie nuus van die Evangelie oor die Koninkryk van God wat in Christus Jesus hier op aarde gekom het, is dat...

Volgens 1 Joh. 4, word Christen-wees en die liefde van Jesus in ons lewe, 'n lewensstyl in mense se lewens.

Hoe gebeur dit?

Dit gebeur daar waar daardie mense God se liefde as 'n realiteit in hulle lewens beleef, en dit letterlik begin oorloop na ander toe.

Dit gebeur wanneer ons so vol daarvan word, dat wanneer mense aan ons druk of by ons is of teen ons vasloop, dan word hulle daardeur oorstroom.

Dit gebeur wanneer God ons so begin gebruik om ook ander te laat beleef God is hier by hulle en wil ook hulle bedien soos Hy ons bedien het.

Die enigste kwalifikasie wat hiervoor nodig is, is geloof. As jy 'n Bybelse gelowige is, is jy een van hierdie groep mense in wie se lewe God dit wil laat gebeur. As jy werklik 'n Bybelse gelowige is, is daar niks wat jou dan kan diskwalifiseer om deel van hierdie span te wees nie. Ongeag wat jy gedoen het, of waardeur jy is. Dit maak ook nie saak watter gemors jou lewe voorheen was nie. Jesus het jou immers van jou verlede vrygemaak.

Daar waar jy "fully persuaded" is deur die goeie nuus van die Evangelie dat Jesus Christus gekruisig is vir jou oortredinge en opgestaan het sodat God jou kon regverdig maak, tot jou geregtigheid, is dit alles waar ook vir jou en in jou lewe.

Ek beskryf hierdie twee dinge altyd as die twee uitklophoue wat God die vorige heerser van die aarde gegee het om hom finaal te oorwin en van die troon hier op aarde af te stoot.

Eers het Hy hom geslaan met Sy linker-uitklophou: Jesus is gekruisig en die volle prys so betaal sodat die Heilige God jou kon verlos, jou oortredinge kon vergewe en kon wegneem en so die houvas van die vyand op jou lewe te breek.

Dan volg Sy finale opstopper: Jesus het ook opgestaan sodat God die geregtigheid van Jesus ook vir jou te skenk en jou daarmee aangetrek het.

Mediteer hieroor en laat hierdie goeie nuus 'n bietjie insink.

[Verlossing en geregtigheid is twee geskenke wat God ons in Christus gee](#)

Die Bybel gebruik verskillende woorde of begrippe om verskillende kante en aspekte te beskryf van wat God aan elke gelowige skenk wat Jesus Christus aangeneem het in geloof as Verlosser en Here.

Twee van hierdie woorde is "verlossing" en "geregtigheid".

Die woord "verlossing" kan ons ook vertaal met redding, bevryding, vrymaking, delging. Dit het alles te make met hierdie Ou Testamentiese prentjie van die lam wat met sy lewe en bloed betaal het vir die sonde van mense. Deur Sy lewe en bloed te gee, word die straf

betaal wat op daardie mense gerus het as gevolg van hulle sonde en rebellie teen God. Voor dit gebeur het, was jy voorheen as gevolg van jou sonde en eie keuses onder die heerskappy van die heerser van die duisternis. Jy was in der waarheid sy slaaf, al het jy gedink jy volg jou eie kop en doen wat jy wil doen.

Jesus het daarom Sy bloed en lewe gegee om jou so vry te koop en te verlos uit hierdie slawerny. Vir die eerste keer was jy werklik vry om nee te sê vir sonde en vir die bose in jou lewe.

Dan gaan die Bybel verder en verkondig ook aan jou dat God ook jou “regverdig het” omdat Jesus opgestaan het.

Hy het die “geregtigheid van Jesus” ook aan jou geskenk omdat jy glo en omdat jy saamstem met wat die Bybel oor Jesus en oor Sy opstanding sê.

Kom ek probeer ’n bietjie om hierdie “geregtigheid” wat ons nou in Christus Jesus het op ’n ander manier te beskryf.

Baie mense dink hierdie “geregtigheid” is net ’n posisie wat ons nou in Jesus voor God die Vader kan inneem. Natuurlik is daar ’n aspek van geregtigheid wat presies dit is, maar hierdie geregtigheid hou meer in as net dit. Hierdie geregtigheid wat God nou aan ons skenk, maak dat God heeltemal anders na ons kyk as voorheen, as voor ons tot bekering en voor ons tot geloof gekom het.

Voorheen was ons soos die eerste Adam en Eva wat van die boom van goed en kwaad geëet het en so in opstand teen God as die Koning gekom het.

Nou dat God ons verlos het en geregverdig het in Christus Jesus, is ons nie meer “ou Adam” of “ou Eva” nie. Dit is vir God asof ons dit nooit voorheen was nie. Asof ons nooit van daardie boom geëet en in opstand teen Hom was nie.

Die rede hiervoor is omdat Hy ons “beklee het” met die geregtigheid van Christus Jesus. Daarom lyk ons nou in Sy oë soos Christus Jesus. Hy kyk dus na ons net soos Hy na Sy Seun kyk, as Sy kinders.

Daarom het ons nou dieselfde reg en vrymoedigheid om voor die Vader te verskyn, soos wat Jesus gehad het.

O, as ons net hierdie stukkie van die goeie nuus kan onthou!

Geregverdig in Christus Jesus

Die Evangelieboodskap is dat God ons wat in Jesus glo, “geregverdig het” in Christus Jesus, maar dit is nie hoe die meeste van ons oor onself dink nie. Ons is so bewus, die hele tyd, van alles wat ons voorheen gedoen het.

Wat ons nie beseef nie, is dat as ons heeltyd die ou Adam of die ou Eva met al daardie gemors in hulle kas sien as ons na onself kyk of oor onself dink, dan is ons eintlik besig om met die goeie nuus van die Evangelie te stry en te maak asof dit nie waar is nie.

God sê immers vir ons dat as ons tot bekering gekom het en met berou in geloof na Hom toe gekom het en op grond van Jesus se dood vir en namens ons, Hom gevra het om ons ons sondige verlede te vergewe en ons skoon te was, het Hy nie net ons vergewe en skoon gemaak nie. Hy het ons verlede uitgewis, asof dit nooit bestaan het nie.

Verstaan jy presies wat dit beteken? Dit beteken dat God die Vader nooit ooit weer daaraan gaan dink nie, want vir Hom bestaan dit nie meer nie en is dit asof dit nooit gebeur het nie.

Dit is maar net ons wat te veel aandag gee aan ons gevoelens hieroor. Ons voel heeltyd ons is nie werklik volkome vergewe daarvoor nie.

As ons wil wag tot ons eendag gaan voel ons is vergewe, gaan ons nooit werklik vergewe voel nie.

Hoekom dan? Want die een wat tot nou toe juis jou gevoelens gebruik het as een van sy belangrikste maniere om jou te manipuleer en te belieg, gaan jou die heeltyd herinner aan jou verlede sodat jy heeltyd sal voel soos hierdie te sondige mens wat nie God se genade verdien nie, en wat net nooit goed genoeg sal wees om deur Hom gebruik of geseën te word nie.

Daarom wil ek jou in alle erns vra: Het dit nie tyd geword dat jy die volle waarheid wat God in Sy Woord vir jou hieroor in die Evangelie sê, begin glo nie?

Om verlos te wees in Christus, beteken dat God jou herskep en terugbring het om presies in te pas in Sy oorspronklike plan vir jou lewe. Boonop het Hy Sy geregtigheid aan jou geskenk sodat dit werklik is asof jy, in Sy oë, nooit van die boom geëet het nie.

God is nou weer werklik my Koning en ek is, soos Hy oorspronklik bedoel het die eerste Adam en Eva moes wees, Sy verteenwoordiger van Sy Koninkryk hier op aarde.

Daaglikse bekering is noodsaaklik

Waarom het Jesus Sy boodskap en lering oor die Koninkryk van God, van die Hemel, wat nou hier op aarde is, begin met die woorde: Bekeer julle?

“Bekeer julle”, beteken immers: Laat toe dat God deur die waarheid van Sy Woord uit die hemel aan julle, letterlik vir julle ’n ander bril opsit sodat julle met Sy oë na dinge kan kyk.

Ons het so gewoon geraak aan die gebrokenheid van alles, aan die feit dat daar altyd te min is, dat alles en almal siek word en doodgaan, dat dit so donker rondom ons is, dat ons dink dat dit nooit kan verander of anders wees nie.

As God dan na ons kom met hierdie wonderlike boodskap dat met die koms van Jesus Christus het iets van die werklikheid van hoe dit in die hemel is, ook hier tussen ons op aarde 'n werklikheid geword, wil alles in ons skreeu: Maar dit kan nie waar wees nie!

Om dus hierdie boodskap en goeie nuus te begin glo, is hierdie aanvanklike, eerste bekering en omdraai van ons ou manier van dink en lewe, eers nodig. Ook daarna, na ons aanvanklike eerste bekering, om steeds elke dag, midde al die duisternis en gebrokenheid rondom ons steeds hierdie boodskap te glo, vra 'n daaglikse bekering. Ja, dit vra dat ons 'n daaglikse keuse maak om deur hierdie goeie nuus oor die Koninkryk wat in Jesus hierheen gekom het, oortuig te word en elke dag te kies om dit te glo en op grond daarvan te handel.

Daarom is dit vir my so aangrypend dat die Bybel praat van hierdie goeie nuus oor die Koninkryk wat hier is en hoe dit moontlik kan wees, praat as 'n "geheim" wat God aan ons kom vertel het. Kol. 1:27 sê dat die hart van hierdie "geheim" die volgende is: Die Koning van hierdie nuwe Koninkryk, Jesus Christus, het in elkeen van ons wat hierdie goeie nuus van die Evangelie begin glo het, kom woon. Sy presiese woorde daar in Kol. 1:27 is: "Christus in ons, die Hoop op die heerlijkheid van God."

Sien, die Koninkryk van God, van die hemel, kan nie nader aan ons kom of meer 'n werklikheid vir ons wees as juis dit nie, want die Koning self woon nou in elkeen van ons wat gekies het om die boodskap te glo dat Hy die Koning en Verlosser van al hierdie duisternis om en in ons is.

Hoekom het Jesus aan die begin van Sy prediking gepraat van die Koninkryk wat "naby" is?

Iemand vra my nou die dag 'n goeie vraag toe hy hoor ek sê dat God se Koninkryk "hier" is. Hy vra my toe, maar hoekom het Jesus self in Sy prediking hieroor, daar aan die begin, soos in Mat. 4:17 gepraat van die Koninkryk wat "naby" ons is? Hoe kan ek dan nou kom en sê dat die Koninkryk "hier" is?

Soos ek gesê het, wat 'n goeie vraag!

Dink 'n bietjie daaroor na.

Dink daaraan dat Jesus gepraat het van die Koninkryk wat "naby is" aan die begin van Sy sowat drie jaarlange bediening en voordat Hy gekruisig is en opgestaan het uit die dood.

Dink dan ook daaroor dat God se Gees in die res van die Nuwe Testament aan ons sou openbaar dat Jesus eers werklik moes opstaan uit die dood as bewys dat Hy werklik was wie Hy gesê het Hy is, naamlik die nuwe en ewige Koning, uit die stam van Dawid, wat moes gaan sit aan die regterhand van die Vader, vanwaar Hy die aarde sou regeer.

Daarom sê Paulus daar in 1 Kor. 15:24 e.v. die volgende van hoe God die Vader besig is om "elke mag, elke gesag en krag" te vernietig en al die vyande van Jesus, as die Koning, aan Hom wat Jesus is, te onderwerp. Die laaste vyand wat vernietig gaan word, is die dood.

Tot dan regeer Jesus as die Koning van die aarde.

Eers daarna, wanneer die Vader klaar is met Sy werk, gaan Jesus self “die koningskap aan God die Vader” oordra.

Soos 1 Kor. 15:28 sê: “Wanneer alles dan aan die Seun onderwerp is, sal Hy Hom ook self onderwerp aan die Vader wat alles aan Hom onderwerp het. So sal God alles wees vir alles.”

Tot dan is Jesus die Christus, die Koning van hierdie Koninkryk. Tot dan, is dit Hy wat heers en wat deur Sy Gees Sy volgelinge lei deur Sy stem.

Tot dan herinner Sy Gees in ons, ons aan wat Jesus, die nuwe Koning van die aarde, aan ons gesê en geleer het. Tot dan is die Gees van Jesus, die Heilige Gees, self God, ons nuwe Wetgewer, wat vir ons sê en herinner aan wat die wil is van die Koning, Jesus.

Hoe kan ons van die Koninkryk van God praat as ons nie mooi verstaan wie Jesus, die Koning, werklik was en is nie?

In die Rapport en die Huisgenoot word daar die afgelope tyd baie gepraat oor die leringe van die bediening wat bekend staan as Christ In Me International, wat hier in Suid-Afrika, baie invloedryke mense trek.

Iemand het juis gevra wat my verhouding met hulle is, want hulle beklemtoon juis dan ook die boodskap oor die koms van die Koninkryk van God hier op aarde.

Laat ek dadelik sê: Ek is oortuig daarvan dat ons hier met ’n onbybelse splintergroep te make het en veral om die een rede: Dit wat hulle glo en leer oor Jesus, die Koning van die Koninkryk van God hier op aarde, is totaal onbybels en nie die volle waarheid nie.

Luister jy na Xandré Strydom, die erkende leier van die groep, en wat hy leer oor Jesus, hoor jy hoe hy verklaar dat Jesus Seun van God is en was, soos wat ek en jy, wanneer ons Jesus aangeneem het in geloof, en volwasse geword het in ons denke en verstaan oor die waarheid oor die Koninkryk, ook seuns van God genoem word en is.

Hy glo verder dat Jesus nêrens in die Bybel God genoem word nie. Volgens hom word nêrens in die Bybel gepraat van Jesus as “God, die Seun”, nie. Daarom glo hulle ook nie in God Drie-enig nie, want ook die Heilige Gees is, volgens hulle, nie God nie. Net God die Vader alleen is God.

Hoef ek in hierdie geselskap enigsins hieroor verder uit te wy? Is daar by enigiemand in hierdie geselskap enige twyfel daaroor dat Jesus, die Koning van die Koninkryk, self God is en was, wat Mens geword het om tussen ons te kom woon? Wat gesterf het en opgestaan het uit die dood, om daarmee te bevestig dat Hy werklik die nuwe Koning van die aarde is? Wat opgevaar het na die hemel om vandaar as God, die Seun, hier te regeer.

Hoef ek hier gedeeltes aan te haal soos Johannes 1 en waar iemand soos Thomas, Jesus as “My Here en my God” aangespreek het? Hoef ek hier te wys daarop dat die Jode juis dit wat Jesus gesê het oor Homself, beskou het as Godslasterlik omdat hulle duidelik gehoor het uit Sy spreke hoe Hy van Homself as God gepraat het en met God gelykgestel het?

Oor die Heilige Gees as God self, hoef ek hopelik nie hier te praat nie. As jy twyfel daaroor, kan jy gerus maar self ’n bietjie van my skrywes oor die Heilige Gees en Sy werk gaan lees.

Oor die feit dat die God wat ons leer ken in die Bybel, Homself vir ons daarin openbaar as een God wat Vader, Seun en Gees is, hoef ek seker nie te veel uit te wy hier nie.

Net so tussen hakies: Ek dink nie daar is iemand wat die Skrif regtig ken, wat nie weet dat die begrip “God Drie-enig” bloot ’n teologiese belydenis en term is en dus nie as term in die Bybel voorkom nie. Dit is bloot ’n term wat die Kerk oor die eeue gekies het om te gebruik om die Skrifwaarheid te bely wat ons in die Skrif ontdek het as ons luister na die hele boodskap van die Bybel oor hoe God Homself aan ons openbaar as Een God, wat Vader, Seun en Gees is.

So het Jesus, die nuwe Koning van die aarde, ons ook geleer om nuwe bekeerlinge te doop “in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees”. (Mat. 28:19)

So het die gelowiges in die gemeentes daar in die begin, mekaar dan ook geseën en toegebied soos 2 Kor. 13:13 ons leer met die woorde: “Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees.”

[’n Bietjie meer oor Jesus, die Koning van die Koninkryk](#)

’n Baie relevante vraag aan hierdie groep leraars van CIM Internasionaal sou wees: Maar wie is nou eintlik die koning van die koninkryk wat julle propageer?

Want dit klink vir my julle dink dit is “julle”.

Terwyl die ware Koning waaroor dit in die Koninkryk wat Jesus en die Bybel aan ons leer, Jesus Christus is.

Ek glo dat wat ons oor Jesus glo, bepaal of wat ons vir mense leer die waarheid of leuens is.

In Johannes 8 sê Jesus self dat wat ons oor Hom glo, bepaal of ons “gered is” of verlore sal gaan.

Kom ons luister ’n bietjie wat Jesus oor Homself in hierdie gedeelte in Joh. 8 gesê het, wat gemaak het dat die Jode van ouds Hom wou stenig, want hulle het uit wat Hy oor Homself gesê het, gehoor hoe Hy Homself God noem en dit verdien die doodstraf onder die Tora-wetgewing.

Kom ek haal dan vir julle aan van wat Jesus oor Homself gesê het hier:

Konteks: Joh. 8:24-59

Maar spesifiek die volgende verse:

Vers 24, 31, 32, 42, 54, 58.

Vers 24 – Daarom het Ek vir julle gesê julle sal in julle sondes sterwe, want as julle nie glo dat Ek is wat Ek is nie, sal julle in julle sondes sterwe.

Vers 31-32 – Toe sê Jesus vir die Jode wat in Hom glo: "As julle aan my woorde getrou bly, is julle waarlik my dissipels; en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak."

Vers 42 – Maar Jesus sê vir hulle: "As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het van God af gekom, en hier is Ek nou. Ek het immers ook nie uit my eie gekom nie, maar Hy het My gestuur.

Vers 54 – 58 – Maar Jesus antwoord: "As Ek Myself verheerlik, beteken my heerlikheid niks. Dit is my Vader wat My verheerlik. Julle sê: 'Hy is ons God,' en tog ken julle Hom nie. Maar Ek ken Hom. As Ek sê Ek ken Hom nie, sal Ek net soos julle 'n leuenaar wees. Maar Ek ken Hom, en Ek neem sy woorde ter harte.

Abraham, julle voorvader, het hom daarvoor verheug dat hy die dag van my koms sou sien, en hy het dit gesien en was bly."

Die Jode sê toe vir Hom: "Jy is nog nie eens vyftig jaar oud nie, en het jy vir Abraham gesien?"

Jesus het hulle geantwoord: "Dit verseker Ek julle: Voordat Abraham gebore is, was Ek al wat Ek is."

Dit is jammer dat Xandré en sy leierskap nie die voordele kan insien van 'n bietjie teologiese navorsing nie, want anders sou hulle dalk nie vasgeval het in die leuen-slaggate waarin hulle vasgeval het nie.

Hulle kan maar net Prof Jannie Louw, die wêreldbekende Nuwe Testamentikus se boekie oor DIE JEHOVAH-GETUIES EN DIE BYBEL (1972) gaan lees het, om te ontdek dat wat hulle oor Jesus te sê het (en selfs 'n paar ander dinge), al die ou leuens en dwalinge is wat die Jehovah-getuiies (of Sewendaagse Adventiste) sedert C T Russell se dae van 1870 af, en later deur J F Rutherford en N H Knorr gepropageer is.

Daarom voel 'n mens amper so 'n moedeloosheid oor jouself kom oor die feit dat hierdie goedbedoelende jongmanne, in hulle ywer om die waarhede oor die Evangelie oor die Koninkryk van God nuut te sê, nie die Skrifwaarhede goed genoeg gelees en geken het om dit te onderskei van die eeu-oue leuens van die vyand nie.

[Sy Gees woon nou in ons](#)

Hoe weet ons dat die Koning van die Koninkryk nou self in ons woon?

Jesus, die Koning, het dit self aan ons belowe, onthou jy!

Daar in Joh. 14 deel Jesus immers met ons hierdie merkwaardige waarheid, naamlik dat ons wat in Hom glo, net soos Hy, dieselfde dinge en nog groter dinge as wat Hy hier op aarde gedoen het, gaan doen. Met ander woorde, ons gaan, net soos Hy, iets van die werklikheid van hoe dit in die hemel is, midde al die duisternis en gebrokenheid hier op aarde aan mense en dinge rondom ons bedien.

Hoe gaan dit moontlik wees? Jesus antwoord hierdie vraag in daardie selfde hoofstuk in Joh. 14. Hy sê dit gaan moontlik word omdat Hy aan ons die Heilige Gees, die Gees van die Vader en die Seun, gaan stuur om in ons te kom woon. Maar meer nog, omdat die Heilige Gees dan in ons kom woon, kom woon Hy wat Jesus is, self in ons. Wat dus beteken dat die Koning van die Koninkryk self in ons lywe kom woon.

Dit is dus wat op Pinksterdag, 31 Mei 32 n.C. gebeur en moontlik geword het. Jesus Christus, die Verlosser en nuwe Koning op aarde, het self in elkeen van ons wat gelowige volgelinge van Hom geword het, kom woon.

Daarom kan iets van die Koninkryk in ons eie lewe en rondom ons begin gebeur. Daarom kan ons dieselfde dinge en nog groter dinge doen as wat Jesus gedoen het. Daarom kan God, deur die werking van Sy Gees in en deur ons, mense wat siek is, genees. Of mense wat dood is, laat opstaan. Of mense wat gevangenes was van die heerser van die duisternis, bevry. Of mense wat te min het, se nood en tekort bedien uit Sy oorfloed.

Daarom kan ons tuinslange word waardeur stroompies van die werklikheid soos wat dit in die hemel reeds is, ook hier op aarde, midde al hierdie duisternis, deur ons begin stroom.

Daarom noem die Bybel ons “Liggaam van Jesus”, want Jesus, die Verlosser en Koning, woon in elkeen van ons en wil deur ons doen wat Hy as die Koning wil doen.

Hy wag letterlik net vir ons om dit regtig te begin glo.

Ek weet nie van jou nie, maar ek het gekies om ja te sê en oop te wees daarvoor en om ten volle oortuig te word deur wat God hieroor in Sy Woord vir my sê. Ek het gekies om daardie woord in 2 Kor. 1:19 en 20 te glo waar daar staan dat Jesus God die Vader se “ja” is op al Sy beloftes.

Ek het gekies om “ja” en “amen” te sê en te sê: Ja, Here, ek glo ten volle wat U vir ons in en deur Jesus se kruis en opstanding “ja” kom sê het. Ek het gekies om te glo dat Jesus God se laaste en finale antwoord is op al die gebrokenheid en chaos na die sondeval. Hy het gekom om alles met God te versoen en om alles te kom herstel. Na Hom gaan daar geen ander antwoord of oplossing wees nie, want niks is meer nodig nie.

Watter kragtige boodskap!

[As die Koninkryk in my eie lewe begin deurbreek](#)

Laas het ons mekaar herinner dat die oomblik wanneer ons kies om te glo wat God vir ons in Sy Evangelie en Woord oor Jesus sê, gebeur daar hierdie merkwaardige gebeure in ons lewe.

Die Bybel beskryf dit met verskillende terme: wedergeboorte vind plaas; ons word kinders van God; ons word lewendig; ons gees word lewendig; Jesus kom woon self in ons; die Heilige Gees kom woon self in ons; verlossing vind plaas in ons; Jesus word die Koning in ons lewe; ens.

Kom ons dink net vir 'n paar oomblikke oor die feit dat God self, Jesus self, in ons kom woon deur die Heilige Gees wat in ons woon.

Jesus het daar in Joh. 14 gesê dat die Heilige Gees in ons as gelowiges kom woon om ons gedurig te herinner aan alles wat Jesus vir ons gesê en geleer het. Met ander woorde, dit is die Heilige Gees wat ons aanmekeer ook herinner aan hierdie boodskap dat met Jesus wat self in ons woon, die nuwe Koning van die Koninkryk wat hier op aarde nou aangebreek het, hierdie Koninkryk ook in ons lewe aangebreek het.

God het so ons gees totaal nuut en lewend gemaak. Soveel so dat die Heilige Gees daar in 2 Kor. 5:17 vir ons sê dat ons deel geword het van 'n nuwe skepping waarmee God hier op aarde besig is.

Nou moet iets van die Koninkryk van die hemel ook in die res van ons begin deurbreek.

Die mens is immers gees, met 'n siel, wat woon in hierdie fisiese liggaam. As ons gees dan totaal nuut gemaak is, wil God se Gees nou verder ons gedagtes begin vernuwe (Rom. 12:2), om so ook ons gevoelens en emosies te begin verander en ons mettertyd te help om gesonde en regte keuses te maak wat dan stelselmatig gewoontes en 'n nuwe lewenswyse word.

Die Bybel noem dit "heiligmaking" (soos daar in Heb. 12:14), of dat God ons gedagtes vernuwe (soos daar in Rom. 12:2).

In 2 Kor. 10:4-5 word dit so beskryf: "Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasies en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak."

God se Gees bedien ons met die waarheid van die Woord, wat niks anders nie is as dit wat Jesus as die Koning vir ons sê en leer. So maak Hy ons bewus van al die leuens wat ons oor die jare begin glo het midde al die duisternis en gebrokenheid rondom en in ons. Hy oortuig ons stelselmatig om hierdie waarheid van die Woord eerder te begin glo as al die nonsens wat ons oor die jare gekies het om te glo. So verander Hy ons manier van dink en kyk na dinge.

Dit is letterlik 'n kwessie van een ding op 'n slag, vertel die neurologie ons. Soos wat Hy ons help fokus en ons aanmoedig om aanhoudend aandag te begin gee aan 'n sekere ding in ons lewe, voer Hy ons ook in die proses met nuwe inligting daaroor. Soos wat ons dan hierdie nuwe waarhede begin glo, begin verandering plaasvind en leer ons om anders te dink

daaroor. Hierdie nuwe gedagtes word mettertyd deel van ons manier van dink en plant hulleself diep in ons brein en onderbewussyn.

So help God se Gees ons om met elke stukkie ongehoorsaamheid in ons lewe te begin handel en klaar te kry met daardie nonsens in ons lewe.

So breek nog 'n stukkie van die hemel hier in ons deur.

Om die menslik-gesproke ongelooflike en onmoontlike te begin sien gebeur

Kom ek vat jou terug na die gebeure waarvan ons lees daar in Mat. 11.

Onthou jy vir Johannes die Doper? Hy was die neef van Jesus, 6 maande ouer as Jesus, wat God geroep het om die een te wees wat die vinger moes wees wat Jesus van Nasaret moes identifiseer as die "Lam van God" wat na hierdie wêreld gestuur is om ons sonde op Hom te neem. Jesus was die lang beloofde Messias wat die Vader deur die eeue deur die profete van gepraat en oor laat profeteer het.

Johannes was dan ook die een wat Jesus moes doop daar in die Jordaanrivier, onthou jy, waarvan ons lees in bv. Luk. 3.

Hier in Mat. 11 lees ons egter, sit hierdie Johannes in die tronk en begin twyfel of Jesus werklik die Een is en of hy reg gehoor het wat die Vader oor Jesus sê. Daarom stuur hy dan sy dissipels na Jesus toe om hiervan seker te maak.

Dan sê Jesus vir Johannes se dissipels in Vers 4 -6 "Gaan vertel vir Johannes wat julle hoor en sien: Blindes sien, lammes loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek, en aan armes word die evangelie verkondig.

En gelukkig is elkeen wat nie aan My begin twyfel nie."

Is dit nie merkwaardig dat Jesus nie al die profesieë wat daar oor Hom en oor Sy geboorte is, gebruik om Johannes te antwoord nie?

Nee, Hy gebruik eerder as bewys dat Hy is wie Hy sê Hy is, naamlik die Koning hier op aarde, al die dinge wat aan die gebeur is rondom Hom: "Blindes sien, lammes loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek, en aan armes word die evangelie verkondig."

Is jou lewe vol goeie nuus en bewyse van die goeie nuus van die Evangelie?

Kan ek jou vra: Is jou lewe vol goeie nuus, vol bewyse van hierdie goeie nuus dat die Koninkryk van die hemel ook in en rondom jou aan die gebeur is en realiseer?

Ek het weer so oortuig daarvan geraak dat ons lewens van die beste bewyse moet wees van die goeie nuus van die Evangelie. Ek is oortuig dat iets van die Koninkryk in en rondom ons moet gebeur. Ons lewens moet meer en meer iets weerspieël en illustreer van die realiteit dat die Koninkryk van die hemel in Jesus se Naam en deur die krag van die Gees, ook daar in my en jou lewe en rondom ons aan die gebeur is.

Dit is die soort goed wat mense gelukkig maak, wat mense se lewens in 'n oomblik radikaal kan verander. Dit is die dinge wat my en jou opgewonde moet maak en maak dat ons nie kan stil bly nie, want God is besig om merkwaardige dinge in ons lewens te doen.

Dit moet juis hierdie heerlike goeie nuus van die Koninkryk wees wat ook in ons lewens aangebreek het en wat elke dag op een of ander manier ons lewens so te verryk en opwindend maak dat ons nie daarvoor kan stilbly nie.

Dit beteken nie dat alles altyd rooskleurig en maklik gaan wees in ons lewens nie. Nee, die gewone aanvalle van die vyand en die uitdagings van die lewe en die bediening gaan altyd realiteite in ons lewens wees en bly.

Tog is ons besig om te leer om midde dit alles te regeer. Ons is besig om te leer wat beteken dit om met die outoriteit wat ons in Christus Jesus het, in diens van die Koninkryk van God wat hier op aarde en in ons lewens elke dag meer en meer moet kom, te doen wat ons moet doen en te sê wat ons moet sê.

Miskien sit jy tans vas in 'n hele klomp uitdagings en spanning, finansiële druk, skuld, gesondheidsprobleme, depressie. Miskien worstel jy selfs al weke, maande en selfs jare reeds hiermee.

Daarom wil ek jou weer herinner aan hierdie Goeie nuus oor God se Koninkryk, die Koninkryk van die hemel, wat in Jesus hier op die aarde begin kom het. Dat Sy opdrag aan ons ook is om net soos Hy, ook vir onself, vir mekaar en vir ander mense te sê: Bekeer julle, want die Koninkryk van God is hier.

Dan daag Hy ons ook uit om die heerlike realiteite van hierdie Koninkryk hier, midde al hierdie donker, te begin bedien. Hy herinner ons aan die outoriteit wat ons in Sy Naam het en om mooi te luister na wat Hy as die Koning wil hê moet gebeur en wat ons spesifiek moet sê en moet doen in diens van daardie Koninkryk, as verteenwoordigers van daardie Koninkrykswerklikheid, daar waar Hy vir jou 'n platform gegee het.

As alles stukkend is

Hoeveel keer sit ons in 'n tyd in ons lewens waarin daar soveel dinge in ons lewens stukkend is en daar net te min is. Dalk is ons motor gebreek, of dinge op die plaas of in die besigheid is gebreek of te min. Miskien is daar dalk van jou verhoudinge met ander mense wat stukkend is en soveel pyn en seer in jou lewe veroorsaak.

Kom ek vertel vir jou een so 'n storie uit ons persoonlike lewe toe ons iets hiervan ervaar het.

Dit was so 4 jaar gelede wat dit regtig swaar met ons gegaan het. Ons het eenvoudig net te min gehad. Om ander mense en ander bedieninge te help wat soveel minder as ons gehad het, het ons in 'n poging om vir hulle te gee wat hulle nodig het, het ons dieper en dieper in die skuld in beweeg.

Ek onthou hoe ek uitgeroep het na God en Hom herinner het aan Sy Woord dat Hy vir ons belowe het dat Hy nooit sou toelaat dat ons ooit rondom finansies in die verleentheid sou beland nie. Hy sou vir ons sorg. Ek het vir Hom gesê dat as ek een van my rekeninge se limiet sou oortree en meer uittrek as wat ek mag volgens my reëling met die bank, sou ek in verleentheid beland by die bank. Daarom het ek Hom vertrou vir 'n deurbraak in ons lewens.

'n Paar dae na hierdie gebed van my, bel 'n boer wat ek jare laas enige kontak mee gehad het daar uit die Vrystaat my en vra my 'n "snaakse vraag". Hy sê die Here het hom aangesê om ons te vra hoe gaan dit met ons finansies en hoe gaan dit met my kar.

Ek wou eers nie antwoord nie, want dit is nie die soort dinge wat ek met enige ander mens sommer bespreek nie. Dit was dinge wat ek net met God bespreek. Hy het egter aangedring en ek het ook beleef dat die Here sê dit is Hy wat die boer die opdrag gegee het en dat ek aan hom 'n eerlike antwoord verskuldig was.

Ek het daarom kortliks vir die boer ge-e-pos dat ons so R40 000 oortrokke was in my twee bankrekeninge gesamentlik en dat ek nog so drie jaar moes afbetaal aan my motor.

Waarop hy toe terugantwoord dat ek vir hom die aflosbedrag op die motor in die hande moet kry en dat hy solank 'n R100 000 in ons rekening inbetaal. Die aflosbedrag op die motor was toe R122 000, wat hy later daardie selfde dag geheel laat aflos het. Met ander woorde, binne 'n paar uur het meer as R222 000 deur ons rekeninge gehardloop toe God iets van die realiteit van die Koninkryk van God aan ons bedien het.

Kan jy dink wat ons ervaar het? Kan jy dink hoe opgewonde was ons? Ons het gehuil en gelag, want hierdie liefdesgebaar het ons lewe in 'n oomblik verander. Dit was soos 'n lig wat aangeskakel is in 'n baie donker tyd in ons lewens.

Verstaan mooi, dit gaan nie in die eerste plek oor al die geld nie, of oor al die skuld wat betaal is nie. Dit het oor baie meer as dit vir ons gegaan. Ons het opnuut ontdek waarom ons hier op aarde is. Ons het opnuut ontdek dat dit nie net gaan om genoeg te hê elke dag nie. Natuurlik is dit wonderlik om genoeg te hê en om te weet dat al jou skuld betaal is. Dit het ons egter vrygemaak om weer te fokus op die dinge waarom ons hier is en ons in Jesus se bediening was. Met al daardie finansiële druk wat skielik weg was, het ons weer energie gehad om te fokus op ons unieke boodskap aan die mense na wie God ons gestuur het.

Verder het dit ook aan ons hierdie wonderlike storie oor God se goedheid en getrouheid gegee om te vertel aan mense. Ons kan vir mense iets vertel van 'n stukkie van die Koninkryk van God wat ook so in ons eie lewe deurbreek het toe ons na God uitgeroep het in gebed in Jesus se Naam.

Is daar iets in jou lewe wat tans stukkend is of waar daar "te min" of tekort is? Gaan sit by die Here se voete en bid: Ons Vader wat in die hemel is, laat U Naam geheilig word, laat U Koninkryk kom, laat U wil geskied, soos in die hemel, ook hier op aarde in my lewe!

2 Pet. 1:3

“Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur sy heerlikheid en mag.”

Het jy gelees wat hier staan?

Ek weet jy is ’n gelowige en is lief vir God en Sy Woord. Tog wil ek waag om te sê dat 90-95% van julle wat hierdie vers nou lees, se brein nie mooi snap en wil glo wat hier staan nie. Daarom wil ek jou help om te snap en te glo wat hier staan.

Kom ons begin deur hardop te bely: As God iets belowe, staan dit vas en sal dit gebeur. Ek kies om dit te glo dat dit ook vir my lewe waar is.

Kom ons maak ook ’n keuse om dit van hierdie oomblik af te glo.

Ek gee nie om wat tans die realiteite in jou lewe is nie. Ek gee nie om hoeveel keer in die verlede jy gehoop en gebid het dat dinge moet verander en dit nie verander het nie. Ek gee nie om hoeveel mislukkings jy in die lewe gehad het nie. Ek wil hê jy moet in geloof ’n keuse maak om hierdie woord van God te glo. Dat dit ook vir jou is.

Maak ’n geloofskeuse dat jy alles gaan beleef en gaan hê wat God vir jou in Sy Woord sê. Al weet jy nog nie hoe om dit in die hande te kry of te laat gebeur nie.

Maak net eers die geloofsbesluit en dan kan ons oor die manier hoe om dit te laat gebeur en dit te kry, gesels.

Sê vir jouself: Op grond van God se Woord en beloftes aan my, gaan ek dit hê. Gaan ek dit belewe en ervaar in my lewe.

Die Bybel sê: Sy Goddelike krag het aan jou ALLES gegee... om te lewe en om Hom te dien.

Dit beteken in gewone Afrikaanse dat Hy aan ons alles gegee het wat nodig is om hierdie lewe te lewe en om in hierdie lewe hier op aarde te lewe soos Hy dit bedoel het.

Dit beteken dat jy gesond sal wees en vrede en lewensvervulling sal beleef. Dit beteken dat jou huwelik en familie sal wees soos God dit bedoel het. Dit beteken dat jou besigheid, of daar by die werk, dinge sal wees soos God dit bedoel het om te wees. Dat dinge in jou finansies sal wees hoe dit moet wees.

Dit beteken dat jy genoeg geld sal hê om die kos te koop en om te betaal vir wat julle nodig het.

Dit beteken dat daar voorsiening sal wees om al jou behoeftes te bedien. Dit beteken ook dat jou lewe sin en betekenis sal hê en dat jy dit ook elke dag so sal ervaar. Dat dit nie leeg en net na ’n gejaag na wind sal voel nie.

Dit beteken dat jy vrede en ’n rustigheid en ’n lewensvreugde hier binne sal beleef.

Hy het aan jou ALLES geskenk wat jy nodig het in die lewe om die lewe te beleef en te lewe wat Hy bedoel het vir jou om te lewe.

Hoe gebeur dit? Lees wat hier staan.

“Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur sy heerlijkheid en mag.”

Met ander woorde, soos ons God beter en beter leer ken en meer en meer verstaan van Sy plan en hart vir ons lewe en meer en meer op ’n intieme vlak Sy liefde beleef en Hom liefhet en leer vertrou, beleef ons meer en meer Sy heerlijkheid, goedheid, mag, krag en genade.

Ons gaan God beter leer ken en meer ontdek wie Hy werklik is. Ons gaan ontdek hoe onbeskryflik wonderlik, goed en liefdevol Hy werklik is.

Ons gaan ontdek dat dit Sy wil is om vir ons en ander in Jesus, deur die werking van Sy Gees, die dinge te doen en te laat gebeur sodat ons meer en meer van die Koninkryk van die hemel, ook hier in ons en ander se lewens sal sien en beleef.

Ons gaan meer en meer beleef en ervaar presies dit wat Jesus vir ons gewys het in en gedurende Sy lewe hier op aarde, wat God se wil vir ons lewe hier op aarde is.

Volgende keer gesels ons in die lig van vers 4 verder hieroor.

2 Pet. 1:4

“Deur dit te doen, het Hy ons die kosbaarste en allergrootste gawes geskenk wat Hy belowe het. Daardeur kan julle die verderf ontvlug wat deur begeerlikheid in die wêreld werksaam is, en deel kry aan die Goddelike natuur.”

Onder die inspirasie van die Heilige Gees is Petrus hier besig om te verduidelik wat gebeur het toe ons Jesus Christus as Verlosser en Here aanvaar het in geloof.

So het ons deel gekry aan al Sy beloftes en gawes wat Hy ons belowe het in Christus Jesus. Deur hierdie beloftes en gawes vas te gryp in geloof het ’n paar goed in ons gebeur:

So het ons uitgebreek uit hierdie tronk waarin die mensdom sedert die sondeval in vasgevang is. Ons het losgebreek uit die kloue en houvas van die bose. So het ons ook deel gekry aan wat ons bedoel is om te wees as beelddraers en as deel van die nuwe generasie Adams en Evas op aarde, wat weer hulle posisie kan inneem as verteenwoordigers van die Koninkryk van die hemel hier op aarde.

Adam en Eva het immers as gevolg van hulle sonde en rebellie hulle posisie en outoriteit hier op aarde verloor. Daarom was hulle ook nie meer in staat om hierdie skepping volledig te versorg en te bestuur soos God dit oorspronklik bedoel het nie. Adam het daarom van daardie oomblik iemand geword wat nou deur die sweet van sy aangesig moet swoeg en sweet om self te probeer om vir hom en sy geliefdes te versorg en vir dag vir dag net probeer oorleef het hier op aarde.

Dit was natuurlik nie God se plan van die begin af nie. Dit is wat gebeur het as gevolg van die keuse wat Adam en Eva self gemaak het.

Nou het Jesus gekom as die Laaste Adam, om weer God se Koninkryk hier op aarde te kom herstel sodat dinge kan wees soos God dit oorspronklik bedoel het en selfs beter as dit.

Dit beteken dan ten minste ook dat daar weer totale versorging en genoeg sal wees van alles.

Dit beteken ook dat ek en jy wat in Hom glo, losgeruk word uit 'n lewe waarin ons net van dag tot dag probeer oorleef het deur die sweet van ons aangesig.

Ons is in Christus Jesus alles geskenk wat nodig is en vasgemaak aan al God se beloftes in die verband, sodat ons weer dinge kan beleef soos God dit bedoel het om te wees.

Waar jy voorheen ook deel was van hierdie mensdom en geslag mense wat net van dag tot dag probeer oorleef het, wat vasgevang sit in vrees en bekommernis dat daar dalk môre nie genoeg sal wees nie, is jy nou deel van 'n nuwe skepping, 'n nuwe geslag mense hier op aarde in wie se lewe dit nie meer so is nie en ook nie so hoef te wees nie. Dinge het verander, want die Koninkryk van God het in jou lewe gekom toe Jesus die Koning in jou lewe geword het. Alles het verander en is steeds besig om alles te verander. Ons is bevry uit hoe dit was voor ons bekering en voor ons ontmoeting met Jesus as die Koning.

Hoe het dit gebeur?

Hy het aan ons alles gegee wat ons nodig het. Daarom hoef ons nie meer die ou dinge na te jaag en na te streef wat ons al die jare voor geswoeg en gesweet het nie. Jy is klaar daarmee. Jy is verlos daarvan.

Ek weet jy wil met my begin stry en sê dat jy dit nie dan nie so beleef in jou lewe nie.

Dan wil ek vir jou terugantwoord en sê: Lyk vir my dit is 'n keuse wat elkeen van ons elke dag van ons lewe moet maak: Wat gaan ons van harte glo?

Gaan ons glo dit wat God vir ons in Sy Woord belowe of gaan ons maar net vrede maak met hoe dinge tans in ons lewe is?

Ek weet wat ek gekies het om te glo. Ek het gekies om te glo dat as God sê en belowe dat ek dit alles reeds het in Christus Jesus, kies ek om te glo dat dit ook waar kan wees in my lewe. Ek glo dat as God sê dit is so, dan staan dit vas, want Hy kan nie lieg nie.

[God se beloftes is soos getekende tjeks wat Hy aan ons gee](#)

Dit is asof God vir jou hierdie dik tjekboek vol reeds geskrewe blaadjies gegee het.

Dit is soos wanneer ek vir jou 'n tjek van R100 gee. As ek dit vir jou gee, gaan jy baie opgewonde daarvoor wees, want vir jou is die tjek soos 'n R100 in kontant.

Was dit egter 'n R100?

Nee, dit was 'n belofte van 'n R100. Dit was 'n belofte dat as jy dit na die bank neem, of gaan wissel, dan gaan jy 'n R100 in kontant terugkry.

As jy my leer ken het as 'n persoon wat betroubaar is en wat doen wat ek belowe het, sal my handtekening onder aan daardie tjek en die bank se belofte op daardie tjek genoeg versekering vir jou gee dat daardie tjek vir jou so goed soos 'n regte R100 in kontant reeds is.

Sou jy my egter nie as betroubaar ag nie, dan was hierdie tjek van 'n R100 nie vir jou iets waardevols en opwindends nie.

Kom ons kom terug na God se beloftes toe. Met ander woorde, God gee ons hierdie beloftes en omdat ons Hom leer ken het as betroubaar en as God wat nie kan lieg nie, is hierdie beloftes vir ons kosbaar en betroubaar.

Deur hierdie beloftes kan jy dan ontsnap uit hierdie lewe waar mense vasgevang sit in sonde, vrees, blote oorlewing, en 'n bestaan van swoeg en sweet soos die eerste Adam. Deur hierdie beloftes kry jy nou deel aan die nuwe lewe en oorfloed waarvoor Jesus gekom het, en wat die Koninkryk van God ook hier op aarde verteenwoordig en beliggaam.

Jy moet egter kies om dit te glo dat jy nou reeds hieraan deel het, dat dit ook vir jou is, of jy kan weier om dit te glo.

Dit kan dus gebeur dat jy, as gevolg van ongeloof, ongehoorsaamheid, sinisme en twyfel, met hierdie stapel klaargetekende tjeks van God in Christus Jesus in jou hande kan sit en niks daarvan beleef nie. Jy kan al hierdie heerlike beloftes van die Evangelie oor die Koninkryk van God wat hier op aarde gekom het, hoor en lees, maar tog weier om een van hierdie tjeks te gaan wissel by die bank.

Geloof is...

Rom. 4:16 – 21: “Daarom is dit uit die geloof, sodat dit volgens genade kan wees en die belofte kan vasstaan vir die hele nageslag; nie alleen vir die wat uit die wet is nie, maar ook vir die wat uit die geloof van Abraham is, die vader van ons almal soos geskrywe is: Ek het jou 'n vader van baie nasies gemaak voor die aangesig van God in wie hy geglo het, wat die dode lewend maak en die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan.

Hy het teen hoop op hoop geglo dat hy vader sou word van baie volke volgens wat gesê was: So sal jou nageslag wees.

En sonder om te verswak in die geloof het hy, al was hy omtrent honderd jaar oud, nie gelet op sy eie liggaam wat alreeds verstorwe was, en op die verstorwe toestand van die moederskoot van Sara nie.

En hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie, maar hy is versterk deur die geloof en het aan God die eer gegee en was ten volle oortuig dat Hy ook die mag het om te doen wat Hy beloof het.”

Sien jy, die beloftes gebeur, word waar, in jou lewe wanneer jy dit vasgryp in geloof. Geloof is om te glo wat God en die Hemele vir jou sê.

Wanneer ek en jy met God saamstem, noem die Bybel dit geloof.

Wanneer ek en jy met God saamstem, met Sy beloftes saamstem, gee dit God die reg hier op aarde om dit wat Hy belowe het, Sy wil, die realiteite wat geld en waar is in die hemel, ook hier op aarde en in jou lewe, waar te maak.

So breek stukkies van die hemel-werklikheid hier op aarde in jou lewe deur.

Abraham het die belofte van God geglo

Wanneer ek en jy met God saamstem, noem die Bybel dit geloof.

Kom ek help jou om dit te verstaan deur terug te gaan na Rom. 4:17 en vir jou 'n vraag te vra: Toe God vir Abraham gesê het dat Hy hom 'n vader van baie nasies sal maak, het Abraham toe al kinders gehad?

Nee, natuurlik het Abraham nog nie 'n kind gehad nie. Tog noem God hom "n vader van baie nasies".

Hoe is dit moontlik dat Abraham dit kan wees? Omdat Abraham reeds die belofte van God gehad het dat hy dit gaan wees. En omdat hy die belofte van God daarvoor gehad het, het hy dit reeds gehad.

Die tjek was deur God self geteken. God het dit belowe en daarom het dit vas gestaan en was dit seker en waar.

As jy my tjek van 'n R100 vat en dit vir 'n maand lank net op jou tafel laat lê, het jy steeds daardie R100 wat die tjek vir jou belowe, al het jy dit nog nie gaan wissel nie. Dit is joune, omdat die handtekening op daardie tjek vir jou belowe dat wat ook al op daardie tjek staan, in werklikheid joune is.

Dit bring ons terug na 2 Pet 1:3,4 waar daar staan dat God reeds aan ons ALLES geskenk het... Bedoelende in Sy beloftes.

Hy het dit aan jou belowe. Jy het die beloftes van God en daarom het jy reeds ook alles wat God daarmee aan jou belowe het. Jy hoef dit nie eers te sien om te weet dit is waar nie. Dit staan vas, want God het dit belowe.

Soos Rom. 4:17 sê: God gee vir ons dinge, wat ons nog nie gesien het nie, in so 'n belofte. Omdat ons God se beloftes glo, het dit klaar waar geword vir ons. Dit moet nog net in hierdie sigbare realiteit rondom ons en in ons lewens realiseer.

Om te glo, is...

Heb. 11:1 sê: Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop; om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.

Daardie tjek en dit wat hy belowe, is die dinge wat ons hoop, al sien ons dit nog nie fisies nie.

Ek kan dus vir mense 'n tjek vir R100 wys en sê: Hier is my R100. Hier is my bewys dat ek 'n R100 reeds het. Ek het dit nog nie gaan wissel nie, maar dit bly steeds my bewys dat ek dit het.

Kom ons gaan 'n bietjie verder.

Hoe word hierdie tjek van R100 werklik 'n fisiese R100 wat ek in my hand kan hê en wat ek kan begin uitgee?

Vir jou en my mag dit 'n baie dom vraag klink, want ons ken die antwoord. Ons weet dit gebeur daar waar ek daardie tjek aanbied aan 'n bank of in 'n besigheid en iemand aanvaar die legitimiteit van die handtekening en van die eienaar om sy belofte te hou, en betaal dan daardie R100 in note aan jou uit in ruil vir daardie tjek.

Kom ons pas dit nou geestelik toe. Sê nou ek het 'n belofte van God self wat Hy aan my bevestig met Woord uit Mat 8:17, hoe kry ek daardie belofte vir genesing omgeruil vir werklike fisiese genesing in daardie spesifieke geval?

Hoe vind hierdie ruil-aksie plaas in die Koninkryk van God?

Kom ek gebruik 'n ander voorbeeld. Daar is baie verse in die Bybel oor die feit dat God belowe om ons te seën. Hoe gebeur dit dan dat ek begin om seën in my besigheid of huwelik te belewe?

In 2 Kor. 1:19 en 20 staan die volgende: "... want Jesus Christus, die Seun van God, wat ons, dit is ek en Silvanus en Timoteus, aan julle verkondig het, is nie "ja" en "nee" tegelyk nie. Hy is die "ja" van God, die "ja" op al die beloftes van God. Daarom is dit ook deur Christus dat ons tot eer van God daarop "Amen" sê."

God het al hierdie beloftes gemaak oor presies wat Sy wil vir ons, vir ons besigheid, vir ons gesin, vir ons huwelik, vir ons geldsake, vir ons land, ens. is.

Hy het presies daardeur vir ons gesê wat Sy wil en Sy plan is vir waar en as Hy die Koning is en as Sy wil daar gebeur.

Dit is wat op al hierdie belofte-tjeks van God staan.

Om Amen te sê op God se beloftes

2 Kor. 1:19 en 20 sê: "... want Jesus Christus, die Seun van God, wat ons, dit is ek en Silvanus en Timoteus, aan julle verkondig het, is nie "ja" en "nee" tegelyk nie. Hy is die "ja" van God, die "ja" op al die beloftes van God. Daarom is dit ook deur Christus dat ons tot eer van God daarop "Amen" sê."

Jesus is as't ware God se handtekening en God se "Ja" aan ons dat hierdie beloftes ook vir ons geld. God het die beloftes gemaak en daardie beloftes is reeds deel van wat begin gebeur het as deel van die evangelieboodskap oor Jesus en die Koninkryk van God wat hier op aarde begin kom het en begin gebeur het in Jesus Christus se koms, lewe, sterwe en opstanding.

Het jy gesien wat daar staan?

Ons moet op 'n punt kom wat onself "Amen" daarop sê. Ek en jy kan dus nou maar ophou om God te smee vir dinge wat Hy reeds belowe het aan jou.

Jesus sê: Hou op om julle te bekommer en om te babbel soos ongelowiges. Hou op om aanhoudend met baie woorde oor en oor te bid en te smee asof julle God wil oortuig om sekere dinge vir julle te doen. Jou God weet reeds wat jy nodig het. Jy hoef Hom nie te smee daarvoor nie.

Dit is ook nie die manier hoe julle dit gaan kry nie.

Dit is ook nie die rede waarom dit nie gebeur in julle lewens nie. Die rede waarom dit nie gebeur nie, is omdat julle nog nie verstaan waaroor ons hier praat nie. Lees weer wat daar in 2 Kor. 1:19 en 20 staan.

Is jy in Christus Jesus? Dan geld elkeen van hierdie beloftes vir jou. In Jesus, in die koms, lewe, sterwe en opstanding van Jesus, het God vir jou reeds gesê: Ja, ja, ja! Al My beloftes geld ook vir jou. Ek het al hierdie beloftes ook aan jou gemaak. Dit is wat Ek vir jou belowe en dit is wat Ek vir jou sê toe Ek Jesus, My Seun, laat mens word het.

Ons het 'n rol en 'n funksie in die waar-word van hierdie beloftes oor wat God se wil is vir ons lewe. Ons het al hierdie beloftes oor hoe dit lyk waar God die Koning is en waar Hy heers en wat dan fisies moet gebeur om dit waar te laat word hier op aarde. Vir dit om nie net meer iets te bly waarop ons hoop en vertrou nie, maar wat dan waar word en deel word in ons fisiese wêreld, sodat ons daarmee kan begin koop en verkoop, dit begin geniet, daaraan kan vat, dit kan sien en ervaar.

Daar is dus 'n punt waar ons betrokke raak in hierdie waar-word van God se beloftes in ons lewens.

Hoe word die onmoontlike moontlik in ons lewe?

Hoe word die "ongelooflike dinge" gelooflik en 'n werklikheid in ons lewe? Hoe word die "onmoontlike" moontlik en werklikhede in ons lewe?

Alleen deur die Koninkryk. Alleen as ons werklik begin glo dat God se Koninkryk en daardie realiteit waarvan hierdie beloftes getuig, reeds ook hier 'n werklikheid is.

Vriende, daar waar ons begin "amen" sê in geloof op die werklikhede wat God belowe, begin ons die werklikhede van daardie Koninkryk hier belewe.

Gal. 4:21-23: "Julle wat so graag aan die wet van Moses onderworpe wil wees, sê vir my: Hoor julle nie wat die wet sê nie?"

Daar staan tog geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een by 'n slavin en een by 'n vrygeborene.

Sy seun by die slavin is volgens die loop van die natuur verwek en gebore, maar sy seun by die vrygeborene kragtens 'n belofte van God."

Sien jy wat hier staan? Abraham het dus hierdie twee seuns gehad. Die een is op die natuurlike, vleeslike manier gebore, toe hy by sy vrou se slavin gaan slaap het, op sy vrou se aanbeveling. Die ander een, wat fisies onmoontlik was, omdat hy reeds so oud was, en veral omdat sy vrou reeds lankal verby die stadium was wat 'n vrou geboorte kon gee en 'n kind kon hê. Dit was nie meer moontlik vir hom om by sy vrou op die natuurlike manier 'n kind te verwek nie.

Miskien is daar ook sulke fisies, menslik-gesproke onmoontlike dinge tans in jou lewe.

Hoe word hierdie dinge moontlik?

Dit kan gebeur as 'n resultaat van 'n belofte van God. As God 'n ding belowe, is in daardie belofte iets opgesluit wat dit moontlik maak vir daardie ding om te gebeur wat niks met jou te make het nie.

God kan die onmoontlike moontlik maak.

Die "onmoontlike en ongelooflike dinge" in jou lewe

Jy mag dalk nie enige van die vermoëns of eienskappe of bronne hê wat nodig is om iets te kan verander aan daardie "onmoontlike" en "ongelooflike" dinge in jou lewe nie.

Jy kan maar self invul wat daardie menslikgesproke "onmoontlike dinge" is. Miskien is dit jou besigheid wat moet begin geld maak, of ten minste vanjaar 'n wins begin toon, of miskien is dit vir jou om gesond te word, of vir 'n bepaalde ding om te slaag.

As dit van jou alleen afhang, gaan dit nooit gebeur nie. Kan dit nooit as te nimmer gebeur nie. Dit is net menslik gesproke onmoontlik om te gebeur.

Jy het miskien oor en oor reeds self probeer, maar niks het tot nou toe gebeur nie.

Dan moet ek vandag vir jou kom sê in die Naam van Jesus, as deel van die Goeie Nuus van die Koninkryk van God wat in Jesus Christus hier op aarde gekom het: Jy dink verkeerd hieroor. Jy laat jou deur verkeerde dinge oorhaal en jy bedink hierdie ding van verkeerde kant af.

Laat toe dat God jou gedagtes vernuwe hieroor.

Om dinge van 'n Hagar en Ismael se kant af te bedink en te probeer doen, werk nie soos God dit bedoel nie. (Gaan lees maar weer wat in Gal. 4:21 en verder hieroor staan).

Dit bring nie werklike seën nie. Dit is om jou eie planne te maak en alles self te probeer maak werk.

Isak is die kind wat gebore is as 'n resultaat van 'n belofte wat God gegee het. Sara is bevrug as gevolg van die belofte wat God gegee het.

iets begin gebeur waar ons 'n belofte van God in geloof vasvat en begin glo, op grond van wie Hy is en op grond van wat Hy gesê het wat nie kan lieg nie.

Iets begin gebeur waar ons daardie belofte in geloof vasvat omdat jy glo dat God dit vir jou gegee het en omdat God vir jou duidelik gemaak het dat Hy dit vir jou bedoel het en vir jou wil gee.

As jy so 'n belofte hier diep binne in jou gees vasgryp in geloof, kan die saad van daardie belofte, heeltemal sonder jou toedoen of sonder jou werke of energie, heeltemal spontaan dit laat gebeur wat God belowe het.

Ons weet glad nie hoe die onmoontlike begin gebeur nie

Weet jy, die wonder is dat ons nie eers hoef te weet presies hoe God dit wat menslik gesproke onmoontlik was, laat gebeur nie.

Sara het geweet dit is onmoontlik vir haar om op haar ouderdom nog kinders te hê. Al wat sy gehad het, was dit wat God gesê het, en selfs dit het sy self nie in die begin geglo nie.

Abraham was die een wat dit van die begin af geglo het, al het hy geweet dat dit fisies onmoontlik was.

Onthou jy nog die gebeure? Hoe Sara, daarom, vir Abraham haar slavin aangebied het en hoe Hagar dan vir hom 'n kind gebaar het.

Dit was eers later, toe God bonatuurlik ingryp, wat Sara self swanger geword het en aan Isak geboorte gegee het.

Kom ons lees wat daar in Gal. 4:24-26 hieroor staan.

“'n Mens moet dit figuurlik verstaan. Die twee vroue staan vir twee verbonde. Die een is by Sinaïberg gesluit en bring slawe voort. Dié verbond is Hagar.

Hagar staan vir Sinaïberg in Arabië, en dit is 'n beeld van die huidige Jerusalem, want Jerusalem en sy kinders is slawe.

Maar die hemelse Jerusalem is vry, en dit is ons moeder.”

Dit is hier baie ingewikkeld geskryf in 'n taal wat mense uit die Jodedom baie beter as ons verstaan het. Al wat hier staan, is dat ek en jy nie wedergebore word en deel kry aan die Koninkryk van God en die beloftes van die Koninkryk van God deur die wette van die Ou Verbond of Tora te gehoorsaam en uit ons eie krag na te jaag nie.

Nee, ons het deel gekry aan die Hemelse Jerusalem, God se Koninkryk, wat ook hier op aarde en in ons lewens gekom het, op grond van die saad van God se belofte wat ons vasgeryp het in geloof en wat in ons lewendig en 'n werklikheid geword het.

Gal. 4:27 – “Daar staan immers geskrywe: ‘Verbly jou, onvrugbare wat nie kinders kon hê nie. Juig van vreugde, jy wat nooit moeder kon word nie, want die kinderlose vrou wat deur haar man verlaat is, sal meer kinders hê as die vrugbare wie se man by haar is.’”

Om dinge op die natuurlike manier, deur ons eie pogings en werke, te probeer 'n werklikheid laat word, is nie die oplossing nie.

God is ons oplossing. Om op God se beloftes te hoop en dit te begin glo, daarop Amen te sê, laat dinge wat menslik-gesproke onmoontlik is om te gebeur, gebeur.

Al jou eie planne en eie pogings gaan nie die ding laat gebeur nie. As dit die manier was, sou dinge al lankal gebeur het. Jy het iets anders nodig.

Daarvan lees ons in die volgende verse. Gal. 4:28, 29 – “En julle, my broers, is net soos Isak kragtens die belofte kinders van God.

Destyds het die seun wat volgens die loop van die natuur gebore is, die seun vervolg wat deur die Gees in die wêreld gekom het. En dit is nou nog so.”

Sien jy, Isak was die seun wat deur die werking en krag van die Gees gebore is.

Waar ons God se belofte in geloof vasgryp...

Daar waar ons die belofte van God vasgryp in die geloof, bevrug dit ons gees. Dan begin daardie belofte hierbinne in ons te groei totdat dit tyd is om gebore te word.

Dan is dit die krag van die Gees van God wat die geboorte laat gebeur in hierdie sigbare werklikheid van ons.

Dit is letterlik 'n geval van vasgryp aan God se belofte en om vir God te sê: Here, ek is ten volle oortuig dat dit U belofte en wil vir my lewe in hierdie geval is. Ek weet glad nie hoe dit kan gebeur nie, maar dit is U belofte aan my en omdat ek glo U is getrou aan U woord, vertrou ek U om self hierdie woord aan my waar te maak.

Dan kry ons die periode van groei en rypwording van hierdie belofte in ons. Dit is soos daardie bevrugte eiersel in die moeder se baarmoeder wat begin vermenigvuldig en vorm begin aanneem deur die werk van die Heilige Gees tot en met die geboorte van daardie kind.

Daarom is ook deel van hierdie proses daardie punt wat iets in ons binneste begin te skop en hierbinne begin te kriel, wat maak dat ons weet hier is iets binne-in ons wat besig is om vorm aan te neem en wat lewe.

Hierdie belofte waaraan ons vashou, begin 'n lewe van sy eie aan te neem in ons lewe. Dit begin dinge verander, maak dat ons anders na dinge kyk, maak dat ons begin rusteloos en gefrustreerd raak met sekere realiteite in ons lewens en maak dat ons smag na iets anders en 'n waar-word van daardie belofte van God in ons lewe.

Dit maak dat ons begin drome droom en anders begin dink en droom oor ons toekoms.

Dit is aan die eenkant vreesaanjaend maar aan die anderkant is dit so opwindend.

Stelselmatig begin die prentjie al duideliker en duideliker word tot jy uiteindelik 'n baie goeie prentjie het van wat in die hart van God vir jou lewe is.

Dan kom daar 'n dag wat God dan sê: Nou is die tyd. Dit is nou die seisoen vir hierdie ding om waar te word en gebore te word in jou lewe.

Dit is dan wat jy begin druk en doen wat jy moet doen, sodat die geboorte so vinnig as moontlik en so natuurlik as moontlik kan gebeur. Tot die baba gebore word in die normale, sigbare wêreld en werklikheid van ons.

Dit is presies hoe dit gebeur sodat stukkie van die Koninkryk van God in jou en my lewe begin deurbreek. Dit moet gebore word, gebeur in die sigbare, sodat ons en ander dit kan sien en ervaar.

Hoe gebeur iets van die Koninkryk van God in ons lewe?

Laas keer het ek dit so beskryf: Die oomblik wanneer jy in geloof daardie belofte wat God jou gee, vasgryp het in geloof, bevrug God se Gees jou gees daarmee en begin daardie belofte, soos die ongebore kind in die baarmoeder van 'n ma, hierbinne groei. Tot op daardie dag wat dit letterlik gebore word in hierdie fisiese wêreld van ons.

Kom ek sê dit anders om vir jou nog 'n slag te verduidelik hoe dit gebeur in ons lewens.

As God iets aan ons sê, kies ons om dit te glo, onvoorwaardelik, sonder om vrae te vra. Ons kies om te glo wat God vir ons sê oor wat Sy wil vir ons lewens is, of hoe iets van die Koninkryk in ons eie lewe of in iemand anders se lewe gaan gebeur. Geloof is dus om nou hierdie nuwe beloofde realiteit "al te sien" en om nie deur die omstandighede en tekortkominge tans mismoedig of moedeloos gemaak te word nie.

Jy het immers begin luister en lees en studeer wat God oor jou lewe en die verskillende areas van jou lewe sê. Dit het jy dan ook vasgryp in geloof en vir God ruimte gemaak om jou gedagtes te vernuwe om anders te begin dink daarvoor en om jou te help om ontslae te raak van ou maniere van dink oor dinge.

Dit is wat dit prakties beteken om God se Koninkryk te begin soek en om te begin ondersoek hoe dit werk en wat presies God se wil vir ons was en wat Hy vir ons presies sê oor ons rol en outoriteit in hierdie hele proses van die waar-word van die Koninkryk in ons lewe.

Soos ek reeds gesê het, die oomblik wat ek en jy God se beloftes hieroor begin vasgryp in geloof, begin iets hier binne in ons verander. Dit is dan wat ons hierdie drome en prentjies van God begin kry oor dinge wat God wou hê ons moet doen in Sy diens, waarvoor ons beslis nie die bronne en kennis in die begin gehad het nie.

Ons raak mettertyd oortuig dit is wat die wil van God vir ons lewens is en hoe iets van God se Koninkryk in en deur ons lewens moet gebeur.

Daarom het ons aan hierdie beloftes vashou in geloof tot op daardie dag wat God gesê het: Dit is nou. Stoot. Druk. Die belofte moet gebore word.

Vir die onmoontlike en ongelooflike om te gebeur, om gebore te word, is God se werk. Dit is die resultaat van die werking van Sy Gees in ons lewens.

Die geboorte is net die begin van die proses

Die oomblik wat God sê: Hier is dit nou. Die tyd het aangebreek. Die nuwe seisoen wat Ek vir julle beloof het, is hier. Daardie oomblik moet ons daders word van die woord. Moet ons begin handel in geloof. Moet ons uitklim uit die boot en die treë begin gee wat ons moes gee op die water sonder om na die golwe te kyk. Ons moet uitklim uit die boot van sekuriteit en in geloof doen wat God ons gevra het om te doen om hierdie nuwe baba wat gebore is, te laat groot en volwasse word.

Dit is dan wat ander ook iets wat menslik gesproke onmoontlik was, voor hulle oë sien gebeur. Dit is dan wat dit wat voorheen ongelooflik was, skielik gelooflik geword het, want hier is dit nou. Hier het dit nou werklik gebeur.

Kom ek gebruik die nuwe bediening, Nuwe Wyn, wat God ons gegee het, as voorbeeld.

Reeds in 1992, terwyl ek nog 'n NG dominee was, het God aan ons 'n profesie in die verband gegee en 'n belofte dat dit gaan gebeur.

Daardie belofte het hier binne ons gees bevrug en daar het dit begin groei. Tot op daardie dag in Oktober 1993, wat ek bedank en uitgestap het uit die NG Kerk, omdat God gesê het dat dit nodig was in ons geval om verder te kon doen wat Hy deur ons wou doen. Daarom, op 31 Oktober 1993, kon die nuwe babatjie, Nuwe Wyn bediening, gebore word.

Van daardie dag af het hierdie nuwe bediening begin groei tot wat dit vandag is.

Vandag het Nuwe Wyn selfs 'n bekende "handelsmerk" geword. In so 'n mate dat as jy "Nuwe Wyn" intik op Google, is dit waarmee ons besig is, Nr. 1 op die lys al vir jare.

Destyds, op 31 Oktober 1993 en voor dit, het ek niks hiervan geweet nie. Ek het nie 'n idee gehad hoe dit alles gaan werk nie. Ek het maar net tree vir tree gedoen wat God vir ons aangesê het om te doen.

Van die begin af het God vir ons gesê dat ons nie eers geld gaan vra vir enigiets wat ons in die bediening gaan doen nie. Ons sou ook nie eers geboue koop of mense aangestel en dit soos 'n besigheid bedryf nie. Van die begin af sou dit maar net 'n tuinslang wees waardeur God dit wat Hy wou bedien, kon bedien aan mense.

Prakties het dit elke keer gebeur waar ons maar net God se beloftes vasgegryp het en gedoen het wat Hy vir ons aansê om te doen.

Natuurlik het ons in die proses geleer om "die kind" groot te maak. Ons het soveel geleer oor hoe dit werk en wat om te doen om dit wat God vir ons sê, in hierdie sigbare wêreld en werklikheid sigbaar en beleefbaar te maak sodat ander dit kan geniet en daardeur "gebless" kon word.

Daarom is die geboorte van daardie belofte-Woord en droom wat God jou gegee het, ook maar weer net die begin van die volgende proses van grootmaak en uitbou wat God jou gesê en belowe het.

Die volwasse-word en uitbou van daardie belofte-Woord wat God jou gegee het oor hoe iets van die Koninkryk in jou of in iemand anders se lewe op die platform wat God jou gegee het, kan begin gebeur waar jy met die outoriteit en gawes van die Gees begin opereer en bedien, is deel van jou gelowige, gehoorsame antwoord op God se Woord in jou lewe.

'n Regte verstaan van die Koninkryk van God

Luister wat staan hier in Hand 1.

“My eerste boek, Teofilus, het ek geskrywe oor alles wat Jesus gedoen en geleer het, van die begin af tot op die dag van sy hemelvaart. Voordat Hy in die hemel opgeneem is, het Hy deur die Heilige Gees bevele gegee aan die manne wat Hy as apostels uitgekies het.

Ná sy dood het Hy aan hulle met baie onbetwisbare bewyse ook getoon dat Hy lewe. In die loop van veertig dae het Hy by verskeie geleenthede aan hulle verskyn en met hulle oor die dinge van die koninkryk van God gepraat.”

Jesus, die nuwe Koning van die aarde, is besig om Sy dissipels bevele te gee. Raai waarom gaan dit? Hand. 1:3. Oor die Koninkryk van God.

Kom ons sê net weer aan mekaar wat is die “Koninkryk”? Dit is waar die Koning regeer. Dit gaan oor hoe God, Jesus die Koning, se regering hier op aarde wat elke area en gebied begin deursuur en beïnvloed.

Jesus leer vir hulle hoe die Koninkryk van God hier op aarde gebeur en 'n werklikheid begin word.

In Ef. 2:11 leer Paulus ook oor hierdie koninkryk. Hy praat met gelowiges uit ander volke as Jode. Hulle is of was nie deel van Israel nie en het dus ook nie gedeel in die ou verbond wat God met Israel en die Jode gehad het nie.

Nou verduidelik Paulus aan hulle hoe hulle deur Jesus nou wel ook deel kry aan verbond met God en al die beloftes en seën wat deel daarvan is. Luister wat sê hy vir hulle hier in vers 11 en verder.

“Hou dan in gedagte wat julle vroeër was. Van geboorte was julle heidene, en julle is "onbesnedenes" genoem deur dié wat hulleself "die besnedenes" noem, al is die besnydenis net mensewerk aan die liggaam. In dié tyd was julle sonder Christus, uitgesluit uit die burgerskap van Israel, ver van God af sonder deel aan die verbonde en die beloftes wat daarmee saamhang, sonder hoop en sonder God in die wêreld. Maar nou is julle een met Christus Jesus.”

Hulle was dus nie burgers in daardie destydse koninkryk nie en het nie gedeel in die beloftes en wetlike voorregte wat deel daarvan was nie. Hulle het geen wettige voet gehad om op te staan om wettiglik aanspraak te maak op al die seëninge wat deel was hiervan nie. Maar,

gaan hy voort in vers 19, in Christus Jesus, het julle twee dinge gekry, naamlik medeburgers in die Koninkryk geword en deel geword van Sy gesin of familie.

In Jesus is jy dus nou 'n wetlike burger van God se Koninkryk hier op aarde. En verder is jy nou 'n seun of dogter in die familie van God.

In geloof kan ek en jy in Jesus dus die waarheid wat hier staan, vasgryp dat ons as burgers in die Koninkryk van God sekere wetlike regte het.

Fil. 3:20 sê ons is nou burgers van die hemel en van die Koninkryk van die hemel wat ook nou hier op aarde begin kom het.

So baie Christene en volgelinge van Jesus verstaan glad nie dat hulle Christenskap, hulle volgelinge-wees van Jesus, 'n wetlike kant het nie. Dit is nie gebaseer op gevoelens nie. Nee, dit is gebaseer op wette, op regte wat in God se Wet, die Grondwet van die Koninkryk van die hemel, vasgemaak en onveranderlik is.

Dit is nie gebaseer op wat jy doen, hoe lank jy bid of vas nie. Dit gaan nie bepaal of God gehoor gaan gee aan wat jy op grond daarvan vra nie. Nee, dit is gebaseer op wetlike regte en voorregte wat God wettiglik aan jou as 'n burger in Sy koninkryk vasgeskryf het in Sy grondwet van die Koninkryk.

Die vyand gaan alles in sy vermoë doen dat jy dit nie verstaan nie

Hoor wat Jesus daar in Mat. 10:7 en 8 sê: “Gaan verkondig: Die koninkryk van die hemel het naby gekom. Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses en dryf bose geeste uit. Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet.”

Hoor jy wat Jesus sê? Hy sê hier vir Sy dissipels dat daar waar die Koninkryk van God hier op aarde begin kom, gebeur 'n paar dinge, verander 'n paar dinge. Daar word siekes gesond. Daar word dooies lewendig. Daar genees melaatses en word demonies besete mense vry. Sien, waar die Koninkryk van God begin gebeur hier op aarde, verander dit dinge en word dit meer en meer soos wat dit in die hemel is.

Dit is iets wat die vyand nie wil hê die kinders van God moet weet nie.

Hoor wat staan daar in Hosea 4 van vers 1 af.

“Israeliete, luister na die woord van die Here, want Hy kla die inwoners van die land aan: Omdat trou, liefde en toewyding aan die wil van God in die land ontbreek, het vervloeking, valsheid, moord, diefstal en egbreuk hand oor hand toegeneem en is die vergieting van onskuldige bloed aan die orde van die dag.

Dit is waarom die land verdor en al die inwoners van dors versmag saam met die wilde diere en die voëls, en waarom selfs die visse vrek.”

Hoekom is dinge so? Vers 6: "My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet."

Omdat God se priester nie met God se mense gedeel het wat die beginsels en regte is en hoe dinge werk nie, het hulle nie geweet nie en daarom lyk dinge soos dit lyk.

Dit het vir die satan die deure oopgemaak om vernietiging te bring.

In die lig hiervan wil ek vir jou baie persoonlik vra: Hoe lyk dit in jou lewe vandag? Beleef jy iets van die dinge waarvan Hosea hier praat of kan jy en ander mense al iets sien en beleef van die Koninkryk van die hemel wat ook daar in jou lewe begin deurbreek het?

In Joh. 8:32 sê Jesus dat as ons die waarheid weet en glo en dit begin toepas in ons lewe, sal daardie waarheid ons waarlik vry maak.

Die anderkant is natuurlik ook waar. Omdat baie mense niks weet nie van die wetlike voorregte en regte wat ons as burgers in God se Koninkryk het nie, lyk hulle lewens soos dit lyk. Hulle verhouding met God is gebou op gevoelens. Of hulle probeer sekere dinge te verkry deur sekere dinge te doen. Dit terwyl jou regsposisie voor God nie hierop gebou is nie, maar eerder gebou is op sekere vasstaande wette en regsbeginne wat God self vasgepen en belowe het. (Gaan lees net weer wat ek verlede keer hieroor geskryf het).

Satan wil steel, vernietig en doodmaak maar hy het geen krag nie. Al wat vir hom openinge skep om te doen wat hy wil doen is a.g.v. ons gebrek aan kennis. Hy lieg en bedrieg God se mense oor hulle wettige regte. Hy laat hulle dink sekere dinge gebeur omdat God dit wil hê; dat dit Hy is wat mense doodmaak of wat agter al hierdie slegte dinge wat gebeur, sit.

Dit is ook die vyand wat ons selfs in ons versekeringspolisse dinge soos stormsskade en aardbewings laat beskryf het as "acts of God".

Watter leuens! Alles omdat ons net nie die volle waarheid ken en verstaan en glo wat soveel keer in die Evangelie oor die Koninkryk vir ons vertel word nie!

[Wat jy glo en bely, gaan bepaal wat jy beleef](#)

Wat ons glo en aanvaar het as jou realiteit, bepaal waar jy jou tans bevind en wat jy beleef in jou lewe.

Daarom wil ek vir jou vra: Klop dit wat jy tans beleef en waar jy jou in jou lewe bevind, met wat God in Sy Woord daarvoor sê?

Kom ek verduidelik wat ek daarmee bedoel op 'n ander manier aan jou.

Jy is 'n burger van 'n sekere land en daarom verwag jy dat mense in die land sal optree volgens die wette van daardie land se grondwet en as hulle dit nie doen nie, verwag jy dat die wet sal ingryp en dit sal afforseer.

Hoekom glo jy nie dit ook oor die Koninkryk van God nie?

Omdat ons dit nie werklik glo nie, lewe die meeste van ons in vrees. Godsdien hou ons gevange in die leuen dat ons heelyd God se guns moet verdien. Terwyl die Evangelie oor Jesus ons juis vrymaak met die goeie nuus dat Jesus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was sodat ons God kan ken en Sy liefde en guns kan belewe.

Die noodsaak om hierdie goeie nuus, hierdie waarheid, te ken, te glo en te begin toepas in jou lewe en in die manier hoe jy oor alles dink, is 'n geval van lewe of dood.

Kom ek illustreer dit vir jou verder. Onthou jy dat daar in Mrk. 11:14 het Jesus vir 'n vyeboom gesê: Van jou sal niemand tot in ewigheid ooit weer vye eet nie.

Hier jy ook gesien dat Jesus daarmee gepraat het.

Toe hulle die volgende dag daar verbyloop, vertel vers 20 en verder vir ons: “Toe hulle die volgende môre vroeg by die vyeboom verbygaan, sien hulle dat hy tot in sy wortels verdroog is. Gedagtig aan wat Jesus gesê het, sê Petrus vir Hom: ‘Rabbi, kyk, die vyeboom wat U vervloek het, is verdroog.’

Jesus sê toe vir hulle: ‘Julle moet geloof in God hê! Dit verseker Ek julle: Elkeen wat vir hierdie berg sê: ‘Lig jou op en val in die see,’ en daarby nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, gebeur, vir hom sal dit gebeur.

Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees.”

Het jy gehoor hoe Jesus vir hulle sê: Julle moet geloof in God hê... Bedoelende, glo wat God vir julle sê en belowe, soos dit die Evangelieboodskap oor Jesus vertel en wat oor die Koninkryk van God wat in Jesus nou ook hier aangebreek het en hoe dit werk, staan.

Hier is dus 'n beginsel, 'n wet, wat vaslê wat geld in die Koninkryk...

As iemand dan glo – in die lig van wat die Woord van God aan hulle sê - dat hierdie berg in die pad staan van wat God vir Sy burgers van die Koninkryk belowe en hulle sê dan vir hierdie berg om pad te gee... en glo en twyfel nie... vir hulle sal dit gebeur.

Jesus het met hierdie boom gepraat en dit het gesterf, terwyl Hy weer met Lasarus in die graf gepraat het en hy het lewendig geword.

Hierdie beginsel werk dus na albei kante toe... Dit kan dood of lewe bewerk.

Laat toe dat God jou gedagtes vernuwe sodat Sy woord en waarhede jou kan vrymaak. Moenie dat onkunde oor hoe die beginsels oor die Koninkryk werk, jou beroof van die voorregte en regte wat geld in die Koninkryk nie.

Glo en bely

Het dit nie tyd geword dat ons hoor wat God aan ons as burgers van die Koninkryk belowe en dat ons kies om dit te glo en met ons mond begin bely dat dit ons s'n is nie?!

Mense soek heelyd 'n profesie of 'n Woord omdat hulle eenvoudig nie die waarheid van die Woord oor die Koninkryk ken en glo nie!

Ek het daar aan die voete van die Here ontdek dat dit belangrik is dat jy as 'n burger van die Koninkryk sal weet wat jou regte en voorregte is. Maar omdat mense dit nie weet nie, bid hulle vir dinge wat God lankal aan hulle belowe het.

Die ander belangrike ding wat ek ontdek het is om op te hou om dinge soos rampe, dood en siekte aan God toe te skryf!

Luister wat Jak. 1:16,17 in die verband vir ons sê: “Moenie julleself mislei nie, my liewe broers. Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie.”

As mense iets begin verstaan van die Koninkryk en wat God vir hulle belowe, en hulle begin om dit te glo, is dit werklik soos lewe in oorvloed wat aan hulle bedien word.

Vir die eerste keer proe hulle lewe in plaas van al die dood en gif wat hulle al die jare geglo en geproe het in hulle lewe.

Lukas 8

Onthou jy nog die gebeure waarvan Lukas 8 ons vertel?

Jesus is midde hierdie skare mense en word van alle kante deur mense gedruk. Skielik voel Hy egter hoe krag deur Hom na iemand vloei. Omdat hierdie vrou agter Hom was, het Hy nie eers geweet sy is daar nie.

Wat het hier presies gebeur?

Ek wil hier 'n stelling maak: Ons sien hier die beginsels/wette van die Koninkryk van God in aksie.

Omdat 'n vrou iets verstaan en geglo het van die voorregte en beloftes wat vir haar geld en sy op grond daarvan begin handel het, trek dit die sluise van die hemel oop en laat God gebeur wat sy geglo het vir haar geld.

Het jy gehoor wat Jesus vir haar sê?

Hy sê vir haar: Dit is jou geloof wat jou genees het.

Sien, as ons iets begin verstaan van hoe die koninkryk en sy wette werk, gaan ons begin om met ons mond te sê wat ons in ons hart glo. Want wat ons sê met ons mond omdat ons glo met ons hart dat dit die lewende God se belofte en Woord aan ons is, gaan gebeur.

Hoeveel lewens is al gespaar, hoeveel siekes het al gesond geword, of hoeveel wonderbaarlike voorsiening het al plaasgevind, omdat mense iets hiervan verstaan, dit begin glo en met hulle mond gespreek of begin doen het wat hulle moes doen in geloof.

Daarom wil ek jou uitdaag om dapper in geloof hardop te sê en te bely wat jy glo God vir jou belowe as burger van Sy koninkryk.

Begin hardop te bely in geloof wat Sy wil as die Koning vir jou is. Doen dan in geloof wat jy moet doen.

Mat. 18:18-20

Onthou jy nog wat Jesus aan jou as burger van die Koninkryk belowe het daar in Mat. 18:18-20?

Daar staan: “Dit verseker Ek julle: Wat julle ook al op die aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly; en wat julle julle ook op die aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit bly. Verder verseker Ek julle: As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daarvoor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry, want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle.”

Begin glo wat God in Sy woord vir jou sê.

Hoor wat Jesus in Mat. 6:7 e.v. sê.

“Wanneer julle bid, moet julle nie soos die heidene 'n stortvloed van woorde gebruik nie. Hulle verbeel hulle hulle gebede sal verhoor word omdat hulle baie woorde gebruik.”

Hoekom luister God na jou?

Omdat jy Sy wettige kind in Jesus is en burger is van Sy koninkryk. Daarom kan jy verseker weet dat God vir jou 'n goeie pa wil wees en sal wees. As jy dit nie weet nie of nie glo nie, sal jy aanmekaar smee en pleit en hoop Hy hoor.

Dit terwyl Hy jou Hemelse Vader is, wie se beloftes almal vir jou geld; ook hierdie beloftes in Matteus wat ek reeds vir jou aangehaal het. Jy moet net kies om dit te begin glo.

Daarom kan jy bid soos Hy jou geleer het om te bid en kan jy glo Hy hoor wat jy bid en belowe in Sy Woord om jou gebede te verhoor omdat jy binne Sy wil bid.

Bid dan: “Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.

Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.”

Hoor jy, jou Here leer jou dat dit binne Sy wil vir jou lewe is om te begin bid dat Sy Koninkryk en die realiteit van Sy Koninkryk soos dit in die hemel reeds is, ook in die hier en nou, daar in jou lewe en in jou besigheid 'n werklikheid sal word!

Daardie nuwe realiteit, soos dit reeds in die hemel is, is joune. (Gaan lees maar wat staan in gedeeltes soos Lukas 12 daarvoor.)

Deel van daardie realiteit is dat daar ook vandag alles sal wees wat jy mag nodig hê.

Daarom mag jy dit vra in gebed en kan jy Hom daarvoor vertrou.

In 1 Joh. 5:14,15 belowe Hy vir jou in die verband: “En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra. En aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets só vra, weet ons ook dat ons kry wat ons van Hom vra.”

Dit is ons vertrou. Dit is ons sekerheid. Dit is “die wette”, wat geld in die Koninkryk van God, soos wat swaartekrag hier in ons wêreld geld.

Sy Gees self gaan jou hieraan herinner

Kom ek haal vir jou aan wat daar in Joh. 14:24-26 in die verband staan: “Wie My nie liefhet nie, neem my woorde nie ter harte nie; en die woorde wat julle hoor, is nie Myne nie, maar die Vader s'n wat My gestuur het.

Dit sê Ek vir julle terwyl Ek nog by julle bly; en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.”

Die Heilige Gees wat in jou lyf as God se kind woon, sedert jy Jesus Christus aangeneem het as Verlosser en Here, is sedertdien jou Advokaat wat jou saak behartig en jou gaan herinner aan wat wettiglik vir jou geld as burger van die Koninkryk en wettige kind van die lewende God.

Hy gaan jou van raad bedien as, soos Ef. 6 sê, die dag van moeilikheid kom, oor hoe om jou wettiglike posisie in te neem en vas te staan in geloof.

Hoe neem 'n mens jou wettige posisie in en staan jy vas in geloof?

Jy staan deur dit wat jy weet en van seker is en wat jy glo, daar met jou mond te bely in daardie situasie die dag as die moeilikheid kom.

Jy bely dit hardop teenoor jousef, en die vyand en enigiemand anders wat wil weet.

Onthou, die vyand gaan alles probeer om jou te belieg en te bedrieg. Hy gaan alles gebruik of by aanhaak wat jy voorheen geglo het of wat jy voorheen ervaar en gesien en as trauma beleef het.

Wees dus gewaarsku. Bewapen jou met die waarheid van die Woord. Bewapen jou met die wete oor wat jou voorregte, beloftes en regte is as God se wettige kind, as erfgenaam en as burger van Sy koninkryk.

Wees versigtig wat jy jou brein mee voed

As verteenwoordiger van die Koninkryk van die hemel hier op aarde, kan jy nie meer bekostig om jou aan al die leuens en bemerkingsmateriaal van die vyand bloot te stel nie.

Wees daarom versigtig waarna jy luister en kyk. Jy kan jou nie meer blootstel aan al die geweld en leuens op TV of in die koerant of in baie van die videospeletjies wat deesdae vrylik beskikbaar is nie.

As jy jou brein daarmee voed, gaan die vyand dit gereeld uitpluk en jou daaraan herinner.

Daarom moet jy ook so krities wees teenoor al daardie gedagtes wat so deur jou kop maal of dit wat jy so aanmekeer vir jouself sê. En asseblief, moet tog nie alles glo wat jou emosies vir jou wil opdis nie! Onthou, as jy met gedagtes en emosies te make het, het jy met ou vlees te make en moet jy dit gedurig aan die soeklig van die Heilige Gees onderwerp, soos 2 Kor. 10:3 tot 5 vir jou leer.

As jy nie krities hierteenoor staan nie, gaan die vyand dit gebruik as deel van sy negatiewe advertensieveldtog in jou lewe om jou te probeer oortuig dat dit wat God belowe het in Sy Woord aan jou, tog nie gaan gebeur nie en nie waar is nie.

Sien, die vyand doen presies die teenoorgestelde wat die Heilige Gees in jou lewe wil doen, maar in plaas van lewe aan jou te bedien, vat die vyand jou na die leuens en gif wat dood aan jou kan bedien.

Jou innerlike vrede, sê Jesus, daar in Joh 14:27, is totaal verstrengel met die Heilige Gees en Sy werk en beheer in jou lewe.

Daarom sê Kol. 3:15 dat vrede die skeidsregter is in jou lewe. Waar jou innerlike vrede weg is, moet jy duidelik die Heilige Gees se fluitjie hoor wat jou waarsku dat iets verkeerd of nie in plek is nie.

Waar die Heilige Gees in beheer is, kan Hy jou in die volle waarheid en oorfloed lei wat Jesus self vir jou kom bewerk het.

Waar die Heilige Gees in beheer is, is Jesus self, volgens Joh. 14, self in beheer van ons lewe en kan Hy ons lei deur Sy stem.

Die proses verloop nie altyd glad en maklik nie

Natuurlik is hierdie volwasse-word-proses en waar-word van God se beloftes nie altyd 'n proses wat glad en maklik verloop in ons lewe nie. Dit kos vasbyt. Daar is soveel wat ons nog elke dag leer. Daar is soveel dinge waarvoor God nog ons gedagtes moet vernuwe en van ou giftige maniere van dink ontslae moet raak in die proses.

Ons moet net aanhou en aanhou.

Soos Heb. 10:23,24,25 sê: "Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy belooft het."

Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade.

Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.”

Laat ons maar eerlik met mekaar hieroor wees.

Groot dele hiervan is baie keer baie frustrerend.

Het jy gehoor? Dit is soms frustrerend en baie harde werk om uiteindelik te sien en te beleef hoe en wanneer dit wat God belowe het, gaan gebeur. Dit kos vasbyt. Dit is beslis nie vir sussies hierdie nie!

Al wat jy het, is ’n woord of ’n belofte van God. Al wat julle vir mekaar heeltyd kan en moet sê, is: Maar God het so gesê. God het dit belowe en Hy kan nie lieg nie.

Verder moet julle net vashou aan God se beloftes en God se Woord. Veral wanneer die golwe en die aanvalle kom.

Natuurlik is dit ook soms vreesaanjaend.

Aan die anderkant weer, wanneer ons egter ’n stukkie mensgesproke onmoontlike of ongelooflike sien gebeur, dan is ons weer opgewonde en sê ons vir mekaar: Dit was alles die moeite werd. Hoe wonderlik goed is ons God!

Tot God se eer

2 Kor. 1:18,19,20 - “So seker as God getrou is... want Jesus Christus, die Seun van God, wat ons... aan julle verkondig het, is nie ‘ja’ en ‘nee’ tegelyk nie. Hy is die ‘ja’ van God, die ‘ja’ op al die beloftes van God. Daarom is dit ook deur Christus dat ons tot eer van God daarop ‘Amen’ sê.”

Daar waar ons in geloof begin Amen sê op God se beloftes aan ons en dit in geloof vasgryp en doen wat ons moet doen, begin die menslik gesproke ongelooflike en onmoontlike gebeur en is dit “tot eer van God”.

God se Naam word daar verheerlik. Iets van God se heerlijkheid, grootheid, genade, liefde en almag breek daar deur.

Daar waar iemand bonatuurlik genees word deur God, kry God die eer.

Daar waar iemand bedien word deur die gawes van die Gees omdat jy net gedoen het wat God jou aangesê het om te doen, kry God die eer.

Daar waar iets van die Koninkryk van God deurbreek, daar kry God die eer.

Daar waar mense en hulle besighede begin voorspoedig raak en gesinne en huwelike gesond word, is dit tot God se eer.

Dit skep prentjies en modelle wat getuig dat God lewe en dat Hy goed, wonderlik, genadig en liefdevol is. Alles tot eer van hierdie wonderlike God.

Mense kan dit sien en hoor en God eer vir wat hulle beleef.

Dit is wat Jes. 61 bedoel het as dit ons die “Bome van Redding” noem, wat God geplant het om Sy roem te vermeerder.

Ons getuig oor wat God doen

God se hart is dat mense moet sien en beleef wie Hy werklik is.

As God jou gebruik as die tuinslang waardeur Sy liefde, krag en genade vloei na mense, gaan dit nie oor jou nie. Dit gaan oor Sy eer en wat Hy doen.

Dit gaan oor Sy Koninkryk wat hier moet gebeur en wat hier ’n werklikheid word. Dit gaan glad nie oor jou nie. Dit is nie jy wat so wonderlik en slim is nie.

Dit gaan alles oor Hom. Dit is alles net Hy.

Daarom kan ons nie net tevrede wees om net gewone mense te wees nie. Nee, ons is bedoel om anders te wees.

As verteenwoordigers van die Koninkryk van die hemel hier op aarde, waar ons besig is met die dinge van die Koninkryk, gaan ons beslis aandag trek.

Ons gaan dinge anders doen. Ons gaan anders optree en anders praat. Ons gaan anders besigheid doen en mense anders behandel. Ons gaan ander dinge met ons geld en goed doen as al die ander mense om ons.

God wil hê mense moet na ons kyk en hulle kop skud en sê: Ek verstaan niks hiervan nie. Hoekom doen julle dit so?

Watter wonderlike geleentheid skep dit dan nie vir jou om te getuig en hierdie geloofstories oor God en Sy goedheid aan mense te vertel nie!

Dit is immers wat dit beteken om te getuig. Dit is om hierdie stories uit jou lewe en uit wat jy ervaar te vertel aan mense.

Skryf jou getuienis neer

Dit is selfs belangrik om hierdie stories oor wat God doen in jou lewe neer te skryf sodat jy dit nie vergeet nie. Ons vergeet so gou wat God in ons lewens doen.

Julle weet dat dit is wat ek doen. Ek skryf hierdie dinge neer en vertel graag vir mense hierdie stories.

Ek dink soms mense dink dat ek en Hetta “spesiaal is” omdat al hierdie merkwaardige dinge in ons lewens gebeur. Dink net: God het ons al soveel keer genees. God het ons al soveel keer uit diep en ernstige moeilikhede gered. God het soveel keer ingegryp toe ons te min

gehad het en versorg ons al vir meer as 20 jaar sonder enige maandelikse vaste salaris of inkomste van êrens af.

God het ons motor klaar betaal en, een van die dae, so glo ek by voorbaat, is ook die huis wat ons hier in Somerset-Wes in woon, ook een van die dae klaar betaal.

Ons het geen pensioen nie en tog, al is ek en Hetta albei al in ons 60's, versorg God ons elke dag en gee Hy ons alles wat ons nodig het.

Miskien is die grootste wonder dat God ons gebruik in soveel duisende mense se lewens en in soveel lande. Ja, dat Hy profeties deur ons praat en ons gebruik om Sy groter prentjie vir Sy mense apostolies oop te breek. Hy gebruik ons selfs om nuwe werk te begin en nuwe paaie te maak waar daar nog net 'n klein voetpaadjie was. Hy gebruik ons om Sy Woord oop te breek vir mense en om Sy mense toe te rus vir hulle bediening.

Die afgelope jare gebruik Hy ons selfs om herlewing aan te blaas in baie gemeenskappe en om nuwe wyn en Sy Gees aan mense te bedien.

Wat 'n voorreg en watter stuk genade!

Dit het niks met ons te make nie! Dit is nie omdat ons so wonderlik is nie. Dit is alles net God en Sy genade.

Aan Hom kom al die eer toe.

God het vir jou dieselfde beloftes gegee

God het vir jou presies dieselfde beloftes gegee as vir my en vir elkeen van Sy kinders.

Die Koninkryk van God en die beloftes oor die Koninkryk van God se realiteite en werklikhede is ook daar vir jou. Dit is net so waar vir jou as wat dit waar is vir my.

Isak is gebore vir Abraham en Sara as gevolg van God se belofte aan hulle. Net so is jou toekoms gegrond op die beloftes van God aan jou. Die antwoord en oplossing vir jou uitdagings is gebaseer en geleë in God se belofte aan jou.

Daar in Jak. 1:5-7 staan daar: "As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyf.

Maar 'n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word.

So 'n mens wat altyd aan die twyfel is en onbestendig is in al sy doen en late, moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie."

In Mark. 11:24 staan daar: "Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees."

Het dit nie daarom tyd geword dat jy en jou gesin, of daar in jou besigheid, jy vir jousef 'n Jakobus 1-gebedsboek begin nie, waarin julle alles wat julle van God nodig het, begin neerskryf saam met die belofte wat God julle in die verband gegee het?

Dan sê julle hardop saam:

Here, op grond van U woord wat belowe – en sê dan hardop daardie belofte – glo ons dat U in hierdie behoefte van ons volledig wil voorsien. U belowe dit en daarom glo ons dit geld ook vir ons.

U belowe aan ons daar in Mark. 11:24 dat as ons iets in gebed so van U vra en glo dat ons dit al ontvang het, sal dit vir ons so wees.

Wanneer daardie dinge dan gebeur, gaan ons terug na die boek toe en skryf die dag en datum neer waarop God gegee het wat Hy belowe het. Sê dank ook dankie aan die Here vir Sy getrouheid en vir Sy genade.

Gaan vertel dan vir ten minste een ander mens van God se ingrype in jou lewe.

So skep ons vir onself 'n geskiedenis en 'n storie oor hoe God voorsien en gewerk het oor die jare.

Dink net wat kan dit vir jou kinders beteken om so op te groei en dit alles te sien en te beleef!

Daarom sal dit nie 'n verrassing wees as al jou kinders ook God dien wanneer hulle volwasse geword het nie, want hulle weet dit werk om God te vertrou en om die Koninkryk en die wil van God te soek in hulle lewens.

Die Evangelie is 'n profetiese woord oor God wat Sy Koninkryk hier op aarde kom vestig

Goeie kerkmense en gelowiges skrik eintlik as jy vir hulle die boodskap van die Evangelie in gewone Afrikaans uitspel. Dat die God van die Bybel vir ons daarmee kom sê het: Ek is besig om iets te doen wat op die oomblik vir julle onmoontlik lyk. Voor julle oë is koninkryke en sisteme besig om inmekaar te tuimel. Maar wat julle nie beseef nie, is dat hulle eintlik besig is om plek te maak vir My Koninkryk en My bedoeling en My Plan om uiteindelik hierrondom julle te realiseer.

Mense verstaan nie as God se Gees daar in 2 Kor. 1 vir ons kom sê dat Jesus en die Evangeliebodskap oor die kruis en die opstanding van Jesus, God se “ja” en enigste Oplossing is vir hierdie wêreld van ons nie.

Ons beleef tans 'n moment in die geskiedenis 'n sigbare demonstrasie Op. 11:5 beskryf as: “Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.”

Koninkryke en sisteme wat oral skynbaar totaal in beheer en onbeweeglik gelyk het tot nou toe, sal skielik begin inmekaar tuimel sodat die proses van transformasie kan gebeur terwyl ons toekyk.

As jy glo die Bybel is die geïnspireerde Woord van die lewende God, moet dan nie verbaas staan as van hierdie dinge skielik hier rondom jou begin gebeur nie. God is immers getrou aan Sy Woord en dit sal waar word.

As God dit destyds kon doen, kan Hy dit ook nou doen

In die boek, Handeling, lees ons van hoe die valse godin Artemis aanbid is in die destydse wêreldstad, Efese.

Die historici vertel vir ons dat die tempel van Artemis destyds een van die mees merkwaardige geboue van die bekende wêreld was. Dit was selfs bekend as een van die Sewe Wonders van die Antieke Wêreld. Toe dit gebou is, was daar nie minder nie as 127 pilare vol ornamente rondom die tempel. Elkeen van hierdie pilare was opsigself 'n kunswerk en die geskenke van die magtigste koninkryke op aarde wat daarmee hulle trou aan die godin Artemis gesweer het.

In Hand. 19 lees ons van hierdie magstryd wat Paulus daar in Efese ervaar het.

Aan die eenkant was God besig om buitengewoon wonderlike deure hom te doen, sodat selfs sakdoeke en doeke waaraan hy net geraak het, na siekes geneem en op hulle neergesit is en hoe die siektes en ook bose geeste hulle liggame verlaat het.

Aan die anderkant, was daar ook die stryd met die onsigbare geeste van die koninkryk van die duisternis. Die vyand het verwoed sy houvas op hierdie stad en die kultuur in hierdie stad probeer behou sodat mense nie vry kan word uit sy houvas van bedrog en leuens nie.

Dan hoor ons hoe Handeling 19 vertel van baie van die inwoners van stad wat tot bekering gekom het. Dan het hulle gekom en al hulle afgodsdienstryke kom bely. Diegene wat met towery oor die jare besig was, het gekom en hulle boeke en ander "toorgoed" gebring en dit in die openbaar kom verbrand. Die prys daarvan, in vandag se terme in rand oorgesit, was om en by 'n halfmiljoen rand.

Dan lees ons in vers 20: "So het die woord van die Here sy krag getoon en al hoe verder versprei."

Die houvas wat die hel en die magte van die koninkryk van die duisternis op daardie wêrelddeel en sy gemeenskap mense gehad het, was besig om te breek en die koninkryk van God het soveel mense se lewens ingebreek en hulle vrygemaak.

Terwyl hierdie transformasie in soveel mense se lewens gebeur het, het een van die plaaslike silwersmede, Demetrius, 'n opstand teen Paulus en sy bediening georkestreer

omdat hy natuurlik in hierdie transformasieproses baie besigheid verloor het. Die mense wou nie meer die silwer beeldjies van Artemis koop nie.

Met die verloop van die jare wat volg, het die aanhoudende gebede van gelowige volgelinge van Jesus en die herhalende konfrontasies met die gees van Artemis die magsbasis van hierdie valse godin stelselmatig verswak en laat verkrummel.

Van die geskiedenisboeke vertel vir ons van hoe 'n volgeling van Jesus die tempel eendag binnegegaan het en die demoniese magte in daardie tempel en omgewing direk aangespreek en beveel het om pad te gee (soos Jak. 4:7 ons aansê om te doen). Die oomblik wat hy dit gedoen het, het die altaar in die tempel uitmekaargebreek en het die hele tempelstruktuur begin verkrummel en meegee.

Die geskiedenis vertel verder hoe die hele gemeenskap, toe hulle sien hoe God se hand en krag daardie tempel voor hulle oë vernietig, begin uitroep het na God in smeking en gebede. As gevolg van hierdie demonstrasie van God se mag en krag, het 'n herlewing in hierdie stad uitgebreek.

Al wat van hierdie majestueuse tempel in Efese vandag nog oorgebly het, is hier en daar 'n stukkie van sy fondasie.

As God se koninkryk inbreek in 'n gemeenskap en mense se lewens, kan ons nie ons indink hoe dit dinge werklik kan verander nie.

Maak gereed, Ek gaan julle weer verbaas met My mag en krag!

Daar was al sovele profesieë oor die herlewing wat hier tussen ons en rondom ons oor die wêreld aan die gebeur is asook 'n profetiese woord oor 'n wêreldwye val in die geldmarkte waar Mammon in beheer is.

Oor en oor hoor ons hoe God in ons dag sê: Kyk rondom julle na al die pilare en magstrukture van die koninkryke van die duisternis rondom julle. Dit mag dalk vir julle onmoontlik lyk dat dinge kan verander.

Niks is egter vir My onmoontlik nie. Ek is besig om My Koninkryk oral rondom julle te laat kom. Die waarheid van die Evangeliewoord oor My Koninkryk wat hier op aarde gekom het in Christus Jesus, is besig om rondom julle mense en gemeenskappe vry te maak.

Daarom gaan Ek van julle instuur in plekke en op platforms met 'n finale woord van My, wat letterlik die laaste skote sal wees in 'n jarelange, ja, selfs eeuelange, geestelike geveg wat aan die gang was.

Dit sal veroorsaak, tot julle verbasing, dat 'n koninkryk en sisteem wat tot nou toe onder die mag van die duisternis was, voor julle oë sal verkrummel en ineenstort.

Wees julle net gehoorsaam en doen wat julle moet doen en sê wat julle moet sê met die outoriteit wat aan julle gegee is in Jesus Christus.

Onthou My belofte aan julle daar in Joh. 14:13 en 14: “Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word.

As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.”

God belowe dat Hy sal sorg dat dit wat Hy ons opdrag gegee het om te sê, te doen of te vra, sal gebeur. Hy sal Sy magte van die Koninkryk van die hemele opdrag gee om te kom en hier op aarde te sorg dat elke deeltjie daarvan gebeur.

Sodat ons opnuut verstom kan staan oor God wat hier rondom ons, voor ons oë, in Sy mag en heerlikheid weer getoon het dat Hy alleen God is.

Kom ons raak prakties

My ervaring is dat die meeste gelowiges uit die tradisionele geloofsagtergrond waaruit ons kom, heerlik met jou saamgesels en saamstem solank jy vir hulle die een Bybelteks na die ander wys en daaroor gesels. Die oomblik egter wat ons prakties raak en prakties begin toepas wat God belowe en sê, gaan die meeste in tru-rat en is dit asof hulle skielik begin twyfel of ons sommer die Woord van God so prakties kan toepas.

Om vir jou te wys wat ek bedoel, gaan ek waag om 'n bietjie in die lig van alles wat ons tot dusver vir mekaar gesê het, 'n soort “armoede-mentaliteit” aan te spreek wat ek in myself en by soveel Afrikaanssprekende gelowiges ontdek het.

Dit is asof ons nie kan glo dat ons God kan vertrou vir “meer as genoeg” in ons besigheid en in ons finansies nie. Die oomblik wat jy dit wil doen, word jy sommer gou-gou van daardie aaklige teologiese gogga verdink wat “voorspoedsteologie” genoem word.

Ons stem almal saam dat Jesus belowe het dat Hy gekom het as die Koning van die Koninkryk van die hemel wat ook hier op aarde moet kom. Hy het gekom om, in Sy eie woorde, in Johannes 10:10b, om “lewe” en “dit in oorvloed” aan ons wat burgers van die Koninkryk geword het, te bedien.

Min van ons verstaan egter dat daardie “oorvloed” nie net in 'n geestelike sin verstaan hoef te word nie. Dit het ook implikasies vir ons gesondheid, ons verhoudinge, ons gesinslewe, ja, selfs vir ons besigheid en finansies. Dit kan ook nie anders nie; nie as ons die res van die Skrif in gedagte hou nie.

Gaan lees 'n bietjie in die Ou Testament hoeveel keer God “seën”, “oorvloed” en “wealth” belowe het aan Sy mense wat Sy Woord begin glo en begin gehoorsaam het in alle dele van hulle lewens – en onthou sommer dat dit nog onder die Ou Verbondsbedeling was.

Ek weet nie van jou nie, maar ek het gekies om God op Sy Woord te begin neem en om Sy Woord sonder skroom in alle dele van my en my gesin se lewe te begin glo en te begin navolg.

Vrees was byvoorbeeld, van vroeg al in my lewe, 'n geweldige realiteit in my lewe. Ek sê altyd, omdat my moeder as jong, onskuldige twintigjarige getroude vroujie my verwag het in 'n tyd toe sy en my pa in 'n baie afgesonderde deel van Suid-Afrika, die meeste nagte alleen by die huis moes deurbring terwyl my pa nagskof gewerk het, het haar vrese en angste letterlik in die DNA van my wese gaan vassit daar in haar baarmoeder reeds.

God het dit vir my gewys in hierdie afgelope paar maande wat ek met 'n "detoks" na gees, siel en liggaam besig was. Ek moes, in die lig van Sy Woord, soos 1 Joh. 4:18 sê, kies om te glo dat die waarheid van Sy Woord en Sy liefde vir my en my liefde vir Hom, hierdie vrees letterlik uit my kan verdryf.

Ek het ontdek dat die oomblik wat jy "die Woord vat" en regtig begin glo, "vat daardie Woord jou" en begin die mees merkwaardige dinge met jou en rondom jou gebeur.

Die Woord kan ons gedagtes "vernuwe"

Einstein het gesê dat ons sowat vyftien persent van ons brein se vermoëns gebruik. Dit beteken dat dit wat jy lees, bestudeer, hoor en sien in hierdie wêreld maar toegang het tot hierdie sowat vyftien persent van jou brein. Selfs wanneer jy die Bybel net sit en lees, veroorsaak dit dat selfs die Bybel en sy inhoud nie werklik ons kan verander en vernuwe soos wat God dit bedoel het nie.

Wanneer ons egter vir God se Gees vra om self die Woord aan ons te begin bedien en ons dit hardop lees en en die Woord "hoor", kan God se Gees veranderinge en openbaringe ontsluit wat ons nooit gedink moontlik kan wees nie. (Rom. 10:8-17) God kan dan potensiaal, talente en vermoëns ontsluit wat Hy aan ons gegee het, waarvan ons nie eens bewus was nie.

Kom ek haal vir jou 'n paar Skrifgedeeltes aan oor wat die lewende God self oor Sy Woord en dit wat in die Bybel staan, sê. Natuurlik is dit jou keuse om te glo of dit ook vir jou waar is. Wat my betref, het ek gekies om dit onvoorwaardelik as "God se Woord" en dus as die volle waarheid te aanvaar en te glo. Ek glo: God het dit self gesê; ek glo dit en daarom is dit ook waar en geldig in my lewe.

In 2 Tim. 3:16 sê God dat Hyself die hele Skrif "geïnspireer" het (en ek glo dit geld van alles wat in die Ou en Nuwe Testament in hierdie 66 boeke in die Bybel staan). Die Amplified-vertaling vertaal dit as: "Every scripture is God breathed..."

Jer. 1:12 sê in die Ou Vertaling dat God "wakker is" oor daardie Woord.

Jes. 55:11 sê: Hy stuur die Woord.

Jer. 5:14 sê: Daardie woord in jou mond is so kragtig soos daardie woord in God se eie mond.

Mat 5:18 sê: Alles sal verbygaan, maar Sy Woord sal nooit verbygaan nie.

'n Sakeman vertel daarom die volgende getuigenis in hierdie verband: "Toe my kinders na my toe kom en vra of hulle kan gaan swot, sê ek vir hulle, ja, natuurlik, maar voor julle gaan swot, gee net vir die Here eers een jaar in jou lewe om in daardie jaar jou te leer wat Hy jou wil leer. Gaan vir daardie jaar in die Here se Woord-universiteit sit en laat Hy jou elke dag leer wat Hy jou wil leer. Want, wat is die kans dat God slimmer as enige universiteit is? Hulle het onmiddellik gesê: Daar is 'n 100% kans! Daarom het ek vir hulle gesê: Nou wel, gaan swot Woord, dan kan jy daarna by enige universiteit gaan swot wat jy wil. Hulle het dit almal gedoen en vandag kan ek en hulle getuig dat dit vir hulle was soos om 'n jaar in die ewigheid te belê en hoe daardie jaar hulle almal se lewens verander het."

'n Mens kry nooit totale vervulling in jou lewe totdat jy God gevind het nie. Dit is ver by godsdiens en tradisie verby. Dit gaan oor 'n persoonlike ontmoeting met die lewende God uit wie se mond die son gekom het. Hy het net een woord gespreek en toe was die son ook daar.

So, as jy iets wil hê wat onveranderlik is, gaan sit by Jesus se voete en laat toe dat Hy jou uit Sy Woord leer.

Ek glo God is ons Vader en as ons Sy Woord vat en dit begin eet, kan Hy die Woord gebruik om ons ten volle te ontsluit sodat ons tot ons volle potensiaal kan ontwikkel.

Die Woord bewerk lewe in ons

God het insidente in die Bybel geboekstaaf vir ons onthalwe.

Jes. 28:9 sê: Jy moet as 'n kind die bors van jou moeder laat los en tyd maak om die Woord te leer en om dit te eet om geestelik volwasse te word.

2 Tim. 3:15 praat van: Jy moet van kleinsaf in die Heilige Skrif geoefen word.

Daarom vertel daardie selfde sakeman waarvan ek vir jou vertel het, soos volg verder: "Ek en my kinders het elke Sondag voete gewas en nagmaal gebruik. Ek het hulle voete gewas en hulle het mekaar se voete gewas, en as hulle baklei het die week, het hulle mekaar daar vergifnis gevra. Dit het hulle lewens geweldig beïnvloed, in so 'n mate dat nie een van my kinders nie God met 'n passie dien nie. Hulle is elkeen in 'n intieme liefdesverhouding met die Here.

My een dogter wat matriek gaan skrywe het, het elke oggend voor sy gaan skryf het, saam met my kom nagmaal gebruik en haar punte was fenomenaal.

Elke kind het 'n getuigenis oor wat God vir hulle doen en bly doen."

Krisisse en geleenthede wat ons uitdaag, hou nie op nie. As jy nie God het nie, is jy alleen in daardie krisis of in daardie situasies, maar as jy God het, is jy gewaarborg om 'n oorwinning te beleef in elkeen van daardie krisisse.

Ps. 34:19 in die Nuwe Vertaling sê: Al word die regverdige ook deur hoeveel rampe getref, die Here red hom uit almal.

So, ons bou karakter hier op aarde en ons moet die geleentheid wat ons het, effektief gebruik om God se Naam groot te maak terwyl ons hier is.

Om prakties lief te hê

Ons het almal 'n behoefte aan liefde.

As volgelinge van Jesus, met Sy Gees en Jesus self wat in ons woon, behoort liefde normaalweg uit ons te stroom. Daarom staan daar in 1 Joh. 4:8: Hy wat nie liefhet nie, het nie God nie.

Daarom moet ons as volgelinge van Jesus ook maar mekaar druk en soen waar die verhoudinge tussen ons dit toelaat.

Daarom moet ons ook doen wat Mat. 5:23 en 24 sê. Ons moet ons offer by die altaar los as ons iets teen ons broer het en eers gaan regmaak.

Baie keer verhoed bitterheid en onvergifnis ons van sukses en seën in ons lewe. Ek sien baie plekke waar ek kom, hoe ouens reg probeer lewe en hulle bes doen, maar hulle vorder net nie verder nie, want hulle het bitterheid en onvergifnis in hulle hart.

Om te saai uit 'n hart vol bitterheid en onvergewensgesindhede, bring geen opbrengs nie. Daarom moet ons maar luister na dit wat daar in Mat. 5:23 staan. Ons moet maar gaan regmaak met daardie mense in ons lewens.

Ja, ek weet dit gaan soms met baie trane gepaard om eers reg te maak, want ouens moet soms hulle pa's se voete gaan was.

In baie van hierdie gevalle beleef jy sekere dinge wat simptome van iets is, en ander dinge wat die eintlike wortel van die probleem is. Simptome is dinge soos: ouens het nie geld nie of hulle is in pornografie vasgevang, maar die wortel is eintlik dat hulle nooit 'n werklike verhouding met hulle pa gehad het nie. As hulle gaan voete was en vergifnis vra vir al daardie jare se bitterheid en onvergewensgesindhede, dan breek al daardie goed oop en dan kom oeste in wat hulle nooit kon dink of droom moontlik kan wees nie.

Ouens wat vergewe het, kom dan met getuienisse wat jou net laat kop skud oor hoe wonderlik dit is waar daar hierdie soort herstel en heling kom.

Ons opdrag is immers om Jesus se getuies te wees. Ons moet getuig van Sy goedheid en alles wat Hy vir ons doen. Ouens se getuienis droog soms op, want bitterheid en onvergifnis laat ook jou geestelike groei opdroog en hou dit terug. Dit laat jou emosioneel, fisies en ook finansieel tot stilstand kom. Alles in jou lewe kom dan tot stilstand.

Mat. 18:22 sê daarom dat ons bereid moet wees om 70 x 7 keer mekaar per dag te vergewe. Soos God se genade nuut is elke môre, so moet ons genade teenoor mekaar nuut wees elke môre. Vergifnis moet dus deel wees van ons lewe.

Vergewe ook jousef

'n Groot deel van vergifnis moet ook teenoor onself bedien word. Ons moet bereid wees om onself te vergewe waar ons langs die pad 'n fout gemaak of misluk het.

'n Mens vergeet soms dat ons in hierdie oorlog is elke dag. Die vyand se oogmerk is om alles wat God gesê het, te vertroebel of as onwaar vir jou te laat lyk.

Jesus kom en sê dat die twee belangrikste dinge in ons lewe is om Hom bo alles lief te hê en om ons naaste lief te hê soos onself.

So, as jy nie jousef lief het nie, het jy moeilikheid! Jy kan maar net gee wat jy het. As jy nie liefde het nie, kan jy dit nie gee nie. Daarom is dit so noodsaaklik dat jy jousef begin vergewe, want in Jesus Christus is alle skuldbriewe wat tussen ons en God, ander mense en onself was, uitgewis.

Jes. 61 praat van hierdie "place of divine exchange". Ek kan met my pyn en smart kom, met my "as" kom en dan gee God my sieraad, of "eer vir my smart", soos die Nuwe Vertaling sê.

As ek myself dus vergewe, kan God my by die volgende geleentheid oprig baie groter as wat ek ooit was. As ek myself egter nie vergewe nie, hou die duiwel my gevange en kan ek nie vorentoe gaan nie, want ek bly heeltyd agtertoe kyk.

Lot se vrou het in 'n soutpilaar verander toe sy teruggekyk het. As ek en jy heeltyd agtertoe kyk as ons vorentoe probeer ry, ry ons in telefoonpale en allerhande goeters vas en maak die een ongeluk na die ander. God se Woord sê dus vir jou: Die oomblik wat jy 'n fout gemaak het, vergewe jousef onmiddellik en kies om te vergeet. Paulus sê: Strek jou uit na wat voor is...

Baie mense sê natuurlik dat hulle nie kan vergewe nie. Dit is egter belangrik om dan te onthou dat vergifnis nie 'n gevoel is nie. Dit is 'n keuse. Ek kies om te vergewe en dan help God my om dit deur te voer.

Fil. 3:10

In hierdie vers staan die volgende: "Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood..."

In hierdie vers is Paulus besig om te gesels oor 'n seisoen in die lewe van 'n volgeling van Jesus waarin hy of sy God baie meer intiem en beter leer ken as ooit van tevore. Soos wat jy

dan God so leer ken, verander dit natuurlik alles in jou hele lewe. Jou perspektief op die lewe verander dramaties. Ander mense rondom jou sal dit natuurlik ook sien, want, sê Paulus, iets van die opstandingskrag in Christus Jesus gaan sigbaar en tasbaar in jou lewe wees.

Met ander woorde, soos wat ons meer en meer tyd saam met die Here en in Sy Woord spandeer, gaan die opstandingskrag en lewe in Christus Jesus ons hele perspektief van wie ons is en wie ons in Jesus is, 'n dramatiese effek hê op alles en almal om ons.

Kenneth Copeland vertel 'n verhaal wat iets hiervan vir my 'n werklikheid gemaak het.

Hy vertel die verhaal in die Bybel van die vrou wat geworstel het met bloedvloeiing wat eendag in geloof aan die soom aan die onderkant van die kleed van Jesus geraak het en onmiddellik gesond geword het.

Copeland het eers gedink oor hoe die skare dit sou ervaar het en toe homself in die skoene gesit van hierdie vrou toe hierdie nuwe seisoen van gesond-wees vir haar aangebreek het. Kan jy jou iets van haar opgewondenheid indink?

Copeland was egter verbaas toe die Here hom vra om weer die verhaal te lees, maar hierdie keer dit te lees vanuit die perspektief van die Een wat die kleed daardie dag aangehad het, naamlik Jesus die Christus en hoe Hy dit alles ervaar het.

Dink 'n bietjie self daarvoor na. Dan sit jy jouself as verteenwoordigers van die Koninkryk van die hemel hier op aarde, gevul met die Gees van Christus, in Jesus Christus se skoene.

Jy is immers gevolgmatige wat in Sy Naam, met dieselfde Gees in en op jou en met die volle krag en outoriteit van die hemel agter dit wat jy sê en doen in Sy Naam.

Ek glo dit is wat met ons gebeur hoe langer ons in Sy teenwoordigheid spandeer en toelaat dat Hy deur Sy Gees ons gedagtes vernuwe. Dit is wanneer Sy opstandingskrag ons begin verander en iets van Sy beeld en van Sy karakter in ons lewe begin deurslaan.

Dit is ook wanneer ons begin verstaan wie en wat ons is. Dat ons letterlik die hande, die voete, die mond, die lewe en deel van die Liggaam van Jesus Christus hier op aarde is. Die Koning van alle konings wil mense en die wêreld om ons bedien met Sy krag, lewe, genade en liefde. Ons word die tuinslange waardeur iets daarvan moet deurvloei na elkeen wat waag om in geloof ons aan te raak.

Het dit nie tyd geword dat ons vrylik en met vrymoedigheid begin weggee wat gratis en in genade aan ons gegee is nie!

Wat jy saai, sal jy maai

Ek is steeds besig om 'n armoede-mentaliteit by Christengelowiges vanuit die Woord aan te spreek wat ek in myself en ander ontdek het.

Daarom was dit vir my so merkwaardig om opnuut te ontdek dat God in Sy Woord sê dat as jy saai, sal jy maai. Dit kan nie anders nie. Dit maak nie saak wat jou naam is of wat jou van is nie. As jy saai, sal jy maai.

In besigheidstaal kan ons dit so sê: “Confession prosedes position”.

My vraag aan jou in die verband dan is: Wat bely jy met jou mond elke dag?

Ek het in my “de-toks-tyd” besluit om voortaan my dae te begin deur God se Woord en Sy beloftes aan my o.a. oor oorwinning, oor lewe en dit in oorfloed, met my mond te begin bely. Ek seën myself letterlik daarmee aan die begin van ’n nuwe dag.

Ja, ek weet, die oomblik toe jy dit lees, het daar miskien ook in jou hierdie godsdiensgees opgestaan, wat vir jou sê: Sien jy, ek het jou gesê: Christo glo in ’n voorspoedsteologie!

Maar jy is verkeerd. Ek glo glad nie, soos glad nie, in ’n teologie van voorspoed nie! Ek het eerder net gekies om God op Sy Woord te begin neem en gekies om te glo wat Hy sê.

As ek dan in die lig van Sy Woord en Sy beloftes ook oor oorfloed, seën en sukses in gelowiges se lewens begin praat, skrik ek ook geensins meer as hierdie godsdiensgees opstaan in mense se lewens nie!

Gedurende my de-toks-tyd het die Here deur Sy Gees my daarvan bewus gemaak dat daar as ek nie glo wat die Here aan my sê nie, is dit ongeloof en dus sonde. As die Here dus my gedagtes wil vernuwe (Rom. 12:2), dan moet Hy my bewus maak van die leuens wat ek gekies het om te glo in plaas van die waarheid wat God deur Sy Woord aan my wil bedien. Deur daardie leuens het die vyand en sonde immers ’n houvas op my lewe en denke gekry en nou moet dit gebreek word.

As ’n mens hiermee begin erns maak, raak jy so bewus van hoe ’n mens deur jou lewe, soos wat jy groot geword het, blootgestel was aan soveel leuens wat jy langs die pad gekies het om te glo. Hoe langer daardie leuens in jou lewe ’n houvas het, hoe groter die tragiese gevolge.

Alles wat die vyand aan ons bedien, is bedoel om by ons te steel, of om ons te vernietig, of om ons dood te maak. Alle sonde vernietig mos. Ons hoef nie eers daarvoor te redeneer of dit probeer bewys nie. God sê so en daarom is dit vas en seker.

Hierteenoor kom God nou na ons toe en nooi ons as Sy kinders uit om Hom en Sy Woord eerder te glo. Hy kom as’t ware en sê: Kom, sluit ’n vriendskap met My.

Nou hoe sluit ’n mens ’n vriendskap met God? In Joh. 14:23 staan dat as jy Hom liefhet, sal jy glo en doen wat Sy Woord sê.

Soveel mense het alles. Hulle het gesondheid, ’n goeie werk, hulle is getroud en het kinders. Dan kom hulle aan die einde van hulle lewe en ontdek dat hulle nooit eintlik iets gehad het

nie, want hulle het nie God in hulle lewens gehad nie en ook nie Sy liefde geken en ervaar nie.

Ten spyte van al die hoevele kere wat God hulle op soveel maniere verseker het van Sy liefde vir hulle, het hulle nooit dit geglo en aanvaar nie.

Die oomblik wat ons aanvaar en glo dat God ons werklik liefhet, verander alles. Daardie oomblik ontdek jy God as 'n Vader, as by jou, as vir jou, wat dit net goed met jou bedoel en wat hierdie wonderlike planne vir jou het.

Mat. 7:11 sê dat as jy, so sleg soos wat jy is, weet om goeie goed vir jou kinders te doen, hoeveel te meer sal die perfekte Here, as ons Hemelse Vader, ons toegooi met Sy liefde.

Vir my het die deurbraak gekom toe ek die vers oor God wat die meeste voorkom in die Bybel, werklik begin glo en hardop, aanmekeer, begin bely het met my mond, naamlik: Loof die Here, want Hy is goed! Aan Sy liefde is daar geen einde nie!

Glo wat God vir jou sê oor jou lewe hier op aarde

In Sy Woord sê die lewende God dat Hy jou en my aangestel het as Sy medewerkers hier op aarde. Hy het alles geskape en toe ons aangestel om hierdie aarde te "run". Luister net na die volgende Skrifgedeeltes om dit te hoor:

Ps. 115:16 sê: Die aarde het Hy vir die mens gegee.

Fil. 2:12 sê: In jou eie lewe moet jy met vrees en bewing jou eie heil uitwerk.

Daarom moet ek en jy werklik krities begin kyk en luister na wat hier in ons gedagtes elke dag aangaan. Luister 'n bietjie krities na daardie selfgesprekke wat jy met "my en myself" het!

Doen dan dit wat 2 Kor. 10:3 tot 5 vir jou aansê om te doen met jou gedagtes. Begin dit te toets en besluit van waar 'n spesifieke gedagte kom. Wat is daardie gedagte se oorsprong? Is dit van God af of is dit die vyand of 'n leuen van die vyand wat jy gekies het om te glo?

Een ding wat jy in die lewe moet onthou, is dat ons hier in 'n geveg is. Waarteen veg ons? Meeste ouens, omdat hulle langs die pad gekies het om die vyand en sy leuens te glo eerder as om God te glo, veg eintlik teen hulleself. Omdat jy nie glo wat God vir jou sê nie, laat jy jouself nie toe dat dit goed met jou gaan nie.

Ek weet nie of dit in jou lewe waar is nie, maar as dit waar is, gaan vra 'n slag jouself af waarom jy dit doen.

Sien, jy moet in jou hart besluit dat dit goed met jou mag gaan.

In 2 Kor. 10:3 tot 5 sê die Here vir jou in Sy woorde: Bestraf hierdie leuens. Bestraf hierdie ongeloof en ongehoorsame gedagtes. Kies dan om eerder God en Sy waarheid oor jou lewe te begin glo.

God begin ons verander deur ons gedagtes te verander

Ons moet mooi verstaan hoekom dit nodig is dat God ons gedagtes moet vernuwe, soos Rom. 12:2 sê.

Sommige vertalings vertaal Spr. 23:7 soos volg: Soos jy in jou hart dink, so is jy. Dit is dan ook die rede waarom God begin om ons te verander deur met ons gedagtes te begin. As Hy ons kan leer om anders te dink, begin ons emosies ook verander en begin die keuses wat ons maak op grond van wat ons dink en voel, ook verander.

Neuroloë vertel ons dat wanneer dit gebeur, kan ons fisiese liggame ook begin herstel en gesond word.

Kom ons kom terug na hierdie armoede-mentaliteit wat so baie gelowiges het. Baie mense dink konstant oor armoede. Tog is hulle heeltemal verras as dit dan begin manifesteer in hulle lewens. Dit kan immers nie anders nie.

Kan jy glo dat daar selfs gelowiges is wat dink dat ons finansiële arm moet wees om geseënd te wees. Ja, en dat om suksesvol te wees, blote geluk of "luck" is!

Daarom vra ek gereeld aan mense: Kan jy dink wat kan gebeur as iemand ten minste 'n uur per dag aan die Here by voorbaat dankie begin sê vir die voorspoed en seënige wat Hy aan ons beloof in Sy Woord?

Kom ek lees vir jou daar uit Luk. 4:18 en 19 waar Jesus verduidelik het waarom Hy gekom het: "Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, om die genadejaar van die Here aan te kondig."

Kan ek vir jou vra: Wie dink jy is die "armes" aan wie Jesus die "evangelie" of "goeie nuus" moet verkondig? Dink jy regtig dat dit net "armes" is wat "besef hoe arm hulle voor God is"? Hoekom sê Jesus dan dat Sy taak ook is om die "genadejaar" of "jubilee-jaar" aan hulle aan te kondig?

Lyk vir my ons moet hierdie kring om die "armes" 'n bietjie wyer trek as wat ons dit nog altyd gedoen het!

Onthou julle toe die vrou daardie duur parfuum oor Jesus se voete uitgegooi het? Wie het onmiddellik hom opgeruk? Dié wat gedink het dat hulle eerder dit moes verkoop en die geld vir die "armes" gegee moes word.

Dan antwoord Jesus dat hulle haar moet uitlos, want “armes” gaan hulle altyd rondom hulle hê.

Dit is duidelik dat Jesus in hierdie geval van “armes” praat wat nie geld het nie.

Kom ons waag om die kring rondom “armes” in Luk. 4 ’n bietjie wyer te trek wat ook hierdie soort “armes” insluit en luister dan wat hier staan.

Dan staan hier dat die armes die mense is wat nog nie mooi gehoor en verstaan het nie dat Jesus verlos en ons vrymaak nie. Hulle het nog nie gehoor dat Jesus voorsien, beskerm en dat Jesus oorvloed en voorspoed bring in die lewens van Sy volgelinge en in die lewens van dié wat Sy Woord glo en gehoorsaam nie. Aan hulle moet die evangelie van vrede verkondig word.

Wow! Dit klink vir my soos “goeie nuus”, of wat sê jy!

Ons toets vir waarheid bly altyd God se Woord en Sy beloftes

Ons is besig om met mekaar te gesels oor hierdie selfgesprekke wat ons met onself in ons gedagtes het.

Soos Rom. 12:2 sê, God wil ons gedagtes vernuwe deur dit in lyn te bring met Sy hart soos Hy dit aan ons uitgespel het in Sy Woord.

God se Woord en Sy beloftes, soos ons dit in die Bybel vind, is ons enigste toets vir wat waarheid en wat leuen is. Dit is die toets wat gaan bepaal of daardie gedagte wat jy dink, of daardie gevoel of emosie wat jy beleef, of daardie keuse wat jy gemaak het, werklik klop met God se wil en hart vir jou lewe.

Jesus Christus is immers die Koning en Here. Sy Woord spel vir ons Sy hart en Sy wil uit, wat dan ons wet en toets vir waarheid en vir wat reg of verkeerd is.

Kom ons wees baie prakties.

Ek sê baie keer vir mense in berading, wat worstel met ’n bepaalde uitdagende situasie in hulle lewens, om ’n A4-bladsy te neem en twee kolomme op die bladsy te trek. Bo-aan die linkerkolom skryf hulle dan: Dit is wat ek dink; dit is die emosies wat ek beleef; en dit is wat ek gekies het om te doen.

Dan daag ek hulle uit om in daardie linkerkolom kortliks neer te skryf wat hulle dink, ervaar en die keuses wat hulle in die verband gemaak het in die verlede.

As hulle dan daarmee klaar is, laat ek hulle bo-aan die regterkantse kolom skryf: Dit is wat God hieroor sê. Dit is die waarheid.

Dan laat ek hulle, soos 2 Kor. 10:3 tot 5 ons leer, elke gedagte, elke emosie en elke keuse letterlik aan die bors gryp en toets in die lig van wat God vir ons daarvoor in Sy Woord sê.

Kom ons neem nou hierdie armoede-mentaliteit waarmee soveel worstel en doen dieselfde daarmee.

Hierdie soort mentaliteit maak dat 'n mens negatief, magteloos, hulpeloos en vergete voel. Jy voel niks loop reg nie. Daar is altyd te min. Ons voel moeg en oorwerk en voel dat ons nooit werklik kry wat ons eintlik verdien deur al ons geswoeg en gesweet nie.

Miskien is dit hoe jy tans voel oor wat dit in jou besigheid en in jou finansies aangaan. Toe, wees eerlik! Hoe dink jy oor die toekoms in die verband?

Wanneer jy met die linkerkolom klaar is, gaan sit dan by die voete van Jesus, met Sy Woord in jou hande, en bid dat Hy deur Sy Gees die Woord, die Bybel, sal gebruik om die waarheid in die verband aan jou te bedien. Begin dan neerskryf wat jy hoor Hy aan jou sê en aan watter beloftes uit Sy Woord Hy jou begin herinner.

Het jy geweet dat daar, volgens die ouens wat sulke dinge tel, meer as 32 000 beloftes in die Bybel is?

Het jy al gaan kyk hoeveel van daardie beloftes praat spesifiek oor wat God se hart vir ons is as dit gaan oor besigheid, finansies, eiendom, ons dag tot dag se behoeftes, ons versorging, ons beskerming, ons toekoms?

Blaai sommer net eers na die Ou Testament toe, waar God nog onder die ou verbond met Sy mense in die verband praat, en lees dan gedeeltes soos Deut. 28:1 tot 14 waar God aan Sy mense Sy hart uitspel om hulle in elke deeltjie van hulle lewe, ook wat hulle finansies, werk en besittings betref, uit hulle skoene te seën!

Luister na sovele van die Psalms en Spreuke in die verband en hoor God se hart daar. Dink maar net aan 'n psalm soos die bekende Ps. 23.

Blaai dan na 'n gedeelte soos Jer. 29:11 tot 14 en lees wat daar staan.

Besef dan dat dit nog maar net God se Woord aan Sy mense onder die ou verbond was. Natuurlik geld dit nog steeds vir ons vandag ook, maar ek en jy leef in 'n nuwe, beter seisoen, waar selfs beter beloftes as dit vir ons geld.

Jesus het intussen gekom en na Sy dood en opstanding, 'n nuwe verhouding, 'n nuwe ooreenkoms, met ons in werking kom stel, wat, sê die Hebreërskrywer, soveel beter en wonderliker is as hoe dit onder die ou verbond was.

Met ander woorde, al God se beloftes, Sy genade, Sy liefde vir ons, Sy goeie bedoelinge met ons, Sy drome vir ons, is soveel beter, soveel wonderliker en sekerder as wat dit ooit onder die ou verbond was!

Daarom is dit so merkwaardig om boonop te hoor hoe Jesus self vir ons in hierdie nuwe bedeling kom sê dat Hy gekom het sodat ons “die lewe kan hê en dit in oorvloed” (Joh. 10:10b)!

Het dit nie tyd geword dat jy dit ook wat jou finansies en besigheid en toekoms betref, begin glo nie!

Lees en memoriseer die Woord

As die Bybel dan werklik ons enigste toets vir waarheid is, dan moet ons dit leer ken. Dan moet ons elke dag tyd maak om dit te lees, te bestudeer, daaroor te mediteer en dit te memoriseer.

Kan ek jou vra? Hoeveel verse uit die Bybel ken jy en weet wat daarin staan?

Elke mens memoriseer seker die Bybel op ’n ander manier, maar kom ek vertel vir jou van een metode hoe jy dit kan begin doen.

Kom ek sê net eers vir jou waarom ek glo ’n mens die Skrif moet begin memoriseer.

Spreuke 18:21 sê: “Dood en lewe is in die mag van die tong”, en Rom. 10:10 sê: “met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.”

Op.12:11 sê die gelowiges oorwin die vyand deur die bloed van die Lam en die getuienis van hulle mond.

Dit is dus van lewensbelang dat ons die Skrif sal ken en kan bely met ons mond in situasies. Ook daardie tye wat ons nie ons fisiese Bybel naby het nie.

Daarom het ek begin om Skrif op klein stukkies papier neer te skryf, in my sak te steek en deur die dag te swot tot ek dit ken en dan gooi ek dit weg.

Ek glo dat die Heilige Gees wat binne-in mens woon, volgens 1 Kor. 3:16, (en ook volgens 1 Kor. 6:19), gaan dan self ons aan hierdie Woord wat ons op hierdie manier gebêre het binne-in ons, wanneer ons dit nodig het, herinner.

Ja, soos ons in Jesus se lewe gesien gebeur het, toe Hy deur die duiwel versoek was.

Daarom kon Hy, op alles wat die vyand aan Hom gesê het, telkens deur die Gees in Hom, terugantwoord en sê: Daar staan geskrywe ...

So, as daar enige ding teen jou kom en jy kan sê: Daar staan geskrywe, het jy klaar die oorwinning behaal.

Dan opereer jy met die outoriteit van die lewende God. Jy sê dan wat Hy gesê het en wat Hy gesê wat waar is in daardie situasie.

Sy Woord staan vas. As Hy iets gesê het, sal dit gebeur.

Maak tyd om die Woord hardop te lees en doen wat daar staan

Ek glo, in die lig van gedeeltes soos Markus 4 en Rom. 10, dat daar iets merkwaardig en kragtig gebeur wanneer ons die Woord hoor.

Markus 4 vertel mos hoe God, as die Saaier van die Woord, wat deur die Woord wat ons hoor, die saad van die Woord in ons saai.

Daarom sê Mark. 4:24, moet ons versigtig wees wat ons hoor en waarna ons luister, want wat ons hoor met ons ore, het 'n geweldige impak in ons lewens.

Dit beteken verder dat die tyd wat ons spandeer in die Woord van God, om die Woord te hoor en te leer ken, sal God gebruik om die openbaring van daardie Woord aan jou te gee en Hy sal daardie woord in jou laat groei en vrug dra. Sodat wanneer jy in situasies is, daardie woord lewend en kragtig in jou sal gereed staan sodat jy dit kan gebruik om jou te bedien in daardie situasie met wat jy nodig het.

Ek het hierdie groep sakemanne van Pretoria ontmoet wat weekliks bymekaar kom om mekaar aan te moedig om presies dit te doen waaroor ons hier praat.

Daar in hulle groep sê hulle vir mekaar: "Om as sakemanne 'n sukses te maak in besigheid, moet ons elke dag 'n hoofstuk van Spreuke hardop vir onself lees (en daar is 31 hoofstukke, een vir elke dag van die maand), plus 'n hoofstuk uit die NT en 'n hoofstuk uit die OT. Hulle moet dit egter nie net lees nie; hulle moet ook doen wat daar staan.

Daar leer hulle mekaar dat God se Woord nie net as informasie bedoel is nie, maar dat dit bedoel is vir ons transformasie.

As daar byvoorbeeld in Spr. 3:9 staan dat ons God met die eerste deel van ons inkomste moet eer, dan lees hulle dit in die lig van wat God ook aan ons na Jesus onder die Nuwe verbond gesê het, om te bepaal hoe hulle daarop moet reageer. Dit help hulle dan kies om nie aan God en vir die koms van Sy Koninkryk eers te gee nadat jy eers jou water en ligte betaal het nie. As die geld of daardie emmer room nadat jy die koeie gemelk het, in jou hand is, is die boonste en eerste deel bedoel om na God toe te gaan uit dankbaarheid. Daarna doen jy wat jy moet doen en betaal jy wat jy moet betaal.

Hulle leer mekaar 2 Kor. 8:12 sê jy gee volgens wat jy het en nie volgens wat jy nie het nie, maar jy gee, want God het 'n blymoedige gewer lief, sê 2 Kor. 9.

Omdat dit 'n woord van God is, is dit soos 'n wet of 'n vasstaande beginsel, soos swartekrag, wat altyd waar is; en wat altyd geld.

In Gen. 8:22, nadat Noag sy offers gebring het, is daar 'n wet op die aarde ingestel wat bepaal dat ons nie meer in die sweet van ons aangesig ons brood sal verdien nie, maar dat ons van nou af sal lewe van wat ons gesaai het.

Dit is waarom hierdie sakemanne dan vir mekaar sê dat “we will work to make a giving”, en nie “work to make a living” nie.

Daarom het hulle gekies om te glo dat wanneer ons met die regte gesindheid en motiewe begin saai deur te gee waar God my aansê om te gee, sit ek 'n wet van God in beweging wat my sal onderhou.

Ek glimlag eintlik, want hulle vertel aan mekaar van soveel mense wat letterlik hulle “saad opeet”, sodat daar dan, wanneer krisisse kom, geen oes is wat hulle kan deurma nie. Dan is daardie mense vir God kwaad omdat Hy hulle dan nie sou versorg het nie, maar intussen is jyself die probleem en moet jy vir berading gaan!

Is armoede deel van die prentjie as God se Koninkryk begin deurbreek?

Ek hoef jy seker nie te oortuig dat die werklikheid onder die bepalings van die Nuwe Verbond wat aangebreek het na Jesus Christus se dood en opstanding, soveel beter en soveel meer seën vir God se mense inhou as ooit voorheen die geval was onder die Ou Verbond nie.

Tog het ek al vir jou 'n paar keer aangehaal uit die Ou Testament, waar die Ou Verbondsbepalings nog geld, om aan te toon dat as dit dan God se wil was onder daardie verbond, hoeveel meer kan ons dan verwag onder die Nuwe Verbond waarin ons onself nou bevind!

Met dit in gedagte, luister net na hierdie merkwaardige gedeelte in Deut. 8. Daar herinner God Sy volk aan hoe Hy hulle in die veertig jaar in die woestyn versorg het.

Luister net hierna (van vers 2 tot 5): "Jy moet onthou hoe die Here jou God jou nou veertig jaar lank in die woestyn gelei het. Hy het dit gedoen om jou nederig te laat word en om jou op die proef te stel sodat Hy kan weet wat jy dink en of jy sy geboorte sal gehoorsaam of nie.

Hy het jou laat swaarkry, laat honger ly en toe met manna gevoed, iets waarmee nóg jy nóg jou voorvaders bekend was. Hy het dit gedoen om jou te leer dat 'n mens nie net van brood leef nie, maar dat hy leef van elke woord wat uit die mond van God kom.

Jou klere het in die veertig jaar nie verslyt nie, en jou voete het nie geswel nie.

Jy moet diep in jou hart weet: soos 'n man dissipline by sy seun kweek, so het die Here jou God vir jou dissipline geleer.”

Dit as alles ter voorbereiding met die oog op die lewe van oorvloed wat vir hulle voorgelê het (nog steeds onder die bepalinge van die Ou Verbond) in die beloofde land, Kanaän, waar God hulle uit hulle skoene gaan seën.

Luister na vers 6 tot 11: "Jy moet die gebooie van die Here jou God gehoorsaam en sy wil doen. Jy moet Hom dien, want Hy sal jou in 'n goeie land bring: 'n land met waterstrome, met fonteine en riviere wat in valleie en berge ontspring, 'n land met koring en gars, wingerde, vyebome en granate, 'n land met volop olyfolie en heuning, 'n land sonder armoede, waarin jy genoeg sal eet en niks sal kortkom nie, 'n land waarin daar volop yster in die klippe is en waar jy kan koper delf in die berge.

Telkens wanneer jy genoeg geëet het, moet jy die Here jou God dank vir hierdie goeie land wat Hy aan jou gegee het.

Sorg dat jy nie die Here jou God vergeet deurdat jy nie gehoorsaam is aan sy gebooie en bepalinge en voorskrifte wat ek jou vandag gee nie."

Luister dan na hierdie merkwaardige stelling wat God dan maak daar in Deut. 15:4-6 oor hoe dit moet wees onder God se mense daar in die land van melk en heuning: "As jy maar net luister na die Here jou God en gehoorsaam is aan al hierdie gebooie wat ek jou vandag gee en daarvolgens lewe, sal daar nie 'n arme onder jou wees nie, want die Here sal jou baie voorspoedig maak in die land wat Hy jou gee om as jou eie te besit.

Die Here jou God sal jou voorspoedig maak soos Hy beloof het, en jy sal aan baie nasies kan uitleen sonder dat jy self hoef te leen. Jy sal oor baie nasies heers, maar oor jou sal hulle nie heers nie."

As daar nogtans nog van God se mense arm word – ten spyte van dit wat werklik in God se hart vir Sy mense was – hoor dan wat sê God hieroor: "As daar in een van die dorpe in die land wat die Here jou God aan jou gee, 'n arme is, 'n mede-Israeliet, moet jy nie hard en suinig wees teenoor so 'n broer van jou wat arm is nie. Wees vrygewig teenoor hom en leen hom wat hy nodig het."

Jy weet ook dat as die Ou Testamentiese volk aan mekaar geld geleen het, God hulle verbied het om vir mekaar rente te vra op daardie geld. Dit laat 'n mens dink, nê!

[Kom ons dink verder oor die Koninkryk wat kom in die besigheidwêreld](#)

Baie ouens woon gereeld motiveringskursusse by om beter en suksesvol besigheid te kan doen. Natuurlik kan dit goed wees, solank jy seker maak dat dit wat hulle jou daar leer, jou nie dalk 'n leer gee wat teen die verkeerde mure staan gemaak is nie.

Ek is oortuig dat God wat ek en jy aanbid in Jesus Christus, wie se Koninkryk ook hier op aarde moet kom, die Skepper en Bron van voorspoed en sukses ook in die besigheid is.

Ek is ook oortuig dat voorspoed uit die hemel uit kom. Sukses kom uit die hemel uit. Voorsiening kom uit die hemel uit. Genesing kom uit die hemel uit.

Ek is ook oortuig dat siekte, armoede, depressie, misdaad, korrupsie en al die ander negatiewe dinge waarmee ons in die finansiële wêreld so worstel, alles uit die hel uit kom.

Ek wil die stelling maak dat armoede een van die baie siektes van die siek wêreld van ons is. Een van die virusse wat hierdie siekte veroorsaak, glo ek, is juis hierdie gees van armoede.

Ek is verder oortuig dat hierdie virus dalk meer mense al doodgemaak het en nog gaan doodmaak as enige ander virus op aarde.

Hoeveel ouens is vandag in grafte as gevolg van armoede en hierdie gees en armoede-mentaliteit! Hoeveel mans het nie al homself en selfs sy hele gesin uitgewis as gevolg van hierdie gees nie, juis omdat hy nie geweet het hoe om die uitdagings wat daarmee gepaard gaan, te hanteer nie.

Dit terwyl daar 'n God in die hemel is wat sê: Roep My aan, Hand. 2:21, en Ek sal jou red. Wat daar in Ps. 50:15 sê: Roep na My in jou benoudheid en Ek sal jou uitred. Maar onthou om My die eer te gee.

Natuurlik is dit weereens 'n geloofskeuse om te glo dat God vir jou iets anders in gedagte het as dit wat jy tans belewe in jou armoede en waar jy tans te min het. Maar jy sal daardie besluit moet neem.

Lyk vir my, vir party van ons is dit net te veel om vas te gryp en te glo.

Wel, dan het ek nie vir jou raad nie. Dan moet jy maar in die skool van armoede gaan sit tot jy reg is hiervoor. Bly tussen die armes, word soos hulle, dink soos hulle. Funksioneer soos hulle. Maar moet dan nie daarvoor kla nie, want dan is dit jou keuse.

Kom ek vra vandag vir jou, in die lig van die Goeie Nuus van die Evangelie van Jesus wat gekom het sodat jy lewe kan hê en dit in oorfloed: As daar 'n kans is dat dit met jou goed kan gaan, wat is jy bereid om in die stryd te werp om 'n beter lewe vir jouself en jou geliefdes te bewerk?

Ouens, as dit wat jy dink en sê en doen, nie werk nie, hou op daarmee! Kies dan 'n ander pad. Kies dan om dinge 'n slag op 'n ander manier as gewoonlik te doen!

Ek glo dit begin daar waar jy opstaan elke dag en dit wat jy daar aan die voete van Jesus elke oggend gaan besluit oor daardie dag en oor jou lewe.

Die een ou kyk na die dag en sê: Wow, wat 'n voorreg! Wat 'n geleentheid, Here, om U seën en oorfloed ook vandag te beleef! Ek is die mees geseënde ou wat lewe! Dankie vir die fees van geleentheid wat vandag op my wag!

Die ander ou staan op en sê vir homself: Dit is dag, maar eintlik is dit nag, want kyk net wat staan in die koerante en wat sê die TV-nuus! Ek is nie eers lus om werk toe te gaan nie, want dit is pikdonker daar!

Weet jy, dan is dit ook presies soos wat elke ou gedink het in sy hart.

Vir die laaste ou is dit dan 'n piknagdonker dag daardie dag, want Spr. 15:15 sê: 'n Bedrukte ou het elke dag 'n slegte dag! Maar 'n vrolike het elke dag 'n fees!

Die Woord van God is daar om ons toe te rus om in oorwinning te lewe, om oorvloed te beleef en om in hoofletters te lewe en nie net te bestaan en te oorleef nie.

Die keuse is joune. Jou lewe kan 'n oorlewingskursus wees of dit kan 'n lewe van oorvloed wees. Alles gaan afhang van wat daar in jou kop en hart aangaan. Jy besluit wat die lewe vir jou gaan wees. Jy kan besluit wie en wat gaan jy glo en wat gaan jy met jou mond bely, en wat jy dan in die lig hiervan, as gevolg hiervan, gaan beleef.

[Kom ons gesels verder oor hoe lyk meer as genoeg](#)

Ons praat nou hier nie oor wat dit beteken op geestelike gebied nie. Ons praat nou oor hoe lyk dit daar waar die "tyre" die teer slaan in jou bankrekening, jou besigheid, jou familie se begroting en geldsake.

Lyk vir my, in die lig van die Woord, beteken dit ten minste dat daar van alles genoeg sal wees, sodat jy jou oor niks hoef te bekommer nie (Mat. 6:25 e.v.)

In die lig van gedeeltes soos 2 Kor. 9:8 en Fil. 4:19, lyk dit vir my, beteken dit daar sal meer as genoeg wees, sodat jy kan uitdeel aan ander wat nie genoeg het nie.

Min mense se koppe dink aan uitdeel. Die meeste mense se koppe werk net aan planne oor hoe hulle en hulle familie genoeg van alles kan hê vir solank hulle lewe, sodat hulle alles kan koop wat hulle oë sien en alles kan hê en kan doen wat hulle harte begeer. Vir die meeste mense gaan alles oor die onheilige drie-eenheid: "I, myself and me".

So, as ek dan 'n opdrag van God het "om my gedagtes gevange te neem", wat beteken dit prakties in hierdie geval? Hoe doen ek dit? Hoe leer ek my kinders om anders te begin dink?

Miskien beteken dit dat jy vir 'n keer jou kinders na 'n lekkergoedwinkel sal neem en vir hulle sal sê: Vat wat julle wil hê. Ek sal betaal.

Ja, ek weet die meeste baie verantwoordelike Ma's sal sê: Hoe kan jy dit sê?

Dan moet ons vir hulle sê: Ons wil vir ons kinders iets leer oor God se oorvloed wat deel is van Sy beloftes aan ons in Christus Jesus.

Hulle moet leer dit is nie 'n Treurvallei hier op aarde nie.

Hulle moet leer hier het ons as God se kinders, 'n Pa wat vir ons lewe en dit in oorvloed wil gee. Hy sal betaal daarvoor, want Hy wil dit vir ons gee.

Luister maar net dan Sy belofte daar in Jer. 29:11-14: "Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!

Dan sal julle My aanroep, tot My kom bid, en Ek sal julle gebede verhoor.

Julle sal vra na my wil en julle sal dan my wil ken as julle met julle hele hart daarna vra.

Julle sal My ontmoet, sê die Here..."

Die wonder is dat die meeste kinders wat iets hiervan begin verstaan, vat wat hulle wil hê en sal ook nie alles daar en dan opeet nie. Hulle mors ook niks nie. Hulle bêre wat oor is vir môre en oormôre, en eet dit bietjie vir bietjie.

Dié wat dit nie verstaan nie, die "armes" van die Bybel, mors mos as hulle skielik op een slag te veel kry, want hulle glo nie dat hulle dalk môre en oormôre ooit weer so gelukkig sal wees om iets verniet te kry nie.

As jy my nie glo nie, kyk nou maar hoe gaan dit by 'n troue waar die drank op die huis is. Dié wat nie weet hoe nie, versuip hulle self. Jy word eintlik skaam vir hulle onthalwe.

Dit is hoe die mens is. Dit is hoe 'n mens optree wat nie weet en glo dat daar altyd van alles genoeg is en van alles altyd genoeg gaan wees nie. As jy koek kry, verslind jy die hele koek, want jy weet nie wanneer gaan jy weer koek kry nie.

Later het jy baie geld, maar omdat jou manier van dink en jou hart nie verander het nie, verander jou gewoontes en manier van doen ook nie. Daarom, as jy by 'n buffetete aansit, dan eet jy asof daar nie ook môre iets gaan wees om te eet nie.

Die waarheid kan ons vrymaak van hierdie armoede-mentaliteit

Jy ken die belofte daar in Joh. 8:32 wat ons vertel van die waarheid wat ons ken, wat ons sal vrymaak.

Daardie waarheid is nie net nog 'n klompie kennis of inligting wat ons moet weet nie. Nee, dit is 'n Persoon, en sy naam is Jesus.

So, as jy tyd saam met Jesus spandeer, saam met Hom stap, moet jy besef: Hierdie Jesus is die Koning wat aarde toe gekom het om hemel hier te laat kom.

As Hy dan hier by jou is, in jou is, kan jy op 'n woord van Sy kant af glo dat vyf broodjies en twee vissies 10 000 mense (manne, vroue en kinders) kos kan gee sodat almal genoeg kan eet.

Ek weet as jy dit vandag vir mense sê, sal baie van hulle dit nie verstaan nie. Dit gaan vir hulle nie sin maak nie, want die somme klop nie vir hulle nie.

(Dit is waarom die bonatuurlike geboorte van Jesus en die maagdelike geboorte nie vir die wêreld sin maak nie).

Kom ek wees 'n bietjie persoonlik en vra jou: As God vandag na jou toe kom en vir jou sê: Ek het gekom dat jy lewe en dit in oorfloed kan hê, hoe reageer jy? Begin jy met Hom redeneer of begin jy onmiddellik te juig?

Die meeste ouens het 'n klomp redenasies as jy dit vir hulle sê, maar lyk vir my, dit is bloot 'n keuse. Jy moet leer om God en Sy woord te glo.

(Dit is snaaks hoe mense hulle hele lewe ontken dat daar 'n God is, tot hulle daar op hulle doodsbed lê. Dan droog al daardie slimstories op. Boonop druk die mediese wêreld nog 'n pyp in jou keel in dat jy nie te veel kan redeneer nie! Dan het jy nie 'n ander keuse nie as om te fokus op wat belangrik is!)

Toe Sagaria nonsens begin praat oor Johannes se geboorte, laat die engel hom stom raak.

Spr. 18:21 sê immers: "Die tong het mag oor dood en lewe..."

Daarom, oppas wat jy dink, want dit word wat jy begin sê met jou mond. Moenie dan verbaas wees as dit dan ook 'n werklikheid word in jou lewe nie!

Elimineer armoede in jou lewe deur beheer te neem oor wat jy dink en vat sommer ook so beheer oor wat uit jou mond kom.

As jy kies om God op Sy Woord te neem, gryp dan Sy beloftes aan jou vas.

Hy kan immers nie Sy beloftes aan jou breek nie en moet dit hou, want Hy kan nie lieg nie...

Daarom gaan daar môre genoeg wees. Hy belowe immers dat Hy jou nooit vergeet of verlaat nie. Hy weet presies wat jy nodig het. Hy belowe jou dat as jy Hom op Sy Woord neem, Sy koninkryk soek en Sy wil vir jou lewe, hoef jy nooit weer bekommerd te wees of daar genoeg gaan wees vandag, môre of oormôre nie.

Hy sal sorg dat daar van alles genoeg sal wees. Ja, selfs meer as genoeg sal wees, sodat jy gaan oorhê om te kan gee vir elke goeie saak en waar ander te min het. Dit gaan nooit opraak nie.

Die God wat ons dien, is 'n betroubare Voorsiener. Hy belowe dit.

Jy moet net leer om te kies om dit te glo.

Deut. 28

In Deut. 28 van vers 1 af, belowe die Here aan Sy Ou Testamentiese volk, onder die ou verbondsbedeling, dat as jy luister na Sy stem en doen wat Hy sê, sal dit altyd met jou goed gaan.

Ek wil ook vir jou herinner daaraan dat hierdie selfde God jou ook waarsku oor wat gaan gebeur as jy nie luister en glo wat Hy sê nie.

Luister wat staan daar in Deut. 28:47 en 48: “As jy die Here jou God nie met vreugde en blydschap dien nie omdat jy baie besit, sal jy jou vyande wat deur die Here teen jou gestuur sal word, moet dien.

Jy sal dit doen terwyl jy honger en dors en sonder klere is en gebrek ly, en jou vyand sal ’n ysterjuk op jou nek sit totdat hy jou uitgeroei het.”

Ons vergeet baie keer dat, as seuns en dogters van God, is ons doel op aarde om iets van die Koninkryk van God ook hierdie te laat gebeur in Jesus se Naam.

Die implikasies hiervan vir ons finansies en besigheid is byvoorbeeld, dat ook die voorspoed wat ek daar beleef en wat God vir my daar gee, juis daar is omdat Jesus so gesê het.

Hy het immers belowe dat as ek Sy Koninkryk ook daar soek, en my daarvoor daar beywer, sal Hy vir my sorg.

As jy egter daar, in jou besigheid en in jou finansies, vanuit ’n armoede-mentaliteit leef en dink, dan gaan jy nooit in hierdie deel van jou lewe genoeg hê nie.

Wat nog te praat van om daaraan te dink om vir ander te gee.

Met so ’n armoede-mentaliteit en manier van dink, voel baie mense dat hulle nooit genoeg het om aan ander met minder te gee nie, al het hulle self miljoene in die bank gehad.

In hulle eie oë is en bly hulle altyd arm. Hulle praat so en dink so.

Daarom wil hulle heeltyd spaar en alles wat hulle inkry, so bêre dat niemand anders tog enigiets daarvan kan vat of kan kry nie, want hulle weet en glo nie dat die Bron wat dit gee, onuitputlik is nie.

Jy kan bekostig om te saai

Waar ek en jy die goeie nuus van die Evangelie oor Jesus Christus en die Koninkryk van God glo, kan jy dit bekostig om te saai.

Om die waarheid te sê, as jy die boodskap van die Evangelie en die goeie nuus oor Jesus Christus regtig verstaan, kan jy nie bekostig om nie te saai nie.

Inteendeel, God gaan juis kyk hoe jy dit hanteer wat jy kry en wat jy het, in die vorm van geld, om te kyk en om te besluit of Hy jou met ware rykdom (dit wat as hemelse "wealth" beskryf word) kan vertrou.

Dit is wat daar in Lukas 16:9 e.v. staan. Kom ek haal dit vir jou aan: "En Ek sê vir julle: Gebruik die oneerlike mammon om vir julle vriende te maak sodat wanneer die geld nie meer kan help nie, hulle julle in die ewige wonings sal ontvang.

Wie in die kleinste dinge betroubaar is, is ook in die groot dinge betroubaar; en wie in die kleinste dinge oneerlik is, is ook in groot dinge oneerlik.

As julle dan nie betroubaar is in die hantering van die oneerlike mammon nie, wie sal die ware rykdom aan julle toevertrou?

As julle met 'n ander man se goed nie betroubaar is nie, wie sal dan iets aan julle gee om as julle eie te besit?

Geen huisbediende kan vir twee base tegelyk werk nie, want hy sal of die een minder ag en die ander een hoër, of vir die een meer oorbêre en die ander een afskeep. Julle kan nie God én Mammon dien nie."

Daarom kan iemand met vrymoedigheid, alles wat hy/sy het, saai as God so gesê het, want die God wat vir my sorg, is getrou aan Sy woord.

Daarom hoef ons nie Gesie van die weeshuis te wees nie, wat alles bêre en spaar en ons self nooit 'n nuwe rok of paar skoene gun nie.

Die Here sê aanmekaar vir ons: Moenie jou bekommer nie, Ek het baie!

Maar ons glo dit nie werklik nie. Daarom bêre ons en steek dit hier weg en daar weg, mits die Here ons dalk net op 'n dag vergeet, of so dink ons in ons ongeloof.

Daarom wil ons nog hier 'n belegging maak en daar nog 'n versekeringspolis koop, terwyl ons jare gelede al genoeg daarvan gehad het.

Verstaan mooi, ek praat nie hier oor beleggings en polisse oor die algemeen nie. Ek praat hier oor 'n manier van dink wat verkeerd is. Ek praat hier van mense wat finansiële suksesse omdat hulle verkeerd dink.

Ek glo werklik dat Christene wat werklik die boodskap van die evangelie verstaan, laat toe dat hulle geld altyd aan die rol bly en hulle saai met vreugde en vrymoedigheid.

As ons rondom ons kyk, veral hier in die Wes-Kaap, dan sien jy so baie ou geld oral rondlê en wat vasgevang sit in dinge. Baie van die goed het al gemuf, want dit werk nie meer nie. Dit sit êrens vasgevang in een of ander vorm van belegging omdat mense so bang is daar gaan dalk môre te min wees.

God wil met die evangelie jou kop en jou hart kom verander sodat jy kan begin reg dink en reg praat en reg doen. Sodat jy kan begin saai, sodat jy kan maai en kan fees vier omdat God goed is.

Sodat jy met vrymoedigheid en vrede jou broers en susters ook met jou geld en goed kan bedien omdat jy hulle liefhet, deur prakties te gee en te saai in hulle lewens daar waar hulle nood het.

As jy eers die Evangelie begin verstaan, dan kan jy nie maar net nog 'n splinternuwe Merc koop omdat jou besigheid se inkomste hierdie boekjaar te veel was en jy dalk te veel belasting moet betaal nie. Daarom koop baie besigheidsmanne mos vir hulle nog 'n nuwe Merc op die besigheid se rekening en skryf dit dan af teen belasting.

Dit terwyl daar soveel broers en susters rondom jou is wat op die oomblik tekort en te min het.

Raak betrokke by God en by Sy Koninkryk wat hier op aarde moet kom ook deur wat jy vrylik begin weggee.

Die oomblik wat jy by God en Sy Koninkryk betrokke raak, raak God intens by jou betrokke

Kom ek skep vir jou 'n scenario wat ek vertrou nooit waar gaan wees in jou lewe nie.

Sê nou, met alles wat joune is, met al jou beleggings en al jou polisse in plek, byt een van daardie dodelike muskiete jou. Met die gevolg dat jy daar in die bed lê en rittel en beef en dan moet hoor hoe die dokter vir jou sê: Jammer, meneer, daar is niks meer wat ek vir jou kan doen nie. Jy moet maar jou sake in orde kry.

Sê vir my, wat gaan jy dan met al daardie geld en beleggings doen?

Weet jy, een so ou wat daar op sy sterfbed gelê het, het gesê dat hy bereid was om alles wat hy gehad het, te gee as hy net nog een dag hier op aarde langer kon lewe.

Ja, ek weet die dood is nou nie iets waaroor enige van ons hou om oor te dink nie, maar verduur my net vir 'n oomblik as ek jou vra: Dink 'n bietjie na oor die voorreg wat jy het om vandag nog lewend te wees en gesond te wees. Dink net 'n oomblik na oor wat jy alles het.

Dan wil ek jou as gelowige volgeling van Jesus konfronteer met die volgende stelling:

As ons regtig weet hoe welgesteld ons God is, hoe betroubaar Hy is en wat Hy alles aan Sy kinders belowe, dan dink ek jy sal met my saamstem: Ons koppe is eenvoudig te plat om ons in te dink in wat inderwaarheid regtig ons s'n is as Sy kinders en volgelinge!

Ons verstaan bittermin daarvan as God in Sy Woord vir ons sê dit is alles ons s'n!

Maar kan jy jou indink as ek en jy dit net regtig sou begin glo...

Hoe anders sal ons lewe dan nie wees nie!

Ja, dan sal ons miskien vir die eerstekeer in ons lewe werklik begin lewe! Want tot op daardie oomblik het ons eintlik nog net bestaan en elke dag probeer oorleef!

Hoe diep en intiem is jou verhouding met Jesus

Omdat ons verhouding met die Here so oppervlakkig is, omdat ons kennis van Hom en Sy Woord so oppervlakkig is, dink ons, praat ons en lewe ons soos ons tans dit doen.

Daarom sit soveel van ons vasgevang in hierdie armoede-mentaliteit.

Ek wil jou herinner aan daardie gedeelte daar in Joh. 15 waar Jesus gesê het dat Hy die wingerdstok is en ons die lote.

Ja, dat in die mate wat ons in Hom bly en deel van Hom is, in daardie mate het ons alles en kan ons alles doen wat die Vader van ons vra.

Kan ek jou vra: Is jy in Jesus? Hoe intiem en diep is jou verhouding met Hom?

Daar in die Psalms hoor ek hoe Dawid gesê het: Dié diep hier in my, roep na U dieptes.

Daarom wil ek vandag die volgende stellings maak:

Alles wat jy nodig het, is reeds joune in Jesus Christus.

Al die rykdom en "wealth" wat jy nodig het, wat in die heelal is, is in Jesus. Jesus is dit alles.

Jesus is al die krag wat ons as Jesus se volgelinge mag nodig kry.

Hy is al die voorsiening wat ons mag en kan nodig kry. Hy is alles wat ons mag en kan nodig kry.

Daarom kan ons begin ontspan as ons Sy kinders is.

Daarom het ons rede om bly te wees. Ons het rede om God elke dag te loof en te prys.

Ons het rede om vir Hom te sê: Alles is so wonderlik wat U geskape en gemaak het. U onderhou alles so merkwaardig en is so getrou. Ek loof U daarvoor.

Ek loof en prys U dat die verlossingskrag van Golgota ook by my kon uitgekome het. Ek aanbid U vandag en eer U.

Dankie, Jesus, dat daar in U vir my lewe is, en dit in oorvloed!

Vertrou jy werklik God om jou te versorg en te seën?

Rom. 12:2 is 'n vers wat ek oor en oor vir myself hardop lees en oor mediteer. Kom ek haal dit hier aan:

“Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.”

Dit is die God van die heelal wat hier aan die woord is.

Hy sê vir jou dat jy moet seker maak, ook wat jou geld en goed betref, dat jy tog nie soos die res van die wêreld rondom jou daaroor dink nie.

Dit is tyd dat jy mooi nadink oor wat dit beteken om anders as die res van die wêreld daaroor te dink, hoe dit jou lewe sal raak en wat gaan gebeur as jy doen wat Hy sê.

Die Here sê vir jou dat as jou denke nie vernuwe nie, kan jy nooit proe wat die goeie, welgevalle en volmaakte wil van God vir jou lewe is nie.

Hy sê vir jou dat as jy nog een van daardie mense is wat dink dat jy gebore en bedoel is om swaar te kry, en nooit genoeg sal hê in hierdie lewe nie, dan kort jy 'n Bybelse klap teen die kop...

Nee, nie 'n regte fisiese klap nie, maar eerder 'n detoks wat jou manier van dink betref, want jy dink beslis nie Bybels daaroor nie.

As ek die goeie nuus van die Evangelie probeer deurtrek na geld en goed toe, lyk dit vir my, klink God se goeie nuus heeltemal anders as daardie soort verkeerde denke.

Dan hoor ek God sê dat dit Sy wil is dat, as ek werklik glo dat Jesus Christus op Golgota vir my gesterf het, dit met my in alle opsigte goed sal gaan. Of in Jesus se woorde daar in Joh. 10:10b: Dat ek lewe sal hê, en dit in oorvloed.

Ek hoor hierdie selfde goeie nuus ook in soveel van Sy ander beloftes aan my.

Neem nou maar die bekende Ps. 23 waar Hy my belowe: Ek is jou Herder. Daarom kom jy niks kort nie.

Dit beteken Hy lei Sy skape na wat Hy weet hulle nodig sal hê en waar alles sal wees wat vir hulle goed is.

Selfs waar hulle soms in gevaar beland, is Hy daar om hulle te beskerm en om hulle weer terug te bring na 'n plek van veiligheid.

Waar hulle sal beleef hulle is eregaste aan Sy swaargelaaide tafels vol seën en genade, waar alles net vir hulle gereedstaan.

Gaan lees ook wat 'n gedeelte soos Joh. 10 in die verband sê.

Daar staan dat Hy selfs jou deur is uit jou moeilikheid uit, maar Hy is ook die deur na waar daar voorspoed, seën en versorging vir jou wag.

Jesus is dus die Een wat jou uit jou gemors uit lei.

Hy is ook die Een wat sorg, sê Ps. 23, dat jy geen tekort sal hê nie.

Geen tekort nie, het jy gehoor?

Nie aan liefde nie. Nie wat voorsiening betref nie. Nie wat jou gesondheid betref nie.

In die woorde van die Psalm: Niks, net mooi niks in geen area van jou lewe, sal jou ontbreek nie. En dit geld ook vir jou finansies, jou geld en jou goed.

Die vraag is net of jy dit werklik glo!

Wat as die “popo die fan strike”!

Hoe reageer 'n gelowige volgeling van Jesus Christus as iets in jou lewe gebeur wat anders is as wat God vir jou belowe as Sy kind?

Lyk vir my, as daar sulke dinge gebeur, behoort jou brein onmiddellik vir jou te sê: Hierdie is nie van God af nie.

Nee, maar wat doen ons gewoonlik? Baie van ons begin onmiddellik ons te bekommer of te twyfel.

Wat ons nie besef nie is dat, deur ons te bekommer of te begin twyfel, ons die “pelle” van bekommernis en twyfel, ook saam innooi in ons lewe in! Daarom is dit van daardie oomblik af nag vir jou, tot jy weer tot besinning en tot geloof kom!

Terwyl, as jy die Woord ken en toelaat dat God jou nuut leer dink oor dinge, behoort jy te weet wat van God af is en wat van elders en letterlik uit die hel uit kom.

Lyk vir my, ons moet vir onself so 'n klein toets-vraelys vir sulke tye in ons lewe op te stel wat ons kan help bepaal waarmee ons in sulke gevalle te make het.

Daarmee kan ons in sulke tye vir onself afvra: Waarmee het ons hier te make? Lig of donker? Seën of vloek?

As daar dan op 'n dag iets in jou lewe of besigheid opdaag wat jy beslis weet uit die koninkryk van die duisternis is, wat sê God moet jy daarmee doen?

Hy sê jy moet in die eersteplek Hom en Sy Woord aan jou vertrou en nie begin twyfel of vrees nie.

Hy sê vir jou dat jy nie op jou eie insigte en oplossings moet staat maak nie, maar om na Hom toe te kom en by Hom te kom soek vir bonatuurlike strategie en oplossings.

Hy sê vir jou, in die woorde van Fil. 4:6 en 7, om jou nie te begin bekommer nie, maar om eerder jou nood aan God bekend te maak en sommer vir Hom by voorbaat dankie te sê dat Hy getrou is aan Sy Woord en Sy beloftes aan jou. Ja, dat Hy 'n waar-maker is van Sy Woord.

En dan kan jy, in die woorde van Jak. 4:7, omdat jy jou so weer aan God en Sy Woord onderwerp het, die duiwel en die aanvalle uit die hel teëstaan. Dan moet hulle van jou af wegvlug.

Hoor jy, Hy sê jy moet wat uit die hel uit kom, bind, wegjaag en teëstaan. Begin dit te bestraf en kry dit uit jou lewe uit.

Sien, as jy dit nie weet nie, dan dra en verdra jy dit.

Kom ek gebruik 'n uiters ekstreme voorbeeld van iemand wat met 'n hele sak slange by jou huis aankom en wat sê dat dit 'n geskenk uit die hemel en God se wil vir jou lewe is.

As jy die Woord en God ken, weet jy dat hierdie pakkie nie vir jou bedoel is nie. Dan weet jy: Dit is by verkeerde adres afgelewer!

Dit kan egter net gebeur as jy in jou hart weet wie jou Pa is en wat Sy beloftes aan jou en jou geliefdes is.

[My volk gaan ten gronde as gevolg van 'n gebrek aan kennis](#)

Die Woord sê: My volk gaan ten gronde weens 'n gebrek aan kennis.

Jesus sê: Ons is verdwaal, want ons ken Hom nie werklik nie.

Daar in Mat. 22:29 sê Hy: "Julle dwaal omdat julle nie die Skrif (wat volgens Joh. 1:1 die Woord of Jesus self kan wees) en ook nie die krag van God ken nie."

So, as jy God werklik ken, sal jy nie verdwaal nie. Jy sal nie depressief wees nie.

So, as iemand sê hy ken God, dan vra ek altyd so 'n persoon wat die naam van die God is wat hy/sy ken.

Want vir baie ouens is geld hulle god, en volgens Jesus is die god van geld se naam Mammon.

As ons die God van die Bybel werklik ken en Sy beloftes aan ons glo, sal ons leer dat ons vir alles in ons lewe Hom eers moet raadpleeg voordat ons enigiemand anders raadpleeg.

Kom ek lees vir jou van so 'n geval. Blaai saam met my na 2 Kon. 4:1-7 toe.

Hier lees ons van die vrou van een van God se profete. Haar man het gesterf en skielik is daar 'n klomp mense wat by haar deur opdaag met skuldbriewe oor skuld wat hy nie betaal het nie.

Baie van ons ken soortgelyke situasies, waar iets verkeerd loop en skielik kry jy 'n swetterjoel oproepe van prokureurs of invorderaars wat net geld wil hê vir rekeninge wat nie betaal is nie.

As 'n mens nie kophou nie, wil jy paniekerig raak en voor die voet betaal of iets drasties doen. Veral as hulle streng bewoorde briefies by jou deur kom aflewer.

Maar glo my, dit kan alles vir 'n rukkie wag. Gaan eers na God toe en gesels met Hom oor presies wat hier aangaan.

In hierdie verhaal was hierdie vrou se seuns haar kollateraal. Die skuldeisers wou haar seuns kom vat en as slawe verkoop, as sy nie haar skuld kon betaal nie.

Dan gryp God in en gebruik wat in haar hand was, om nie net al haar skuld te betaal nie, maar ook nog om genoeg te laat oorbly sodat sy en haar gesin genoeg kon hê totdat die droogte gebreek was en dinge na normaal teruggekeer het.

As dit nie ons God, die God van die Bybel, was nie, sou hy dalk vir haar gesê het: Jy moet gou hier 'n les geleer word, sodat jy, elke keer as jy kyk na die leë beddens van jou kinders, herinner sal word om volgende keer beter besluite te neem en om jou skuld te betaal!

Dit is egter nie wat die God van die Bybel doen nie. Hy maak nie so met haar nie en Hy sal dit ook nie met jou wil doen nie.

Onthou jy dus maar net dit wat daar in Heb. 13:8 staan, naamlik: Jesus is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde.

Hy sê dat as jy met Hom praat, mag jy maar sê: Abba, Vader! Want die God van die Bybel het in Jesus Christus jou Hemelse Pappa geword.

Jy is dus Sy kind, onthou dit asseblief wanneer die "popo die fan tref!"

Onthou wie jou God werklik is, daardie tye wat die “tyre” die teer tref

Onthou julle toe Dawid, in plaas van by sy manne te wees, daar op sy dak gesit en leeglê het?

Dit is mos daardie selfde dag wat hy hierdie mooi antie gesien het wat besig was om te bad!

Toe wil hy haar teen alle koste hê om met haar seksueel te verkeer. Julle ken die storie.

Dit is die soort dinge wat gebeur as ons nie met God en Sy dinge besig is nie. Dit is wanneer vrees en allerlei luste en begeertes ons oorval en beetpak.

Terug na die verhaal. Dan stuur God die profeet en sê vir Dawid hy kan een van drie strawwe kies. Waarop Dawid antwoord, omdat hy God geken het: Laat my eerder in die hande van God val as enige van die ander twee strawwe, want, sien, hy het God geken as die Een by wie daar genade is.

God gee hom toe die ligste straf.

Ek weet nie wat gaan tans in jou lewe aan nie, maar asb., as jou situasie vandag nie reg is nie, gaan na God toe. Jy weet immers wie Hy is.

Soos die vers in die Bybel wat die meeste voorkom, oor en oor vir jou en my belowe: Loof die Here, Hy is goed! Aan Sy liefde is daar geen einde nie!

Kom ek vertel vir jou ’n storie hieroor uit my en Hetta se eie lewe.

Toe dinge baie donker in ons lewe en bediening op ’n stadium was, stuur die Here eendag twee profete op straat daar in Franschoek na ons toe, waar ek en Hetta somer net ’n bietjie gaan rondloop het om ’n bietjie te ontlaai. Hulle het letterlik na ons toe aangestap gekom, ons voorgekeer en gevra of hulle vir ons ’n Woord van God kan gee.

Toe haal hulle in suiwer Afrikaans Ps. 126 in geheel vir ons aan, wat soos volg lui:

“’n Pelgrimslied. Toe die Here die lot van Sion verander het, was dit vir ons soos ’n droom.

Ons het gelag en gesing. Onder die nasies het hulle gesê: "Die Here het groot dinge aan hierdie mense gedoen."

Die Here hét groot dinge aan ons gedoen; ons was bly.

Verander tog ook nou ons lot, Here, soos U droë spruite in die Suidland in waterstrome verander.

Wie met trane saai, sal die oes met gejuig inbring.

Al loop hy en huil terwyl hy die saaisak dra, hy kom juigend terug terwyl hy sy gerwe dra.”

Daarom wil ek jou aanmoedig: Vra vir God om jou lot en situasie te verander.

Begin God te aanbid en begin Hom by voorbaat te loof dat Hy dit gaan doen, want dit is wat Hy ook in ons lewens gedoen het. Hy het toe ons gedink het alles is donker, vir ons 'n nuwe dag laat aanbreek!

Waarom soveel oor geld en armoede praat in 'n reeks ook die Koninkryk?

Toemaar, ek weet, jy wou al lankal vir my dit gevra het!

As 'n mens nie verstaan hoe belangrik hierdie saak vir God is nie, dan is dit die natuurlike vraag om te vra.

Weet jy hoe belangrik ons hantering van geld en goed in God se oë is?

Miskien val jou mond ook oop as ek die volgende feite vir jou op die tafel sit:

- Geld is vir God so 'n belangrike onderwerp dat dit die onderwerp is van bykans 'n helfde van al die gelykenisse wat Jesus vertel het.
- Een uit elke sewe verse in die Nuwe Testament handel hieroor.
- Terwyl die Bybel in 500 verse in die hele Bybel praat oor gebed, in minder as 500 verse praat en verwys na geloof, is daar meer as 2350 verse in die Bybel wat oor geld en besittings handel.
- In Jesus se eie lering, bestaan omtrent 15 persent van alles wat Hy geleer het, oor wat Hy oor geld en besittings geleer het, wat by verre meer is as wat Hy oor die hemel en die hel geleer het vir mense.

Nou maar hoekom dan?

En, dit is nie omdat geld en besittings vir God belangriker as gebed of geloof is nie.

Dit is, na my oordeel, eerder omdat ons hantering van geld en goed 'n baie goeie maatstaf is om te bepaal of ons geloof en ons gebedslewe werklik sigbaar en deel van ons gewone lewe elke dag is.

Soos wat ek en jy in die Bybel begin ontdek wat God alles oor geld en besittings te sê het, ontdek ons dat Hy ons hantering van geld as 'n maatstaf gebruik om ons oorgawe en ons gehoorsaamheid aan Hom te meet.

Dit is mos maklik om te sê jy is 'n Christen en jy glo. Maar as dit kom by jou hantering en denke oor geld en besittings, wys dit gou-gou of dit net praatjies is.

Vier sleutelverse in die verband is dit wat daar in Luk 16:10 tot 14 staan. Kom ek haal dit vir jou aan:

“Wie in die kleinste dinge betroubaar is, is ook in die groot dinge betroubaar; en wie in die kleinste dinge oneerlik is, is ook in groot dinge oneerlik. As julle dan nie betroubaar is in die hantering van die oneerlike mammon nie, wie sal die ware rykdom aan julle toevertrou? As julle met ‘n ander man se goed nie betroubaar is nie, wie sal dan iets aan julle gee om as julle eie te besit? Geen huisbediende kan vir twee base tegelyk werk nie, want hy sal of die een minder ag en die ander een hoër, of vir die een meer oorhê en die ander een afskeep. Julle kan nie God én Mammon dien nie.”

Het jy mooi geles wat hier staan? Ons hantering van geld en dit wat ons met geld kan koop – eiendom dus, in al sy verskeidenheid vorms – is in God se oë eintlik die kleinste van klein dingetjies. Maar tog is ons “betroubaarheid” in die hantering daarvan, vir Hom die maatstaf en toets of Hy ons met “groter” dinge as dit, met “ware rykdom” kan vertrou!

En nou kan jy maar jou verbeelding gebruik om te dink wat ons alles onder hierdie “ware rykdom” kan verstaan!

Jou hantering van geld en dit wat jy met geld koop, is dus ‘n duidelike aanduiding wie werklik God in jou lewe is en wie of wat jy eintlik vertrou in jou lewe vir dit wat jy nodig het!

Daarom is my gebed dat jy die Here sal toelaat om werklik met jou oor hierdie area in jou lewe te praat.

Ek bid dat dit jou sal inlei in ‘n nuwe soort vrede en vryheid in jou finansies, want dit is wat God aan ons belowe.

Daarom wil ek jou aanmoedig om God se riglyne hieroor toe te pas in jou lewe.

As jy êrens 'n seer ontdek, gebruik dan God se medisyne daarvoor.

God wil dat Sy waarheid jou wêreld en lewe sal verander en ook hier jou sal inlei in dit wat Hy ook hier vir jou belowe het: Lewe en dit in oorfloed!

[Mat. 9:10-13](#)

Kom ek haal vir jou hierdie gedeelte uit Mat. 9 aan.

“Jesus het by hom in sy (dit is nou Matteus, of ook genoem, Levi, die tollenaar) huis gaan eet, en baie tollenaars en sondaars het saam met Jesus en sy dissipels kom eet.

Toe die Fariseërs dit sien, vra hulle vir sy dissipels: ‘Waarom eet julle leermeester saam met tollenaars en sondaars?’

Maar Jesus het dit gehoor en gesê: ‘Dié wat gesond is, het nie ‘n dokter nodig nie, maar dié wat siek is.

Gaan leer wat dit beteken: Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie. Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars.’”

Sien, dit is ons Jesus, die Koning, wat ons liefhet en volg! Dit is Sy hart.

Daarom sê God ook vandag vir jou, daar in jou nood of uitdagende situasie: Volg My, vertrou My, as jou Geneesheer.

As jy werklik dit glo, wil ek vir jou bemoedig en vir jou sê: As Jesus jou dokter is, is dit natuurlik ook waar vir jou besigheid en finansies.

Dan wil ek jou vra: Wat, dink jy, is Sy hart vir jou besigheid en jou finansies?

Lyk vir my, dan kan ons maar net weer Joh. 10:10b vir mekaar aanhaal. Sy voorskrif in hierdie area van ons lewe is ook "Lewe en dit in oorvloed".

Blaai ons verder in Sy Woord, kan ons maar net weer mekaar herinner aan 2 Kor. 8 en 9.

Onthou jy? Dit is waar ons herinner word daaraan dat hierdie oorvloed op finansiële gebied gebeur deur saai en maai. Saai daar waar God sê jy moet saai, as jy wil maai op die regte tyd.

Miskien onderbreek jy my en sê jy dat jy nie saad het om te saai nie!

Dan antwoord die Heilige Gees uit hierdie gedeelte, in 2 Kor. 9:10, en sê vir jou: God sal die saad aan die saaiers verskaf.

Dit werk presies soos wat dit vir 'n boer werk. 'n Boer gaan staan nie voor 'n land en bid: Land, o land, gee vir my 'n oes nie!

'n Mens gaan staan ook nie voor 'n ou houtstoof en bid: O stoof, maak my vannag warm en dan sal ek môre vuur in jou maak nie!

Dit werk nie so nie. Jy moet begin met wat jy het. Soos daardie vrou in Elisa se tyd.

Doen jy maar net wat die Here jou vra om te doen met dit wat jy het, en kyk dan wat gaan jou God en Vader, wat getrou is aan Sy Woord, ook in jou lewe doen!

Hou jy maar net daarmee aan totdat die mense vir jou sê wat hulle vir Isak daar in Gen. 26:29 gesê het: Dit is duidelik. Jy word deur die Here geseën!

[God self woon in jou deur Sy Gees en in Jesus Christus](#)

'n Mens skrik amper as jy dit so in swart en wit voor jou sien en lees.

Tog is dit presies wat 'n vers soos 1 Joh. 4:4 aan ons sê: Groter is Hy wat in jou is, as hy wat in die wêreld is.

God woon in jou. Jesus, die Koning, self God, woon deur Sy Gees, self ook God, in jou.

Ek en jy moet net leer om dit werklik te glo.

Ons moet leer om in hierdie seker geloofswete ons rus, vrede en kalmte te vind.

Die praktiese vraag is natuurlik, maar hoe gebeur dit?

Hoe groei hierdie geloofswete in 'n mens as dit nie daar is nie?

Dan is die antwoord natuurlik: Dit begin alles by daardie twee ore langs jou kop.

Jy moet doodgewoon doen wat Rom. 10 vir jou tussen die lyne aansê om te doen. Jy moet die Woord, in die woorde van Rom. 10, hardop met jou mond begin na-sê.

Begin bely dus dit wat God aan jou belowe het in Sy Woord en wat jy gekies het om met jou hart te glo.

Kom ons neem as voorbeeld dit wat daar in Fil. 4:19 staan: "En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus."

Glo jy werklik met jou hart ten volle wat hier staan?

Begin dit dan hardop, so dikwels as wat nodig is, met jou mond teenoor jouself en teenoor enigeen wat nodig het om dit te hoor, te bely. Totdat jy dit werklik verseker glo.

Moenie skrik as jy aanvanklik so 'n bietjie in 'n skokreaksie gaan as jy hierdie "geloof-medisyne" inkry nie!

Dit is soms wat gebeur as ons begin waag om met ons mond hardop te begin na-sê wat ons gekies het om met ons hart te begin glo.

Dink net wat kan gebeur as jy dit begin sê vir al jou bure en maats met wie jy tot hier saam geloop het!

Begin ook sommer vir hulle daarmee saam die volgende te sê: "Totsiens, bere. Ek groet julle manne wat nog hier in die land van armoede vasgevang sit. Ek het gekies om eerder saam met Jesus te stap op pad na die land van oorvloed toe!"

Sien, as jy hierdie medisyne begin drink en vertrou om werklik gesond te word van jou ou manier van dink, kan jy ook nie langer rondhang in situasies en tussen mense waar almal hierdie negatiewe ongeloof en armoede-mentaliteit het nie.

Hulle gaan jou mos heelyd stories van armoede vertel en dan gaan jy word soos die mense by wie jy rondhang. Jy gaan presies dieselfde siektes as hulle kry!

Daarom is dit vir jou nodig om sulke ouens wat so negatief praat, stil te maak, veral as hulle dit in jou huis doen. Dit is immers jou huis en daar bepaal jy waaroor gepraat mag word en wat gesê mag word.

Moet tog nou nie vir my sê: Maar wat gaan die mense dan oor my sê nie!

Dan sal ek vir jou Gal. 1:10 moet aanhaal wat vir jou vra: Soek jy die guns van mense of die guns van God?

Is dit nie ook vir jou vreemd dat ons so begaan is om tog nie iemand te “offend” nie, maar niemand gee om of hulle dalk in die proses, deur wat hulle sê, God “offend” nie!

’n Bekende leraar vertel hoe hy eendag by die hotel sit en eet het. Hulle kom sit toe hierdie fantastiese stuk beeshaas voor hom neer. Presies dieselfde oomblik hoor hy hoe die Heilige Gees hier binne-in hom vir hom sê: Los daardie beeshaas. Verskoon jouself, want Ek wil met jou praat oor wat Ek in die diens later vanaand wil doen.

Maar hy wou nie, want hy wou nie die mense by hom “offend” nie.

Die leraar vertel dat die diens daardie aand so “dood was” dat hy later gebid het dat dit net moet ophou en verby wees!

Jesse duPlantis weer vertel van iets soortgelyk wat met hom gebeur het toe hulle by ’n deftige hotel saam met deftige gaste geëet het, en ook so ’n fantastiese stuk vleis voor hom neergesit is. Skielik praat die Here met hom en sê hom hy moet homself verskoon en kamer toe gaan. Wat hy toe doen deur te sê dat hy ’n oproep van Hoofkantoor gekry het wat hy dadelik moet neem.

Terug in die kamer, op sy knieë, word hy toe vir 5 ure deur God in die hemel ingeruk.

Kan jy dink hoe “duur” daardie stuk beeshaas in sy lewe sou wees as hy nie dadelik gedoen het wat God vir hom gesê het om te doen nie!

As God begin praat, moet ons luister

Dink net vir ’n oomblik wat gebeur as die lewende God werklik met jou begin praat, ongeag op watter manier Hy kies om met jou te praat.

Besef jy dat dit die Skepper van hemel en aarde is wat daar besig is om met jou te praat?

Sê nou maar ’n koning van ’n spesifieke land nooi jou uit om met hom ’n oudiënsie te hê?!

Natuurlik sal dit vir almal van ons ’n onvergeetlike gebeure wees.

Tog waag ons dit soms om met die Koning van alle konings te wil redeneer oor of dit nou die regte tyd is en of jy tyd het om juis op daardie oomblik met Hom te kan gesels!

Vriende, dit gebeur net omdat ons nie mooi weet en verstaan wie God in werklikheid is nie.

God is nie jou maatjie nie. Hy is heilig en almagtig. Hy is boonop skatryk, want alles, alles op aarde behoort aan Hom. Hy kan vir jou in 'n millisekonde gee wat jy nodig het en wat jy, in terme van geld, in 'n miljoen leeftye nie kan verdien nie.

Dit is wie God is.

En as ons Hom aanbid of met Hom praat, aanbid en praat ons met die "Center-core" van alles wat lewe.

By Sy voete is voorsiening, is genesing, is oorwinning.

Ons moet dit hoor, en hoor, en weer hoor.

Tot ons dit werklik glo. Tot daardie geloof stadig maar seker ons begin vernuwe en verander.

Jou verstand en jou brein, en elke orgaan in jou liggaam, moet dit hoor en as jy dit werklik glo, sal elke deel van jou daardeur vernuwe word.

Neuroloë, soos dr. Caroline Leaf, vertel vir ons dat werklike lewensverandering in ons lewens van 21 dae tot 63 dae kan neem om plaas te vind en deur te werk tot daar waar dit 'n werklike verskil kan maak.

Ek wil baie prakties wees en vir jou illustreer hoe dit ook in jou lewe kan gebeur as dit nog nie daar gebeur het nie.

Kom ons neem 'n vers soos Spr. 10:22 waar daar staan: "Dit is die seën van die Here wat rykdom bring; jou geswoeg laat dit nie meer word nie."

Hoe kan hierdie belofte ook in jou lewe 'n werklikheid word?

Lyk vir my, in die lig van Rom. 10, begin dit by dit wat God sê en belowe en wat ons dan met ons mond moet begin bely, omdat ons dit waaragtig glo met ons hart.

In Jes. 55:16 belowe die lewende God self aan ons: "So sal die woord wat uit my mond kom, ook wees: dit sal nie onverrigter sake na My toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Ek dit gestuur het."

Dit beteken dat, as jy glo wat daar in Spr. 10:22 staan, en jy begin om jouself, jou gesin en jou besigheid hardop te seën met die seën waarvan hier gepraat word, kan jy binnekort totaal verwonderd staan oor wat daar in jou lewe, en in jou gesin en besigheid se lewe, kan begin gebeur!

Het dit nie tyd geword dat jy by God se voete gaan sit en by Hom presies gaan hoor hoe en met wat Hy jou en jou geliefdes wil seën nie?

Begin dan om jouself en hulle sommer vroegdag elke dag daarmee te seën.

Seën jouself met dit wat jy nodig het, daardie geld, of werk, of 'n goeie huweliksmaat, wat jy glo God vir jou in Sy hart het.

Begin dan om jou lewe daarvolgens in te rig.

Elke dag is dit 'n keuse tussen lewe en dood

As jy op pad is na 'n lewe van oorvloed en oorwinning en jy kom negatiewe dinge langs die pad teë, sê 'n slag nee vir hulle!

Al die jare het die wêreld rondom ons soveel gemors en gif aan ons opgedis asof dit kos, voorsiening en ware sekuriteit vir ons kan bied. In werklikheid was dit gemors, leuens en gif vir ons wat stadig maar seker ons slawe gemaak het en wat ons hierbinne siek en doodgemaak het.

Nou kom Jesus, deur Sy Woord, en bedien waarheid aan jou. Om jou vry te maak. Om lewe aan jou te bedien en dit in oorvloed. Sodat jy blydschap kan hê, en liefde, vrede en oorwinning.

Ja, totdat jy werklik totale voorsiening in jou lewe beleef en glo dat daar werklik meer as genoeg kan wees vir elke dag.

Daar kan ook genesing vir jou deurbreek.

Al hierdie dinge kan met jou gebeur en deel wees van jou ervaring. Al wat jy moet begin doen, is om dit te begin glo dat dit ook vir jou is.

Begin vat dit in geloof ook vir jou!

Wil jy nie ook sommer opgewonde daaroor raak nie? Begin 'n dansie uitpak terwyl jy hierdie dinge met jou mond begin bely!

Glo wat God oor jou in Sy Woord sê

Kan ek vir jou vra, wat dink jy oor jouself? Hoe sien jy jou lewe en dit waarmee jy elke dag besig is?

Luister net 'n bietjie wat sê die lewende God oor jou.

Daar in Ef. 2:10 in die Amplified Bybel staan dit so: "For we are His workmanship [His own master work, a work of art], created in Christ Jesus [reborn from above—spiritually transformed, renewed, ready to be used] for good works, which God prepared [for us]

beforehand [taking paths which He set], so that we would walk in them [living the good life which He prearranged and made ready for us].”

Hoor jy?

Jy is herskep in Christus Jesus, oorgemaak, van jou kop tot jou tone.

Ja, jou gees, elke deeltjie van jou siel en jou fisiese liggaam is en word deur God oorgemaak, totdat jy ook uiteindelik self ’n splinternuwe, totaal andersoortige liggaam gaan ontvang, soos wat Jesus gehad het na Sy opstanding uit die dood.

Gedurende hierdie herskeppingsproses wat in jou aan die gang is, wil God ook Sy Woord gebruik om jou so vol te maak en so met jou te praat, dat elke orgaan daar binne-in jou sal begin luister en gehoor gee.

Jy weet immers self dat as jou kop heeldag met probleme en negatiewe self-praat besig is, is al die organe van jou liggaam ook daardie hele dag onder stres.

Dit is waarom jou bloeddruk en suiker so hoog is, en waarom jy net nie tot rus kan kom in die nag nie.

Gaan lees weer ’n slag wat God daar in Ef. 2:10 in die Amplified Bybel aan jou belowe, en kies dan om dit vir jouself en jou eie lewe te glo.

Begin ook om dit met jou mond te bely deur jouself hardop te begin seën met die Woord en belofte wat hier staan.

Vir wie dink jy is God se seëninge in die eersteplek bedoel?

Lyk vir my, as ek die Bybel reg verstaan, is God se seëninge in die eersteplek vir Sy kinders bedoel.

Joh. 1:12 sê: “Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.”

Is jy “kind van God”?

Dan is al die seën wat God in Sy Woord belowe, ook vir jou bedoel!

Dit laat my dink aan hierdie kindjie wat uit ’n kinderhuis in China geneem is en wat aangeneem is deur ’n Christen biljoenêr-gesin uit Amerika.

Terug in Amerika, kom hulle agter dat hierdie kindjie se kamer elke dag eksie-perfeksie is, eintlik te perfek en te netjies is vir ’n kind van daardie ouderdom.

Daarom kom die pa op 'n dag by die kindjie sit, met sy arm om die kindjie se skouers, en vra hy vir hom saggies: Is jy bang ons stuur jou terug China toe?

Waarop die seun toe ja antwoord.

Ons is baie keer ook so.

Ons weet aan die eenkant dat ons kinders van die lewende God is, maar tog bly ons so gestres en bekommerd oor alles.

Het dit nie tyd geword dat ons 'n slag begin ontspan in die wete en sekerheid dat ons werklik kinders is van die lewende God nie?

Ja, dat ons werklik, soos wat Hyself aan ons belowe het, in Jesus die lewe en dit in oorvloed het!

Daarom moet ons leer om elke dag met onself te praat en vir onself te sê: Ontspan, God is in beheer!

Dit is ook die rede waarom Rom. 12:2 aan ons sê dat ons moet toelaat dat God ons gedagtes deur die werking van Sy Gees op 'n daaglikse basis moet vernuwe.

Dit is ook waarom die vroeg-Christengemeentes elke nuwe bekeerling daardie eerste dag van hulle bekering, gedoop het in water en sommer daar in die water, bevryding aan hulle bedien het indien nodig.

Met ander woorde, op die manier is elke nuwe bekeerling geleer dat die ou jy, die ou manier van dink en lewe, eindig hier. Daardie jy is nou dood. Hier, by jou doop in water, het 'n nuwe jy opgestaan in Christus Jesus, deur Sy Gees.

Dan het hulle sommer net daar vir die nuwe bekeerling gebed vir die vervulling met hierdie Gees.

Kan jy dink watter verandering sal daar in die ware Kerk van Jesus vandag kom as ons dit in elke gemeente oor die wêreld so begin verstaan en glo, en ook so begin doen!

Mense sal verstom staan oor hoe vinnig ons dan begin verander.

Ons gaan verander van nors mense na liefdevolle mense. Van angstige, negatiewe mense, na borrelende, lewenslustige, positiewe mense.

Dit is mos wat Gal. 5:22, 23 in werklikheid sê.

Waar die Heilige Gees in beheer van mense se lewens is, daar sal ons die vrug van Sy werk sien: Liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

Waar God werklik gedien word, sien ons dit in elke deel van mense se lewens
Luister net na die volgende belofte van God aan Sy volk in Deut. 33:28 en 29:

“Daarom woon Israel rustig, woon die nasate van Jakob eenkant in ‘n land van koring en wyn en drup die hemel dou.

Dit gaan goed met jou, Israel! Wie is soos jy? Jy is ‘n volk wat deur die Here verlos is! Hy beskerm en help jou. Hy gee mag aan jou, jou vyande kruip voor jou, en jy sal oor hulle offerplekke stap.”

Wat hier staan is dat toe God die vyand uit hulle land uitgedryf, het alles in daardie land begin verander en was daar selfs wyn en koring en alles wat hulle nodig gehad het.

Daarom is dit so merkwaardig om op te let dat op ‘n kontinent soos Afrika, in daardie dele waar die inwoners afgode dien, die grootste armoede heers, maar daar waar God gedien word, is daar voorspoed.

Gaan lees ook maar stories oor herlewings. Die oomblik wanneer God en Sy teenwoordigheid ‘n realiteit word onder mense, verander mense en alles rondom hulle. Skielik is daar oorvloed en voorspoed in soveel dele van die mense se lewens.

Dit bevestig net wat in God se Woord op baie plekke staan. Die teenwoordigheid van God bring voorsiening, genesing en polisiestasies maak toe, want daar is nie misdad nie.

Kan jy dink wat kan gebeur as ons hierdie kant van die Evangelie ook aan mense begin vertel!

Dit kan mense en hulle gemeenskap verander!

Dit is egter moeilik om mense van iets te vertel as jyself nie daarvan oortuig is nie.

Baie mense wil sendelinge wees, maar hulle self is nog eintlik “arm”, want hulle worstel nog met hierdie gees van armoede in hulleself.

Hulle het nog nie self die evangelie van genoeg, oorvloed en oorwinning in hulle eie lewens beleef nie. Hulle het nog nie eers self God se krag en teenwoordigheid in hulle eie lewens beleef nie.

Jy moet eers self daardeur vernuwe word, sodat jy dit kan demonstreer aan ander.

In 1 Kor. 2:9 staan daar dat God dit wat nog nie eers in die hart van ‘n mens opgekom het nie, gereedhou vir die mens wat Hom onmiddellik, sonder om vrae te vra, gehoorsaam.

Lyk vir my, dit beteken dat as jy vroeg in die oggend opstaan en tyd met God spandeer en toelaat dat Sy Gees jou met hierdie Woord van God oortuig en deursuur, gaan jy baie beter dae hê.

Die Here gaan jou daar aan Sy voete leer om positief te dink, te praat en positief te lewe. Hy gaan daar vir jou leer om in die lig van Sy Woord aan jou, waarheid te dink, te praat en te lewe.

Sien, die Here gaan ons invat in dimensies waarvan die meeste mense nog nie eers van gedroom het nie.

Dit is soos wat 1 Kor. 3 sê. Die meeste van ons moet nog met melk gevoer word, want ons kan nog nie geestelike vaste spys eet en verteer nie.

G'n wonder groot dele van die kerk van Jesus vertoon so min van die wonders en krag wat ons in Jesus se lewe en bediening gesien het!

Om nie eers te praat van die bonatuurlike lewe van voorsiening wat ons in Jesus en Sy dissipels se lewens en bediening, asook in die lewe van die vroeg Christelike gemeentes, gesien het nie!

Dit, terwyl Jesus self aan ons daar in Joh. 14:12 belowe het: "Dit verseker Ek julle: Wie in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen; en hy sal nog groter dinge as dit doen, omdat Ek na die Vader toe gaan."

Jesus wil dus hê dat ek en jy dit nog verder as Hy in ons eie lewe sal vat.

Ons moet egter self besluit of ons dit wil hê en of ons dit soek.

[Wat in my eie hart aangaan, gaan my en ander om my se lewens dramaties beïnvloed](#)

In Spr. 4:23 staan hierdie baie aangrypende vers: "Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe."

Niks kan verander voor jy nie verander nie. Jy moet begin reg dink en reg praat in jou huis. Jy moet begin om die regte dinge te doen. Jy moet begin saai. Jy moet begin glo wat God vir jou sê.

Eers dan gaan jou eie lewe begin verander en eers dan kan jy iets anders as die gewone aan die mense rondom jou begin bedien.

Daarom is dit so tragies dat soveel van ons eerder kies om alles wat die wêreld vir ons vertel te glo. Ons glo wat banke, aandelemakelaars, versekeringsmaatskappye en al hierdie self-help-finansiële kursusse, aan ons vertel.

Sommige van ons glo selfs wat die casino's en die Lotto en die Sterre hulle vertel, maar hulle glo nie die God van hemel en aarde nie.

Daarom wil ek ons vandag uitdaag om te kies om van vandag af ons Pa in die hemel en Sy Woord aan ons te glo.

Besluit om jou lewe volgens dit wat jy by jou Pa leer, in te rig.

Ek weet nie of jy weet waarvoor die anagram van die Engelse woord "Bible" staan nie?

Dit staan vir "Basic Instructions before leaving Earth".

Daarom is my vraag aan elkeen van ons: Het ons al hierdie instruksies in hierdie Boek onder die knie?

Soos Spr. 4:23 aan ons sê: Ons kan net 'n koek bak met die bestanddele wat ons het. Ons kan net aan ander gee en uitleef wat hier in ons hart aan die gebeur is.

Ek kan net liefde aan ander gee, as hier liefde in my is.

Soos Lukas 6:45 sê: Uit die oorfloed van ons hart, praat en bedien ons.

Die goed in ons lewe weerspieël iets oor die God wat ons aanbid

In 1 Pet. 1:10-16 staan daar iets soos die volgende, naamlik dat die profete aangekondig het dat 'n nuwe bedeling gaan aanbreek wanneer Jesus kom.

Nou is die vraag: Het Hy gekom?

Die antwoord is: Natuurlik, ja, Hy het gekom!

Daarom praat ons van 'n Nuwe Testamentiese bedeling waarvan die profete vertel het.

'n Testament werk mos so: As 'n ou dood is, lees die prokureur sy testament en gaan daardie testament in vervulling. Dan erf die mense betrokke wat in die testament staan.

In 1 Kor. 11:25 praat Jesus van 'n nuwe verbond en 'n nuwe bedeling wat aangebreek het met Sy koms na hierdie wêreld.

Nou ja, as die ou verbond Abraham so ryk gemaak het en vir Dawid en Salomo die prominente mense gemaak het wat hulle was, kan dit dan wees dat Jesus se nuwe verbond slegter is as daardie ou verbond?

Nou, hoe is dit dan moontlik dat jy, as 'n kind van God, wie jou lewe inrig volgens die bepalings en riglyne van hierdie nuwe verbond, se lewe slegter daaraan toe kan wees as daardie mense onder die ou verbond?

Kom ek haal vir jou daar uit 1 Tim. 4:1-16 aan waar presies dit staan waaroor ons hier praat.

“Die Gees sê uitdruklik dat in die eindtyd sommige afvallig sal word van die geloof. Hulle sal misleidende geeste navolg en die leerstellings van bose geeste aanhang.

Hierdie dwaalleraars is skynheilige leuenaars wie se gewete toegeskroei is.

Hulle verbied mense om te trou en om bepaalde soorte kos te eet. Maar God het die voedsel gemaak, sodat dié wat glo en tot die kennis van die waarheid gekom het, dit met danksegging kan gebruik.

Alles wat God gemaak het, is immers goed. Niks wat met danksegging ontvang word, is verwerplik nie, want dit word deur die woord van God en deur die gebed geheilig.

As jy hierdie dinge aan die broers voorhou, sal jy 'n goeie dienaar van Christus Jesus wees wat jouself voed met die woorde van die geloof en die goeie leer waarvan jy 'n aanhanger geword het.

Maar van onheilige en sinlose verdigsels moet jy wegbly. Oefen jou liever om in toewyding aan God te lewe.

Om jou liggaam te oefen, het wel 'n bietjie waarde, maar om in toewyding aan God te lewe, het in alle opsigte groot waarde, want dit bevat 'n belofte van lewe, vir nou en die toekoms.

Dit is 'n betroubare woord en kan sonder voorbehoud aanvaar word.

Met hierdie vooruitsig span ons ons kragte in en stry ons, want ons het ons hoop op die lewende God gevestig, wat die Verlosser is van alle mense, van almal wat glo.

Hierdie dinge moet jy die mense beveel en leer.

Niemand mag op jou neersien omdat jy jonk is nie, maar wees jy vir die gelowiges 'n voorbeeld in woord en gedrag, in liefde, geloof en reinheid.

Totdat ek kom, moet jy jou daarop toelê om uit die Skrif voor te lees, te preek en onderrig te gee.

Moenie die genadegawe wat jy het, verwaarloos nie. Dit is aan jou gegee deur die profesieë toe die raad van ouderlinge jou die hande opgelê het.

Lê jou op hierdie dinge toe, leef daarin, sodat almal jou vordering kan sien.

Let goed op jou lewe en jou leer, volhard daarin, want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as dié wat na jou luister.”

Bedink hierdie dinge en begin dit toepas in jou praktiese dag-vir-dag lewe, sodat jou vooruitgang sigbaar kan word vir ander mense.

Kom ons bou 'n beter fondasie vir 'n gesonde lewensuitkyk

In Spr. 24:3 en 4 in die Amplified Bybel staan die volgende:

“Through [skillful and godly] wisdom a house [a life, a home, a family] is built,
And by understanding it is established [on a sound and good foundation],
And by knowledge its rooms are filled
With all precious and pleasant riches.”

Lyk vir my, 'n armoede-mentaliteit is gebou op 'n swak en verkeerde fondasie.

As korrekte informasie die fondasie vorm van jou manier van dink, sal elke area in jou huis en lewe mooi dinge en dinge van waarde in hê.

Daarom wil ek in hierdie gedeelte baie prakties wees om jou 'n bietjie te help met daardie fondasie. En die klem is hier op “baie prakties”!

Ek het reeds gesê dat God se Woord ons leer om elke dag genoeg tyd met God en Sy Woord te spandeer. Daarom gaan ek nie veel verder daarop uitbrei in hierdie gedeelte nie. Ons gesels in die volgende deel daaroor.

Ek wil in die deel eerder 'n paar ander dinge noem wat ons kan help om op hierdie goeie fondasie ons lewe te bou.

Dinge soos, om te beplan om ten minste een goeie boek per maand deur te lees (dit is nou behalwe die tyd wat jy in en met die Woord gaan spandeer). Ons het immers soms ekstra insig nodig om te verstaan hoe werk positiewe, korrekte denke en 'n goeie boek is 'n manier hoe iemand anders jou dit kan leer.

As jy 'n vrou is en jy kan nie kook nie, is die vermoë om goeie en smaaklike kos te kan kook, een kursus weg.

Dit is nie 'n kwessie van “jy kan nie kook” vir die res van jou lewe nie. Jy kort net kennis en 'n bietjie vaardigheid.

Dit is natuurlik ook waar van die meeste areas in ons lewe waar ons nie suksesvol is nie. Ons is nie suksesvol nie, omdat ons net nog nooit geleer is hoe werk dit nie.

Dieselfde geld natuurlik ook vir finansies en hoe om goeie en suksesvolle besigheid te doen in jou lewe.

As jy bv., kontantvloei-probleme in jou besigheid het, kort jy net 'n korrekte plan wat dit kan verander en kan herstel. As jy negatiewe denke het, sit 'n plan in aksie om dit te verander en te vernuwe.

Daarom is dit ook nodig om die tyd wat jy net voor die TV sit en niks doen nie, minder te maak en beter te beplan hoe jy daardie tyd meer sinvol kan benut.

'n Goeie plan is ook om te begin om goeie, positiewe musiek aan te koop wat jy in jou huis en motor kan speel waarin Jesus Christus geloof en geprys word.

'n Ander plan is om selfs wanneer jy bestuur of vlieg of op die trein sit op pad werk toe, 'n goeie toep op jou slimfoon te gebruik waarmee jy die Bybel kan lees of selfs kan reël dat die Bybel saggies vir jou in die agtergrond gelees word. Een van my vriende gebruik dit selfs wanneer hy gaan slaap.

So "charge" jy jouself as't ware op.

Dit is soos 'n ou wat al die jare te min van die regte vitamieë en aanvullings gebruik het en nie gesond geëet het nie. Maar nou weet hy wat hy nodig het om gesond te wees en doen hy wat nodig is vir beter gesondheid.

Spandeer tyd in die Woord

Kom ek haal vir jou aan wat God se Gees die psalmdigter geïnspireer het om te skryf oor die Bybel wat daar op jou tafel lê.

Ps. 119;9, 130 sê: "Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou? Deur hom te hou aan u woord!... Wanneer u woord vir mense oopgaan, bring dit lig; dit gee insig aan dié wat nog onervare is."

Die uitdagings aan jou en my is dus, as jy verstandig wil wees, dat jy meer tyd in die Woord begin spandeer.

Begin Woord gedissiplineerd eet en memoriseer. Maak dit deel van jou manier van dink.

Kom ons raak selfs 'n bietjie meer prakties. Kan ek vra: Wie van ons ken ten minste 'n 100 Skrifte?

As jy weet geloof skuif berge, dan kort jy die stootskrapeer wat dit kan doen. Lyk vir my dit is wat die Woord van God en spesifiek God se beloftes in jou lewe kan doen.

Daarom, kry daardie Woord in jou "chassie"!

As jy universiteit toe gaan om 'n ingenieur te word, dan swot jy vir 4 jaar 'n magdom boeke en doen 'n magdom praktiese oefeninge totdat die professore voel jy het dit nou bemeester, en dan gee hulle jou 'n graad wat sê jy is nou 'n ingenieur.

Hoekom dink ons dan dat dit anders sou werk om 'n suksesvolle Christen-sakeman te wees? Of om meer effektief mense lief te hê of reg te praat? Of reg te dink.

Heb. 5:12 en 13 praat van geoefen-wees deur ervaring en Hos. 4:6 praat van God se volk wat vergaan a.g.v. 'n gebrek aan kennis.

Natuurlik gaan dit nie net hieroor nie.

Die hart hiervan is 'n intieme liefdes- en geloofsverhouding met Jesus Christus, die Verlosser en Koning, en die nuwe lewe wat jy in Hom ontvang het.

Omdat ons Hom ken en Hy ons ken en Hy met ons elke dag besig is, word ook dit waaroor ons hier praat, elke dag vir ons net belangriker en belangriker.

Juis omdat ons Hom liefhet, word dit vir ons erns om ook die oorfloed te beleef wat Hy belowe het (Joh. 10:10b)

Een van die verse wat ons baie gereeld aanhaal, is 1 Kor. 2:16 waar gepraat word oor die feit dat ons "the mind of Christ" het.

Besef jy dat dit beteken dat jy God se gedagtes en gevoelens oor jou sal ken en verstaan en elke dag jouself daarin kan oefen om dit gedissiplineerd te bedink?

As jy dit in jou hart het, kan jy daardie liedjie sing: "It is well with my soul".

As jy die Woord en verse soos 1 Kor. 10:13 ken, kan jy, as daar versoeking of probleme in jou besigheid kom, begin om te ontspan en te lag, want jy weet God is daar en Hy gaan jou nie los nie. Hy is daar om jou te help.

Raak daarom stil en hoor by God wat die uitkoms en oplossing vir die uitdaging is wat tans in jou lewe is.

[Let gedissiplineerd op na wat in jou hart en gedagtes aan die gang is](#)

Sjoe, daardie selfgesprek waarmee ek en jy elke liewe dag, elke minuut van die dag, besig is, is van kardinale belang vir ons lewe en ons verhouding met Jesus Christus, ons Here.

Daarom is dit so belangrik dat ons onself elke nou en dan op 'n kop-detoks moet sit en met groot erns fyn en krities moet luister na alles waaroor ons met onself praat en wat ons vir onself sê.

Daarom wil ek jou net weer herinner aan verse soos 2 Kor. 10:3 tot 5, wat vir jou die strategie gee hoe jy kan keer dat die vyand jou mettertyd kan vasvang in 'n sekere manier van dink, wat letterlik uit die hel is.

Kom ons luister na wat hier staan.

“Natuurlik leef ons in 'n menslike liggaam, maar ons voer nie die stryd met menslike wapens nie.

Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasies en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak.”

Dit is waarom dit vir jou belangrik is om gedissiplineerd te luister na wat jy vir jouself sê.

Dit is van lewensbelang om elke gedagte as't ware aan sy keel te gryp en te vra: Van waar is jy, Gehasi? Is jy van God af, of is jy 'n leuen uit die hel?

Luister wat sê Jes. 54:17 in die verband.

“Geen wapen wat gesmee word om jou aan te val, sal iets uitrig nie; elkeen wat vals teen jou getuig, sal gestraf word. Dit is hoe Ek, die Here, vir my dienaars sorg. Ek laat geregtigheid aan hulle geskied, sê die Here.”

Die vyand is dus besig om allerlei wapens te prakseer om een of ander stadium teen jou te gebruik, maar jou troos as kind van die lewende God, wat tyd aan die voete van die Here spandeer, is dat jou Here jou vooraf gaan oefen, toerus en oplei het, met ander woorde, sorg dat jy “getrain” is om hierdie dinge te hanteer as hulle kom of gebeur.

As jy elke oggend die dag begin aan die voete van Jesus en toelaat dat Hy jou bedien met Sy Woord en waarheid, en jy jouself begin seën met “the mind of Christ”, terwyl jy God se denke en gedagtes oor jou en jou hele lewe glo en bely met jou mond, gaan jy beleef hoe anders jy begin optree deur daardie dag.

Jy gaan die krisisse en uitdagings anders hanteer.

Jy gaan nie net kwaad word nie, want jou anderse manier van dink, gaan jou nie toelaat om die situasies te probeer hanteer deur kwaad te word nie.

Daarom hoef jy nie elke oomblik van die dag honderde intersessors se hulp in te roep om heeldag en aldag vir jou te bid nie, want jy het geleer hoe om die meeste van hierdie aanvalle met God se hulp en genade, in die lig van die beloftes van God in Sy Woord, te hanteer.

Dan is dit net nodig om in daardie krisistye wat jy met God-grootte dinge besig is, wanneer die vyand al sy magte monster om jou in jou spore te stuit, geestelike versterkings in te roep

van lede van jou geloofsfamilie. Dit is wanneer dit van lewensbelang is dat hulle sal inkom om jou met hulle gebede te kom bystaan en kom help.

Wat het jou laas tot stilstand gedwing?

Iemand het eenmaal gesê: Die krag van 'n mens word getoets deur dit wat dit vat om jou tot stilstand te bring.

Wat het jou laas in jou spore gestuit en tot stilstand gebring?

Miskien was dit die dood van 'n geliefde, of 'n ernstige gesondheidskrisis, of selfs 'n geweldige finansiële krisis.

Die vraag is egter, nou dat jy kan terugkyk, of jy al sterker is en of jy daaruit geleer het? Gaan daardie ding weer jou spoed breek en weer jou 'n "depro" laat slaan?

Sien, ek en jy moet besluit: Gaan ons net iemand wees wat reageer op wat gebeur in ons lewe en op wat ander mense sê, of gaan ons die mense wees wat maak dat dinge gebeur?

Gaan ons die mense wees wat dinge sê wat ander mense se lewens verander?

Gaan ons bloot nuus-kykers wees, of gaan ons positiewe nuus-makers wees?

Nou die dag lees ek juis iets wat hierdie waarheid op 'n heerlike grappige wyse vasgevang het in woorde:

"Be the kind of women or men that when their feet hit the floor each morning, make the devil say, "O crap, they are up!"

Wees getrou in die klein

Deel van slim en wyse beplanning in elke volwasse gelowige se lewe is om ook te beplan dat jy altyd 'n vorm van inkomste sal hê waarmee jy jouself en jou geliefdes kan versorg en bedien.

Dit is die verantwoordelikheid waaraan daardie woorde daar in 1 Tess. 4:11, 12 elke volwasse gelowige volgeling van Jesus Christus aan herinner. Luister self na wat daar staan:

"Laat dit vir julle 'n saak van eer wees om rustig te lewe, julle met julle eie sake besig te hou en self in julle lewensonderhoud te voorsien, soos ons dit aan julle voorgehou het. Dan sal julle eerbare leefwyse die agting van die mense buite die gemeente afdwing, en julle sal van niemand afhanklik wees nie."

Dit wat daar in 2 Tess. 3:10 staan, beaam dit: "Toe ons nog by julle was, het ons vir julle uitdruklik gesê: 'As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie.'"

Baie mense sien nie kans om klein werkies te doen vir min geld nie. Maar hulle vergeet dat dit nie in die eerste plek gaan nie oor waar jy begin nie, dit gaan oor waarheen jy op pad is. Om daardie groot werk te kry, moet jy iewers getrou die skynbaar klein en onbelangrike werk gedoen het.

Onthou Jesus se woord daar in Lukas 16:10 en 11 waar Hy sê: “Wie in die kleinste dinge betroubaar is, is ook in die groot dinge betroubaar; en wie in die kleinste dinge oneerlik is, is ook in groot dinge oneerlik. As julle dan nie betroubaar is in die hantering van die oneerlike mammon nie, wie sal die ware rykdom aan julle toevertrou?”

As jy meer doen as waarvoor jy tans betaal word, gaan jy binnekort meer betaal word vir dit wat jy werklik gedoen het.

God sê, daar is 'n beloning vir jou as jy getrou is.

Wat het jy al aangepak wat werklik geloof vereis het?

Ons raak so maklik tevrede net om elke dag te oorleef en besig te wees met die gewone dinge wat ons ken en waaraan ons gewoond is.

Tog is daar iewers hier diep binne-in ons die wete dat dit nie al is waarom ons hier is nie. God het iets anders in die oog en in gedagte vir ons lewe voorkant toe.

Ja, soms gebruik die Here ook allerlei frustrasies en ongemak en irritasies om vir jou te sê: Jou tyd hier is byna verby. Begin om My te vertrou om vir jou te wys wat Ek wil hê jy moet volgende doen.

Ja, baie keer beleef ons hoe die Here ons uitdaag om uit die boot te klim en om te waag om op die water in geloof te stap.

Daarom wil ek jou vandag vra: Wat het jy al aangepak in jou lewe wat werklik geloof vereis het?

Kom ek herinner jou aan dit wat daar in Jak. 2:17-18 staan.

“So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot dae oorgaan nie, is dit sonder meer dood.

Maar iemand kan miskien sê: ‘Die een het die geloof en die ander het die dae.’ Goed, wys dan vir my jou geloof wat sonder dae is, en ek sal jou my geloof wys uit my dae.”

Die oomblik wat jy in beweging kom in geloof, kom God in beweging agter jou.

Maar soos in enige ander ding in jou lewe waarin jy wil sukses behaal, is die eerste tree van enige geloofstap deeglike beplanning aan die voete van Jesus.

Jesus sê immers self dat as jy 'n huis bou, gaan beplan eers, sodat jy nie halfpad gaan vashaak en in skande kom nie.

Gaan daarom na die Here toe en hoor wat Hy vir jou in gedagte het.

In die lig daarvan, gaan sê dan vir Hom wat jy nodig het om dit te doen en om daarvan in Sy Naam, tot Sy eer, 'n sukses te maak.

As jy nog nie presies weet wat jy moet doen om uit te kom by daardie doelwit nie, gaan vra die Here Jesus Christus en laat Hy vir jou wys waar jy kan kry wat jy nodig het.

Spr. 3:5-7 sê immers vir ons: "Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie.

Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.

Moenie dink jy het die wysheid in pag nie, dien die Here en vermy wat sleg is..."

Die boek, Spreuke, in die lewe van 'n suksesvolle besigheidsman of -vrou

Kan ek jou vra: Het jy al ontdek wat 'n kosbare skat vol wysheid die boek, Spreuke, in die lewe van enige wyse en verstandige kind van God in die besigheidswêreld kan wees?

Daar staan soveel wonderlike dinge daarin wat vir ons nodig is om 'n sukses in die besigheid te maak, veral as ons in geloof besig is om die God-grootte dinge te doen wat die Here ons aangesê het om te doen.

Daar staan dinge soos dat 'n wyse man of vrou hulle vriende met wysheid en met die hand moet kies. Los maar daardie klomp negatiewes eenkant.

Daar staan ook dat 'n goeie woord 'n stad kan opbou, maar dat dwase woorde 'n hele stad kan vernietig.

As jy wil hê dat jou kinders verskillende strome van inkomste moet hê, plant met goeie beplanning saad in hulle lewens oor hoe hulle hierdie verskillende stroompies van inkomste kan skep.

Spr. 22:6 sê dat jy 'n kind moet groot maak in die manier hoe hy moet lewe.

Spr. 8:22 herinner jou dat voor jou besigheid suksesvol kan wees, het jy wysheid nodig.

Soms raak ons selftevrede, want alles gaan so goed. En dan skielik, gaan staan ons besigheid stil, want ons het vergeet dat ons nooit kan of mag ophou groei nie. Ons moet altyd streef na die beste.

Jy weet dat die meeste van dit wat ek en jy vandag in die boek, Spreuke, het, geskryf is deur Salomo.

Onthou jy hoe beïndruk die koningin van Skeba was met hoe netjies alles daar in Salomo se paleis en regering was en hoe op plek alles was. Alles was so effektief en het gewerk.

Dit het haar verstom. En toe hy sy mond oopmaak, het haar mond oopgehang oor die waarhede en wyskede wat uit sy mond gekom het.

Toe sê sy: Die helfte is my nie gesê nie.

Kan ek jou vra: Wat sê mense as hulle by jou huis of besigheid instap? Wat hoor en sien hulle?

In watter toestand is jou kar?

'n Mens kan arm wees en min hê, maar moenie vuil en verwaarloos wees nie.

Maar belangriker nog, moenie arm bly nie.

Spr. 13:11 herinner ons dat rykdom wat sommerso gekom het, verminder maklik; wie bietjie vir bietjie bymekaarmaak, word ryk.

Laat ek in hierdie gedeelte waarin ons veral oor Spreuke se wyskede nadink, jou ook aan die volgende herinner.

In die lig van die Nuwe Testament is Spreuke se "Wysheid" in ons lewe 'n Persoon wie se Naam Jesus Christus is wat in jou woon deur Sy Gees.

Hy het juis in ons as Sy volgelinge en verteenwoordigers van Sy Koninkryk kom woon om ons toe te rus met die beste wat daar is.

Nog 'n paar Skrifwyskede

In Jes. 1:19 staan daar: "As julle gehoorsaam wil wees, sal julle die goeie van die land eet..."

Sien, gehoorsaamheid en om te doen wat God se wil is in elke saak en in elke besigheidstransaksie, is 'n keuse wat jy elke keer moet maak.

So, hou nou op om so hardkoppig en doof te wees!

Luister tog asb., na die eerste pakslae en moenie 30 jaar aanhou sukkel nie. Hoe lank wil jy bly sukkel?

Maar aan die anderkant, sukses val nie sommer net in jou skoot nie. Dit word nie by jou deur afgelewer een oggend nie.

Onthou wat 'n vers soos Heb. 6:12 vir ons leer: "Julle moet dus nie traag word nie, maar die voorbeeld navolg van dié wat deur geloof en geduld deel gekry het aan die dinge wat God belooft het."

Ware Bybelse sukses kom nadat jy aangehou het om vas te gryp en vas te hou aan die beloftes wat God ons gee.

Dit kom van aanhou en toelaat dat God jou help om anders en reg te dink oor dinge.

Het jy al vir jouself, byvoorbeeld, as deel van jou beplanning, geleer dat siekte nie van God af is nie?

Gaan lees maar weer Deut. 28.

Verse 1 tot 14 vertel vir ons hoe lyk God se seën.

En alles wat daarna kom, vertel vir ons hoe lyk vloeke. En tussen daardie vloeke gaan jy lees dat siekte ook een van hierdie vloeke is. Net soos wat armoede een van die vloeke is.

Die oomblik wat jy weet dat Jesus jou lewe kom herstel het, moet jy hierdie seëninge vir jouself toeëin en al die vloeke eenkant toe skuif, want dit is nie meer deel van jou lewe nie.

Laat die Woord in jou hart vassteek

Ps. 40:8 praat van "dit is in my ingewande".

Die Woord het dus nie eenvoudig van my ore af gebons en verdwyn soos water in sand nie. Nee, dit het gaan vassteek in my binneste en blywende vernuwing en veranderinge in my bewerk.

Daar in Jes. 61, wat een van my gunsteling Skrifgedeeltes is, staan die volgende oor hoe God eers ons lewe aanraak en verander, en dan ons weer gebruik om mense en gemeenskappe om ons te verander.

Luister weer na hierdie bekende woorde en word daardeur versterk en gemotiveer.

"Die Gees van die Here my God het oor my gekom; die Here het my gesalf om 'n blye boodskap te bring aan die mense in nood, Hy het my gestuur om dié wat moedeloos is, op te beur, om vir die gevangenes vrylating aan te kondig, vryheid vir dié wat opgesluit is, om aan te kondig dat die tyd gekom het waarop die Here genade betoon, die dag waarop ons God sy vyande straf maar almal wat treur, vertroos, die dag waarop Hy vir dié in Sion wat treur, eer gee in plaas van smart, vreugde in plaas van droefheid, blydschap in plaas van hartseer. Hulle sal genoem word: Bome van Redding. Die Here het hulle geplant om sy roem te vermeerder.

Hulle sal die eeue-oue puinhope opbou, plekke herbou wat lankal verlate lê, hulle sal verwoeste stede weer opbou, plekke wat geslagte lank verlate lê.”

As ’n dwaas ’n stad kan afbreek, het God ons nodig om weer stede op te bou en te restoreer.

God het ons nodig om met Sy wysheid ’n verskil te maak en stelselmatig gemeenskappe uiteindelik te verander.

Gryp dit ook vir jou lewe en in dit waarmee jy besig is daar waar die Here vir jou geestelike outoriteit (en salwing) gegee het, vas in geloof.

Om gelowig gehoorsaam te begin dink, sê en doen wat God jou in Sy Woord geleer het, is ’n doelbewuste, proktiewe opstaan, besluit en dan gaan doen.

Jy beplan om te begin reg dink, reg praat en dan reg te doen om uiteindelik te kry wat die Woord sê reeds joune is.

Dit is om te kies om aanmekaar lewe te praat. Hou op kritiseer. Hou op fout vind.

As jy begin om jouself en ander so te seën, sal daar geen plek vir armoede en al die ander vloeke meer in jou lewe en besigheid wees nie.

Pas jou hart op

’n Volgende ding waarvoor jy moet beplan en kies om te doen, is om jou hart op te pas.

Spr. 4:23 sê immers vir jou: “Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe.”

Die rede hiervoor is dit wat Luk 6:45 sê as daar staan dat waarvan die hart vol is, loop die mond van oor.

Die uitdrukking “waarvan jou hart vol is”, dui op daardie dinge wat letterlik jou hart gesteel het.

Daarom is deel van “om jou hart op te pas”, om dit te vul met Woord, en so te vul met die krag van die Heilige Gees.

Sodat, wanneer jy teenstand beleef, die Heilige Gees wat dan in beheer is van jou hart, kan kom om dit te hanteer, en nie jou ou vlees met al sy woede-uitbarstings en skelwoorde nie.

Gal. 5:16 sê immers vir ons as verteenwoordigers van God se Koninkryk in hierdie wêreld, dat as ons ons werk effektief en suksesvol wil doen, sodat God se Koninkryk ook daar kan kom, moet ons God se Gees toelaat om ons hele lewe te beheer.

Dit is God se sukses-formule vir jou lewe en hoe Hy wil hê dinge moet werk.

Omdat God weet dat die mens dit nie kon doen sonder Sy Gees wat permanent in hulle lewens woon en in beheer is nie, daarom het Hy juis na die opstanding van Jesus Christus, aan ons Sy Gees gegee om permanent in ons te kom woon.

As die Heilige Gees in beheer is, beleef ons oorwinning en is die karaktereenskappe van Jesus Christus (soos Gal. 5:22,23 dit uitspel) sigbaar en aktief in ons lewens aanwesig.

Is dit nie vir jou merkwaardig dat God se Gees daar in Ef. 5:18, die beheer van die Heilige Gees in ons lewens, as 'n "dronk wees met die Gees" beskryf nie! Dit is eers wanneer ons so vol is van die Heilige Gees, so onder Sy beheer is, dat ons soos iemand is wat sterk drank gedrink het. So iemand word sommer gou-gou "dronk" en word beheer deur daardie hoë konsentraat alkohol in daardie sterk drank.

So moet ons ook "dronk wees" en totaal onder die beheer wees van die leiding van die Heilige Gees in ons lewe en optrede.

Godsdienst en godsdienstigheid maak mense siek en maak dat hulle 'n nul op 'n kontrak in terme van God se Koninkryk wat moet kom.

Dit is eers wanneer ons so onder die beheer van die Heilige Gees is en optree, dat ons effektief word.

[Om die Koninkryk van God en Sy geregtigheid te soek met wat ek gee](#)
Baie mense praat van "dit wat hulle vir God gee".

Of, as hulle nog Ou Testamentiese dink, hulle "tiende wat hulle vir God gee".

Ek wil nie hier gesels oor hoeveel jy wil of moet gee nie.

Ek wil oor die Bybelse beginsel van gee gesels en spesifiek die "gee van geld en goed".

Ons lees op 'n hele klomp plekke in die Bybel hiervan.

Daar is al die gedeeltes in die Bybel, en spesifiek die Ou Testament, oor die verskillende offers en tiendes wat God van Sy Ou Testamentiese volk gevra het, wat hulle moet gee uit dankbaarheid omdat Hy so goed is vir hulle.

Dit is ook waarvan ons lees in die bekende verse daar in Mal. 3 as daar gepraat word van "... Bring die volle tiende (in die sin van al die tiendes en ander offergawes, soos die eerstelingoffers, ens.) na die voorraadkamer (of skatkamer) toe sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige.

"Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie. Ek sal die sprinkane keer dat hulle nie die oes op julle land vernietig nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte is nie, sê die Here die

Almagtige. Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in 'n begeerlike land woon, sê die Here die Almagtige.” (Mal. 3:10-12)

Wat ek wil hê jy moet raaksien vandag is nie soseer die volle tiende wat sovele dominees en pastore so graag beklemtoon nie, maar eerder die seën en dinamiek wat loskom as ek en jy dit begin waag om sonder vrees te begin gee. En juis omdat ons nie meer vasgevang is in 'n armoede-mentaliteit of te vrees van dat daar dalk môre en oormôre nie genoeg sal wees nie.

Die ander Bybelgedeelte in die verband wat ek vir jou ook op die tafel wil neersit, is Lukas 16:9-13.

Die Here praat hier van die gee van geld en goed (wat Hy in hierdie verse “die oneerlike mammon” noem) in die lewe van “die mense van die lig”, soos Hy ons daar in vers 8 noem.

“En Ek sê vir julle: Gebruik die oneerlike mammon om vir julle vriende te maak sodat wanneer die geld nie meer kan help nie, hulle julle in die ewige wonings sal ontvang.

Wie in die kleinste dinge betroubaar is, is ook in die groot dinge betroubaar; en wie in die kleinste dinge oneerlik is, is ook in groot dinge oneerlik.

As julle dan nie betroubaar is in die hantering van die oneerlike mammon nie, wie sal die ware rykdom aan julle toevertrou?

As julle met 'n ander man se goed nie betroubaar is nie, wie sal dan iets aan julle gee om as julle eie te besit?

Geen huisbediende kan vir twee base tegelyk werk nie, want hy sal of die een minder ag en die ander een hoër, of vir die een meer oorhê en die ander een afskeep. Julle kan nie God én Mammon dien nie.”

Uit hierdie verse is dit dus duidelik dat ons “mense van die lig” kry, hoe onverstaanbaar dit ook al mag wees, wie duidelik nog vasgevang en gevangenes is van die demoniese mag wat heers daar waar daar geld en goed betrokke is. Jesus gee dit selfs 'n naam en noem dit “Mammon”.

Dit is ook die selfde demoniese gees waarvan daar in Openbaring gepraat word as die Gees van “die Hoer van Babilon”.

Sien, solank as wat ek en jy heelyd bekommerd is oor geld en of daar genoeg sal wees, worstel ons steeds met hierdie armoede-mentaliteit.

Dit maak dat ons al ons geld en goed so vasklou en bêre, dat daar tog, asseblief, net genoeg sal wees vir môre en oormôre!

Besef jy dat ons dan steeds slawe en gevangenes is van hierdie demoniese gees? Ons dien dan steeds Mammon met ons geld en goed!

Die alternatief wat Jesus vir ons hier in Lukas 16 voorhou, is om ons geld en goed so te gebruik dat dit tot voordeel van die Koninkryk van die hemele sal wees.

Dat, in die taal van ons reeks, iets van die hemel hier op aarde sal deurbreek omdat ons bereid was om te gee.

Ons kan dus ook deur ons geld en goed reg en op die regte plekke te gee, iets van die Koninkryk van die hemel hier op aarde laat deurbreek in mense se lewens.

Ek wil ook hê jy moet raaksien dat hier sprake is van twee soorte rykdom.

Hier is sprake van geld en goed wat eintlik die “minste is” en wat glad nie werklik belangrik is nie, want dit vergaan en is nie waaroor dit gaan nie.

Maar dan is daar ook die “werklike rykdom”, waarvan in die Engels gepraat word as “wealth”, teenoor die “minder belangrike” wat “riches” genoem word.

Hierdie “wealth” waaroor dit hier gaan, is dit wat werklik ’n verskil in mense se lewens kan maak en wat ’n verskil kan maak in die ewigheidsbestemming van mense.

Die verskil tussen “wealth” en “riches”

Ek herinner jou weer aan daardie gedeelte daar in Luk. 16:9-13, waar Jesus praat van die twee soorte “rykdom” wat daar is en hoe God kyk na hoe ons geld hanteer en of ons ook daarin betroubaar is in die lig van ons roeping om God se Koninkryk en Sy wil hier op aarde te soek.

Dit bepaal dan, volgens Jesus, of God die Vader ons met die “ware rykdom”, “wealth” in Engels, gaan vertrou.

Dit is jammer dat Afrikaans nie hierdie onderskeiding tussen “riches” en “wealth” het nie. Ek wil nie hier te uitvoerig oor die onderskeid praat nie, maar kom ek sê net dit:

In die Bybel kry ons ’n duidelike onderskeid tussen hierdie twee soorte rykdom. “Riches” het alles te make met geld, terwyl “wealth” gaan oor die dinge wat intrinsieke waarde het, soos goud, silwer, edelgesteentes, geboue, landbougrond, lewende hawe, landbouprodukte, maar ook oor vermoëns, gawes, vaardighede, wat ons kan gebruik om “geld” mee te maak. Dit kan dus ook geestelike outoriteit en geestelike gawes wees wat God in Sy genade aan mense gee soos Hy dit wil gee.

Nou staan hier in Lukas 16 dat God kyk na hoe en wat ons gee, in die vorm van geld, om te sien in watter mate Hy ons met meer geestelike outoriteit en “wealth” kan vertrou.

'n Aardse bankrekening en 'n hemelse bankrekening

In Mat. 6:19-21 lees ons van “skatte op aarde” en “skatte in die hemel” wat ons bymekaarmaak.

Kom ek noem dit 'n gewone aardse bankrekening en 'n hemelse bankrekening.

In die een geval, wat die aardse bankrekening betref, kan mot en roes dit verniel en kan die we kom en dit kom steel, terwyl in die geval van die hemelse bankrekening, dit nie kan gebeur nie.

Wat verder belangrik is, is dat die bankrekening waarin ek en jy belê terwyl ons hier op aarde is, 'n aanduiding vir God is, waar ons hart werklik is, bedoelende wie ons werklik dien, liefhet en vertrou.

Dit beklemtoon Jesus dan verder in vers 24, maar ook in die bekende gedeelte van vers 25 tot 34.

As ek en jy dan heeltyd angstig en bekommerd is, ook in ons gee, of daar genoeg sal wees vir môre en oormôre, is dit vir God 'n aanduiding wie en wat jy regtig vertrou en liefhet in jou lewe.

Begin saai in die Koninkryk

Kom ek haal vir jou aan uit 2 Kor. 9:6 tot 12, wat ek glo een van die sleutelgedeeltes in die Nuwe Testament is as dit gaan oor Bybelse gee (of “belê in hierdie hemelse bankrekening”, waarvoor ons laas gesels het).

“Dink daaraan: wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes.

Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.

En God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk.

Daar staan ook geskrywe: ‘Hy deel uit en gee aan die armes; hy bly altyd vrygewig.’

God wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, sal ook aan julle saad gee en dit laat groei en julle vrygewigheid 'n ryk oes laat oplewer.

Hy maak julle altyd in alles ryk genoeg om by elke geleentheid vrygewig te kan wees.

Deur ons bemiddeling het julle vrygewigheid tot gevolg dat God gedank word, want die bediening van hierdie hulpbetoon voorsien nie alleen in die behoeftes van die gelowiges in Judea nie, maar bring ook oorvloedige dankbaarheid teenoor God mee.”

Uit die konteks, en saam met gedeeltes soos 1 Kor. 9; 2 Kor. 8 en 9; Gal. 6:6 en Jak. 2, kan ons die volgende riglyne vir Bybels gee, (of vir die Here gee, of as ons in 'n hemelse rekening wil belê), neerlê:

Lyk vir my een ding is duidelik en dit is dat as ons Bybels gee, gee ons altyd aan mense!

Ons gee dus nooit deur ons geld of goed in hierdie “donker gat” of onpersoonlike fonds te gee nie.

As ons dan verder moet begin opnoem wie die Here in die Woord vir ons aandui vir wie gegee moet word, lyk dit vir my baie duidelik dat ons vir vier groepe mense moet gee.

Die Here moedig Sy mense aan om, eerstens, vir twee groepe mense te gee, naamlik aan mense wat God opdrag gegee het om 1) voltyds Sy mense toe te rus vir bediening; en 2) ook aan dié wat voltyds onder ongelowiges werk sodat hulle dus nie tyd het om nog ander werk te doen om self vir hulle en hulle gesinne finansiëel te sorg nie. (Kyk gerus na die volgende Skrifgedeeltes in die verband: Numeri 18:21; 1 Timoteus 5:17; Gal. 6:6).

Dan moedig die Skrif ons ook aan om twee groepe mense te gee wat arm is en wat te min het, wat dus 'n spesifieke nood het waarin hulle self nie kan voorsien nie.

Maar weereens is daar 'n sekere prioriteitsorde, namens om eerstens vir medegelowiges binne die Liggaam en Familie van Jesus te gee, (dink aan gedeeltes soos Mat. 25:34 tot 45; Jak. 2:14 e.v.; 1 Joh. 3:17; ens.), en dan aan ongelowiges wat te min het (Spr. 19:17).

As 'n mens se oë oopgaan vir die eenheid van die Liggaam van Jesus, is een van die eerste dinge wat 'n mens raaksien, die geweldige armoede onder soveel van God se mense.

Miskien nie daar in jou geloof-familie nie, maar in ander woonbuurte, in ander dorpe en stede in jou eie land en in ander lande.

Mag God ons sensitief maak vir waar Hy ons, as Sy bankbestuurders, wil gebruik om met Sy eiendom, mense om ons te bedien.

Sodat hulle werklik God se liefde en genade sal proe.

As ons dan aan armes gee wat ongelowig is, is dit altyd ook met die oog op die uitbreiding van die Koninkryk van God, en as God se tuinslang waar en wanneer Hy Sy liefde teenoor mense wil verklaar.

[Kom ons gesels oor om te beplan om Bybels te gee](#)

Kom ons gesels oor jou beplanning om Bybelse te gee sodat jy die krag van gee in jou lewe kan beleef. Daar is immers 'n dinamiek wat loskom, met die krag van 'n atoombom, as mense kies om Bybels te gee.

Hoe ontsluit God rykdom op aarde? Hoe gebeur dit dat God aan van Sy mense “wealth” gee en sommer baie dinge met intrinsieke waarde gee? En nou praat ons nie van om baie geld te hê of ’n groot bankrekening te hê nie. Ons praat nou van mense wat werklik baie het soos goud, silwer, diamante, eiendom, landbougrond, vee en wild.

Jy hoef maar net al die stories te gaan lees van al die dwase wat miljoene gewen het met die loterye van die wêreld, om iets te verstaan van dat “wealth” nooit oor hoeveel geld jy het gaan nie.

Daarom is dit vir my aangrypend om in die Bybel te ontdek dat daar ’n verband is tussen hierdie Bybelse “wealth” en hoe en wanneer God dit aan mense gee, en Bybelse gee.

As ons oor Bybelse gee praat, dan moet ons by Joh. 3:16 begin en dit wat God bereid was om vir ons te gee, as teken en omdat Hy ons liefhet.

Lyk vir my Bybelse gee gaan ook hieroor. Ons begin gee soos God gee, uit liefde, as teken van liefde, as vrug van die totale oorgawe aan die Gees van God in ons lewe, en omdat ons ook so in diens van hierdie God wil wees as verteenwoordiger en ambassadeur van Sy Koninkryk hier op aarde.

Ons word deur ons gee letterlik God se hande en voete en mond wat op die manier Sy liefde, Sy genade, Sy verlossing uitdeel aan mense wat dit nodig het in die vorm wat ons dit uitdeel.

Verder is dit ook vir my duidelik dat Bybelse gee altyd ’n element in het van saad en saai.

Daar in Gen. 8:28 staan daar dat God bepaal het dat daar op hierdie aarde ’n wet geldig sal wees van dat daar ’n saaityd gaan wees, wat gevolg gaan word deur ’n maai- of oestyd.

Kom ons gaan dan terug na Joh. 3:16 en wat daar oor gee staan. Kom ons vra dan vir mekaar: As God dan Sy Seun saai, watter oes het Hy verlang om terug te kry?

Dan is die antwoord voor die handliggend, want die saad wat jy saai, bepaal die oes wat jy ontvang.

Hy het Sy Seun gesaai, sodat Hy seuns van God, familie soos Hy, kon terugkry.

Ps. 126

Baie van julle weet dat een van my en Hetta se gunsteling psalms Ps. 126 is. Kom ek haal dit hier vir jou aan, want dit leer ons iets oor gee.

“’n Pelgrimslied. Toe die Here die lot van Sion verander het, was dit vir ons soos ’n droom.

Ons het gelag en gesing. Onder die nasies het hulle gesê: 'Die Here het groot dinge aan hierdie mense gedoen.'

Die Here hét groot dinge aan ons gedoen; ons was bly.

Verander tog ook nou ons lot, Here, soos U droë spruite in die Suidland in waterstrome verander.

Wie met trane saai, sal die oes met gejuig inbring.

Al loop hy en huil terwyl hy die saaisak dra, hy kom juigend terug terwyl hy sy gerwe dra.”

As God jou lot verander het, gaan jy begin lag en juig.

Kan ek jou vra: Lag en juig jy ook daar in jou besigheid en rondom jou finansies, omdat God merkwaardige dinge daar begin doen het?

Jy kan tog nie meer soos 'n armlastige optree en praat en dink as dit gebeur het nie. God het immers jou omstandighede ook daar in Sy genade begin verander.

En as dinge nog nie daar verander het nie, is dit baie belangrik dat jy sal sien hoe en hoekom God se mense in Ps. 126 kan sing en juig. Hulle kon juis sing en juig omdat hulle getrou was en gesaai het waar hulle moes saai. Omdat hulle getrou gesaai het, was daar ook 'n oes waaroor hulle kon juig en sing.

Ek weet nie van jou nie, maar daarom beteken hierdie Psalm juis vir my en Hetta so baie. Want ons weet met hoeveel trane het ons die afgelope tyd gesaai en gesaai en gesaai!

En op grond van die beloftes in hierdie Psalm weet ons dat die lewende God self aan ons wat so getrou met trane bly saai het, ja, dat daar ook 'n dag sal kom, hoor jy, sal kom, wat ons met gejubel ook die oes op daardie saad sal insamel!

Lukas 6:38

In hierdie vers belowe Jesus, ons Koning: “Gee en vir julle sal gegee word...”

Weet jy, toe ek gaan sit en nadink oor dit wat die Here my en jou vra om vir Hom te doen, het ek skielik besef dat dit gaan hier oor wat ons bereid is om te gee uit gehoorsaamheid.

As ons aan onself as boere sou dink, gaan alles oor wat ons bereid is om te saai om uiteindelik die oes te kan insamel wat God vir ons in die oog het.

Kom ek wees baie persoonlik hieroor om jou te help om baie prakties hieroor te dink. Ek wil my en Hetta se tyd in bediening sedert 1997 gebruik as voorbeeld toe die Here ons geroep het Kaap toe as voorbeeld

Ek weet nie of jy ons storie ken nie. Maar in 1997 het die Here ons uit 'n baie wonderlike, groeiende vernuwingsgemeente in Potchefstroom geroep en gevra om alles daar agter te laat, om ons huis daar te verkoop en Wes-Kaap toe te kom om hier te kan wees as herlewing hier uitbreek, wat Hy belowe het op pad was.

Vandag, in 2017, is dit 20 jaar later en beseft ek dat hierdie geloofstap en hierdie geloofspad van 20 jaar vir my en Hetta, net in terme van geld, meer as R3 000 000 gekos het!

Ons moes bereid wees om dit te saai om daar te wees waar God ons wou hê en om te doen wat ons hier en op ander plekke in diens van Sy Koninkryk moes doen.

In die proses het ek ook geleer dat om die Here te dien en te gehoorsaam, nooit verniet kan wees nie. Dit kos altyd 'n prys, en ook 'n prys in geld.

Ons was soos die gelowiges in die Ou Testament, bereid om ons offers te bring. Soos 'n boer moes ons ook in geloof die saad saai wat ons moes saai om die oes te kan maai wat God vir ons bedoel het.

Ek weet nie wat jy al moes opoffer, moes saai, om gehoorsaam te wees aan God se spesifieke opdrag in jou lewe nie.

Weet net, God belowe aan jou ook, soos aan my, dit wat daar in Luk. 6:38 staan.

Hy belowe ook aan jou dit wat Hy vir my en Hetta belowe het, toe Hy ons gevra het om in 1993 uit die NG Kerk en uit die pastorie uit te stap om in gehoorsaamheid om te doen wat Hy ons gevra het om te doen.

Die verse wat Hy daardie dag vir ons gegee het, gee ek ook vandag aan jou, daar uit Markus 10:29 en 30:

“Jesus antwoord: ‘Dit verseker Ek julle: Daar is niemand wat ter wille van My en ter wille van die evangelie afgesien het van sy huis of broers of susters of moeder of vader of kinders of eiendom nie, of hy kry nou in hierdie tyd honderd keer soveel: huise en broers en susters en moeders en kinders en eiendom, saam met baie vervolging, en in die bedeling wat kom, die ewige lewe.”

[As jy meer wil hê, dan moet jy gee wat God sê jy moet gee](#)

Ons is steeds besig om te gesels oor Bybelse gee.

Daarom wil ek jou weer terugneem na dit wat daar in Luk. 6:38 verder staan: “Gee, en vir julle sal gegee word: 'n goeie maat, ingestamp, geskud en propvol, sal hulle in julle hande gee. Met die maat waarmee julle meet, sal ook vir julle gemeet word.”

Sjoe, het jy mooi gehoor wat hier staan?

God wil jou maatstaf waarmee jy gee, gebruik om te bepaal wat Hy vir jou wil teruggee.

As jy dus elke keer wanneer jy gee, wonder of jy nie dalk te veel gee nie, dan moet God ook sorg dat daar nie vir jou te veel gegee sal word nie.

Die anderkant is natuurlik net so waar. As jy bereid is om vir God en Sy Koninkryk alles te gee wat jy het, dink jy God sal toelaat dat jy doodgaan van die honger of dat jy êrens langs die pad sal krepeer van armoede?

So, ontspan maar en begin gee wat jy moet gee, met vrymoedigheid. Doen maar net wat die Here jou beveel het om te doen met dit wat Hy aan jou gegee het.

Daar in Mal. 1:8 word hierdie prentjie aan ons geteken om vir ons 'n vraag te vra, naamlik dat as God dan werklik ons Pa is, waar is die eer wat ons vir Hom gee?

Daarom vra vers 13 verder, maar hoekom bring jy dan jou kleingeld, en siek en stukkende goed as jy vir die Here gee?

Hoe is dit moontlik, as ons werklik God wil eer met alles wat ons het, en as ons werklik glo God is ons Vader vir wie ons liefhet en totaal wil gehoorsaam met alles wat ons het, dat ons nie vir God ons beste gee nie?

God het die hemel en aarde geskape en die gebruik daarvan elke liewe dag in soveel vorme en op soveel maniere aan ons gegee.

Al wat Hy van jou terugvra, is die vraag of jy dan bereid sal wees om aan Hom, daar waar Hy vir jou wys waar nood is, jou beste terug te gee?

In die Ou Testament het God dit bepaal dat Sy volk van destyds op verskillende tye van die jaar verskillende dele van wat hulle het, vir Hom en Sy diens gegee het.

So moes hulle van die eerste deel van hulle oes, en al hulle eerstelingdiere, en nog by dit alles gereeld 'n tiende van alles wat hulle het, gegee het.

Die ouens wat hierdie dinge uitwerk, sê dat dit so plus-minus uitgewerk het dat God se mense in die Ou Testamentiese tye, in opdrag aan die wetgewing in die Tora hieroor, so drie tiendes van alles wat hulle gehad het, gegee het aan God en Sy diens (sodat Sy werk kon aangaan hier op aarde).

Het jy mooi gelees? Nie een tiende soos die meeste pastore sê nie, maar drie tiendes! (Die mense wat so aangaan dat ons moet doen wat in die Tora staan, sluk seker hier hulle tonge in!)

Dit is vir my 'n voorreg om in die verband, as 'n draer van die goeie nuus van die Evangelie oor Jesus Christus, aan jou te sê dat ons nie meer leef onder hierdie Ou Testamentiese bedeling en sy wette nie. Ons leef nie meer onder die ou verbond en daardie wette en bepalings daarvan nie.

Ons, as volgelinge van Jesus, en as verteenwoordigers van die Koninkryk van God, leef nou onder 'n beter, 'n nuwe verbond in Christus Jesus, waar God Sy beste, Sy enigste gegee het sodat jy lewe en dit in oorfloed kan hê.

Nou kom Hy na jou toe, as iemand wat Hy so in Sy genade verander het, en herinner Hy jou aan hierdie saai- en maai- beginsel en vra vir jou dit wat in 2 Kor. 9:6 en verder staan: "Dink daaraan: wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes.

Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.

En God is by magte om aan julle alles in oorfloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk."

Hoe kan ons dan nog so baklei oor hoeveel ons moet gee?

Ouens, as ons iets van die Koninkryk van God verstaan, as ons verstaan wie God is en wat vir ons belowe het...

As ons verstaan wat God vir ons gedoen het in Christus Jesus, hoe kan ons dan met mekaar nog stry en baklei oor hoeveel ons moet gee?

Hoe kan gelowiges wat besluit het om ten minste 'n tiende van alles wat hulle ontvang het te gee, nog wonder of dit dan nou uit die netto- of bruto-bedrag van wat ons inkry, bereken moet word?

Lyk vir my, dan moet ons eerder met mekaar gesels oor hoe ons kan beplan dat ons Bybelse gee stelselmatig sal groei van 10 persent af na meer en meer.

Ja, oor tot waar ons God kan vertrou om altyd vir ons meer as genoeg te gee, al gee ons later 20%, of 50%, of 80%, weg vir die Koninkryk.

Vir God gaan dit nie eers oor hoeveel jy gee nie. Hy kyk na die gesindheid en motief waarmee jy gee en wat in jou hart aangaan en wat jy dink as jy gee.

Dit is ook wat daardie gelykenis daar in Luk. 20:9-18 hieroor sê. Kom ek haal dele daarvan vir jou aan:

"Daar was 'n man wat 'n wingerd aangeplant en dit aan boere verhuur het. Daarna was hy 'n hele ruk weg van die huis af.

(So het Jesus ons hier op aarde "agtergelaat" met Sy Gees in ons, om te doen wat ons moet doen om Sy Koninkryk daar te laat kom waar Hy vir ons "grondgebied" of 'n "wingerd" gegee het.)

Maar dan, op 'n dag, kom Hy terug en vra vir 'n deel van die opbrengs.

Wat en hoeveel gaan jy teruggee? Is jy bereid om enigiets terug te gee?

Het jy ook gesien dat Hy weer en weer en weer “mense” gaan stuur om “te kom haal wat Syne is”?

Hoeveel van hierdie mense het jy nie al in die verlede met leë hande, of met ’n kleingeldjie of afskeepgoed, weggestuur nie?

Die goeie nuus van die Evangelie was dat God bereid was om Sy Alles, Sy kosbaarste, Sy Seun, te stuur.

Oor die afgelope tyd het ons vir mekaar in hierdie stukkies Woord gehelp om te ontdek wat Jesus Christus werklik hier op aarde kom doen het.

Ons het mekaar gehelp om iets te verstaan van die Koninkryk van God wat hier op aarde in Jesus gekom het, en dat dit nou deel van ons opdrag is om daar waar Hy aan ons ’n “wingerd verhuur het”, te doen wat ons daar moet doen.

Maar, tog, ten spyte van alles wat ons weet, werk en lewe so baie van ons asof dit net gaan oor die hier en nou, en om genoeg te kan hê vir my en my gesin, en om tussendeur genot te kan hê.

Dit is waarom dit weer vir ons nodig is om 2 Kor. 9:6 tot 9 vir mekaar te herhaal in die verband: “Dink daaraan: wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes.

Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.

En God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk.”

As jy begin om vir God te gee, moet jy gee soos 1 Kor. 16:2 vir jou sê om te maak.

Daar staan: “Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insameling nie eers plaasvind as ek kom nie.”

Om dus los te kom van hierdie gees van armoede, begin beplan om ten minste een dag in die week dit gereed te hê wat jy gekies het om daardie betrokke week vir God en vir die diens en koms van Sy Koninkryk te gee.

Volgende week het jy weer ’n geleentheid om meer of minder te gee, in die lig van hoe God jou geseën het.

Want dink daaraan, die lewende God sê vir jou, belowe aan jou, dat wat jy saai, sal jy begin maai.

Nog Bybelse riglyne vir jou gee

Kom ek deel met jou 'n paar ander Skrifte wat 'n mens kan help in jou gee.

Spr. 3:9 en 10 sê die volgende in die verband: "Vereer die Here met offerandes uit al wat jy besit en met die beste uit jou oes, dan sal jou skure oorvol wees en jou parskuipe oorloop van die wyn."

As God werklik eerste is in jou lewe, begin eerste vir Hom, vir Sy diens en vir die koms van Sy Koninkryk gee wanneer Hy jou seën en vir jou gee.

Deut. 26:1 e.v., sê die volgende: "Wanneer jy in die land kom wat die Here jou God aan jou gee as jou eiendom en jy dit besit en jy daarin woon, moet jy van elke eerste oes wat jy insamel in die land wat die Here jou God aan jou gee, 'n deel vat en dit in 'n mandjie sit en daarmee na die plek toe gaan wat die Here jou God sal kies om sy Naam daar te laat woon.

Jy moet na die priester toe gaan wat in daardie tyd daar sal wees, en vir hom sê: 'Ek verklaar vandag voor die Here u God dat ek gekom het in die land wat die Here met 'n eed aan ons voorvaders beloof het om aan ons te gee.'

Dan moet die priester die mandjie by jou vat en dit neersit voor die altaar van die Here jou God.

Jy moet dan in die teenwoordigheid van die Here jou God sê..."

Dit is vir my aangrypend dat die Here ons as Nuwe Testamentiese gelowiges herinner aan die noodsaak om teenoor mekaar te getuig oor God se goedheid en ingrype in jou lewe waarvoor jy ook vir Hom, ook deur wat jy kies om te gee vir Sy Koninkryk, wil dankie sê.

Jes. 58, vanaf vers 6 en verder, vertel vir jou hoe gelukkig dit God maak as jy jou kragte en jou finansies begin gee sodat reg en geregtigheid kan geskied, en sodat mense wat nie genoeg het nie, ook genoeg kan hê.

Kan ek jou net weer herinner aan die groepe waarvoor God wil hê ons moet gee?

Heel eerste moet ons saai in die mense se lewens wat God gebruik om ons en ander gelowiges toe te rus en te bedien in diens van Sy Koninkryk, (kom ons noem hulle sommer God se vyfvoudige bedieninge, waarvan ons lees in Ef. 4:11-16).

Daarna wil die Here ons ook gebruik om aan gelowiges wat nood en tekort het, te gee.

En dan, heel laaste, aan mense wat arm is, wat Hom nog nie ken nie.

Dit is baie duidelik uit die Woord dat God belowe om ons uit ons skoene te seën as ons vir die armes en mense in nood begin gee.

Onthou jy daardie vroutjie wat twee oortjies in die offerkis in die sinagoge gegooi het?

Toe sê Jesus, wat God is wat mens geword het, dat sy inderwaarheid baie meer gegee het as enigiemand anders, omdat sy alles gegee het wat sy gehad het.

Dit gaan dus nie vir God oor hoeveel jy gee nie. Dit gaan altyd oor waarom jy gee.

Geld en goed in Jesus se lewe en bediening

Daar in Luk 8:1-3 lees ons van 'n klompie mense wat in hulle lewe deur Jesus gehelp en verlos is, wat gekies het om Jesus te volg en te dien deur Hom en Sy dissipels met hulle besittings te dien.

Hulle het baie prakties gesorg dat Hy en Sy dissipels elke dag tydens hulle bediening genoeg gehad het van wat hulle mag nodig hê.

Onthou jy ook dat Jesus selfs 'n beurs vol geld gehad het waarmee dit wat Hy en die dissipels nodig mag kry, gekoop en betaal is? (Judas was mos in beheer daarvan).

Met ander woorde, geld het beslis in Jesus se lewe en bediening 'n baie noodsaaklike plek gehad, en as daar nie mense was wat dit aan Hom gegee het nie, kon Hy nie elke dag gedoen het wat Hy moes doen nie.

Vandag nog geld dieselfde beginsel.

Ook in Paulus se lewe en bediening was daar 'n hele gemeente wat na hom gekyk het en wat gesorg het dat hy genoeg gehad het, sodat hy kon doen wat die Here wou hê hy moet doen.

(En onthou, destyds kon hulle nie gou die geld na sy rekening EFT nie. Nee, hulle moes hom gaan soek waar hy in die wêreld was, om dit vir hom te gee.)

Ons liefde vir mekaar moet dus baie prakties raak. Ons moet begin dink wat die ander dalk mag nodig hê, of waarmee die Here dalk daardie een wil "bless" deur jou.

Is jou hart in die "gee"-modus? Of is jy heelyd ingestel op hoeveel jy kan ontvang?

Jesus sê: Dit is meer geseënd om te gee as om te ontvang.

As jy dus geseënd wil wees in elke area van jou lewe, moet jy begin gee, begin saai, in elke area van jou lewe.

Om so 'n broer vir iemand anders te wees

Ek kan nie anders nie, ek moet hierdie storie deel, wow!

'n Sakeman in Kaapstad kom by sy nuwe motor aan terwyl 'n seuntjie dit staan en bewonder.

Hy vertel die storie self so:

Toe ek die sleutel in die motordeur steek, vra die seuntjie: “Is dit Meneer se motor?”

“Dis myne, ja.”

“Hoeveel het hy gekos, Meneer?”

“Ou seun, ek weet nie.”

Hy kyk ondersoekend na my: “Meneer lyk nie na die soort wat 'n motor sal steel nie, maar waar het Meneer dan die motor gekry?”

“My broer het dit vir my gegee.”

'n Verlangende uitdrukking kom in die seun se oë en hy sê : “Ek wens...”

Ek verwag dat hy gaan sê: “Ek wens ek het so 'n broer gehad,” maar hy eindig sy sin anders as wat ek verwag het, en dit raak diep in my hart: “Ek wens ek kon so 'n broer wees.” sê hy.

My hart ruk wild in my borskas. Sy woorde raak my so dat ek hom dadelik wil plesier. “Kom, klim in, dan voel jy hoe ry hy.”

“Ek sal Meneer se kar net vuil smeer,” keer hy.

Ek dink by myself: “Jou klere mag vuil wees, maar jou hart is spierwit.”

Ek dring by hom aan en hy klim gretig voor by my in. “Sal Meneer voor my huis stilhou, asseblief,” vra hy dringend.

Ek hou voor 'n trapgang in 'n agterstraatjie stil. Soos 'n klipspringer is hy uit die motor en kom na 'n rukkie stadig terug met 'n kleiner seuntjie in sy arms. Die seuntjie is inmekaar getrek as gevolg van polio.

Saggies sit hy die seuntjie op die onderste trap op die sypaadjie neer. “Daar is hy, Boetie. Sy broer het dit vir hom gekoop. As ek eendag groot is, gaan ek vir jou net so 'n kar koop, dan kan jyself na al die winkelvensters gaan kyk.”

Trane swem in my oë en met 'n knop in my keel, sê ek: “Kom julle twee. Jou boetie gaan sommer vandag die winkelvensters sien.”

Ek help om die kreupel seuntjie voor by my en die ander een in te tel. Ek ry na die grootste winkelsentrum toe in die stad.

Toe ons stilhou sê ek: “Kom ons gaan kyk,” terwyl ek die kreupel outjie in my arms dra.

“Soek uit wat julle wil hê.”

Hulle het mildelik van my aanbod gebruik gemaak en gevat wat hulle wou hê. Die volgende paar uur in hulle geselskap was die gelukkigste tyd wat ek nog ooit in my lewe ervaar het.

Ek het besef dat die loon van om aan ander te gee, nie altyd materiële loon is nie.

“Daar is mense wat vrylik uitdeel en tog steeds meer het as ander wat suinig is. Wie 'n ander voorspoed gun, sal self 'n oorvloed hê. Wie die dors van ander les, sal self nooit dors word nie.”

En ek het besef: Ek wil so 'n broer wees.

“Abba, Vader, verander my en maak my so 'n broer vir mense om my!”

Die invloed wat die Gees op ons vlees-lewe het

Jesus het gekom om ons “lewe en dit in oorvloed” aan ons te bedien, sê Hyself daar in Joh. 10:10b vir ons.

In Joh. 14 en 16 en Gal. 5, leer die Here ons dat hierdie lewe in oorvloed alleen 'n werklikheid in ons lewe word daar waar God se Gees, wat woon in Sy kinders, in beheer is in ons lewe.

Ek sien dit as hierdie prentjie.

Rondom ons en in ons, is daar allerlei stemme, of kom ons noem dit “radiokanale”, waarby ons kan inskakel en waarna ons kan luister.

Luister ons na enige ander kanaal of stem as die stem van die Heilige Gees, beteken dit net pyn, lyding en uiteindelik dood vir ons.

Maar luister ons na die Gees van God, bring dit oorvloed en dit wat Fil. 4 van praat as “wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is - watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees”, waarop ons dan ons gedagtes moet rig en wat ons dan moet kies om te bedink.

Die Bybel is God se kode vir die mens om 'n gelukkige en oorvloedige lewe op aarde te hê.

Anders as die res van die skepping (waar leeuus geprogrammeer word deur God om 'n leeu te wees, en 'n kat geprogrammeer word om vir hulle hele lewe 'n kat te wees), het God vir die mens hierdie vrye keuse-meganisme ingebou om hom of haarself te programmeer.

Ons kan besluit wie en wat ons wil wees. Ons kan kies watter stemme ons na wil luister en waarop ons wil fokus.

Dit is waarom Fil. 2:12 sê wat dit sê. Luister wat staan hier.

“My geliefdes, julle was altyd gehoorsaam wanneer ek by julle was. Des te meer moet julle gehoorsaam wees nou dat ek nie daar is nie. Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verlore mense te lewe, want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer.”

Die DNA van die mens is werklik iets uiters merkwaardig.

As ons daardie sisteem moet uitskryf en beskryf, sê geleerdes ons, sal ons boeke vol skryf wat as ons dit langs mekaar neersit, van die aarde af toe by die Maan en nog 500 km verder sou strek.

Boonop, herstel hierdie DNA van ons liggaam homself en programmeer selfs homself.

Jy kan dus deur jou brein en die manier wat jy dink, begin om jouself gesond te dink, net soos wat jy jouself kan siek dink.

1 Kor. 10:31 praat daarvan dat ons moet leer om alles wat ons doen, tot verheerliking van God te doen.

Dit geld natuurlik vir alle terreine van ons lewens en elke ding wat ons doen.

Ook dus wat die finansiële en rykdom betref.

Prakties beteken dit dat voordat ek na enige van hierdie terreine kan kyk en wil kies wat ek daar wil doen of hoe ek daar wil optree of daarvoor wil dink, moet ons eers by God se voete gaan sit.

Daar by Sy voete leer ons watter manier van dink of doen gaan lewe of dood aan ons bedien.

As ek op enige ander punt begin, dan dink ek daarvoor vanuit my vlees, en dan loop alles skeef.

Die oomblik wanneer ek dus vanuit die vlees-realm oor geld, besigheid en rykdom (wealth) begin dink, gaan dit net oor “ek, my en myne”.

Rom. 8:9 sê dat die toets vir wie volgelingen van Jesus is en wie nie, is die volgende:

“Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle. As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie.”

Iemand wat onder die beheer van die Gees is, word gemotiveer deur dit wat hy/sy daar aan die voete van Jesus geleer het.

In so iemand se lewe word hulle geld, besigheid en rykdom (“wealth”) dan net nog ’n wonderlike instrument en bron waarmee ons God se Koninkryk kan soek en so ander mense en selfs gemeenskappe om ons kan bedien en kan beïnvloed in Sy diens en in Sy Naam.

Waarom wil jy ryk wees?

As jy net ryk wil wees of baie geld wil maak, het jy ’n baie oppervlakkige soort rykdom ingedagte.

As jy dink dat om ryk te wees beteken om baie geld te hê sodat jy op ’n stadium in jou lewe nooit weer te hoef werk nie, dan het ek vir jou baie slegte nuus: Daardie soort “ryk-wees” is bloot ’n gejaag na wind!

As jy deur jou besigheid net vir jouself en jou geliefdes wil sorg, sodat daar vir julle genoeg kan wees, moet ek jou waarsku, is jy met iets besig is wat nog baie trane en hartseer gaan veroorsaak.

Jesus se woord hieroor is die volgende: Soek eers die Koninkryk van God en Sy wil ook daar in jou besigheid en in jou hantering van geld en goed, dan sal die Here God self sorg vir al die ander dinge wat jy en jou geliefdes mag nodig kry.

Ons het al ’n paar keer vir mekaar gesê dat daar waar die Koninkryk van God begin gebeur, breek stukkies hemel deur.

“Hemel” is daar waar Jesus Koning is en waar Jesus gedien word. Sonder Jesus daar, kan dit nooit hemel wees nie.

Daarom moet jou hele lewe, en dus ook die manier hoe jy geld hanteer of hoe jy besigheid doen, ’n getuigenis wees dat jy Jesus ontmoet het en dat dit Hy is wat daar in jou lewe die verskil gemaak het.

Baie mense sê hulle is Christene, maar dit is net in naam.

Die Bybelse begrip, Christen, beteken “Christ-like”, omdat Jesus Christus self in jou woon en daarom sien mense iets van Christus in jou lewe en in alles wat jy doen.

Waar ’n mens hom/haar vasloop teen die lewende God, ’n lewende Jesus, verander alles!

Gee vir my so ’n minuut of twee om vir jou te wys wat gebeur as mense ’n ontmoeting met God gehad het.

Daar in Eks. 3 lees ons, stap 'n bejaarde Moses nuuskierig nader as hy 'n doringbos sien brand, maar ook sien dat dit nie uitbrand nie.

Skielik ontdek hy in die vuur dat die lewende God self daar staan.

In die woestyn, vir veertig jaar lank, ervaar God se volk, die ou Israel, God se teenwoordigheid as 'n wolk wat hulle in die dag beskerm teen die skroeiende warm son, en snags is dit 'n kolom van vuur wat oor hulle hang, wat vir hulle lig maak in die donker van 'n woestyn-nag. (Eks. 13:21,22; 40:38)

In Lev. 6:9 lees ons van die vuur van God wat op die altaar gebrand het van Moses se tyd af, wat altyd deur die priesters permanent aan die gang gehou moes word.

In 2 Kron. 7:1-3, in die tempel wat Salomo vir God gebou het, steek God weer hierdie vuur aan die brand, wat niks anders was as 'n sigbaarwording van Sy teenwoordigheid nie.

Vuur transformeer, verander, brand skoon, reinig en maak lig.

Daarom kies God om vuur en die rook of wolke te gebruik as simbool vir 'n sigbaarwording van Hom as 'n "onsigbare" God.

In Mat. 3:11 sê Johannes dat Jesus die Doper met die Gees is, want "Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur".

Dit help ons om te verstaan dat die Ou Testamentiese simbool van die vuur wat in daardie bos gebrand het in Moses se tyd, of die vuur daar op die altaar in die tempel, alles simbole was wat heengewys het na Jesus, die Een wat bekend sou staan as die Doper met die Gees.

Dit is Hy wat elkeen van Sy volgelinge met Sy Gees gaan doop.

In Hand 2:3, toe die Heilige Gees uitgestort is, het tonge van vuur op elke gelowige wat Hom ontvang het, kom sit.

Dit was asof God se goedkeuring op elkeen van Sy Seuns kom rus het.

Vandag nog, is dit Sy Gees in en op ons, wat soos vuur daardie ou vlees-mens in ons wil uitbrand, sodat die Heilige God van Israel permanent in jou kan woon en in beheer kan wees, om daar in jou lewe lig te verskaf.

Waar God is, is Hy alleen die Koning en daar geld Sy Koninkryksbeginsels en grondwet. Daar geld Sy outoriteit. Daar is niks onmoontlik nie.

Dan is dit nie meer jy wat lewe nie, maar Jesus wat in jou lewe.

Daarom, sê Rom. 8:9, is kenmerkend van ware gelowiges se lewens dat hulle nie meer lewe volgens die ou vlees-mens en sy begeertes nie. Hulle leef nou 'n lewe wat gedrewe en beheer word deur die Gees van God self.

Ons is soos God se handskoene

1 Kor. 3:16, 17 sê dat omdat God se Gees in ons woon, is ons die tempel van God. Ons is Sy woonplek hier op aarde.

Het jy mooi gehoor? Die lewende God woon in jou lyf deur Sy Gees.

Verder, sê die Bybel, deur die doping of salwing met die Gees, het hierdie God jou toegerus om deur die bonatuurlike gawes en vermoëns van Sy Gees, deur jou, bonatuurlike dinge te doen.

Hy wil deur jou as Sy kind hier op aarde, bonatuurlik mense genees, bonatuurlik mense vrymaak van demoniese magte en verslawing wat hulle tot nou toe gebind het.

Hy wil deur jou met mense praat. Hy wil selfs vir jou profeties dinge openbaar om aan hulle te sê wat jyself vooraf niks van geweet het nie.

Dit is waarom die Bybel hierdie beeld gebruik dat ek en jy, as volgelinge van Jesus en as gelowige kinders van God, deel is van die Liggaam van Jesus.

In hierdie Liggaam is Jesus self die Hoof, want Hy neem die besluite en gee die opdragte wat die verskillende ledemate van hierdie liggaam moet doen.

Dit laat my hierdie prentjie sien, naamlik dat ons soos hierdie handskoene is wat God self "aantrek" en dinge mee doen hier op aarde.

'n Handskoen kan net klavier speel as die hande in die handskoen kan klavier speel.

Ons kan dus nou dinge doen wat ons nooit voorheen kon doen nie.

Ons kan ons hand op mense sit en hulle genees.

Ons kan 'n woord spreek en mense kan hoor hoe God self met hulle praat.

Dit is waarvan 'n Sag. 4:6 praat as daar gepraat word van dat dinge "nie deur krag en geweld nie, maar deur God se Gees" gebeur.

Alles wat die vlees bedink en doen, is dood en bedien dood aan mense. Maar waar God se Gees se hande in die handskoene is, word lewe en oorvloed aan mense bedien.

Die woorde wat Ek praat, is Gees en dit is lewe!

In Jer. 5:4 sê God: Ek maak My Woord in jou mond 'n vuur.

In Joh. 6:63 sê Jesus dat “die woorde wat Ek praat, is Gees en dit is lewe”.

In Eseg. 36:26,27 word daar gepraat van ouens wat ’n hart van klip het, wat nie God kan dien nie. Net iemand in wie die Gees van God gekom woon het en vir wie ’n nuwe hart gegee is, kan lewe soos God wil hê hulle moet lewe.

Ek het begin gesels oor wanneer die Here by ons aandring om verhoudinge met van ons geliefdes en vriende te restoureer nadat daar verwydering gekom het. Een van die dinge wat die Here soms van ons vra, is om die voete van daardie persoon te was, soos Jesus Sy dissipels se voete gewas het.

Wanneer ons begin om mekaar se voete te was, of dit nou jou vrou, of jou pa is, moet ons die meeste van die tyd begin met die woorde: “Vergewe my dat ek jou so verkeerd behandel het toe ek nog ’n hart van klip gehad het.”

Daarom moet baie seuns, daar waar hulle pa se voete moet was, ook vra: “Pa, sal jy my vergewe omdat ek as kind so rebels was en so verkeerd teenoor jou opgetree het!”

Want hierdie Gees in jou, brand die skille van jou oë, jou verstand en jou hart, af sodat jy skielik kan verstaan, en kan sien en hoor.

Jy weet mos dat die mens gees is, met ’n siel, wat woon in ’n liggaam.

Nou het ek en jy hierdie mond van ons. Elke dag van ons lewe moet ons besluit of dit my vlees of my gees gaan wees wat my mond kan gebruik. En dit hang af van die keuse aan wie ek die beheer van my lewe oorgegee het daardie dag of daardie tyd.

Dit gaan ook bepaal of ek met gees-oë na dinge gaan kyk en of ek bloot met my gewone vlees-oë gaan kyk.

Net so hoor ons gees-ore ander dinge as ons gewone vlees-ore.

In Jes. 48:16-19 staan die volgende: “Kom nader na My toe en luister hierna: Van die begin af al het Ek niks geheim gehou nie, vandat iets begin gebeur het, is Ek nog altyd daar. En nou, die Here God het my en sy Gees gestuur.

So sê die Here, jou Verlosser, die Heilige van Israel: Ek is die Here jou God wat jou onderrig tot jou beswil, wat jou lei op die pad waarop jy moet gaan.

As jy maar aan my gebooi gehoorzaam was, sou daar voorspoed en redding vir jou gekom het, so onkeerbaar soos ’n rivier, soos die golwe van die see.

Jou nageslag sou so baie gewees het soos sand, jou afstammeling so volop soos sandkorrels, en Ek sou toegesien het dat hulle nie vernietig en uitgeroei word nie.”

God wil dus Sy planne en strategieë aan jou bekend maak. Hy belowe selfs om Sy Gees saam met jou te stuur.

En het jy gehoor? Hy wil jou selfs leer leer om profyt te maak. Dit is dus die moeite werd om na Hom te luister.

Ons vyand is so 'n geslepe leuenaar!

Jesus weet hoe geslepe Satan is. Sy geslepenheid het 'n derde van die engele agter hom laat aanloop. (Gaan lees maar wat daar in Jes. 14 en Eseg. 28 hieroor staan).

Die oomblik toe die mensdom, in Adam en Eva, die heerskappy wat hulle van God ontvang het om hier op aarde in God se Naam te heers, aan die Satan oorgegee het, het alles hier verander.

Daardie oomblik het die mensdom in 'n toestand beland waarin dit vir Satan en sy magte, met hulle geslepenheid, kinderspeletjies was om ons te oortuig dat ons arm en siek was, en dat dit God se skuld was.

Satan het ons oortuig om te glo dat al die slegte dinge wat met ons gebeur het, God was wat dit aan ons gedoen het of dit ten minste toegelaat het.

Dit was dus God wat mense siek maak, of hulle arm maak, of dood maak.

Natuurlik is dit alles leuens en is dit bloot jy wat toelaat dat Satan en sy magte al hierdie twak aan jou verkoop.

Dit is ons wat kies om Satan en sy magte te glo as hy vir ons sê: Jy is nie mooi nie. Jy is dom. Jy is 'n mislukking. Jy gaan niks reg kry nie.

Satan en sy magte is boonop so slinks dat as hulle sien dat jy begin glo wat hulle vir jou sê, dan gebruik hulle 'n belangrike mens daar in jou lewe om dit ook vir jou te sê. En ons glo dit alles, asof dit evangelie is.

Die meeste mense rondom ons besef nie dat ons elke dag van ons lewe in 'n oorlog is nie!

In hierdie oorlog, soos in enige ander oorlog, het die vyand 'n demoniese bemarkingspan wat met hulle wêreldklas bemarking elke moontlike kommunikasiemiddel gaan gebruik om ons te belieg en te bedrieg oor alles en nog wat.

Die vyand gaan dit so geslepe doen dat jy nie eers gaan besef hoe jy elke dag gebombardeer word van alle kante hierdeur nie.

Daarom het Jesus Sy Gees aan jou gegee om in jou lyf te kom woon as Sy volgeling.

Soos 2 Kor. 10:3-5 sê, wil hierdie Gees ons attend maak daarop dat ons bedag en gereed moet wees om aktief elke ding waarmee ons gebombardeer word, te sif en te toets of dit waarheid is of leuen.

“Natuurlik leef ons in ‘n menslike liggaam, maar ons voer nie die stryd met menslike wapens nie.

Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig.

Daarmee vernietig ons die redenasies en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word.

Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak.”

Begin om elke gedagte wat by jou opkom, aan die bors te gryp en te vra: Vanwaar kom jy, Gehasi? Kom jy van God of kom jy direk uit die hel?

[Jy kan nie dink hoe jou lewe kan verander as God se Gees dit beheer nie!](#)

In Jer. 20:9 vertel die profeet, Jeremia, die volgende: “En wanneer ek dink ek sal my aan Hom nie steur nie en nie meer in sy Naam praat nie, dan word dit in my soos ‘n vuur wat brand en waarvan ek nie kan loskom nie.”

Sien, wanneer God in ons is, kan jy en ander nie meer jou mond stil kry nie.

God se Gees gee jou toegang tot dimensies en kennis wat jy jou nie eers kan indink nie.

Dan word jy ‘n “trailblaser” en ‘n leier in jou veld.

Oral waar jy kom, manifesteer dit. Want waar God is, is daar wonderwerke. Waar God is, is daar deurbrake.

As jy vir die Here God vandag toelaat om in elke gebied in jou lewe, deur Sy Gees, alles oor te neem en te beheer, wat kan nie vandag alles verander in jou lewe nie!

Hoor net wat sê Ef. 5:1 en 2 in die verband:

“Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg.

Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as ‘n offergawe gegee het, ja, ‘n offer wat vir God aanneemlik was.”

In Luk. 12:31-34 spel Jesus verder uit wat dit beteken:

“Beywer julle vir sy koninkryk, dan sal Hy julle ook hierdie dinge gee.

Moenie bang wees nie, klein kuddetjie, want dit was die wil van julle Vader om die koninkryk aan julle te gee.

Verkoop julle besittings en gee bydraes vir die armes. Skaf vir julle 'n beurs aan wat nie leeg raak nie, 'n onuitputlike rykdom in die hemel, waar geen dief dit kan bykom en geen mot dit kan verniel nie.

Waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.”

Maar vir dit om te gebeur, moet ons oorgee aan Sy Gees wat in ons kom woon het, om deur ons te werk.

Daarom het Jesus die volgende vir Sy dissipels, daar voor Pinksterdag, toe dit met hulle gebeur het, gesê in Hand. 1:5, 8:

“Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal binne 'n paar dae met die Heilige Gees gedoop word.

... Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”

Jesus sê dus vir hulle dat Hy, wanneer Sy Gees gekom het, deur hierdie Gees wat in en op ons as Sy volgelinge is, ons wil gebruik om iets van Sy heerlijkheid met ander te deel.

Maar dit kan net gebeur as ons toelaat dat God se Gees ten volle in beheer is van dit wat ons doen en sê.

Want net as die Gees van God in beheer is, en as ons sê wat Hy ons voorsê om te sê, sal dit wat ons sê, nie net woorde bly nie, maar sal dit werklik God wees wat self met mense praat, sodat hulle kan hoor wat Hy vir hulle sê.

Wanneer ons begin doen wat God se Gees vir ons sê wat God in en deur ons wil doen, sê byvoorbeeld dat Hy iemand wil gesond maak, of dalk 'n storm tot bedaring wil bring, of iets wil heelmaak wat tans stukkend is, kan daardie bonatuurlik wonderlike ding gebeur.

Uit eie ervaring kan ek vir jou vertel van hoe dit wat ek hier bo vir jou gesê het, van my lewe as 'n baie “vaal, oninteressante “nerd”, 'n avontuur gemaak het waaroor ek al meer as 28 boeke vol geskryf het!

Aan die tafel van die Koning

Vandag wil ek jou neem na 'n baie aangrypende gedeelte, daar in 2 Sam. 9 waar Koning Dawid die volgende vraag vra: Het daar nie miskien iemand uit Saul se familie oorgebly nie? Ek wil hom graag onder my sorg neem ter wille van Jonatan.”

Dawid verwys natuurlik hier na die verbond en ooreenkoms wat hy met sy goeie vriend, Jonatan, gesluit het.

Dan hoor hy by Siba, 'n amptenaar wat in Saul se diens was, van die kreupel seun van Jonatan, met die naam, Mefiboset.

Koning Dawid laat hom dan haal en dan lees ons in vers 6 van daardie hoofstuk die veelseggende beskrywing:

Toe Mefiboset seun van Saul se seun Jonatan by Dawid kom, het hy op sy knieë geval voor Dawid en gebuig. "Mefiboset?" vra Dawid. "Ek is u onderdaan," antwoord hy.

Vers 7: Dawid sê vir hom: "Moenie bekommerd wees nie, want ek het besluit om jou onder my sorg te neem ter wille van Jonatan jou pa. Ek gaan al die grond van jou oupa Saul aan jou teruggee, en boonop sal jy van nou af by my aan huis eet."

Wow, watter prentjie is dit nie!

Hier het ons Mefiboset wat geweet het hoe sy oupa, Saul, hierdie nuwe koning Dawid, gehaat en vervolg het.

En hier word hy nou gehaal en gebring na die paleis van hierdie nuwe koning!

Ek sien in my geestesoog hoe Mefiboset, heelwaarskynlik die ene vrees met sy horrelvoete in die paleis van Dawid ingestrompel het. Net om te hoor: Van nou af sit jy aan die tafel van die koning!

Ek is oortuig dat ons hier een van die mees treffende prentjies in die Bybel het wat presies die hart van die Evangelie oor Jesus Christus, en wat Hy in die lewe van elkeen van Sy nuwe volgelinge kom doen het, raak teken.

Gewoonlik vertel ons dit vir mekaar in woorde soos: Jesus kom en red ons.

Maar miskien het dit tyd geword om dit 'n slag in hierdie taal van 2 Sam. 9 uit te spel.

Veral aan mense wat vasgevang sit in 'n gees van armoede en minderwaardigheid. Of aan mense wat vir jare vasgevang gesit het in godsdiens en tradisie.

Wat godsdiens en tradisie doen is dat dit jou nooit toelaat om aan die Koning se tafel te sit nie, want jy hoor heelyd daar dat jy net nie goed genoeg is nie.

Hier lees ons van iemand wat twee horrelvoete gehad het, maar nie net dit nie. Want as jy net 'n bietjie verder lees, dan lees jy ook van 'n horrel-gees wat hierdie ou in homself gehad het.

Hy het selfs nadat die koning hom uitgenooi het na die paleis toe, na hoeveel dae wat hy daar aan die tafel gesit het, nog steeds nie gevoel hy is goed genoeg nie.

Ek sê altyd: Hy sou werklik in die Amakroka-kroka-span gespeel het as hulle destyds Olimpiese spele toe gegaan het!

Maar God gee koning Dawid opdrag om hom paleis toe te bring sodat hy aan sy tafel kan kom sit en van die oorfloed daarop elke dag kan eet.

Nie net dit nie, hy kry ook sy oupa, koning Saul, se grond terug en boonop gaan daardie grond voortaan namens Mefiboset, deur die dienaars van Saul wat nog oor is, bewerk word.

Soos ek gesê het, watter prentjie van die boodskap van die Evangelie is dit nie! Jesus kom aarde toe. Ons is verlore en sondig - met horrelvoete, horrelhande en met 'n horrel-gees in ons.

Ons het van gees-mense in vlees-mense verval. En dan kom Jesus en rig ons op en verander ons lot, sê Ps. 126.

Maar tog, net soos Mefiboset, tenspyte van alles wat die Evangelie ons vertel wat Jesus klaar vir ons gedoen het, probeer sommige nog steeds volgens die reëls van godsdiens lewe. Hulle probeer steeds self goed genoeg wees, reg lewe, goeie mense wees, genoeg bid en Bybel lees, groot genoeg tiendes gee en al die wette gehoorsaam. Deur die week sloof hulle hulself af en werk soos slawe, want hulle glo steeds wat die wêreld om hulle vir hulle sê, naamlik dat hulle net hulleself het om die ding vir hulle en hulle kinders te doen. Alles hang van hulleself en hulle eie "effort" af.

En hulle glo nie wat die Skrif sê dat ons in Christus Jesus toegang het tot die heerlijkheid van God nie. Hulle glo nie dat ons as volgelinge van Jesus kinders van die Koning van alle konings is, wat toegang het tot die tafel van die Allerhoogste nie.

[Kom ek vertel jou van 'n ander tafel](#)

Kom ek vertel vir jou eers van 'n ander tafel hier op aarde. Dit is die tafel waar 'n paar groot koppe sit.

Dit is die tafel waar die olieprys bepaal word, waar die goudprys bepaal word, waar besluit word watter geldeenheid gaan vandag val en watter een gaan vandag styg sodat dit hulle kan baat. Hulle bepaal daar as't ware die gang van die mensdom op aarde, of so dink hulle.

Dit is die gees, Mammon, se manne.

Nou kom God se Woord en sê vir ons as kinders van God en as gelowige volgelinge van Jesus: Julle is God se familie.

Julle sit aan die tafel van die Koning van alle konings.

Julle is die verteenwoordigers van Sy Koninkryk wat besig is om hier op aarde te kom.

Julle beheer daardie manne van Mammon. Hulle beheer nie vir julle nie!

Die Here sê in Sy Woord dat Hy niks op aarde doen voordat Hy dit nie vir Sy familie deur die profete sê nie.

As jy 1 Kor. 12 tot 14 gaan lees, sal jy hoor dat jy toegang het tot al die gawes van die Gees, waarvan die belangrikste gawe, wat God vir elkeen van Sy kinders wil gee, profesie is.

Jy kan dus na Hom toe kom en vra dat Hy ook aan jou hierdie dinge waarmee Hy besig is, sal kom openbaar.

Sodat jy dit ook aan ander van Sy kinders kan openbaar tot hulle geloofsversterking en bemoediging.

Maar dit is jou keuse, as jy wil.

In Ef. 2:4-8 staan dieselfde. Daar staan dat in Jesus, sit jy in hemelse plekke, aan die tafel van die Koning in die hemel.

Die vraag is dan: hoekom weet jy dan nie wat aangaan nie?

Joh. 16:13 sê dat die Heilige Gees alles aan jou gaan openbaar wat gaan gebeur.

As jy wil weet waarheen die ekonomie oppad is, gaan vra die Heilige Gees.

Gaan vra Hom wat jy nodig het om te weet en wat jy moet doen om voor te wees. En gaan sit en luister wat Hy sê.

Dit vra tyd saam met God. Dit is nie 'n quick -fix dié nie. God is besig om aan ons te werk en dit vat tyd.

Dit is soos 1 Pet 2 dit vir ons teken. As ons tot bekering kom, is ons geestelike babas. Daarom moet ons die Woord begin drink soos melk om te groei en volwasse te word, om dit wat God eintlik aan ons wil openbaar, te kan absorbeer en te kan verteer.

Daardie Woord moet deel word van jou, van jou denke, van jou manier van doen.

En so word jy opgerig om as verteenwoordiger van God en Sy Koninkryk hier op aarde te kan optree.

En dit is nie 'n verantwoordelikheid wat God aan 'n klomp babas kan toevertrou nie!

Op 1:5,6

Kom ek haal vir jou aan wat hier staan:

“Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde. Uit liefde vir ons het Hy ons deur sy bloed van ons sondes verlos en ons sy koninkryk gemaak, priesters vir God sy Vader. Aan Hom behoort die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen.”

Hoe funksioneer ’n tempel?

Deur priesters.

Hoe funksioneer ’n koninkryk?

Deur mense wat die Koning van die koninkryk verteenwoordig.

Daarom is die eerste fase van ontwikkeling in die lewe van ’n nuwe geestelike baba en kind in hierdie Koninkryk dat jy moet leer om oor jouself te heers.

Jy begin reg eet, reg drink, reg praat, reg dink.

Daarom sê Rom. 12:2: Laat toe dat God jou gedagtes kan vernuwe.

Want hoe jy gedink het voor jou bekering en wedergeboorte, is nie hoe jy nou moet dink as ’n volgeling van Jesus nie.

Jy moet nou leer dink soos wat God se wil vir die mens oorspronklik bedoel was.

Ef. 5:1 spel dit so uit: “Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg.”

Die afgelope tyd het ons spesifiek gekonsentreer en die Skrif ondersoek om te ontdek hoe dink God oor geld. En in die proses het ons ontdek dat daar meer tekse in die Bybel is oor geld en hoe om geld en goed te hanteer, as wat daar Skrifte is oor geloof en gebed.

Voor jou bekering en voordat jy nie hierdie Skrifgedeeltes gelees het nie, het jy ’n sekere opinie daaroor gehad. Soos, ek glo nie God ’n mens ook finansiële wil seën nie!

Waar het jy dit geleer?

Daarom moet jy nou as nuwe volgeling van Jesus, leer wat jou Vader in die hemel hieroor dink.

Mat. 5:18 sê dat alles sal verbygaan, maar nie wat God daarvoor sê en dink nie.

So, God se Woord is die grootste onveranderlike wat jy vandag besit. Dit kan nie verander nie. Dit is soos 'n rots waarop jy jou huis, jou lewe en jou besigheid kan bou.

Soos wat Jesus die Woord was wat vlees geword het (Joh. 1), so moet die Woord in jou lewe vlees en 'n realiteit word.

Solank jy steeds dink en doen soos wat jy al die jare voor jou bekering gedoen en gedink het, gaan dit jou depressief, arm en ongelukkig hou. Daarom het jy nodig om te verander. Daarom moet daardie stuk ou vlees van jou sterf. Daarom moet jy verlos word van daardie ou manier van dink oor dinge.

Sodat God se Gees in beheer in jou lewe kan kom om jou deur Sy Woord te lei.

As God se goedheid mense wat nie eers Hom ken nie, kan seën met baie goed en geld, dink net wat kan gebeur as die goedheid van God ook in jou lewe as Sy kind, ook wat jou finansies betref, begin deurbreek.

Dink net watter verskil kan jy dan in mense en in gemeenskappe se lewe maak as iemand wat aan Hom behoort, as Sy verteenwoordiger en voorbeeld in hierdie wêreld.

Hoekom moet jy wat Sy kind is, skuldig voel as God jou begin seën in jou besigheid? Alles behoort immers aan Hom. Hy is skatryk. Hoekom moet jy skuldig voel as Hy jou uit jou skoene begin seën in besigheid!

Jesus het gesterf, en opgestaan om ook jou wat dit glo, te laat deel in Abraham se erfenis, sê Gal. 3 vir ons.

As Jesus God is, laat Hom God in jou lewe wees.

As Jesus goed is, laat Hom goed in jou lewe wees.

As Jesus die Geneesheer is, laat Hom toe om jou te genees.

As Hy die Voorsiener is, laat Hom toe om die Voorsiener in jou lewe te wees.

Soos Hy wil.

Moenie, as Hy die bak na jou uithou, net tevrede wees met net een nie. Vat, en begin uitdeel as daar te veel vir jou is.

Leer dat dit nie net bedoel is om jou te seën nie. Begin uitdeel en saai, en sien wat dan kan gebeur.

Nou nooi die Here jou uit om te kom sit by Sy tafel, en om te kom kry wat jy en ander nodig het.

Kan jy dink wat kan gebeur as ons dit werklik begin glo. Dan sal ons in byeenkomste begin saai in mekaar se lewens: motors, ringe, klere, geld, werksgeleenthede, vliegtuigkaartjies, vakansieverblyf, huise!

Maar, tans klou die meeste gelowige volgelingen van Jesus net vas aan wat hulle het, want ons glo hierdie woord werklik nie.

As jy die goedheid van jou Hemelse Pa begin snap, gaan jou hele lewe begin verander. Dan gaan jou hart tot rus kom en gaan jy 'n innerlike vrede beleef wat alle verstand te bowe gaan.

“Bible” staan vir “basic instructions before leaving earth”.

Alles in die Bybel gaan uiteindelik oor Jesus.

Die wonderlike goeie nuus oor Jesus loop as't ware soos 'n goue draad dwarsdeur die Ou en Nuwe Testament.

Jesus self het daar in Johannes 10:10b gesê: Ek het gekom sodat julle lewe kan hê en dit in oorvloed.

As Hy goed is, tap daarby in en sien hoe daardie goedheid deur jou begin vloei na ander toe.

Kol 2:9 sê: Die volheid van God leef in Jesus. En nou woon hierdie Jesus deur Sy Gees binne in jou.

Vader-God nooi jou deur Sy Woord na Sy tafel toe, vroeg in die oggend, om self by jou te kom hoor wat jy nodig het en om met jou oor die dag te gesels voordat al die gehardloop en besig-wees begin.

Dink 'n bietjie: 'n Griepvirus wat jy nie eers kan sien nie, so klein is dit, het 'n geweldige effek op jou liggaam as dit daar grond vat.

Kan jy dan dink watter effek kan Jesus wat in jou woon, op jou kan hê as jy Hom werklik toelaat om die beheer oor te neem?

Watter effek sal God se teenwoordigheid deur Sy Gees hê daar waar jy woon en werk, as ons net oorgee aan Hom en Hom toelaat om God te wees soos Hy dit wil doen!

In Ef. 5:18 staan daar die volgende: “Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul.”

Party van ons ken hierdie vers uit ons kop, maar ons het nog nooit in ons eie lewe beleef en ervaar hoe dit is as God se Gees werklik die beheer oorneem in ons lewe nie.

Sien, om met die Gees vervul te word, word nie verniet met dronk wees vergelyk nie.

Dink aan drank, dink aan brandewyn. Pappa, jy kan alles van daardie drank of brandewyn af weet, maar as jy dit drink en dit neem oor, dan word dit 'n totaal ander saak.

So ook met waar en wanneer die Gees beheer oorneem.

Kom ek wees prakties.

Soek jy meer geduld, liefde, vrede en vriendelikheid in jou daaglikse lewe?

Gal. 5:22,23 sê: “Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.”

Met ander woorde, daar waar die Gees van God in beheer in iemand se lewe is, daar sien ons hoe daardie persoon meer geduldig, meer liefdevol, meer vredevol en vriendelik word.

En dit is nie iets wat hulle hard aan moet werk voor die gebeur nie.

Dit is net daar, omdat God se Gees in beheer in hulle lewens is.

Waar God se Gees in beheer is, is dit nie meer net “me, myself and I” nie
As jy groot wil wees in die Koninkryk van God, moet jy leer om plek te maak vir ander.

Dan moet jy leer om 'n bedienaar te word van ander rondom jou.

Dan word jy 'n “servant of all”.

Jy wag nie meer vir jou vrou om vir jou iets te doen nie. Jy doen dit vir haar. 'n Vrou wag nie meer vir die man om alles wat sy nodig het vir haar te gee nie. Sy begin om haar man te bedien met wat hy nodig het.

'n Bybelse huwelik is tog nie waar ek 50 persent gee en my vrou die ander 50 persent moet gee nie.

Nee, die Bybelse huwelik is 'n verhouding waar ons verstaan dat dit God se wil is dat beide die man en vrou, onder die beheer van die Gees, bereid is om elkeen 100 persent te gee wat nodig is.

Dieselfde geld vir daar by die werk, in jou besigheid of op die plaas. Nou draai dit nie meer net om jou en jou behoeftes daar nie.

Dit is hoe dit lyk wanneer iets van die Koninkryk van God in 'n huwelik, of 'n besigheid of op 'n plaas deurgebreek het.

Dit is dan wanneer ons ontdek hoeveel mense is daar buite wat Jesus nodig het.

Dit is dan wanneer iets in ons gebeur en wanneer ons dinge begin doen wat mense gaan verstom.

Soos, as jy in 'n gebied woon waar daar ook Moslems woon, gaan stap 'n slag daar in en gaan druk hulle en gee hulle 'n soen in hulle nek.

Sê 'n slag vir hulle: As jy vanaand gaan bid, bid dat die God van Abraham, Isak en Jakob aan jou sal verskyn.

En as Hy aan jou verskyn, kan jy maar kyk: Hy gaan gate in sy polse en voete hê.

Dit is wat tans oral in die Moslem-wêreld gebeur, want Jesus, die Koning, verskyn self aan hulle!

Hy het ons uit ons skoene uit geseën!

Kom ek haal vir jou so 'n paar verse uit 'n paar gedeeltes van God se Woord aan en dan hoor jy hoe die Gees van God jou herinner dat jou God en Koning jou geseën het met store en store vol van allerlei seëninge.

Soos daar uit Efesiërs 1, verse 3 tot 10.

“Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is.

So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees.

In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees.

Daarom moet ons God prys vir sy wonderlike genade wat Hy in die Geliefde vrylik aan ons geskenk het.

Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God wat Hy in al sy wysheid en insig so oorfloedig aan ons geskenk het.

Hy het kragtens sy besluit en voorneme die geheimenis van sy wil aan ons bekend gemaak en dit deur Christus tot uitvoering gebring op die tyd wat Hy daarvoor bepaal het. Sy bedoeling was om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus.

Deur Christus het ons deel geword van die volk van God soos Hy dit vooruit al bestem het. So het Hy Hom dit voorgeneem, Hy wat alles laat gebeur volgens sy raadsbesluit.”

In 1 Joh. 4:4 herinner God se Gees ons dat die lewende God in ons woon... Sy DNA is in ons.

G'n wonder Ef. 2:10, daar in die Amplified Bible, vertaal dit iets soos die volgende – en ek vertaal sommer vinnig dit in Afrikaans: Lewe die goeie lewe wat God vooraf vir jou voorberei het.

Voor dit was jy soos 'n papie.

Skielik verander jy in hierdie skoenlapper. En dit was die Woord en Gees van God wat soos 'n sleutel ons lewens ontsluit het.

Daarom, omdat ons dit weet en verstaan, kan ons elke dag, in Heb. 10:19 se woorde, met vrymoedigheid hierdie God en Vader van ons se troonkamer binnegaan, en Sy Woord begin lees en hardop bely. Want daar in die troonkamer is Hy, wat daar in Jos. 1:8 gesê en belowe het:

Hierdie wetboek/woord moet die rigsgnoer wees vir alles wat jy sê.

Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan.

Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees.

Ons sukses en miljoene lê nie opgesluit in daardie groot tender of in net nog 'n besigheidstransaksie nie. Nee, ons sukses lê daarin dat ons begin om te glo wat hierdie God vir ons daar aan Sy tafel sê, daar waar ons alleen is. En waar ons dan gaan doen wat ons moet doen.

Daar aan tafel, gaan Hy vir jou die strategieë gee wat jy nodig het. Hy gaan daar aan jou geheimenisse openbaar wat niemand van weet nie.

Hy gaan bv., vir jou daar leer hoe om uit geldelike moeilikheid te kom op Sy manier.

Jy gaan bv., ontdek dat jy jou uit jou moeilikheid uit kan saai!

Al probeer die wêreld daarbuite jou oortuig om uit jou moeilikheid te kom deur nog skuld te maak.

Daar aan die tafel gaan jy weer Sy woorde daar uit Luk 6:38 hoor waar Hy sê:

“Gee, en vir julle sal gegee word: 'n goeie maat, ingestamp, geskud en propvol, sal hulle in julle hande gee. Met die maat waarmee julle meet, sal ook vir julle gemeet word.”

Sien, as jy kies om met 'n telepel te gee, gaan God vir jou met 'n telepel teruggee.

Hoor wat staan daar in Deut. 29:29:

"Wat nie geopenbaar is nie, is bekend aan die Here ons God, maar wat geopenbaar is, is vir altyd bekend aan ons en ons nageslag: ons moet lewe volgens al die woorde van hierdie wet."

Daar aan Sy voete gaan jy leer dat al die geheimenisse van die aarde in Jesus gesetel is.

Daar gaan jy leer dat die fisiese wêreld rondom ons deur hierdie onsigbare geestelike ryk beheer word en nie andersom nie.

Daarom is dit mos net logies dat ons daar uit die geestelike ryk, daar aan die tafel van ons God en Vader, al die antwoorde en oplossings kan verwag wat ons hier nodig het.

Hoeveel keer stap ons nie by geleenthede verby nie, want ons is verblind deur die leuens wat die vyand uit sy ryk aan ons bedien het.

Die grootste wysheide is in hierdie Woord van God opgesluit.

Daar in Jer. 33:3 nooi hierdie God en Vader jou uit: Roep My aan, Ek sal jou antwoord en jou vertel van groot en onverstaanbare dinge waarvan jy nie weet nie.

Gaan tafel toe en gaan vra vir God wat jy wil weet, want Hy weet dinge wat niemand anders weet nie.

God het in Jesus 'n mens geword

'n Groot deel van die wêreld se bevolking vier oor plus-minus 'n maand die herdenking van Jesus se geboorte as 'n gewone mens-baba. Ja, ek weet dat Hy, volgens die beste navorsing, 11 September 3 v.C. gebore is in Betlehem. Maar baie mense vier die herdenking daarvan op 25 Desember om baie redes.

Ek wil nie oor die reg of verkeerd daarvan gesels nie. Kom ons gebruik die geleentheid om 'n bietjie stil te word en na te dink oor hierdie onverstaanbare geheimenis van God wat in Jesus mens geword het.

Jesus moes Sy God-wees letterlik "eenkant sit" om volledige mens te word. (Gaan lees maar Skrifgedeeltes soos Fil. 2:1-11 of Kol. 1:15 e.v.)

Maar Hy moes ook mens word om die Ou Verbond met al Sy wette in detail na te kom en te kom vervul in ons plek en namens ons. Dit was immers iets wat geen mens as gevolg van die sonde in ons are ooit kon doen nie. (Gaan lees maar Mat. 5:17-19; die hele boek, Hebreërs; en Galasiërs).

Maar Hy moes ook mens word, om vir en namens ons te sterf, om so 'n Nuwe Verbond en 'n nuwe verhouding met God moontlik te maak en in werking te stel.

Die Bybel is mos in hierdie twee gedeeltes verdeel: die deel wat onder die bepalings van die Ou Testament val en die deel wat onder die bepalings van 'n Nuwe, beter Testament val.

Jesus het nie die gedeelte wat onder die Ou Testament val tot niet kom verklaar nie. Nee, Hy het gekom om dit in totaliteit te vervul sodat elke deeltjie daarvan, elke jota en tittel daarvan, elkeen van die 613 wette van die Tora ook, hulle volle betekenis kan kry en in plek kan val in die groter prentjie waarmee God nog altyd en steeds mee besig was en is.

Daarom, eers nadat Jesus gesterf het, kon God die Vader se Nuwe Testament in werking tree.

Onder die bepalings van die Ou Testament moes mense op 'n bepaalde manier lewe om so te bewys dat hulle deel is van God se volk. Hulle moes die hele wet, die hele Tora met al 613 wette, in detail gehoorsaam en nakom, elke een, om aan die heilige God se standaard te voldoen.

As hulle in een opsig gesondig het of een daarvan oortree het, was dit asof hulle al daardie wette oortree het in die Heilige God se oë. (Jak. 2:10) God se eis vir heiligheid het vereis dat hulle perfek moes wees en daarom moes hulle Sy wil en wet perfek gehoorsaam het.

Verstaan mooi, dit was nie God se oorspronklike plan in die begin nie. Onthou, Gen. 1 en 2. Hy, as die Koning, wou in 'n liefdesverhouding wees met Sy spesiaal gemaakte mens. Die mens was immers bedoel om God se verteenwoordigers van die Hemel hier op aarde te wees. Sy oorspronklike plan was dat Sy oorspronklike Eerste Adam en Eva, met die outoriteit, mag en krag wat Hy aan hulle gegee het, in Sy Naam hier geregeer en alles onder beheer sou bring en so sou hou. Hulle was immers bedoel om die konings en koninginne op aarde te wees oorspronklik.

Nou weet jy egter watter gemors hulle daarvan gemaak het.

Daarom moes God Sy verlossings- en restourasieplan in werking stel, op pad na 'n nuwe, tweede skepping. Op pad na die Laaste Adam en sy nageslag, en God se herstelplan deur hulle.

Vir dit om te gebeur, moes die eerste Adam-mens eers ontdek dat hy nie meer in staat was om koning te wees hier op aarde nie.

Hy moes ontdek dat hy in sy wese siek en deurtrek was met sonde en die gevolge van sonde, sodat hy kon begin roep na God vir 'n nuwe Verlosser.

Hy moes begin roep en hoop op 'n nuwe, tweede Adam, sodat die nuwe skepping kon begin plaasvind.

En dit was wat die Tora en sy wette moes doen. Die bedoeling van die ou Tora en sy wette was wat 2 Kor. 3 beskryf as 'n "ministry of condemnation" in die Engels.

Maar daaroor dink ons volgende keer verder.

Die Tora vanouds was bedoel om “a ministry of condemnation” te wees

Ons is steds besig om na te dink wat presies het gebeur toe God se Seun in Jesus, die Christus, ’n mens geword het. Maar selfs belangriker as dit: Wat het werklik gebeur toe Hy, die Onskuldige, Sy lewe vir ons sondes gegee het.

Gaan lees ’n slag mooi wat daar in 2 Kor. 3 staan.

Daar staan dat die bediening wat God aan Moses gegee het (toe Hy die ou Tora aan hom gegee het om aan die ou volk te bedien), ’n bediening was waardeur die mense moes ontdek dat hulle as gevolg van hulle sondigheid en sonde, eintlik in God se oë totaal veroordeel en verlore was (vers 9).

Die Engelse Bybelvertalings vertaal dit as “a ministry of condemnation”!

Met ander woorde, toe God aan Moses die Tora, die Ou Wet met sy 613 wette, gegee het met die opdrag dat hulle dit perfek moes gehoorsaam, was Sy bedoeling daarmee juis om die mense te oortuig dat hy verlore was.

Die mense moes deur sy onvermoë om die Tora te gehoorsaam, ontdek dat hy in sy wese papvrot was en God se ingrype en verlossing nodig gehad het. Op sy eie sou hy dit nooit kon maak nie.

Wow, wat ’n skok moet dit nie wees vir die mense wat vandag nog so vasklou aan die ou Tora en sy wette, om te ontdek wat hier in 2 Kor. 3 werklik staan nie!

Ek dink nie hulle het hierdie vers al ooit mooi gelees nie!

As jy verder lees daar in 2 Kor. 3, dan sal jy sien dat daardie ou bediening selfs ook tog ’n stuk heerlijkheid ingehad het. Want, het jy gelees, toe Moses teen daardie berg alleen opgegaan het (want die volk was te bang om met hom saam te gaan en het hom maar alleen gestuur om namens hulle te gaan), het iets met Moses gebeur! Sy gesig het na daardie tyd in God se heerlike teenwoordigheid begin blink, en het bly blink tot ’n hele tydjie daarna.

Daarom lees ons, het hy ’n doek oor sy kop te sit, nie net sodat die blink nie die mense daar onder die berg sou verblind nie, maar sodat hulle ook nie kon sien wanneer sy gesig ophou blink het nie.

Dan begin 2 Kor. 3 praat oor die bediening wat God nou aan ons na Jesus se dood en opstanding, as Sy Nuwe Testamentiese volk, as die Liggaam van Jesus, gegee het.

Daardie bediening word die bediening van die geregtigheid van God genoem. Dit is ’n bediening wat deur die Gees wat in ons woon, gebeur en bedien word aan mense. Wat vër heerliker en wonderliker is as daardie ou bediening onder die ou wet.

Hoe staan hier in vers 9?

As daardie ou bediening heerlik was, kan dit nie eers vergelyk word met die bediening waarin die geregtigheid van God nou in Christus Jesus aan mense bedien word wat dit glo nie.

Daarom oortref hierdie nuwe bediening die oue by verre.

Ons geregtigheid in Jesus

Sien, hierdie geregtigheid wat in en deur Jesus Christus vir ons bewerk is, word deur God aan ons geskenk om nou vanuit te lewe en te opereer.

Dit is dus nie meer, soos onder die Ou Testament en die bedeling van die Ou Tora, iets wat ons vir onself moet probeer verwerf nie.

Vandat ons gered en verlos is deur Jesus, kan ek en jy glo dat ons totaal deur God vrygespreek is en in 'n regte verhouding met God is.

Daar is niks meer wat ek en jy hoof te doen om reg te maak en in 'n regte verhouding met God te wees nie.

Ek en jy hoof dus nie meer heelyd veroordeel en skuldig te voel as ons naby God kom nie.

Natuurlik beteken dit ook dat ons nou in geloof en in dankbaarheid kies om niks te doen wat kan veroorsaak dat die vyand die reg het om my van vooraf oor te beskuldig en skuldig te laat voel nie.

Daarom kies ons om voortaan, as mense van die lig, as volgelinge van Jesus, te handel en te lewe vanuit ons geloofsoortuigings.

Selfs, as ons dan tog soms iets doen wat teen God se wil is, selfs dan sal die Heilige Gees my daarvan oortuig, maar dan nie om my veroordeel te laat voel nie.

Eerder om my onmiddellik na God toe te laat gaan en te laat belydenis doen van daardie sonde en my God dan te dank vir Sy totale vergifnis en bevryding.

Daar is nie dus nie meer sprake in my lewe van uitgestelde gehoorsaamheid nie. Uitgestelde gehoorsaamheid is ongehoorsaamheid in God se oë.

My begeerte is om God en die Gees te gehoorsaam, onmiddellik, onvoorwaardelik.

Van waar kom hierdie gevoel van veroordeling en skuld dan?

Hoeveel diep, ernstige gelowige volgelinge van Jesus loop nie met al hierdie skaamte en gevoelens van totale mislukking rond nie!

Hulle voel healtyd dat hulle net nie goed genoeg in God se oë is of kan wees nie.

Aan die eenkant glo ek dat dit deels die gevolg is van al die jare wat ons onder verkeerde lering gesit het waar ons Sondag na Sondag “in die lig van die Tien Gebooe” moes ontdek hoe groot sondaars ons in werklikheid is!

Nooit is daar vir hierdie gelowige volgelinge van Jesus die wonderlike Goeie Nuus van die Evangelie verkondig dat ons as gelowige volgelinge, “in Jesus” nuwe en verlore mense is, wat bedek en skoongewas is deur die bloed van Jesus, en wat gevolglik in God se oë, voor Hom in ’n posisie van “geregtigheid” staan!

Ons is nie meer “verlore sondaars” nie! Ons is nou verlore mense, kinders van die lewende God, met die lewe en Gees van Jesus in ons!

Daarom sê God se Gees daar in Rom. 8:1,3,4: "Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie... Wat die wet nie by magte was om te doen nie, omdat dit weens ons sondige natuur te swak was, dit het God gedoen. Hy het met die sonde afgereken deur sy eie Seun in dieselfde gestalte as die sondige mens te stuur; so het Hy die sonde in die sondige bestaan van die mens veroordeel.

Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen, óns wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees.”

Hierdie gevoel van veroordeling en skuld in die Liggaam van Jesus in gelowiges se lewens, is dus in werklikheid die gevolg daarvan dat ons eerder luister na die leuens en bedrog wat die vyand aan ons bedien en waarvan hy ons beskuldig.

Dit is dan ook bloot ongeloof omdat ons nie werklik wil glo dat God ons volkome vergewe, vrygespreek en bevry het nie.

Ja, soos die Skrif sê, God het aan ons wat glo, die volkome geregtigheid van Jesus Christus geskenk.

Met ander woorde, as God die Vader na ons kyk, sien Hy Sy vlekkelose, sondelose Seun, voor ons, in ons plek voor Hom, staan. Daarom noem die Bybel ons “heilig”, “verlostes”, “geregverdig”.

Waar ’n gelowige steeds vasgevang sit in die leuens, bly jy healtyd in vrees en angstigheid lewe.

Daarom sal jy ook nooit vry genoeg voel en nooit genoeg vrymoedigheid hê om toe te laat dat God se Gees, ook deur jou as deel van Jesus se Liggaam op aarde, Sy liefde, genade en genesing aan mense kan bedien nie.

My bekende prentjie hiervan is waar ek en jy, gekoppel in geloof aan Jesus en dus aan God die Vader, as’t ware “tuinslange word”, waardeur Sy liefde, Sy genade, Sy goedheid, Sy krag, ens., na mense om ons kan vloei.

Mag God ons weer op daardie plek van rus bring waarvan Rom. 8:31 e.v. getuig! Waar ons met vrymoedigheid in geloof kan bely: As God daar is vir ons, wat maak dit dan saak wie teen ons is!

As jy egter nie werklik glo dat God daar is vir jou nie... is jy 'n oop teiken vir die vyand en gaan hy jou heelyd bedien met sy leuens wat jou heelyd veroordeel en skuldig gaan laat voel.

Onder die beheer van Sy Gees

Die oomblik wat ek en jy werklik begin glo wat God oor ons in Jesus Christus sê omdat ons in Hom glo, neem God se Gees oor en begin Hy ons lewe en gedagtes in lyn kry met hierdie nuwe lewe wat nou ons s'n is in Christus Jesus.

Ek sê altyd vir mense: God het ons so lief dat Hy ons nie kan los soos ons is nie.

Dit is waarom Hy aan ons, saam met die nuwe lewe in Jesus wat nou in ons aan die werk is, ook Sy Gees gegee om hierdie nuwe lewe na elke sel en kleinste deeltjie van ons lewe te laat deursuur.

Ons kan natuurlik Sy werk teëstaan en maar weer toelaat dat ons ou manier van lewe, en dink, en praat, en voel, en keuses maak, maar weer oorneem. Die Bybel noem dit die "ou vlees", of "ons ou natuur".

Dit is waarom Efes.. 4:22-24 die volgende sê: "Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verkeer word. Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig."

En waarom Gal. 5:16 tot 24 sê: "Wat ek bedoel, is dít: Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie."

Daar waar jy onder die beheer van Sy Gees is, gaan Hy jou dadelik bewus maak van enige sondes in jou lewe, wat Goddelike berou by jou gaan bewerk. Dit gaan maak dat jy dadelik jou sondes gaan bely (1 Joh. 1:9), en God se vergifnis gaan soek en net weer vasgryp in geloof.

Dan kan jy opstaan en omdraai van daardie ou sondige manier van lewe en weer opnuut kies om voortaan te lewe en te doen soos die Gees jou lei.

Dit is waarvan Rom. 12:2 praat, naamlik om toe te laat dat God jou gedagtes vernuwe, onmiddellik.

Dit is om na dinge te kyk en oor dinge te dink vanuit God se perspektief.

God se hart en genade kom in beweging in en deur ons

Vriende, ek het begin verstaan dat ons as die Liggaam van Jesus, onder die beheer van God se Gees, God se hart, liefde, genade, krag en heerlikheid in beweging in hierdie wêreld is.

Die oomblik wat ons dit verstaan, gaan ons ontdek dat dinge baie eenvoudiger is as wat ons al die jare daarvoor gedink het.

Ek weet nie van jou nie, maar dit was vir my tot nou toe baie ingewikkeld om te besluit vir wie ek moet bid vir genesing en bevryding en vir wie nie.

Omdat ek weet ek kan nie mense gesond maak of bevry nie, het ek heeldyd hierdie vrees dat ek dalk vir iemand gaan bid vir genesing wat God nie wil genees nie, en dan gebeur daar niks nie en word God se Naam skade aangedoen.

Maar ek is besig om te ontdek dat ek my nie daarvoor hoef te bekommer nie. Ek is maar net een van God se tuinslange wat Hy gebruik, soos en hoe Hy wil, om Sy goedheid en liefde aan almal wat ek teëkom, wil bedien.

Hoe sê die Bybel: Dit is God se goedheid wat mense tot berou en bekering sal lei.

Wanneer God mense aanraak wat dit nie verdien het nie, uit genade en uit Sy goedheid, is dit daardie aanraking van die goedheid en genade van God wat daardie mense tot berou en bekering lei.

Dink aan iemand soos Paulus. Hy het volgelinge van Jesus laat doodmaak. Tog kom Jesus en openbaar Homself daar op die Damaskuspad en daar in Damaskus aan hom.

Is dit nie merkwaardig nie!

Jesus maak hom eers blind vir drie dae, voordat Hy hom gesond maak en aanraak deur Ananias, en hom laat sien dat hy voortaan God se gekose instrument gaan wees in soveel derduisende ander mense se lewens.

Jare daarna het Paulus self hieroor verstom gestaan dat God in Sy goedheid, selfs hom kan gebruik.

Hoor maar net wat sê hyself daarvoor in 1 Tim. 1:15-17: "Dit is 'n betroubare woord en kan sonder voorbehoud aanvaar word: Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos. Van hulle is ek die grootste. Maar juis daarom was God my genadig sodat Christus Jesus aan my, as die grootste sondaar, al sy verdraagsaamheid sou betoon en ek 'n voorbeeld kon wees vir almal wat in die toekoms in Hom sou glo om die ewige lewe te verkry. Aan Hom wat vir ewig Koning is, die onverganklike, onsienlike, enigste God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen."

Weet jy hoekom wil God iemand soos jy gebruik?

Onthou jy wat Paulus vir ons vertel het daar in 1 Tim. 1:15 tot 17?

Ja, dat God juis die slegste van slegte mense, daardie een wat almal afgeskryf het, kies om ander mense aan te raak in Sy genade.

Weet jy wat het ek in die verband nog ontdek? Ek het ontdek dat dit juis die rede is waarom Hy my ook kan en wil gebruik.

Ja, eintlik val ons almal eintlik in hierdie kategorie. Ons is in die lig van God se heiligheid, almal een van die ergstes van die ergstes. By God is daar nie 'n onderskeid nie. As jy skuldig is aan een sonde, is jy skuldig aan almal.

Ons kan dus na daardie boemelaar, of alkoholis, of bedrieër, kyk en sê: As dit nie vir die genade van God was in Christus Jesus, wat my lewe kom verander het nie, was dit ek daardie!

Ons is maar net wie ons nou is deur die onverstaanbare genade van God!

Dit is dié dat ek myself elke oggend in die spieël kyk en vir myself hardop sê: Jy is geseënd en uiters begenadig in Christus Jesus!

Dit het tyd geword dat baie van ons ontslae moet raak uit hierdie selfregverdigende houding van ons, en moet ontdek hoe papvrot en totaal verlore ons was voordat God se genade in Christus Jesus ons uit genade en as gevolg van die goedheid en liefde van God, gered het.

Dan sal ons begin liefhê soos Jesus. Want dit is hoe lief Jesus ons gehad het.

Gaan lees maar weer daardie verhaal oor daardie prostituut wat daar by Jesus se voete kom kniel het in Lukas 7.

Onthou jy daardie dag?

'n Fariseër het Jesus uitgenooi om by hom te kom eet. Maar omdat die man nie Jesus en die ander dissipels se stowwerige voete gewas het soos wat die wet hom beveel het nie, het Jesus daar langs die tafel met Sy stowwerige voete aangelê en begin eet.

Toe kom hierdie prostituut daar in en gaan al-huilende sit by daardie Sy stowwerige voete. En dan begin sy dit was met haar trane, en salf met 'n kosbare reukolie wat sy saamgebring het. En dan begin sy dit afdroog met haar hare.

Jy ken die gesprek wat daarna gevolg het tussen Jesus en die Fariseër baie goed. (En indien jy dit nie ken nie, gaan lees dit weer 'n slag daar in Luk. 7.)

As ons werklik besef wie ons was voordat God ons met ons bekering en wedergeboorte aangeraak en vergewe het, sal ons verstaan waarom die boodskap oor Jesus "Ewangelie" en "goeie nuus" genoem word!

“By the grace of God you are who you are now in Christ Jesus!”

Loof die Here, Hy is goed! Aan Sy liefde is daar geen einde nie!

Dit het tyd geword dat ons weer die volle waarheid moet snap oor die Evangelie, oor God se goedheid en genade in Jesus wat aan ons bewys is.

Dit het tyd geword dat mense moet besef dat solank as wat hulle nog Ou Testamenties gaan bly dink, en bly vasklou aan die ou Tora en dit aan mekaar gaan voorhou as ons toets vir die nuwe lewe in Christus Jesus, is hulle kop onder 'n doek, sê 2 Kor. 3. Dan verstaan hulle nie die evangelie nie!

Dan gaan hulle ook nooit die heerlikheid van God en die bevryding van die volle Evangelieboodskap oor Jesus wat ons ook kom vrymaak het van die ou Wet, snap en beleef nie.

Besef jy dat onder daardie Ou bedeling van die Ou Tora, kon die volk nooit, nooit, sommer net ingegaan het in die Allerheiligste om 'n ontmoeting met die lewende God self te hê nie!

Selfs die Hoëpriester is net toegelaat om net eenmaal 'n jaar daar in te gaan! En as hy dit gedoen het, moes hy so versigtig wees dat hy elke wet en reëling in die verband presies nakom, anders was hy dood!

Ek bedoel, hulle het hom met 'n tou vasgemaak, net vir in geval daar iets met hom daar binne gebeur en hulle hom daar moes uitkry, want self kon niemand anders daar ingegaan het nie.

Kom ek vertel jou iets anders oor daardie tyd.

Besef jy, dat die bloed wat die hoëpriester gebruik het om versoening te doen vir die sondes wat die volk bewustelik, maar ook onbewustelik gepleeg het, op daardie een dag wat hy kon ingaan in die Allerheiligste, wel gemaak het dat God hulle sondes vergewe het, maar niks kon verander aan hulle gewete nie. (Heb. 9:6 tot 22)

Ons gewete is soos die binnekamer van ons hart. As dit nie ook aangeraak word deur die bloed nie, gaan jy vir altyd bly terugdink aan die dinge wat jy gedoen het.

Dit is nou hier wat die wonderlike, volle waarheid van die Evangelie weer opnuut ons uit volle bors laat sing!

Want vir ons wat glo in Jesus Christus, het Sy bloed wat gevloei het midde Sy lyding en kruisiging vir ons, nie net ons sondes vergewe nie, maar ook ons gewete gereinig, en verder, sê 1 Joh. 1:9, “ons van alle ongeregtigheid te reinig”.

Die genade wat ons s'n is onder die Nuwe Bedeling en die Nuwe Verbond, is dus soveel beter, soveel meer, soveel wonderliker, soveel dieper en meer volledig as enigiets wat moontlik was onder die Ou Bedeling, onder die Ou Tora.

Gaan lees maar self wat openbaar God se Gees hieroor aan ons daar in Heb. 9 en 10.

Ja, dit het van daardie oomblik toe jy gekies het om dit te glo, met jou bekering en wedergeboorte, reeds van daardie eerste dag af, onmiddellik, alles met jou begin gebeur. Selfs al het jy nie eers daar in die begin, met jou bekering, geweet wat staan in die Bybel hieroor nie.

Daardie oomblik het jy 'n nuwe mens geword. Daardie oomblik het God jou volkome vergewe. Daardie oomblik het Hy jou totaal vrygespreek, en ook jou gewete gereinig. En het jy God se kind geword.

Daarom glo ek, is dit hoog tyd dat alle volgelinge van Jesus, dit ten volle moet ontdek en dat hulle moet toelaat dat hierdie goeie nuus ook hulle gedagtes vernuwe.

Dit is tyd dat hulle die volle waarheid van die Evangelie oor die bloed van Jesus wat vir ons gestort is, in geloof moet vasgryp sodat hierdie waarheid enige doek wat daar nog oor hulle kop en verstand was, kan afruk en die waarheid hulle werklik volkome vry kan maak.

Die goeie nuus van die Evangelie

Kom ons blaai weer daar na Heb. 9 en 10 toe. Gaan lees dit net weer 'n keer.

Ek glo dit is tyd dat die Liggaam van Jesus vir eens en altyd deur wat hier staan, bevry moet word.

Ons moet snap dat die bloed van Jesus werklik alles gedoen het wat nodig was.

Hoeveel keer het ons al gesing oor die bloed van Jesus, maar dit nie werklik geglo nie.

Die bloed van Jesus bewerk vryheid, verlossing, vergifnis, lewe, genesing.

Kom ons bely dit net weer 'n slag met ons mond deur daardie bekende Pinksterlied saam te sing:

“There is power, power, wonder working power
in the blood of the Lamb.

There is power, power, wonder working power
In the precious blood of the Lamb.”

Jesus Christus, Sy lewe, Sy kruis, Sy volkome versoeningswerk, Sy liggaam, word alles beliggaam in dit wat ons beskryf as “Sy bloed”, en is die hemel se antwoord op die mensdom en die aarde se sonde-probleem. Dit is die aller-oplossing!

Alles is en lê in Jesus en wat Hy vir ons gedoen het in Sy lewe op aarde, maar veral in dit wat gebeur het van die 9de tot die 12 April, in die jaar 32 n.C., toe Hy vir ons gekruisig, gesterf en opgestaan het.

Dit wat daar gebeur het toe Hy vir jou en my as die Sondelose, stukkend geslaan, beledig, skuldig en tot die dood toe veroordeel is, gekruisig is, plus Sy lyding aan die kruis, Sy sterwe, en dit wat daar in die 3 dae gebeur het in die hel, plus Sy opstanding uit die dood na Hy alles gedoen en volbring het wat die Vader Hom beveel het, dit is jou en my aller-oplossing.

Om in Hom te begin glo en om dit wat God belowe op grond van wat Jesus vir ons reeds gedoen het, is ons Woord uit die Hemel en is ons Goeie Nuus!

Om hierdie Woord oor Jesus ten volle te glo, is soos om opnuut gebore te word en te ontdek dat die lewende God self nou jou Pappa geword het.

Om die volle waarheid van die goeie nuus oor Jesus te ontdek, is om te ontdek dat jy ’n lid geword het van ’n nuwe volk, ’n nuwe generasie, wat God self Sy Ekklesia en die Liggaam van Jesus hier op aarde noem.

En dit is alles as gevolg van die Bloed van Jesus wat vir en namens ons gevloei het.

Die dag toe ons Jesus in geloof aangeneem het as Verlosser, Here en Koning, daardie dag het daardie bloed alles in ons lewe kom bedien en verander.

Daardie dag het ons gesterf sodat Jesus in en deur ons kan lewe.

Die volle Evangelie is dat God ons daardie dag in en deur Jesus verlos, vergewe, bevry, nuut en lewend gemaak het.

Maar daardie dag het ook gebeur wat die profete oor geprofeteer het: Daardie dag het God aan jou Sy geregtigheid bedien, los en sonder die ou Tora of wet.

Gaan kou ’n bietjie daaraan!

’n Nuwe Verbond

Wat is die hart van die inhoud van die nuwe testament of nuwe verbond?

Om die Evangelieboodskap van die Nuwe Testament werklik te verstaan, moet ons verstaan wat die hart is van die nuwe testament of nuwe verbond wat met die dood van Jesus Christus in werking gekom het. Mis jy dit, sit jy maar weer met ’n tipiese wettiese godsdienstige boodskap.

Die “testament” waarvan hier sprake is, is die tipiese testament wat ek en jy opstel vir wat na ons dood moet gebeur en hoe dit wat ons nalaat, verdeel moet word aan diegene wat genoem word in die testament.

In die Nuwe Testament is dit presies wat “testament” of “verbond” in die uitdrukking “nuwe testament” of “nuwe verbond” beteken.

Dit is waarom Heb. 9:16 en 17 sê: “Dit is soos met ’n testament: daar moet eers bewys word dat die testamentmaker dood is, want ’n testament word alleen geldig by die dood van die testamentmaker; dit word nooit van krag so lank as hy nog leef nie.”

Dit is dus baie belangrik vir ’n regte verstaan van die Nuwe Testament se inhoud om dus in die Bybelse historiese tydlyn te onderskei tussen die tyd wat Jesus op aarde was en die tyd na Sy dood.

Gedurende Sy lewe op aarde, het die ou testament of ou verbond, met die Wet/Tora en 613 bepalings dus nog voluit gegeld en moes Jesus dit in detail gedurende Sy lewe gehoorsaam en nakom.

Toe Jesus gesterf het, die 9de April 32 n.C., daardie dag het die nuwe testament of nuwe verbond met sy bepalings van krag geword.

Dit is waarom Heb. 9:15 sê: “Daarom is Hy ook die Middelaar van ’n nuwe verbond. Sy dood het plaasgevind om mense te verlos van die oortredinge wat onder die eerste verbond begaan is, sodat dié wat geroep is, die beloofde ewige erfenis kan ontvang.”

Ons het dus logies hierdie twee periodes in die geskiedenis: die een voor die dood van Jesus Christus en die ander na die dood van Jesus Christus. En hierdie belangrike onderskeid help ons om werklik die boodskap van die kruis van Jesus werklik te verstaan.

Onder die ou verbond of ou testament, waar die Tora of wet van Moses voluit gegeld het, was daar nie sprake van vergifnis van sonde sonder die vergieting van bloed nie.

Heb. 9:22 spel hierdie beginsel so uit: “Byna alles word volgens die wet met bloed gereinig, en sonder die vergieting van bloed vind daar geen vergewing plaas nie.”

Aangesien ons almal vandag na die kruisgebeure lewe, gesien vanuit God se historiese tydsperspektief, leef ons dus almal in die een van die nuwe testament se bepalings of nuwe verbond-era.

Hier geld die bepalings van die nuwe testament of nuwe verbond wat bepaal dat God nie meer die sondes onthou van diegene wat die kruis van Jesus en die betekenis daarvan vasgegryp het in geloof nie.

Luister wat Heb. 10:16 tot 18 hieroor sê: “Dit is die verbond wat Ek met hulle na daardie dae sal sluit”, sê die Here. ‘Ek sal hulle my wette in die hart gee, in hulle verstand sal Ek dit skrywe.’

Dan sê Hy verder: ‘Aan hulle sondes en hulle oortredings sal Ek nooit meer dink nie.’

Waar die sondes vergewe is, is geen offer daarvoor meer nodig nie.”

Omdat God ons sondes as gelowiges vergewe op grond van die dood van Christus Jesus vir en namens ons, is daar geen offer meer vir sonde nodig nie.

Daarom sê 1 Joh. 1:9 vir ons: “As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons van die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.”


Jesus hoef dus nie weer te sterf vir ons sondes vir God om ons te kan vergewe nie. Hy het eens en vir altyd klaar daarvoor gesterf.

Dit is die goeie nuus van die Evangelie!

En moenie vergeet wat God ons, en Sy Joodse volk, geleer het onder die ou verbond nie! Daar het Hy ons geleer deur ervaring dat ons op geen manier die hele wet kan gehoorsaam en Hom dus op die manier kan tevrede stel nie.

Daarom is God se vereiste vir ’n lewe onder die bepalings van die nuwe verbond of nuwe testament, dat ek en jy die “nuwe lewe en dit in oorfloed” ontvang en kan beleef, solank ons in geloof God se Woord in die verband aanvaar, naamlik dat Jesus dit alles reeds vir en namens ons bewerk en moontlik gemaak het.

Onthou dus hierdie onderskeid tussen die tyd voor en na die kruis van Christus Jesus. En wees dus baie versigtig om na allerlei leringe te luister wat nie hiermee rekening hou nie.



Beloftes oor 'n nuwe verbond

Die nuwe verbond of nuwe testament wat in werking gekom het na Jesus Christus se dood, was alles deel van God se groter verlossingsplan van die begin af, van voor die skepping af.

Onder die inspirasie van die Gees openbaar God die plek van die ou verbond of ou testament, wat al 613 wette van die Tora insluit, aan ons binne die geheel van die groter verlossingsplan as Hy Paulus inspireer om dit so te verwoord daar in Gal. 3:24:

In die KJV word dit so vertaal: "Therefore the law was our schoolmaster to bring us unto Christ, that we might be justified by faith."

Die Message-vertaling interpreteer die woorde in die Grieks so: "The law was like those Greek tutors, with which you are familiar, who escort children to school and protect them from danger or distraction, making sure the children will really get to the place they set out for."

Soos Paulus vele kere daar in die brief aan die Romeine skryf, gebruik God die Tora-wetgewing om prakties deur ervaring vir Sy mense te leer hoe totaal sondig en tot niks in staat hulle is nie.

Op geen manier kan hulle ooit honderd persent die Ou Wet gehoorsaam om God so tevrede te stel nie.

Die ou Tora-wetgewing, of ou testament, se doel is dus om die volk van God vanouds, te laat ontdek hulle het 'n Verlosser nodig.

Dit was dus waarom 'n Messias-Verlosser moes kom, wat in die woorde van Jes. 53, die finale offerlam sou word om ons sondes en die straf daarvan, weg te neem sodat 'n Heilige God ons kan vergewe.

Weet jy dat die beloftes van 'n nuwe testament of nuwe verbond reeds in die Ou Testament profeties belowe word? Dit was van die begin af dus deel van God se oorspronklike verlossingsplan vir die mens.

Kom blaai saam met my na twee van hierdie gedeeltes daar in Jer. 31:31-34 en Eseg. 36:24-28.

Ek haal so 'n paar verse hier en daar vir jou hier aan:

- Jer. 31:31 e.v.: "Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit... Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees. 'n Man sal nie meer vir sy buurman of vir sy broer voorhou: 'Jy moet die Here dien' nie, want almal sal My dien, klein en groot, sê die Here. Ek sal hulle oortredings vergewe en nie meer aan hulle sondes dink nie."
- Eseg. 36:24 e.v.: "Ek sal julle tussen die nasies uit wegvat, julle uit al die lande bymekaarmaak en julle na julle land toe bring. Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi sodat julle rein kan word. Ek sal julle reinig van al julle onreinheid en van al julle afgodery. Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee. Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom."

Hier word die hart van die Evangelie reeds vir ons uitgespel, naamlik dat God elkeen wat Jesus as die Finale Offerlam gaan aanvaar in die geloof, nuut maak en wederbaar.

Ja, dit is nodig om hulle heeltemal, van vooraf, nuut en oor te maak (wat die woord "wederbaar" immers beteken).

Hulle was immers dood as gevolg van die sonde wat letterlik in hulle DNA van geslag tot geslag oorgedra word, maar ook as gevolg van die keuses wat elkeen van hulle self maak.

Daarom is dit nodig dat die Heilige Gees, God self, hulle gees nuut en lewend maak, wanneer hulle in geloof Jesus Christus aanvaar as Verlosser en Here. In Jesus gaan hulle dus letterlik 'n nuwe lewe ontvang.

Maar, behalwe dit alles, gaan God en dus Jesus self (as die Seun), in elkeen van hulle se lyf kom woon deur Sy Gees, om voortaan hulle Nuwe Wet self te word.

God gaan dus self, deur Sy Gees, vir hulle in detail wys en sê wat Sy wil vir hulle lewens is.

Hulle wet gaan nie meer 'n Tora op kliptafels wees nie.

Hierdie nuwe testamentiese era het aangebreek en deel van God se mense se erfenis geword, toe Jesus gesterf en opgestaan het uit die dood. Dit is alles deel van die Evangelie of goeie nuus rondom Jesus Christus.

Sonder hierdie deel van die Evangelie nie, is daar nie sprake van enige goeie nuus nie en het ons niks sinvol om vir mense te vertel as Christene nie.

Hiersonder was die Bybel en Christen-gelowige-wees maar net nog 'n klomp wettiese reëls en was ons geloof maar net nog 'n bygeloof soos al die ander gelowe.

[Jy word 'n erfgenaam deur te glo in Jesus Christus](#)

Dwarsdeur Handelingte en briewe van Paulus, lees ons van hoe Jesus se dood, die oop graf, en Sy opstanding uit die dood, die hart word van die goeie nuus wat gelowige volgelinge van Jesus aan almal wou oorvertel.

Almal van hulle vertel jou van hulle geloof dat hulle die gekruisigde Jesus as 'n lewende en opgestane Jesus persoonlik ontmoet het.

Hulle het dit nie net geglo nie. Hulle was selfs bereid om vir hierdie geloof van hulle te sterf as dit moet.

Dit was wat hulle hele lewe verander het.

Dit is ook wat my en jou lewe verander het, en wat maak dat ons nou hier kan sit en gesels oor die inhoud van die nuwe testament/verbond waarvan ons as gelowige volgelinge van Jesus nou erfgename geword het.

Luister net hoe spel Paulus iets van die inhoud van ons erfenis daar in Ef. 1:3 tot 14 uit. Kom ek haal dit vir jou uit die Amplified Bible aan, wat dit vir ons sommer makliker maak om so met die eerste lees daarvan te verstaan wat hier staan.

Tog wil ek vir jou vra om dit stadig en selfs twee keer ten minste te lees (al dink jy jy weet wat daar staan). Onthou, dit is God die Gees, wat hier as prokureur, vir jou uit die testament voorlees wat jy in Christus Jesus GE-ERF HET!

“Blessed and worthy of praise be the God and Father of our Lord Jesus Christ, who has blessed us with every spiritual blessing in the heavenly realms in Christ,

4 just as [in His love] He chose us in Christ [actually selected us for Himself as His own] before the foundation of the world, so that we would be holy [that is, consecrated, set apart for Him, purpose-driven] and blameless in His sight. In love

5 He predestined and lovingly planned for us to be adopted to Himself as [His own] children through Jesus Christ, in accordance with the kind intention and good pleasure of His will—

6 to the praise of His glorious grace and favor, which He so freely bestowed on us in the Beloved [His Son, Jesus Christ].

7 In Him we have redemption [that is, our deliverance and salvation] through His blood, [which paid the penalty for our sin and resulted in] the forgiveness and complete pardon of our sin, in accordance with the riches of His grace

8 which He lavished on us. In all wisdom and understanding [with practical insight]

9 He made known to us the mystery of His will according to His good pleasure, which He purposed in Christ,

10 with regard to the fulfillment of the times [that is, the end of history, the climax of the ages]—to bring all things together in Christ, [both] things in the heavens and things on the earth.

11 In Him also we have received an inheritance [a destiny—we were claimed by God as His own], having been predestined (chosen, appointed beforehand) according to the purpose of Him who works everything in agreement with the counsel and design of His will,

12 so that we who were the first to hope in Christ [who first put our confidence in Him as our Lord and Savior] would exist to the praise of His glory.

13 In Him, you also, when you heard the word of truth, the good news of your salvation, and [as a result] believed in Him, were stamped with the seal of the promised Holy Spirit [the One promised by Christ] as owned and protected [by God].

14 The Spirit is the guarantee [the first installment, the pledge, a foretaste] of our inheritance until the redemption of God’s own [purchased] possession [His believers], to the praise of His glory.”

Kou ’n bietjie hieraan daar aan die voete van Jesus.

Neem elkeen van hierdie “geskenke” en bekyk dit asof jy dit vir die eerste keer sien en hoor, en sê vir die Here dankie daarvoor.

Wat erf ons presies?

Dit is wonderlik om te sien watter beelde of metafore die Bybel gebruik om ons te help om presies te verstaan wat ons erf in terme van die bepalinge van die nuwe testament of nuwe verbond.

Een van hierdie beelde is dié van “verlossing”, of “bevryding”, of “genesing”.

(In die Grieks kan die Griekse woord wat die mees algemeenste in hierdie verband gebruik word met al hierdie woorde vertaal word, afhangende van die konteks.)

Ons was gevangenes, in ’n tronk en totaal magteloos teenoor die een wat in beheer was, maar nou erf ons as gelowige volgelinge van Jesus die merkwaardige wete dat ons verlos, bevry en genees is.

Ons was bankrot, maar nou is ons skuld te volle betaal.

Ons was dodelik siek, eintlik reeds dood, maar nou is ons genees.

Christus Jesus het immers gesterf en opgestaan. Nou erf ons LEWE.

Kom ek probeer dit op nog ’n paar ander maniere sê.

Die magte wat die mensegeslag deur die eeue na die sondeval gebind het, se mag is gebreek in ons lewens as gelowiges. Sonde, die duiwel en die dood se houvas oor ons is gebreek.

Ons is bevry, los, om vir die eerste keer in hoofletters te kan leef.

Hoor hoe sê Paulus dit daar in Ef. 1:6: “Daarom moet ons God prys vir sy wonderlike genade wat Hy in die Geliefde vrylik aan ons geskenk het. Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God”.

Watter goeie nuus is dit nie!

Hoe goed ken ons nie die mag van sonde nie!

- Die verwoestende gevolge daarvan besmet immers elke dag elkeen van ons se lewe, elke verhouding waarin ons is, elke gemeenskap waarin ons woon, en die totale skepping rondom ons. Sonde het alles tot in die DNA daarvan siek gemaak en ’n karikatuur van gemaak in vergelyking met wat God eens daarmee bedoel het.
- Dan ken ons ook die krag van satan en sy demoniese magte, maar ook sy verleiding en die houvas wat hy op mense en dinge het.
- Ons ken almal die bitter finaliteit van die dood. Die meeste van ons worstel die een of ander tyd in ons lewe met vrees vir sy donkerte. En almal van ons het gerou en trane gestort wanneer sy spore deur ons familie en vriendekring se lewens geloop het.

Al hierdie gesigte en gestaltes van sonde, en die mag en krag van sonde, ken ons maar te goed. Maar nou kan ons as Christelike gelowiges wat hulle erfenis in die lig van die nuwe testament verstaan, bely:

“Hoe julle ons ook al wil bind en skade berokken, julle houvas is verbreek!

Ons skuld is betaal.

Vir die sonde-siekte in ons are is ‘n teëmiddel ontdek.

Die tronkdeure is oopgesluit en selfs die dood het nou vir ons net ‘n deur geword na ‘n ander stuk van die ewige lewe wat ons deel geword het in Jesus.

Ons is nou in Jesus Christus vry.

Om selfs nog meer vry te word.

Ons is genees, om selfs nog verder gesond te word.

Ons skuld is betaal, sodat ons nou kan leer om nie weer skuld te maak nie.

Daarvoor het God Sy Gees gegee om in ons te woon.

Om ons hierin verder te begelei en te leer.”

Volgende keer gesels ons verder oor die rol van die Heilige Gees in ons verstaan van die inhoud van die nuwe testament.

Die rol van die Gees in ons verstaan van die Evangelie

Jesus het gesê die Heilige Gees wat in ons kom woon, gaan ons help om die Een wat gesterf en opgestaan het, se heerlijkheid nog beter te sien.

Hoor hoe sê Hy dit daar in Joh. 16:14: “Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig.”

Oral oor die wêreld is God se Gees besig om meer en meer van die heerlike implikasies van die verlossing in Christus Jesus vir gelowiges oop te breek.

Help Hy ons om in die proses die heerlijkheid van die Opgestane Een, Jesus Christus, en Sy Vader te sien.

Soos 2 Kor. 3:17en 18 sê: “Die Here” beteken hier “die Gees”, en waar die Gees van die Here is, is daar vryheid. Ons almal weerspieël die heerlijkheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlijkheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.”

Die Vader het Homself aan ons geopenbaar deur Sy Seun, en Jesus self word meer en meer aan ons bekend gestel deur die Heilige Gees in ons.

So leer ons Sy liefde en die krag van Sy opstanding ken. En dit maak ons meer en meer vry om te verstaan hoe vry ons eintlik in Jesus reeds is.

Soos wat ons leer om in hierdie vryheid te wandel, sien mense om ons meer en meer van Jesus en van Sy heerlijkheid, Sy krag en Sy genesende werk in ons.

Dit alles is die werk van die Heilige Gees, wat as God die “Prokureur en Advokaat”, beskryf kan word, wat nou in ons woon.

Gee daarom ruimte aan Sy Gees in jou! Hy wil jou heelyd herinner aan Jesus en wat Hy gesê het.

Hy wil jou help om jou erfenis en die implikasies daarvan te begryp.

Waar Hy jou lewe beheer, in die sin daarvan dat jy luister na Sy stem en jy doen wat Hy sê, gebeur hierdie merkwaardige wonderwerk: jou lewe en optrede vertoon al hoe meer die karaktertrekke en eienskappe wat ons in Jesus en Sy lewe gesien het (Gal. 5:16-25).

Daarom beskryf Paulus Hom daar in Ef. 1:12-14 as die “waarborg” van daardie dele van die erfenis wat nog kom.

Luister ‘n bietjie hoe sê Paulus dit daar: “Daarom moet ons, die eerstes wat ons hoop op Christus gestel het, die grootheid van God prys. Deur Christus het ook julle deel geword van die volk van God toe julle die waarheid wat aan julle verkondig is, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het. In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël. Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos. Daarom moet ons sy grootheid prys.”

Daar in Ps. 124 het Totius dit so verwoord: “Die getroue Heer het self ons vrygemaak: die strik is los en ons het vrygeraak, vry soos ‘n voël wat vind sy vryheid weer. Die ewige God, van alle dinge Heer, Hy is ons hulp, Hy het ons vrygemaak.”

Dit is die boodskap van mense wat die hart van die Evangelie verstaan.

Wat verstaan dit wat ons glo, is meer as net nog ‘n godsdiens, want Jesus het waarlik opgestaan.

Ons het immers ‘n lewende verhouding met Hom elke dag deur die werking van Sy Gees in ons geërf.

Hy self leer ons hoe om te lewe as mense wat waarlik vry en nuut geword het.

Ons het 'n "kind" of "seun" van God geword

As jy soos ek al vir so lank 'n "kind" of "seun" van God is, dan gebeur dit partykeer dat 'n mens die wonder daarvan uit die oog verloor. Ek bedoel, ek het darem reeds op die 10de Oktober 1967 radikaal tot bekering gekom en Jesus Christus aangeneem as my Verlosser en Here!

Aan die anderkant weer, weet ek hoe maklik en "goedkoop" het dit geword dat mense van mekaar en veral van hulle kinders praat as "kind van God".

Daarom is dit van lewensbelang om mekaar net weer te wys op wie sê God self in Sy Woord "kwalifiseer" om hulle "kind" of "seun" van God te noem.

Miskien moet ek ook net vinnig verduidelik waarom die Bybel praat van 'n "kind van God" as ook 'n "seun".

Dit gaan hier glad nie oor geslagsdiskriminasie nie, maar eerder om in die lig van hoe die destydse wêreld in die tyd van die Bybelskrywers, wat God se Gees gebruik en geïnspireer het om God se Woord vir ons neer te skryf, gedink het oor die "seun".

Deur iemand ook 'n "seun" te noem, teen hierdie Bybelse agtergrond, is om vir ons iets te laat begryp van in watter bevoorregte posisie ons nou juis is as ons nou 'n "kind van God" is. Ons is ook nou "seun", en daarom bevoorregte erfgenaam van alles wat aan die God van hemel en aarde behoort! Ons dra ook God se ring, in die sin van dat ons namens Hom, in Sy Naam, volgens Sy wil, kan optree en kan praat.

Kom ek haal vir jou 'n paar Bybelgedeeltes aan om vir jou net weer te help om te begryp wat gebeur het toe God se Gees jou wederbaar en nuut gemaak het die dag toe jy Jesus Christus as Verlosser en Here aanvaar het in geloof.

Joh. 1:12 kwalifiseer wie die reg het om hulleself "kind van God" of "seun van God" te noem as daar staan: "Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word."

2 Kor. 5:17 sê dat jy moet verstaan hoe radikaal hierdie verandering wat in jou lewe plaasgevind het, werklik is. Jy is in werklikheid deel van 'n "nuwe skepping" wat aan die gebeur is. Jy is deel van 'n nuwe geslag mense wat God aanraak en as't ware "oor en nuut skape".

Die Direkte Vertaling in Afrikaans uit die Grieks vertaal dit so: "... sodat as iemand in Christus is, hy 'n nuwe skepsel is; die ou dinge het verbygegaan; kyk, dit het nuut geword."

En luister net na hierdie merkwaardige dinge wat God se Gees Paulus inspireer om in die volgende verse te skryf.

Rom. 8:14-17 – “Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God. Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: ‘Abba!’ Dit beteken Vader. Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus. Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlikheid.”

In Gal. 3 en 4 word dit oor en oor beklemtoon as God se Gees Paulus gebruik om te verduidelik waarom ons dan nie meer soos die Jode van ouds onder die ou verbond, onder die Tora met sy 613 wette staan nie.

Daardie hele Tora, met al sy wette, al sy feeste en riglyne, was immers bedoel as ons “tugmeester” of “onderwyser”, wat God se volk in die ou testamentiese bedeling moes leer hoe totaal verlore hulle is. Sodat wanneer die Messias en Verlosser kom, hulle Hom dadelik sou aanneem en aanvaar as Verlosser, want hulle het Hom so nodig.

Gaan lees maar self wat daar byvoorbeeld in Gal. 4:3 tot 7 hieroor staan.

En bid dan saam met my: O Vader in die hemel, watter voorreg is dit nie om U kind in Jesus te mag wees nie!

Help my om vandag die hele dag myself daar op U skoot, met my kop teen U bors, te sien sit!

Hoe lyk dit om daaglik as God se kind te lewe

Ek wil baie prakties wees in hierdie gedeelte.

Ek dink altyd oor iemand soos Paulus van wie ons daar in Hand. 9 lees, hoe hy die een oomblik nog hierdie fanatiesse vervolger van die volgelinge van Jesus was, en letterlik binne dae, verander in hierdie passievolle, charismatiese getuie van Jesus as die Verlosser, Here en die nuwe Koning op aarde.

Hiermee saam sien ons hierdie salwing en geesteskrag in sy lewe en bediening en die mees merkwaardige wonderwerke wat deur sy lewe gebeur.

En niks hiervan het enigiets te make met die een of ander teologiese kursus of opleiding wat hy ontvang het nie.

Dit is wat ons deurgaans deur die Nuwe Testament in die vroeë gemeentes sien gebeur. So het ’n daaglikse, normale lewe van ’n wedergebore kind van God en volgelinge van Jesus se lewe gelyk.

Dit lyk vir my dit gaan oor ’n vasgryp in geloof van jou identiteit as kind van God en jou identiteit in Christus Jesus, en dan ook ’n opstaan in geloof om dan in die krag en onder die

daaglikse leiding van die Heilige Gees in jou in gehoorsaamheid maar net te begin doen wat Hy vir jou sê om te doen.

Daar is soveel stemme wat elke dag ons aandag vra, maar God se stem, Sy Gees se stem, sal die Nr. 1-stem in ons lewe moet wees as ons werklik iets wil beleef van Jesus Christus as opgestane Here wat in en deur ons lewe elke dag. Alleen dan sal ons beleef dat ons nie net praat oor Jesus en oor God en oor die Evangelie nie, maar sal ons en ander om ons ook iets beleef van die krag van 'n lewende God wat in en deur ons aan die werk is. Mense sal bewus word van 'n lewende God, 'n lewende Jesus, wat in en deur ons praat en wonderlike dinge daar waar ons is en waar hulle dit letterlik aan hulle bas kan voel en beleef.

Dit is al manier hoe dit wat daar in 1 Tess. 1:5 kan gebeur: “want die evangelie wat ons aan julle verkondig het, het nie bloot met woorde tot julle gekom nie, maar ook met krag en deur die Heilige Gees en met volle oortuiging. Julle weet trouens hoe ons by julle opgetree het, en dít om julle ontwil.”

Dit is al hoe ons in die gewone daaglikse lewe, daar waar ons is en beweeg, ons sal sien hoe mense genees word na gees, siel en liggaam, omdat die Evangelie daar nie net in woorde bly vassteek nie, maar skielik 'n lewende dinamiese krag word wat mense werklik aanraak en vrymaak.

Daar is deel van my roeping en begeerte om jou en elkeen met wie ek te doen kry, hierin te begelei en verder toe te rus.

Ek wil God se mense help om daaglikse te lewe vanuit hulle identiteit en die wete dat hulle kind van die lewende God en verteenwoordiger van Jesus, die nuwe Koning, hier op aarde is. Hulle is 'n voorbeeld van hoe dit lyk waar God 'n gewone mens se lewe nuut aangeraak en as't ware oor en nuut gemaak het.

Daarom sal sulke mense 'n lewe vry van sonde en totaal vry van al die bande uit die verlede wees en lewe.

En dit sal duidelik sigbaar en tasbaar wees daar waar jy iets van die liefde van Jesus in hulle lewens en in hulle gedrag sal sien en beleef.

Ons sal bewus wees van hoe God deur Sy Gees en Sy Woord met hulle praat, dwarsdeur die dag en nag.

Hoe sê Jesus: Mense sal weet dat hierdie mense volgelingen van Hom is aan die manier hoe hulle ander mense om hulle prakties liefhet.

Hulle sal dus mense wees wat sonder om te skroom van dit waarmee God hulle seën, met ander deel en uitdeel aan ander.

Maar die een ding wat bo alles gaan uitstaan, is dat hulle nie nodig het om na die een of ander verre land te vertrek om daar 'n sendeling te word nie. Nee, hulle sal bloot daar waar hulle is, waar God hulle êrens neergesit het, verteenwoordiger van die Koninkryk van die

hemel hier op aarde wees. Daarom gaan hulle huis, hulle besigheid, hulle lessenaar of toonbank by die werk, 'n ambassade wees waar elke mens wat daar instap of daar is, skielik, onverwags, iets van die teenwoordigheid van die lewende God, hulle Pa in die hemel, gaan beleef!